

# HOOFSTUK 5

## DIE VERGESTALTING VAN ART DECO IN RESIDENSIËLE GEBOUE IN SUID-AFRIKA

### Inleiding

Gedurende die 1930's is residensiële geboue opgerig met winkels en kantore op die grond- en laer verdiepings en woonsteenhede op die hoër vloere. Voorbeelde daarvan is in Johannesburg se middestad te vinde, byvoorbeeld die bekende Astor Mansions, Castle Mansions en Anstey'sgebou (Cumming-George 1933:50-51; Cumming-George 1934:43; RNG Martinsonverslag 3/1/3 Joh.154:1). Vanaf die 1920's, en veral ná 1930, ontwikkel 'n nuwe konsep, naamlik woonstelle as 'n selfstandige gebou-tipe (Van der Waal 1984:285).

Tydens die Eerste Wêreldoorlog het vroue in die afwesigheid van mans tot beroepe toegetree wat voorheen vir hulle ontoeganklik was. Dit het tot 'n rolverandering by vroue gelei en het die emanisipasie van die vrou bespoedig. Die vrou het vanuit die kombuis gepromoveer na die wêreld daar buite (Allan 1990:157; Klein 1996:72). Voor die Eerste Wêreldoorlog het vroue uit die middel- en hoë klas selde gewerk, maar teen 1920 was dit 'n algemene verskynsel. Vrouens het tot die mediese, sake, onderwys- en regsprofessies toegetree. Werkseleenthede vir die sosiaal- bevryde vrou was hoofsaaklik in groot stede (Hill 1991:48). 'n Nuwe sosiale struktuur en waardesisteem het ontstaan (Allan 1990:154,157) wat 'n sosiale Renaissance was. Die stad met sy nagklubs, jazz-musiek en skemeronthale was 'n groot aantrekkingskrag vir die modebewustes van die toepaslike era. Die hoë bevolking wat in die stede gekonsentreer was, het die vraag na bekostigbare behuising verhoog. Op 'n beperkte oppervlakte was woonstelblokke die

oplossing. Die Groot Depressie van die 1930's het tot die ontvolking van die platteland gelei en al die mense wat noodgedwonge in die stede werk gaan soek het, moes gehuisves word. Dit het die behoefte na behuising laat toeneem en die gevolg daarvan was die bou van talle woonstelblokke (Van der Waal 1984:285).

Die Art Deco-styl was die heersende styl in die 1920's en 1930's en die modebewustes het nie net in modernistiese woonstelblokke gewoon nie, maar ook hul woonstelle modernisties ingerig. Die tydgees het dus 'n groot invloed op woonstel-argitektuur en –inrigting gehad. Art Deco-interieure was gewild en die versiering is dikwels in die hande van professionele firmas gelaat. Toe die interieure van die woonstelle in Normandie Court, Johannesburg in 1938 afgerond is, is daar van professionele binnehuisversierders gebruik gemaak (*The Star* 14/4/1938:10-11) om aan die behoeftes van die moderne woonstelbewoner te voorsien.

Verskillende woonstelblokke se verdiepings het gewoonlik met mekaar ooreengestem en was eintlik 'n duplisering van dieselfde ontwerp. Hysbakke was algemeen en kon vanaf die ingangsportaal bereik word (Van der Waal 1984:286). Die hysbak was met die gange op die verskillende vloere geskakel en gange was in die lengte-as van die gebou. Die moderne woonstelle van die 1930's was elk van sy eie badkamer voorsien. Slegs luukse woonstelle was met ingeboude kaste en moderne implemente soos 'n elektriese yskas en stoof toegerus (Van der Waal 1984:286-287).

Gedurende die 1930's word die tradisionele blokvorm van woonstelle meer opgebreek en platdakke verskyn, byvoorbeeld in die geval van Lourenço Court (1934), op die hoek van King George- en Kochstraat, Johannesburg (Van der Waal 1984:287).

### **5.1 Astor Mansions, h/v Von Brandis- en Jeppestraat, Johannesburg (bestaan steeds) (Sien figuur 5.1)**

Die gebou wat as 'n ultramoderne wolkekrabber beskou is (*The African World - Golden Jubilee Number* 1936:20), is deur die argitekthe Obel & Obel vir die African City Properties Trust Limited ontwerp (*Cape Times Annual* 1935:116) en in 1932 voltooi

(Cumming-George 1933:50-51; Chipkin 1993:85; Picton-Seymour 1989:151). Amerikaanse invloed, veral New York-beïnvloeding, is in die ontwerpe van Obel & Obel te vinde (Chipkin 1993:115; Grütter e.a. 1986:48), aangesien albei die Obelbroers 'n sterk verbintenis met Amerika gehad het (Chipkin 1993:115). In die 1920's het LT Obel argitektuur aan die Universiteit van Columbia gestudeer en dit was die basis van die firma se Art Deco-ontwerpe. Die naam, Astor Mansions, was ook van New Yorkse oorsprong (Chipkin 1993:84). Hierdie naamgewing is 'n aanduiding dat daar met 'n oorsese neiging tred gehou is, wat die internasionale tydgees weerspieël.

Astor Mansions is een van Johannesburg se mees besondere Art Deco-geboue en word as die Suid-Afrikaanse verkleinde weergawe van die wêreldbekende Chryslergebou beskou. Daarom word daar dikwels na Astor Mansions as *Johannesburg se Chryslergebou* verwys (Martin 1994:16; RGN 601/C:verslag). Oorspronklik is Astor Mansions net soos sy mededinger en tydgenoot, Barbicon Building, met tien verdiepings ontwerp, maar die argitek het opdrag ontvang om Astor Mansions tot 11½ verdiepings te verhoog. Astor Mansions was in daardie stadium die hoogste gebou in Johannesburg en het die nodige prestige geniet wat daarmee gepaard gegaan het (Chipkin 1993:85). Die gebou het 'n rekordhoogte van 145vt (45.65m) bereik (Cumming-George 1933:51).

Astor Mansions is 'n baie aantreklike hoekgebou. Die gebou is met twee identiese straatfasades van 50vt (15.74m) elk ontwerp. Die grondverdieping is deur vyf winkels in beslag geneem, naamlik drie in Jeppestraat en twee in Von Brandisstraat. Die ingang tot die kantore en woonstelle is vanaf Jeppestraat. Daar is drie enkelglaspaneeldeure vanaf Jeppestraat wat toegang tot die drie winkels bied en 'n bypassende dubbelglaspaneeldeur wat toegang tot die trap verleen wat na die kantore en woonstelle lei (*The South African Builder Supplement* Augustus 1931:p.o.). Die gebou is ook van twee moderne hoëspoedhysbakke voorsien (Cumming-George 1933:51). Die deure is spitsvormig en met geometriese ontwerpe versier. Die dubbeldeur het 'n bolig met 'n sonstraalmotief wat by die Art Deco-karakter van die gebou pas (*The South African Builder Supplement* Augustus 1931:p.o.). Die deure, sowel as die winkelfronte, is deur Frederick Sage & Co. van Johannesburg voorsien (Cumming-George 1933:51). Die marmerliniëring en

vloerteels is deur Central-Agencies & Import Co. (Pty) Ltd. voorsien (Cumming-George 1933:51).

Die eerste verdieping is as kantooruimte ontwerp. Die groottes van die kantooruites wissel van twee tot drie vertrekke en bestaan dikwels uit 'n algemene en 'n aantal privaatkantore bestaan (Cumming-George 1933:51). Vanaf die tweede verdieping boontoe is daar woonstelle wat van enkel- tot twee slaapkamerwoonstelle gewissel het (Cumming-George 1933:51). In 1932 was dit ultramoderne individuele woonstelle wat elk met 'n eie kombuis en badkamer ingerig was en wat van warmwater voorsien was, afkomstig van 'n sentrale verwarmingsstelsel (Cumming-George 1933:51). Die boonste vlak van Astor Mansions het gedeeltelik uit twee woonstelle bestaan. Die res van die ruimte op hierdie vlak was 'n oop betonplattendak wat in verskillende daktuine verdeel was. Elk van die twee woonstelle het 'n privaatdaktuin gehad en die res van die spasie het as 'n gesamentlike daktuin vir die woonstelle op die ander verdiepings gedien (Cumming-George 1933:51). Dit was 'n moderne konsep wat ook by oorsese geboue voorgekom het. Suid-Afrika het met die nuwe internasionale neigings in argitektuur tred gehou en die tydgees wat oorsee geheers het, was ook hier merkbaar.

Na 'n besigtiging van die gebou en 'n bestudering van genoemde bronne sowel as *The South African Builder Johannesburg Supplement* van September 1932 en *The Golden City* deur Macmillan (1933) is die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekking gemaak: Die twee straatfasades word gekenmerk deur Art Deco-simmetrie en -geometrie. Die gebou skep 'n vertikale effek wat die Art Deco-styl duidelik onderskryf. Die winkelfronte met die groot vertoonvensters is oordek met 'n kenmerkende Art Deco-stratdak of betonkap. Die betonkap is geprofileer en bokant elke suil verder met geribde motiewe versier. Die betonkap volg die straathoek met 'n geronde lyn en word deur agt silindriese Art Deco-suile gedra. Die ontwerp van die kapitele is 'n samestelling van horisontale gepleisterde bande en vier geometriese versierings wat vertikaal oor die horisontale bande aangebring is.

Die betonkap dien ook as 'n balkon vir die kantore op die eerste verdieping. Op tweede verdiepingvlak is daar 'n tipiese Art Deco dekoratiewe sigsag- of chevronband wat ononderbrekend horisontaal oor albei die straatfasades strek.



Figuur 5.1 Astor Mansions (Van der Linde 1997:fotoreeks)

Elk van die twee straatfasades is in 'n sentrale vak verdeel wat deur 'n syvak aan albei kante gevleuel word. Die fasades is nie plat nie, maar skep 'n sigsag-gevoel met die erkeragtige uitspringende vakke en vrydraerbalkonne. Konsoles is onder die balkonne geplaas, maar dien slegs 'n dekoratiewe doel. Die balkonne wat in 'n vertikale reeks tot by die sewende verdieping oor die middelvak geplaas is, onderskryf Art Deco-vertikaliteit. Die vertikale gevoel word verder deur 'n reeks vertikale pilasters versterk wat vanaf die eerste verdieping boontoe strek. Daar is 'n geribde versiering onder die vensters geplaas. Die geprofileerde borswering is met vertikale groefwerk versier. Vertikaliteit kom in die die lang vertikale bande wat oor sewe verdiepings strek voor, ten spyte van die feit dat dit horisontaal gegroef is.

Die ontwerp van die gebou is hoekig van aard met die uitsondering van die ronding van die betonkap bo straatvlak en die boogvenster wat regs bo elk van die toringspitse geplaas is. Die boogvorm word geaksentueer deur 'n bandvormige versiering bo die vensterboog te herhaal.

Die naam Astor Mansions is in die boogvormige versiering gedeelte tussen die twee bandvormige boë aangebring (Cumming-George 1933:50). Die twee identiese getande toringspitse met hul kaskade- (waterval-) of piramidevorm is 'n gepleisterde geïnterpreteerde weergawe van die Chryslergebou in New York (Chipkin 1993:93). Die gevolgtrekking word gemaak dat daar ook 'n duidelike ooreenkoms is tussen die boogvensters van Astor Mansions wat met die driehoekvorm versier is en die driehoekvensters wat in die boogvorm van die Chryslergebou voorkom.

Hierdie gebou met sy piramidiese afsluitings van die onderskeie boumassas (Martin 1994:19) en sy toringspitse is verteenwoordigend van 'n vroeg twintigste-eeuse wêreldstad en die eienskappe van nuutheid, opvallendheid, sigbaarheid en vernaamheid is in hierdie gebou vasgevang. Die gevolgtrekking word dus gemaak dat die ontwerp van die gebou die nuwe gees van die era weerspieël.

Art Deco-geometrie kom na vore in die hoekvlakke hoog teen die fasade wat met geometriese motiewe versier is. Die gebou is met kenmerkende Art Deco-vlagpale ontwerp. Daar is klassieke elemente in die fasade van Astor Mansions waarneembaar, soos byvoorbeeld die rustiekwerk en lyswerk (Van der Waal 1986:207), maar die Art Deco-elemente is oorheersend en die geheelbeeld van die komposisie is dié van 'n Art Deco-gebou.

Bowen al het Astor Mansions van verhuurbaarheid gespreek, wat 'n belangrike eienskap van 'n gebou is waarvan die totale ruimte, hetsy kommersieel of residensieel, uitverhuur moet word (Chipkin 1993:85-86). Astor Mansions is vandag nog een van Johannesburgse bekendste Art Deco-monumente en word steeds as woonstelle verhuur. Marilyn Martin, die direkteur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Galery, het die gebou soos volg beskryf:

*The completed building [...] is confident, full-blown Art Deco* (1994:19). In 'n opname wat in 1976 deur die Departement Kunsgeskiedenis van die Randse Afrikaanse Universiteit gemaak is, is aanbeveel dat die gebou as 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar word, aangesien dit 'n uitsonderlike voorbeeld van die Art Deco-styl is (RAU Departement Kunsgeskiedenis 1976:51). Marilyn Martin het ook in 1985 in 'n berig wat in *The Star* verskyn het, aanbeveel dat die gebou wat 'n belangrike hoekposisie in Johannesburg se middestad beslaan, behoue bly (RNG 601/C:verslag).

## 5.2 Castle Mansions, Eloffstraat, Johannesburg (bestaan steeds) (Sien figuur 5.2)

Dié 160vt (50.38m) -hoë gebou is deur die argitek Emley en Williamson ontwerp en die bouaannemer, John Barrow, het die kontrak vir die bouwerk ontvang (Cumming-George 1934:43; *The Star* 20/2/1931:20). Daar is ongeveer twee jaar vir die voltooiing van die werk bereken (*Cape Times Annual* 1931:104; *The Star* 20/2/1931:20), maar John Barrow het dit na sestien maande in 1932 voltooi (Chipkin 1993:96). Die gebou is vir die African City Property Trust opgerig (*Architect Builder & Engineer* Februarie 1931:21).

Castle Mansions is 'n fortagtige tien verdiepinggebou en indien die sentrale toringverdieping in aanmerking geneem word, is dit elf verdiepinge hoog. Die gebou het ook 'n kelderverdieping (Cumming-George 1934:43). Dit is 'n gewapende betonstruktuur wat met granietbektelede voorafgegiete betonblokke gebou is (*Cape Times Annual* 1931:104). Toe Castle Mansions in 1932 voltooi is, was dit met 'n hoogte van 180vt 7¼dm (56.9m) die hoogste gebou in Johannesburg (Chipkin 1993:96). Die gebou is so hoog ontwerp as wat volgens die boueregulasie toelaatbaar was (Cumming-George 1934:43). Die gebou was met voltooiing die grootste gebou in Suid-Afrika wat sy oppervlakte betref, aangesien dit 'n hele straatblok beslaan het. Dit was ook die grootste gebou betreffende massa en omvang. Laastens was dit die hoogste gebou in Suid-Afrika. Dit kan beskou word as die eerste moderne gebou wat in die 1930's in Eloffstraat gebou is. Moderne materiale wat gebruik is, het aan die gebou 'n eietydse karakter gegee

(Chipkin 1993:96). Die ultramoderne winkelfronte en die spieëlglasvertoonvensters op die eerste verdieping het tot dié voorkoms bygedra (Chipkin 1993:96).

Die nuwe Castle Mansions wat op dieselfde perseel as die ou Castle Mansions opgerig is, nadat dié gesloop is, was een van die eerste voorbeelde van Suid-Afrikaanse argitektuur waar die ahistoriese styl gebruik is en waar daar van die tradisionele wegbeweeg is (Van der Waal 1986:207). Castle Mansions se gladde fasade was vaartbelyn en ultramodern (Barrow 1948:12; Van der Waal 1986:207). Na 'n besigtiging van die gebou en bestudering van genoemde bronne kan sekere gevolgtrekkings gemaak word. Kenmerkende Art Deco-vertikaliteit kom sterk in die fasade na vore. Die fasade bestaan uit 'n smal sentrale vak, gevleuel deur 'n breë syvak en 'n smal hoekvak aan albei kante. Vanaf die sentrale vak oor die breë syvakke is daar aan elke kant vyf Art Deco-vinne wat van die tweede verdieping tot oor die dakrand strek. Hierdie vinne beklemtoon vertikaliteit en die feit dat dit geprofileerde vinne is, versterk die vertikale gevoel aansienlik. Die vertikale gevoel word in die sentrale toring verder gevoer, aangesien die toringfasade ook met vier Art Deco-vinne, wat verby die borswerings strek, versier is. Die toring is met 'n sentrale Art Deco-vlagpaal bekroon. Die hoekvakke is met gladde vertikale bandwerk afgerond, wat tot die gebou se sterk fortagtige voorkoms bydra. Waar die rustiekwerkbasis op die tweede verdiepingvlak eindig, is daar drie balkonne - een breë balkon in die sentrale vak en 'n smaller balkon in elk van die smal hoekvakke wat om die hoeke van die syfasades herhaal word. Die deure van die smal balkonne is met reliëfwerk versier. Die deuropramings is geprofileerd en bo elke deur is 'n skulpvormige versiering. Bevenstering, wat 'n belangrike faktor in Art Deco-argitektuur was, word in die fasade van Castle Mansions beklemtoon. Die sentrale vak en die breë syvakke se vensters is in pare tussen die Art Deco-vinne gerangskik. In die smal hoekvakke is 'n vertikale reeks enkelvensters gebruik, wat saam met die vertikale bandwerk vertikaliteit in die hoekvakke beklemtoon.

Die winkelfronte met die groot vertoonvensters op grondvlak is met 'n betonkap oordek, wat deur modernistiese silindriese suile gedra word en deur Frederick Sage & Co. (S.A.) Ltd. voorsien is (Cumming-George 1934:43). Dit is in brons met sieromrandings van



Romeinse klip uitgevoer (*Cape Times Annual* 1931:104; Cumming-George 1934:44; *The Star* 20/2/1931:20). Neontekens het aan die winkelfronte gepryk. Elektriese horlosies wat op hierdie gebou gebruik is, was ook 'n nuutheid (*Cape Times Annual* 1931:104). Die buiteligte wat aan die winkelfronte geplaas is, is besonder aantrekklike trapvormige Art Deco-ligte. Die groot vertoonvensters is aan die bokant met 'n chevronpatroon versier, wat die Art Deco-karakter van die gebou onderskryf.



Figuur 5.2 Castle Mansions (*Cape Times Annual* 1935)

Die grondvloer is oorspronklik met twaalf winkels ontwerp wat elk 'n kelderverdieping gehad het. Die kelderverdieping is destyds as vertoonlokaal gebruik, wat deur middel van 'n trap bereik is (*Architect Builder & Engineer* Februarie 1931:21; *Cape Times Annual* 1931:104; Cumming-George 1934:43). Romeinse klip is vir die liniëring en vloerteëls in die hoofingangsportaal gebruik. Die gebou is met drie moderne hoëspoedhysbakke toegerus (*Cape Times Annual* 1931:104; Cumming-George 1934:43; *The Star* 20/2/1931:20). Bokant elk van die drie bronsplaat-hysbakdeure wat deur F. Sage & Co. voorsien is, is 'n Art Deco-kaplig geïnstalleer wat ook van F. Sage & Co. afkomstig was. Dit is uit geometriese motiewe saamgestel wat die vorm van 'n baldakyn aanneem. In die

hysbakportaal is gebande lyswerk wat die rondings van die hoeke volg en baie goed by die Art Deco-karakter van die interieur aansluit.

Destyds het die eerste verdieping uit vyftien groot vertoonlokale met spieëlglasvertoonvensters bestaan. Die kelder-, grond- en eerste verdieping is met houtblokkiesvloere ontwerp (*Architect Builder & Engineer* Februarie 1931: 21; *Cape Times Annual* 1931:104; Cumming-George 1934:43). Die gebou is vanaf die tweede verdieping boontoe as spreekkamers vir dokters en woonstelle ontwerp. Daar is vir verskillende groottes woonstelle voorsiening gemaak, naamlik veertig twee- en driekamerwoonstelle en agtien enkelwoonstelle. Die tiende verdieping is ontwerp om huisvesting aan die werkers te bied (*Architect Builder & Engineer* Februarie 1931:21; Cumming-George 1934:43).

In die 1930's het Castle Mansions van ultramodernisme gespreek. Die kelder-, grond- en eerste verdieping het destyds sentrale verhitting gehad, terwyl die res van die gebou met elektriese verhitting toegerus is (*Cape Times Annual* 1931:104; *The Star* 20/2/1931:20). Die oorspronklike woonstelle het moderne kombuise met ingeboude kaste, 'n wegvoutafel en -strykplank, sowel as 'n elektriese stoof en yskas gehad (*Cape Times Annual* 1931:104; *The Star* 20/2/1931:20). Die woonstelle het 'n leiding gehad waarin al die pype versteek was (*Cape Times* 1931:104). Alle badkamers en kombuise was geteël. Die mure tussen die woonstelle is spoumure, met die doel om klank te demp. Daar is van 'n kurkvloerbedekking gebruik gemaak, omdat dit klankdempend is. Dié kurkblokkiesvloer is in al die woonkamers, gange en portale geparketteer (*Cape Times Annual* 1931:104; Cumming-George 1934:44; *The Star* 20/2/1931:20). Die ultra moderne leefwyse en woonstelle wat aan die mees moderne standarde van 1933 voldoen het, is 'n uitdrukking van die inwoners se bewustheid van die moderne en 'n weerspieëling van 'n nuwe tydgees wat in Johannesburg geheers het.

Castle Mansions word steeds as 'n woonstelblok, met winkels op die grondverdieping bedryf. Ten spyte van die wêreldwye Groot Depressie en die uitwerking wat dit op Suid-Afrika gehad het, het die African City Properties Trust Limited, wat as konserwatief

beskou is, vertrouwe in die Suid-Afrikaanse ekonomie getoon en 'n gebou opgerig wat in die pers beskryf is as: *another magnificent city building* (*The Star* 20/2/1931:20). Na sewe dekades dien die gebou steeds as 'n getuie van 'n internasionale styl wat in die 1930's in Suid-Afrika gemanifesteer het.

### **5.3 Anstey'sgebou en Manners Mansions in jukstaposisie op die h/v Joubert- en Jeppestraat, Johannesburg (bestaan steeds) (Sien figuur 5.3a, 5.3b, 5.3c, 5.3d)**

Anstey's is deur die Johannesburgse argitekte, Frank Emley en William Williamson, ontwerp en in 1936 net voor die *Empire Exhibition* deur die bouaannemers, A Bennett & Co. (Pty) Ltd. teen 'n koste van £175 000,00, voltooi (*BIFSA* 1979:67; RNG-verslag 3/1/3 Joh./154:1; *Rand Daily Mail* 8/1/1935:p.o.; *The Citizen* 25/9/1997:p.o.; *The South African Builder* Februarie 1937:33). Anstey's en Manners Mansions is in jukstaposisie naasmekaar op elk van die hoeke van Joubert- en Jeppestraat. Die twee geboue, wat deur dieselfde argitekte ontwerp is, het 'n sterk verband met mekaar. Gesamentlik vorm hulle een van die mees dramatiese fokuspunte in Johannesburg se argitektuur (RNG-verslag 3/1/3 Joh./154:1). Die wyse waarop elk van die geboue die hoek *aanspreek*, met ander woorde die manier waarop die hoek argitektonies benader is, stem ook sterk ooreen.

Uit 'n besigtiging van die gebou en die bestudering van bogenoemde bronne, veral die RNG-verslag, kan die volgende vergelyking gemaak word. Daar is 'n duidelike ooreenkoms in die driedimensionele-hantering van massas wat trapsgewys teruggeplaas is. Albei geboue het 'n sterk horisontale podium of basis wat uit 'n aantal verdiepings bestaan, wat met 'n sagte ronding die hoek omvou. Die horisontale element in albei geboue word ook deur die vrydraende betonkappe op straatvlak beklemtoon.

Die geronde hoek van die vier verdieping-podium van Anstey's kan in dié van die Philadelphia Savings Fund Society Building (1929-1932) wat deur Howe & Lescaze ontwerp is, gevind word (Chipkin 1993:148). In die hoër gedeeltes van die onderskeie fasades van Anstey's en Manners Mansions kom Art Deco-vertikaliteit sterk na vore. By albei geboue is die hoekerf ten volle benut deur die twee vleuels trapsgewys terug te plaas,

met 'n oop vertikale spasie tussenin (RNG-verslag 3/1/3 Joh./154:1; Van der Waal 1986:173). Die geboue verskil wel van mekaar in die opsig dat Anstey's met kubieke trappe teruggeplaas is, terwyl Manners Manions op dieselfde wyse as wat Mendelsohn in sy ontwerpe gebruik het, met geronde trapvorme teruggeplaas is (Chipkin 1993:149).



Figuur 5.3a Manners Mansions (*The SA Architect* April 1940)


By Manners Mansions word Art Deco-horisontaliteit sterk beklemtoon, byvoorbeeld deur die vrydraende betonkap wat oor die vertoonvensters geplaas is. Horisontaliteit kom nie net sterk na vore in die podium nie, maar die totale komposisie is horisontaal en dui op 'n kombinasie van die Internasionale en Art Deco-styl, naamlik Internasionale Deco. Die rondings neig meer na die stoombootstyl, byvoorbeeld die geronde syvakke wat van die podium boontoe strek en ook die geronde dakkap wat sentraal reg bo geplaas is. Dit kan as 'n *drywende ovaalvormige skyf* beskryf word (RNG-verslag 3/1/3 Joh./154:1). Daar pryk 'n vrystaande vlagpaal sentraal op die gebou waarin Art Deco-vertikaliteit wel in 'n anders horisontale ontwerp na vore kom.

Anstey's se podium bestaan uit vier verdiepings waar daar van lintvensters gebruik gemaak is (RNG-verslag 3/1/3 Joh./154:1, bylaag). Die nuwe vryheid van dramure is toegepas in die lintvensters wat horisontaal geplaas is (Van Rensburg 1986:54). Die vensterstroke is met gepleisterde bande/muurstroke afgewissel of ingevul (RNG-verslag 3/1/3 Joh./154:1). Vir die balustrade wat op die podium se platdak geplaas is om sodoende 'n groot sentrale balkon te vorm, is Art Deco-skeepsrelings gebruik (RNG-verslag 3/1/3 Joh./154:2). Die Anstey's-podium is 'n voorbeeld van *Bauhaus*-invloed op Art Deco-argitektuur in Suid-Afrika (Picton-Seymour 1989:151). Die podiumgedeelte van Anstey's is met 'n groen terrasso afgewerk, terwyl die winkelfronte in swartmarmer uitgevoer is. Die groot spieëlglasvertoonvensters het 'n chroombekleding wat by die Art Deco-karakter van die gebou pas. Anstey's se kunstige en aantreklike vertoonvensteruitstallings was alombekend. Dit het die verbygangers se aandag getrek en die produkte kon vanaf die sypaadjie deur die nie-weerkaatsende spieëlglas beskou word (Chipkin 1993:148-149).

Op elk van die sykante van die podium volg 'n woonsteltoringblok wat vanaf die elfde verdieping trapsgewys teruggeplaas is. Die twee toringblokke sluit met 'n 90° hoek bymekaar aan, sodat daar 'n groot vertikale ruimte tussen die twee toringblokke bo die podium oopgelaat word. Dit is in 1935 in die pers beskryf as: *an open wing plan* (*Rand Daily Mail* 8/1/1935:p.o.). Die vorm van die torings vervul nie net 'n estetiese funksie nie, maar ook 'n praktiese, aangesien dit die maksimum inlating van lig en ventilasie tot gevolg gehad het en ook die maksimum privaatheid aan die woonstelbewoners verskaf het (*Rand Daily Mail* 8/1/1935:p.o.). Op die hoeke van die toringgedeeltes is interessante hoekvensters geplaas (*Die Beeld* 13/6/1995:p.o.). Hoekvensters was kenmerkend van die Art Deco-argitektuur, byvoorbeeld by die Hoovergebou buite Londen. Met die ontwerp van die toringgedeeltes met hoekvensters is die Suid-Afrikaanse sonnige klimaat benut en soveel moontlik sonlig ingelaat.

By die inspringende hoek van die twee toringblokke is 'n sentrale skoorsteen van geronde vensters (Chipkin 1993:148-149). Art Deco-vertikaliteit word deur hierdie skoorsteen, sowel as die trapvormige toringblokke beklemtoon. Die vertikale gevoel word verder deur die vertikale bandwerk verhoog wat oor die toringgedeeltes strek. 'n Sentrale

toringspits verbind die twee torings op die boonste verdieping en rond die gebou met 'n trapvormige borswering af. 'n Sentrale Art Deco-vlagpaal, met 'n kleiner vlagpaal aan albei kante, is op die toppunt van die gebou geplaas en troon ver bo die borswering die lug in. In die ontwerp van Anstey's word Art Deco-vertikaliteit en -horisontaliteit gekombineer wat 'n gebalanseerde komposisie tot gevolg het.




Figuur 5.3b Anstey's se trapvormige fasade (Van der Linde 1997:fotoreeks)

Die podiumgedeelte van Anstey's het as 'n winkel vir die eienaars, Norman Anstey & Co., gedien. Die winkel was alombekend as *The Modern Store*. Die interieur van die nuwe winkel in 1936 is volgens die mees ultramoderne Europese en Amerikaanse wyses uitgevoer. Dit is met moderne hoekige vertoonkaste toegerus (*Rand Daily Mail* 8/1/1935:p.o.). Dekoratiwe ronde gespieelde suile het die winkel verfraai (*The South African Builder* Februarie 1937:34). Daar is ook vir 'n restaurant en kleedkamers voorsiening gemaak. Die restaurant was gewild en mense het soms spesiaal na Anstey's gegaan om tee te gaan drink (*Rand Daily Mail* 8/1/1935:p.o.; *The Citizen* 25/9/1997:p.o.). Hierdie gebruik weerspieël iets van die lewenstyl van die mense in

Johannesburg gedurende die 1930's. Die moderne gees van die tyd vergestalt in hul leefwyse.

Die naam Anstey's wat in modernistiese bronsletters op die gebou aangebring is, is ook deur Sage verskaf (*The South African Builder* Februarie 1937:34). Voor die hoofingang van Anstey's, *The Modern Store*, is daar 'n ronde vertoonkas onderdak geplaas. Die vertoonkas deur Sage was in die Art Deco-idioom. In die middel was 'n silindriese suil wat bo die platdak van die vertoonkas uitgesteek het en tot teen die plafon gestrek het. Die hele boonste gedeelte van die vertoonkas was elektries verlig. Art Deco-geometrie het in dié plafon met sy geometriese patrone na vore gekom.



Figuur 5.3c Anstey's - hysbakke met dekoratiewe werk (*SAAR Supplement Junie 1938*)

Die hysbakke is met verchromde sierroosters met 'n luiperdmotief aan die binnekant en ape aan die buitekant bo die hysbakdeur versier. Dié sierroosters versier nog steeds die hysbakke. Die hysbakke is met sieromrandings in mahonie en dwarsfinezlaagpaneelwerk en sebrahout/sebrano afgewerk (*The South African Builder* Februarie 1937:35). Die ingangsportaal is met dekoratiewe Art Deco-sierroosters ontwerp, wat deur F. Sage & Co. (S.A.) Ltd. van brons vervaardig is (RNG-verslag 3/1/3 Joh./154:2). Sage was ook

verantwoordelik vir die afronding van die ingangsportaal, byvoorbeeld die mure se finerpaneelwerk in spikkel-esdoring/suiker-esdoring (*The South African Builder* Februarie 1937:34). Die aluminiumtraprelings was ook die werk van F. Sage (*SAAR Supplement* Junie 1938:xxvii).



Figuur 5.3d Anstey's – winkelvensters en trap (*SAAR Supplement* Junie 1938)

Anstey's is van slooping gered toe dit in 1994 as 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is. Sanlam het Anstey's in die 1970's gekoop. Hulle het die gebou vir die som van R1,00 aan die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG) verkoop. In 1995 is 81 deeltitelwoning deur die RNG aan die New Housing Company (Newhco) geskenk wat dit aan lede van die publiek wat vir 'n regeringsubsidie kwalifiseer, verkoop het (*Die Beeld* 19/6/1995:p.o.; *The Citizen* 25/9/1997:p.o.; *The Star* 9/6/1995:p.o.; *Weekly Mail* 8/7/1994:p.o.).

#### 5.4 **Dorchester Mansions, Rissikstraat, Johannesburg (bestaan steeds)**


(Sien figuur 5.4a, 5.4b)

Dié gebou is in 1932 voltooi. Dit was die ontwerp van die argitek JC Cook & Cohen, wat ook vele ander uitstaande Art Deco-geboue, soos byvoorbeeld Broadcast House en



Dunvegan Chambers, ontwerp het. Hul geboue word deur Art Deco-reliëfwerk gekenmerk (Chipkin 1993:100,115-117; *Johannesburg Golden Jubilee 1936:56*; *United South African Annual 1933:p.o.*).

Die vooraansig van die gebou kan soos volg ontleed word: Dorchester Mansions het nie 'n plat fasade nie, maar word deur uitspringende vakke gekenmerk. Die sentrale vak, sowel as die prominente hoekvakke vorm erkervakke tot op die agste verdieping. Die hoekvakke strek twee verdiepinge hoër om bo die sentrale vak uit te toring. Op straatvlak strek 'n vrydraende betonkap met 'n geronde hoek oor die groot vertoonvensters. Dit is 'n gepleisterde gebou met dekoratiewe reliëfpanele onder die vensters op die tweede en derde verdieping. Die dekoratiewe panele bestaan uit spiraalvormige slak-, skulp- en visgraatmotiewe, sowel as krulvormige voluutagtige motiewe. Vertikale groewe vorm 'n prominente deel van die dekoratiewe panele. Die sentrale vak wat tot op die negende verdieping strek, is met 'n trapvormige borsweringmuur afgerond. Die dakkam wat sentraal geplaas is, is vertikaal-gegroef en neem 'n diamantvorm aan. Dié borsweringmuur is met verskeie vertikaal-geribde motiewe in die Art Deco-idioom versier.



Figuur 5.4a Dorchester Mansions – dekoratiewe panele (Van der Linde 1997:fotoreeks)

Die fasade spreek van Art Deco-simmetrie en -vertikaliteit. Dit is veral in die sentrale en hoekvakke dat vertikaliteit sterk deur vertikale bandwerk of Art Deco-vinne beklemtoon word. Die feit dat die vinne geprofileerd is, verhoog die vertikale gevoel. Onder die vensters van die agste, negende en tiende verdiepings is dekoratiewe panele wat met vertikale ribbe versier is. Die balkonmure op die negende verdieping is met 'n waaivormige sentrale motief versier, terwyl trapvormige versieringsmotiewe op die symure van die balkon geplaas is.

Beklemtoonde Art Deco-horisontaliteit word oor die totale fasade aangetref, in die vorm van horisontale groefwerk wat in die ruimtes tussen die vensters van elke verdieping voorkom. Die groefversiering kom herhaaldelik in die vorm van sewe groewe voor, behalwe op die boonste vlak waar dit uit vier groewe bestaan. Art Deco-horisontaliteit en vertikaliteit is op so 'n wyse gekombineer dat dit 'n goedgebalanseerde komposisie tot gevolg het.




Figuur 5.4b Dorchester Mansions (Van der Linde 1997:fotoreeks)

Die gebou word nog steeds as woonstelle verhuur en dien as 'n bewysstuk dat die Art Deco-styl vir residensiële geboue in Suid-Afrika gedurende die 1930's gebruik is.

### **5.5 Anchor Mansions, Kerkstraat, Johannesburg (bestaan steeds)** (Sien figuur 5.5)

Die tienverdiepinggebou is deur die argitekte Obel & Obel ontwerp en in 1933 voltooi. Die gewapende betonstruktuur is met winkels op die grondverdieping, vertoonlokale op die eerste verdieping en woonstelle op die verdere verdiepings ontwerp. Dit is 'n smal gebou wat op 'n smal perseel in Kerkstraat, halfpad tussen Rissik- en Joubertstraat, opgerig is (Cumming-George 1934:31; RAU Departement Kunsgeskiedenis 1976:58).

Die gepleisterde baksteengebou is volgens die moderne platdakneiging van die 1930's gebou (RAU Departement Kunsgeskiedenis 1976:58; Van der Waal 1986:222). Die fasade is in drie vakke verdeel, naamlik 'n sentrale vak gevleuel deur 'n syvak aan albei kante. Die fasade getuig van kenmerkende Art Deco-simmetrie. Die sentrale vak word deur 'n enkelreeks uitspringende balkonne gekenmerk wat van die eerste tot die sewende verdieping strek. Die boonste drie verdiepings van hierdie middelvak is uitspringend en vorm in werklikheid 'n erkervak of 'n toring. Die sentrale vak bestaan uit tien verdiepings teenoor die syvakke se nege verdiepings. Die gebou word dus bo met 'n trapvorm afgerond. Die Art Deco-trapvorm word ook in die dekoratiewe trapvormige volute wat die balkonne dra, gevind.



Figuur 5.5 Anchor Mansions (Cumming-George 1933)

Art Deco-vertikaliteit word in die erkervak deur 'n aantal Art Deco-venne beklemtoon. Die smal syvakke wat vanaf 'n uitspringende balkon op die tweede verdieping ontstaan en in 'n uitspringende balkon op die agste verdieping eindig, is ook as erkervakke gehanteer. Onder elk van die erkervensters is 'n dekoratiewe paneel aangebring, waarin Art Deco-geometrie beklemtoon word. Die paneel is in die opname van RAU-Departement Kunstgeskiedenis in 1976 as *gegolfde sinkplaatpaneel* beskryf. Die balkonmuur en uitspringende deel van die sentrale vak, sowel as die borsweringmuur is met dieselfde tipe paneel versier. Art Deco-vertikaliteit kom in die syvakke in die vorm van Art Deco-venne na vore, wat van die tweede verdieping tot oor die balkonmuur op die agste verdieping

strek. Daar is ook Art Deco-venne oor die plat syvakke van die boonste twee verdiepings geplaas.

Anchor Mansions is 'n sprekende voorbeeld van die Art Deco-styl wat gedurende die 1930's in Suid-Afrika gemanifesteer het.

## **5.6 Daventry Court, Rivieraweg, Killarney, Johannesburg (bestaan steeds)**

(Sien figuur 5.6)

Daventry Court is deur die argitek Leopold Grinker van die argitekfirma Grinker en Skelly, ontwerp en in 1934 deur die bouaannemers, JC Bitcon & Co. Ltd., voltooi (Chipkin 1993:111; *The South African Builder* Augustus 1935:47; Van der Waal 1986:222). Die woonstelblok is 'n vergestaltung van die era van vaartbelyndheid en spoed van die 1930's (Chipkin 1933:111). Die invloed van die groot vaartbelynde stoomskepe, vliegtuie en vinnige motors, kom tot uiting in die ontwerp van Daventry Court (Chipkin 1993:111).

'n Ondersoek ter plaatse en bestudering van genoemde bronne het gelei tot die volgende ontledings: Die hooffasade bestaan uit beklemtoonde en onbeklemtoonde vakke. Duidelike Art Deco-simmetrie word in die fasade aangetref. Daar is 'n beklemtoonde sentrale vak, gevolg deur 'n onbeklemtoonde inspringende syvak aan albei kante, gevolg deur 'n beklemtoonde hoekvak aan elke kant. Die sentrale vak, sowel as die twee hoekvakke, word beklemtoon deur Art Deco-venne wat vertikaal oor die fasade geplaas is en bo by die geronde uitspringende daklyste aansluit en met 'n geronde lyn eindig. Die feit dat daar van geprofileerde venne gebruik gemaak is, is 'n beklemtoning van Art Deco-vertikaliteit. Tussen die vertikale Art Deco-venne van die sentrale vak is daar 'n dakkam wat uit drie geronde miniatuur Art Deco-venne bestaan. Die dakkam wat 'n kenmerkende wyse is waarop Art Deco-fasades afgerond is, plaas die hoofklem op die sentrale vak en dui dus die hoofingang aan.



Figuur 5.6 Daventry Court (*SAB* Augustus 1935)

Die gebou het behoue gebly en word vandag nog steeds as woonstelle verhuur.


### 5.7 **Arop House, h/v Kerk- en Von Brandisstraat, Johannesburg** (bestaan steeds) (Sien figuur 5.7)

Die tienverdieping-hoë (120vt / 37.78m) gebou is deur die bekende Johannesburgse argitekfirma, Kallenbach, Kennedy & Furner, ontwerp en is in 1936 deur die bouaannemer, J Miodownik, teen 'n koste van £33 000 voltooi (*The South African Builder Supplement* April 1935:xxii; Van der Waal 1986:212).

Woonstelblokke het aanvanklik staandakke gehad, maar teen ongeveer 1933 het platdakke in gebruik gekom (Van der Waal 1986:222). Arop House is 'n sprekende voorbeeld van dié moderne tendens in dakke van Art Deco-woonstelgeboue (*The South African Builder Supplement* April 1935:xxii; Van der Waal 1986:212).

Die fasade van die gebou kan soos volg ontleed word: Die vooraansig is in drie vakke verdeel, naamlik 'n sentrale-/middelvak met 'n baie smal syvak aan albei kante. Op die grondverdieping is die groot winkelvensters met 'n reghoekige betonkap oordek. Die

betonkap word deur 'n aantal groot getrapte Art Deco-volute gedra. Elke voluut bestaan uit drie geronde trappe. Om die boonste rand van die betonkap is Art Deco-relings geplaas, sodat 'n balkon gevorm word.



Figuur 5.7 Arop House (*SAB Supplement* April 1935)

Die fasade spreek van Art Deco-simmetrie en -geometrie. Onder al die vensters van die sentrale vak is 'n geometriese reliëfpaneel. Die paneel is identies en is uit verskeie geometriese vorme saamgestel. Die sentrale vak word deur hierdie dekoratiewe paneel beklemtoon, sowel as deur die feit dat dit trapvormig eenverdieping bo die syvakke uittoon. Dit word verder deur Art Deco-vertikaliteit in die vorm van Art Deco-venne/vertikale bande beklemtoon wat met 'n ronding oor die rand van die vertikaalgegroefde/geribde borswering strek. Elk van die syvakke is met 'n breë Art Deco-ven op die hoek van die fasade afgerond, wat oor die vertikaalgegroefde borswering van die syvakke strek. Die syvakke is verder met 'n enkelbalkon op elke verdieping

afgerond, met ander woorde die balkonreeks vorm 'n vertikale lyn wat vertikaliteit sterk beklemtoon. Al die balkonne is van Art Deco-relings voorsien.

Die gebou is steeds in gebruik. Daar is winkels op die grondverdieping en spreekkamers op die eerste verdieping. Dit word ook nog steeds as 'n woonstelblok benut.

### **5.8 Gleneagles, Tweedelaan, Killarney, Johannesburg (bestaan steeds)** (Sien figuur 5.8)

Gleneagles is 'n woonstelblok wat deur Cook & Cohen ontwerp en in 1937 voltooi is (Chipkin 1933:137,141; Van der Waal 1986:222). Gleneagles is een van die groot statige woonstelblokke wat gedurende die 1930's, net voor die Tweede Wêreldoorlog, gebou is om akkommodasie aan die welvarende middelklas te bied. Die huurders het goeie waarde vir die hoë huurgeld wat hulle betaal het, ontvang in die vorm van sonnige geronde balkonne, ruim akkommodasie wat goed beplan en modern toegerus was. Gleneagles het Art Deco-hoekvensters (Chipkin 1993:141). Halfsirkelvormige komvensters is ook in die ontwerp van Gleneagles geïnkorporeer, wat tot die swierigheid en Art Deco-karakter van die gebou bydra (F. Bird 3/12/1997:onderhoud en besigtigingstoer; Chipkin 1993:141; Van der Waal 1986:225). Silindriese vakke of halfsirkelvormige komvensters was 'n gewilde neiging by Art Deco-woonstelgeboue. Dit is ook by ander Johannesburgse woonstelle soos Lauriston Court, Daventry Court, Helvetia Court en Houghton Heights gebruik (Chipkin 1993:144-145).

Gleneagles is 'n siersteengebou. Die siersteenwerk het 'n abstrakte geheelbeeld tot gevolg (Van der Waal 1986:223). Na 'n besigtiging van die gebou en die bestudering van genoemde bronne word die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekking gemaak: Die siersteenwerk is met horisontale ligkleurige gepleisterde stroke bo die venstervlak van elke verdieping afgewissel, waardeur Art Deco-horisontaliteit beklemtoon word.





Figuur 5.8 Gleneagles (Hartdegen 1988)

Tipies van Art Deco-geboue het Gleneagles 'n baie indrukwekkende ingang. Aan weerskante van die ingang is semi-silindriese pilasters met vertikale versierings. 'n Bronstrapreling teen dié pilasters verby, lei die besoeker of bewoner met drie marmertappe na 'n baie imposante dubbele bronsglaspaneelvoor deur, gevleuel deur 'n identiese bronsglaspaneel aan weerskante van die deur. Die deure is in Art Deco-idiom met trapvormige versieringsmotiewe en bronskussingpaneel-skopplate uitgevoer. Die langwerpige deurhandvatsels is vertikaal geplaas. Die naam Gleneagles is in brons op die glaspaneel bo die voordeur aangebring.


In die ingangsportaal van Gleneagles is 'n skaalmodel van die gebou wat die fokuspunt vorm. Die model van aluminium het die trapvormige daklyn wat deur die inspringende vakke veroorsaak is, die geronde balkonne en die hoekvensters duidelik en getrou uitgebeeld (Chipkin 1993:143,145; F Bird 3/12/1997:onderhoud en besigtigingstoer). Die gebruik om 'n skaalmodel van die gebou in die voorportaal uit te stal, was algemeen by Art Deco-geboue (Breeze 1993:17). Die blink moderne materiale van die 1930's is pragtig in die voorportaal van Gleneagles aangewend in die vorm van paneelwerk wat met 'n aluminiumafwerking afgerond is, indrukwekkende swart marmerdado en geribde gietglas met versteekte beligting (Chipkin 1993:137). Die gebou word vandag steeds as 'n woonstelgebou gebruik.

## 5.9 Annan House, Kommissarisstraat, Johannesburg (bestaan steeds) (Sien figuur 5.9)

Annan House is deur die argitekte Emley & Williamson ontwerp (*The South African Builder* Februarie 1940:51; Van der Waal 1986:212) en in 1937 deur die bouaannemers, John Barrow (Pty) Ltd. voltooi (*The South African Builder* Februarie 1940:51).

Met die ontwerp van die vyftienverdieping-hoë Annan House is die Art Deco-trapvorm gebruik en vanaf die tiende verdieping is die gebou met drie trappe teruggeplaas. Die eerste van hierdie trappe strek oor twee verdiepings, terwyl die tweede en derde trap elk uit een verdieping bestaan. Die trapvorm was 'n tipiese metode om die boueregulasie wat 'n beperking op die hoogte van geboue in die 1930's geplaas het, te omseil. Die fasade van Annan House is trapvormig teruggeplaas. Die trapvorm is tot agter die boulyn teruggeplaas, waar die hoogtebeperking nie gegeld het nie.

Die gebou is met winkels op die grondverdieping ontwerp. 'n Vrydraende betonkap is oor die groot winkelvensters geplaas. Die fasade is tot op tiende verdiepingvlak in drie vakke verdeel. Oor die inspringende middelvak strek smal vertikale betonbande wat met vertikale vensterstroke afgewissel word wat volgens Van der Waal 'n dinamiese effek tot gevolg het (1986:209). Art Deco-vertikaliteit kom baie sterk na vore in hierdie inspringende middelvak. Hierdie sentrale inspringende vak met sy vertikale bande dra by tot die simmetrie van die komposisie. Bo teen dié vak is 'n reeks Art Deco-vlagpale teen 'n skuinshoek geplaas, terwyl daar op die tweedeverdiepingvlak 'n verdere twee vlagpale verskyn.



Figuur 5.9 Annan House (*SAB* Februarie 1940)


Die drie trappe van die gebou is met geronde hoeke afgerond, wat 'n versagende effek op 'n andersins reghoekige fasade tot gevolg het. Annan House se ontwerp is 'n voorbeeld van suiwer Art Deco-simmetrie in die vorm van 'n trapvormige Art Deco-komposisie soos dit in die internasionale wolkekrabber-argitektuur van die 1930's tot uiting gekom het. Hierdie moderne modetrant wat gevolg is, het die gees van die era weerspieël.

### 5.10 Normandie Court, h/v Delvers- en Kerkstraat, Johannesburg (bestaan steeds) (Sien figuur 5.10)

Normandie Court is deur die argitekthe, Leopold, Grinker & Skelly, ontwerp en is in 1938 deur die bouaannemers Kapilis & Shipper voltooi (Chipkin 1993:118; RAU Departement Kunsgeskiedenis 1976:60; *The Star* 14/4/1938:10). Dit is 'n elf-verdieping gewapende betonkonstruksie (RAU Departement Kunsgeskiedenis 1976:60). Die Art Deco-styl het verskillende vorme aangeneem, waarvan die stroombelynde stoombootstyl een was. Normandie Court is 'n dramatiese vergestaltung van hierdie styl. Die gebou se uitspringende balkonreekse met geronde hoeke en die vertikale reeks geronde vrydraende betonblaie op die geronde hoek van Delvers- en Kerkstraat skep die dramatiese effek van 'n reuse-skeepsboeg. Normandie Court se naam is ontleen aan die wêreldbekende passasiersskip, *Normandie*, wat drywende Art Deco-argitektuur was. Normandie is die Franse spelling van die Engelse *Normandy*. Toe Normandie Court in die pers bekend gestel is, is die volgende oor die gebou gesê: *it was impossible, on that first visit, not to be infected with that pleasantly delirious sensation of an impending sea voyage. [...] the effect was unescapably maritime* (*The Star* 14/4/1938:10). Daar is 'n gewaarwording van ekspressionisme en die invloed van Erich Mendelsohn is veral duidelik te vinde in die ingang tot die gebou (Chipkin 1993:118). Normandie Court is 'n voorbeeld van Internasionale Deco waar elemente van die Internasionale Styl met dié van Art Deco gekombineer is.

Normandie Court kan as een van die mees besondere geboue wat in die 1930's in Johannesburg gebou is, beskou word. Alhoewel dit modern was, was dit nie hoofstroom-modern nie (Chipkin 1993:118). Die grondverdieping is deur verskeie winkels in beslag geneem. Die groot spieëlglasvertoonvensters word deur 'n vrydraende betonkap teen die weerelemente beskerm. Dié kap neem 'n geronde vorm aan (*The Star* 14/4/1938:10). Die skeepsbeeld van die gebou word tot 'n hoogtepunt gevoer in die uitstaande traptoring met sy vertikale reeks patryspoortvensters wat een meter in deursnee is (Chipkin 1993:118). Die bordesse van die trap is van sonlig voorsien deur middel van hierdie

patryspoortvensters (*The Star* 14/4/1938:10). Patryspoortvensters was een van die venstertipes wat in Art Deco-argitektuur gewild was en wat baie goed aansluiting vind by die stoombootstyl, waarvan Normandie Court 'n besondere voorbeeld is. Die betonkap wat oor die daktuin strek, neem die vorm van 'n wye maatpyl of weerhaak aan (Grütter e.a. 1986:52). Die ontwerp is aerodinamies en vertoon soos die vlerk van 'n tydgenootlike marinevliegtuig (Chipkin 1993:118). Die geronde vorms van Normandie Court suggereer spoed wat kenmerkend van die era van masjienestetiek is (RAU Departement Kunsgeskiedenis 1976:60).



Figuur 5.10 Normandie Court (*The Star* 14/4/1938)

Die ingangsportaal is destyds met 'n besondere witmosaïekvloer met 'n heksagonale/seshoekige vorm en blou insetsels wat die blou golwende lyne van die see voorstel, ontwerp. Teen die mure van die portaal was marmerinlegwerk van skeepsoorsprong en 'n gietaluminium reliëf-beeldhouwerk van die *SS Normandie*. Die

mure is deur 'n plaaslike kunstenaar, Katz, op 'n stucco-basis versier (*The Star* 14/4/1938:10). Die beeld van die *SS Normandie* is ook met sandstraling op die glasvoordeure aangebring. Die ontwerp wat in die Mendelsohn-idiom uitgevoer is, het uit 'n skeepsboeg, drie skoorstene en 'n rookkrul bestaan (Chipkin 1993:118). Indrukwekkende voorportale was 'n tendens wat by Art Deco-geboue neerslag gevind het.

Schindler-hysbakke is gebruik. Die hysbakke is met metaalpaneel ontwerp waarop 'n voorstelling van die boeg van die *Normandie* in reliëfwerk aangebring is. Die hysbakbordes was destyds met 'n rubbervloerbedekking afgewerk wat verhoed het dat wagtende passasiers in die winter 'n probleem met koue voete sou ondervind (*The Star* 14/4/1938:10).

Normandie Court is met 108 woonstelle ontwerp. Die woonstelle is klankdig en die balkonne is so geplaas dat dit privaatheid verseker. In 1938 het die interieur van die vertoonwoonstelle van modernisme gespreek. Die sitkamers se interieur is deur Frederick Bolton (Pty) Ltd. uitgevoer. Die meubels is spesiaal vir Normandie Court se woonstelle ontwerp en die kleurskema van die gordyne, stoffeermateriaal, matte en ander vloerbedekkings, het baie goed geharmonieer. Die elektriese kaggels in die sitkamers was destyds nie net prakties nie, maar ook dekoratief (*The Star* 14/4/1938:11).

By voltooiing van die gebou was die badkamers geteël en die vloere met 'n rubberfabrikaat bedek. Al die rubbervloerbedekkings in Normandie Court is deur The North British Rubber Co. (S.A.) Ltd. voorsien en gelê (*The Star* 14/4/1938:11). Die kombuise was ook besonder modern toegerus. Sommige kombuise se kleurskemas, soos byvoorbeeld dié van die vertoonwoonstelle, was room en seegroen. Die stoof en yskas het dieselfde kleurskema gehad. Genoegsame sonlig word deur 'n groot matglaspatryspoortvenster in die kombuis ingelaat (*The Star* 14/4/1938:11). Die ingeboude kombuiswasbak was van vlekvrystaal. Daar was ook 'n moderne ingeboude groen kombuiskas deur Modern Kitchens (Pty) Ltd., wat by die kleurskema ingeskakel het (*The Star* 14/4/1938:10). Die ontwerp van die interieur weerspieël die modernistiese leefwyse van die inwoners en die

tred wat hulle met moderne ontwikkelings gehou het. In hierdie moderne interieur is die tydgees van die era vervat.

In die kelderverdieping is daar voorsiening gemaak vir die parkering van woonstelbewoners se motors (*The Star* 14/4/1938:10). In 1938 was Normandie Court 'n gesogte woonstelblok wat uit enkelwoonstelle, groot genoeg vir twee persone, bestaan het. Die pers het die volgende oor Normandie Court berig: *Altogether life in Normandie Court would approximate the maximum of comfort to be obtained in a single flat or any other kind of flat, for that matter* (*The Star* 14/4/1938:11). Normandie Court is vandag nog steeds 'n bestaande getuie van die Art Deco-stoombootstyl wat in Suid-Afrikaanse argitektuur tot uiting gekom het.


### **5.11 Renesta House, Derdestraat, Springs (bestaan steeds)**

(Sien figuur 5.11a, 5.11b)

Renesta House is deur die welbekende argitekfirma, Kallenbach, Furner & Kennedy ontwerp en in 1934 voltooi (Van Achterbergh 1997:referaat.; H. Van Achterbergh 4/12/1997:onderhoud en besigtigingstoer). Die gebou is 'n uitmuntende geometriese Art Deco-gebou met pragtige verhoudings en detail (H. Van Achterbergh 4/12/1997:onderhoud en besigtigingstoer; Van Graan 1996:RNG-opname 401/A).

Die fasade van die vierverdiepinggebou is in drie vakke verdeel. Die sentrale vak is 'n breë vak, terwyl die syvak aan albei kante van die sentrale vak heelwat smaller is. Die syvakke spog met 'n geronde uitspringende balkon op elk van die tweede en derde verdiepings. Art Deco-horisontaliteit word in hierdie balkonne wat horisontaal-gerib is, beklemtoon. Horisontaliteit kom ook na vore in die omraming van die breë balkonne van die sentrale vak. Art Deco-vertikaliteit word in die vertikale sentrale versiering aan die voorkant van die horisontaal-geribde balkonne van die syvakke aangetref. Die balkonne het 'n geronde vorm. Vertikaliteit kom ook sterk na vore in die geribde versiering wat oor die horisontale bande van die borsweringmuur geplaas is en ook in die getrapte deel van die

borsweringmuur aan weerskante daarvan. Horisontale en vertikale elemente vorm so 'n kontras met mekaar dat vertikaliteit, sowel as horisontaliteit sterk beklemtoon word.



Figuur 5.11a Renesta House (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A)

Die gebou het 'n plat betondak wat kenmerkend van Art Deco-argitektuur is. Die vrydraende betonkap wat oor die groot vertoonvensters op straatvlak geplaas is, is baie kenmerkend van die Art Deco-styl. Daar is 'n horisontale weekstaalbalustrade op die betonkap aangebring, sodat dit 'n balkon op die eerste verdieping vorm (H. Van Achterbergh 4/12/1997:onderhoud en besigtigingstoer; Van Graan 1996:RNG-opname 401/A). Die balustrade word deur vertikale versierings gedefinieer.

Renesta House het baie goed behoue gebly. In die ingangsportaal is die oorspronklike marmerliniëring nog steeds te sien. Dit strek tot hoër as die helfte van die muurhoogte en is met 'n swart strook bo en onder afgerond. Die oorspronklike witmarmertrappe in die portaal wat boontoe lei, het mooi behoue gebly. Die oorspronklike hysbak word steeds gebruik. Die interieur van die hysbak is in die Art Deco-idiom en spreek ook van



Art Deco-geometrie. Renesta House spog met 'n aantal baie besondere gebrandskilderde vensters, waarvan die ontwerpe deurgaans geometries van aard is en dus tot die gebou se Art Deco-karakter bydra.



Figuur 5.11b Renesta House – gebrandskilderde venster (Van der Linde 1997:fotoreeks)

Die naam van die gebou is in modernistiese skrif bo die voordeur, sowel as op die tweeverdiepingvlak van die fasade aangebring. Die modernistiese belettering vind goed aanklank by die Art Deco-karakter van die gebou. Voor die ingang van die gebou is vier losstaande reghoekige modernistiese suile wat 'n betonkap dra. Hierdie kap bied

beskerming teen die weerelemente. Die voordeur is 'n dubbele glaspaneeldeur met bypassende glaspaneel aan weerskante.

Die gebou is in 'n goeie toestand en word steeds as winkels en woonstelle verhuur.

### **5.12 Josette Towers, h/v Derdestraat en Sesdelaan, Springs (bestaan steeds)**

(Sien figuur 5.12)

Josette Towers is deur die ingenieur Geo Moffat ontwerp en in 1934 voltooi. Dit is 'n reghoekige gebou met baie sterk vorms, wat 'n fors totale beeld tot gevolg het (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A). Die gebou beslaan 'n baie opvallende en belangrike hoekperseel in die hart van Springs.

Na 'n besigtiging van die gebou en die bestudering van bogenoemde bron is die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekkings gemaak: Art Deco-simmetrie is in die hooffasade sigbaar. Die hooffasade bestaan uit 'n breë sentrale vak wat gepleister is en 'n smaller syvak aan albei kante daarvan. Vanaf die sentrale ingang met sy boogvormige bolig, tot by die borswering, is 'n vertikale bandversiering wat met 'n geometriese diamantversiering afgerond word en met sirkelvorms versier is. Die diamantvorm is in werklikheid 'n chevronpatroon met 'n spieëlbeeld. Die sentrale vak met sy sentrale bandversiering is 'n toonbeeld van Art Deco-vertikaliteit. Die vertikaliteit word verder verhoog deur die vertikale ry boogvensters met boogvormige argitrawe aan weerskante, sowel as die naam Josette Towers, wat aan albei kante van die vertikale bandversiering vertikaal oor die fasade aangebring is. Die hantering van die hooffasade beklemtoon suiwer simmetrie.

Die syvakke van die hooffasade, sowel as syfasade word deur bonkige sterk vrydraerbalkonne gekenmerk. Die balkonreekse word vertikaal deur 'n donker kleur gedefinieer. Die vertikale balkonreekse word met ligkleurige gepleisterde bande afgewissel. Die kontras gee definisie aan die beklemtoonde vertikale balkonreekse.



Figuur 5.12 Josette Towers (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A)

Die balkonmuurtjies bestaan uit 'n sentrale horisontaal-geribde paneel met 'n vertikaal-geribde paneel aan weerskante. Art Deco-horisontaliteit en -vertikaliteit word gekombineer tot 'n goedgebalanseerde ontwerp.

Modernistiese letterwerk, waarvan die skreef/serif verwyder is om aan die tipografie 'n meer suiwer geometriese vorm te gee en dus 'n moderne voorkoms tot gevolg het, het gedurende die 1920's en 1930's in die grafiese kuns ontwikkel. Dit is vanweë hierdie moderne geometriese vorm wat die belettering aanneem, dat dit aansluiting by die Art Deco-styl vind (Van Achterbergh 07/03/1997:referaat).

Die gebou het 'n plat betondak en die borsweringmuur is met kort bonkige vinne wat tot oor die dakrand strek, versier. Bokant die wit gepleisterde stroke is wit sirkelvormige versierings teen die vertikaal-gegroeefde borsweringmuur aangebring. Die versierde borswering is kenmerkend van die Art Deco-styl. Art Deco-geometrie is duidelik merkbaar in die verskillende reghoek-, sirkel-, diamant- en boogvorme van die fasade.

Aan die syfasade is 'n betonkap oor die vertoonvensters geplaas, wat om die hoek na die hooffasade strek. Hierdie betonkap word deur getrapte betonbalke gedra (H. Van


Achterbergh 4/12/1997:onderhoud en besigtigingstoer; Van Graan 1996:RNG-opname 401/A). Die trapvorm versterk die Art Deco-karakter van die gebou.

Die gebou word nog steeds as winkels en woonstelle verhuur (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A).

### **5.13 Carlou Court, Vyfdelaan, Springs (bestaan steeds) (Sien figuur 5.13)**

Die woonstelgebou is op grondvlak met winkels ontwerp. Dit was die Art Deco-ontwerp van die ingenieur, Geo Moffat, en is in 1935 voltooi (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A). Die gebou is 'n sprekende voorbeeld van geometriese Art Deco-argitektuur wat van Amerikaanse invloed getuig (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A).

'n Besigtiging van die gebou en bestudering van bogenoemde bronne het die volgende ontleding tot gevolg: Dit is 'n vyfverdieping-gebou met 'n fasade waarin Art Deco-simmetrie sterk na vore tree. Die gebou is reghoekig en het 'n uitstaande/uitspringende sentrale vak. Art Deco-vertikaliteit word in hierdie sentrale uitstaande vak deur Art Deco-venne beklemtoon, wat vanaf die breë eerste verdiepingvlak tot oor die rand van die borsweringmuur strek. Dié vinne is sentraal in die sentrale of middelvak geplaas. Vertikaliteit word verder beklemtoon, deur die feit dat die sentrale vak 'n smal reghoekige vak is wat bo die res van die gebou uitreik. Met die beklemtoonde vertikaliteit van die sentrale vak word die indruk van 'n hoër gebou as wat dit in werklikheid is, geskep. Op elke verdieping, aan weerskante van die vertikale vinne, word 'n hoekvenster aangetref. Hierdie tipe venster is in bekende Art Deco-geboue, soos byvoorbeeld die Hoovergebou buite Londen, gebruik.



Figuur 5.13 Carlou Court (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A)

Aan weerskante van die sentrale vak word 'n breë syvak aangetref. Die balkon op die eerste verdieping strek oor die volle breedte van die fasade, terwyl die syvakke ook breë balkonne het, wat met getrapte Art Deco-volute versier is. Al die balkonmure is ononderbroke vertikaalgerib wat die vertikale gevoel van die fasade verhoog.

Daar word ander kenmerkende Art Deco-elemente in die fasade aangetref, byvoorbeeld die betonkap oor die groot vertoonvensters op straatvlak, sowel as die naam van die gebou wat in modernistiese belettering simmetries hoog teen die fasade geplaas is. Die plat betondak is baie kenmerkend van Art Deco-argitektuur. Die sentrale vak is een verdieping hoër as die syvakke en het dus 'n trapvorm tot gevolg. 'n Trapvormige versiering is op die borsweringmuur van die syvakke, teenaan die sentrale vak geplaas. Die

borsweringmuur van die syvakke is deur drie horisontale ribbe wat 'n trapvorm aanneem, versier.

Carlou Court is een van Springs se vele residensiële Art Deco-geboue. Die gebou het in sy oorspronklike vorm behoue gebly.


#### **5.14 Marie Court, h/v Derdestraat en Sisdelaan, Springs (bestaan steeds)** (Sien figuur 5.14)

Marie Court is net soos Josette Towers deur die ingenieur Joe Moffat ontwerp. Die gebou is in 1935 voltooi. Aangesien Josette Towers in 1934 voltooi is, is dit dus tydgenootlike geboue deur dieselfde ontwerper en daarom is daar ook 'n sterk verband tussen die twee geboue (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A). Die twee geboue teenoor mekaar vorm 'n groepering wat 'n belangrike bydrae tot Springs se Art Deco-argitektuur lewer. Ten spyte daarvan dat 'n ingenieur die twee geboue ontwerp het, word 'n internasionale styl, naamlik 'n vorm van Art Deco wat op die Amerikaanse lees geskoei is, gebruik (H. Van Achterbergh 4/12/1997:onderhoud en besigtigingstoer; Van Graan 1996:RNG-opname 401/A).

Die gebou is vier verdiepings hoog en beslaan 'n hoekperseel. Wat grootte en vorm betref, toon dit verband met Josette Towers. Die gebou is ook 'n reghoekige gebou met baie sterk bonkige vorms. Die gebou het 'n sinkdak wat agter die borsweringmuur versteek is.

Art Deco-simmetrie en -geometrie kom in die fasade van Marie Court na vore. Die fasade is in drie vakke verdeel, naamlik 'n breë sentrale vak, met 'n smaller syvak aan weerskante. Oor elk van die syvakke word 'n vertikale lyn deur die balkonne van die onderskeie verdiepings gevorm, sowel as die vertikale bandwerk of penante wat van die eerste verdieping tot verby die rand van die borsweringmuur strek. Die vorm en versiering van die balkonne hou verband met dié van Josette Towers. Die balkonne het 'n geribde balkonmuurtjie met 'n horisontale versiering wat die middelpunt van die muurtjie vorm.

Net soos in die geval van Josette Towers kom beklemtoonde Art Deco-vertikaliteit in die vertikale bandversiering bo die ingang voor. Marie Court het 'n klein betonkap bo die ingang met 'n getrapte bandversiering daarbo. Die betonkap word deur getrapte Art Deco-betonbalke gedra. Vanuit die bandversiering bo die betonkap ontspring verskeie gepleisterde vertikale bande wat teen die muur opstrek, waarvan een tot oor die rand van die borsweringmuur strek. Dié vertikaliteit word verder deur die smal vensters beklemtoon wat 'n sentrale vertikale lyn bo die voordeur vorm. Dieselfde vertikale effek word ook bo die voordeur van Josette Towers aangetref.



Figuur 5.14 Marie Court (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A)

Die naam Marie Court verskyn op simmetriese wyse op die borsweringmuur van die breë sentrale vak. Die borswering is met kenmerkende Art Deco-chevronpatrone versier. Op die borsweringmuur van die syfasade is twee bonkige trapvormige Art Deco-versieringsmotiewe in die vorm van dakkamme aangebring. Die lang balkon op eersteverdiepingvlak van die syfasade wat om die hoek na die hooffasade strek, hou met dié van Josette Towers verband. Die balkonmuurtjie bestaan uit geribde panele wat met gepleisterde panele afgewissel word.

Die gebou word nog steeds as winkels en woonstelle verhuur (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A).

### 5.15 Regal House, Tweedestraat, Springs (bestaan steeds)

(Sien figuur 5.15a, 5.15b, 5.15c)


Regal House is deur NJ Greer ontwerp (Swart 7/6/1999:brief) en in 1936 voltooi. Dit is 'n besonder goeie voorbeeld van stroombelynde deco. Dié indrukwekkende gebou vul die totale perseel. Die fasade is in drie duidelike vakke verdeel, naamlik 'n smal sentrale vak en 'n breë syvak aan albei kante. In die fasade is 'n harmonieuse interspel van vorms sigbaar wat 'n uiters bevredigende totale komposisie tot gevolg het (H. Van Achterbergh 4/12/1997:onderhoud en besigtigingstoer; Van Graan 1996:RNG-opname 401/A). Art Deco-geometrie word duidelik in die verskillende grootte reghoek-, vierkant-, sirkel- en ovaalvorme uitgedruk.



Figuur 5.15a Regal House (Van der Linde 1997:fotoreeks)



Die sentrale vak is smal, maar word beklemtoon of gedefinieer deur vertikale bande wat van bo die ingang tot teen die borsweringmuur strek. Die vertikale gevoel word verhoog deur die feit dat die vertikale bande vertikaal gegroef/gekanneleerd is. Op elk van die tweede- en derdeverdiepingvlakke van die sentrale vak is 'n klein geronde balkon, waarvan die balkonmuur met 'n geribde/vertikaal gegroefde motief versier is. Vanaf die rondings van die sentrale balkonne ontspring die sentrale vakke met geronde geprofileerde gepleisterde horisontale bande. Die hele fasade is 'n afwisseling van horisontale gepleisterde en vensterstroke wat met 'n sagte ronding by die geronde balkonne van die sentrale vak aansluit. Dit gee aan die gebou 'n vaart-/stroombelynde voorkoms, terwyl dit ook 'n vergestaltung van Art Deco-vertikaliteit, sowel as -horisontaliteit is. Die vaartbelynde beeld word hoog teen die fasade opgebou in die tragsgewyse styging van die onderskeie geronde betonkappe waarmee die fasade tot 'n hoogtepunt gevoer word. Dit kan vergelyk word met die dekke van 'n groot stoomskip. Tussen hierdie *dekke* is twee patryspoortvensters sentraal geplaas, wat die stoomskipvoorkoms verhoog. Daar is 'n sentrale raadsaal op dakvlak (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A).



Figuur 5.15b Regal House – ingang (Van der Linde 1997:fotoreeks)

Die gebou het 'n beton platdak. Kenmerkend van 'n Art Deco-gebou is die indrukwekkende ingang van Regal House. Bokant die ingang is 'n sirkelvormige laagreliefwerk met 'n geometriese ontwerp. Die ingangsdeure van Art Deco-geboue was dikwels só indrukwekkend dat dit byna teatraal genoem kan word. Die ingangsdeure is die figuurlike weg of deurgang tot die lewe daarbinne. Regal House het pragtige dubbele deure wat uit 'n geelkoperraam met identiese glaspanele aan weerskante bestaan. Dié deure het geelkoperhandvatsels wat dramaties teen 'n prominente geelkopersleutelplaat vertoon (H. Van Achterberg 1997:referaat; H. Van Achterbergh 4/12/1997:onderhoud en besigtigingstoer). Die sleutelplaat en handvatsels bestaan uit twee halwe ovaalvorms wat, as die deure toe is, gesamentlik 'n ovaal vorm.

Die naam Regal House is in modernistiese belettering bo die ingang aangebring. Die portaal is tot deurhoogte met hout gepaneel en met 'n horisontaal-gegroefde koperstrook afgerond. Bokant die naambord verskyn die naam Regal House weer eens in modernistiese koperletters. Daar is ook 'n dekoratiewe sierrooster in die ingangsportaal. Die voorletters van die gebou, *RH*, is in die geometriese ontwerp geïnkorporeer. Onder die sierrooster is 'n reghoekige geelkoperbriewebus gemonteer (Van Achterberg 1997:referaat).



Figuur 5.15c Regal House – sierrooster en posbus (Van der Linde 1997:fotoreeks)

Die gebou word steeds as winkels en woonstelle verhuur.

### 5.16 Yvonne Court, Eerstelaan, Springs (bestaan steeds) (Sien figuur 5.16)

Yvonne Court is 'n uitstekende voorbeeld van stroombelynde deco. Die argitek wat vir die ontwerp verantwoordelik was, was Max Goldstein. Die gebou is oorspronklik in 1937 voltooi, maar later is daar egter nog 'n verdieping en 'n teelstaandak bygevoeg (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A).



Figuur 5.16 Yvonne Court (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A)

Die gebou is U-vormig. Die fasade bestaan uit drie vakke, naamlik 'n breë sentrale vak met 'n smaller syvak aan weerskante. Die oorspronklike gebou het 'n vierverdieping-hoë sentrale vak en drie verdieping-hoë syvakke gehad. Die gebou is later verhoog sodat die sentrale vak uit vyf verdiepings en die syvakke uit vier verdiepings bestaan. Die fasade getuig van Art Deco-simmetrie. Die gebou se baksteenmure is gepleister en staalvensters

kom in horisontale bande voor. Die onderskeie verdiepings se vensterbande word met gepleisterde horisontale bandwerk afgewissel. Die hoeke van die syvakke is gerond, sodat die gepleisterde bande 'n geronde hoek vorm. Die hoekvensters wat om geronde hoeke geplaas is, onderskryf die Art Deco-karakter van die gebou. Die gerondheid van die syvakke versag die voorkoms van die gebou wat andersins heelwat strakker sou wees en dra by tot die stroombelyndheid van die gebou. Die feit dat die gebou ook geen buitebalkonne het nie, dra by tot die stroombelynde voorkoms. Daar is wel balkonne agter sommige van die vensters geleë. Die syvakke is ook effens vorentoe uitgebou en dra by tot 'n minder eentonige voorkoms.

Yvonne Court is in 'n goeie toestand en word nog steeds as woonstelsel verhuur (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A).

#### **5.17 Springs Hotel, h/v Tweedelaan en Eerstestraat, Springs (bestaan steeds)** (Sien figuur 5.17)

Springs Hotel is deur die argitek W Weightman ontwerp en in 1939 voltooi. Dié drieverdiepinggebou is 'n goed gemoduleerde voorbeeld van *streamlined modern* (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A), wat een van die gedaantes van die Art Deco-styl is. Art Deco-horisontaliteit kom baie sterk na vore in dié ontwerp. Die eerste horisontale band word deur die aanwending van siersteen op grondverdiepingvlak gevorm. Tussen die grondverdieping en die vensters van die eerste verdieping is 'n horisontale gepleisterde strook/band, gevolg deur 'n horisontale strook wat uit siersteen, gepleisterde panele en vensters bestaan. Dit word deur 'n breë gepleisterde band gevolg en weer eens word 'n breë horisontale strook, bestaande uit siersteen, gepleisterde panele en vensters, aangetref. Laastens word die fasade met 'n baie breë gepleisterde strook afgerond, wat die borswering vorm. Die gebou se kenmerkende Art Deco beton platdak bevorder die horisontaliteit van die komposisie.

Die gebou is met 'n sagte ronding om die hoek gebou. Die beklemtoonde Art Deco-horisontaliteit wat in die horisontale baksteen-, pleister- en vensterstroke tot uiting kom, sowel as die geronde horisontaal-gegroefde hoek, gee aan die gebou sy stroombelynde voorkoms. Die vrydraende betonkap of straatdak oor die sypaadjie neem dieselfde vorm aan en het dieselfde effek tot gevolg. Bo die hoofingang, vanaf die eerste verdieping tot bo teen die borswering, is 'n breë bandversiering wat Art Deco-vertikaliteit beklemtoon. Die feit dat dit 'n vertikaal-geribde versiering is, verhoog die vertikale gevoel van die fasade. Die ligkleurige bandversiering verkry prominensie deur die feit dat dit teen 'n donker bandversiering geplaas is en bo met 'n donker trapvormige Art Deco-motief afgerond is. Die bandversiering met die trapvormige dakkroon/kroonmotief word op twee plekke in die syfasade van Eerstestraat herhaal. Art Deco-vertikaliteit sowel as -horisontaliteit word dus in die fasades van die Springshotel beklemtoon en saamgevoeg.



Figuur 5.17 Springs Hotel (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A)

Die gebou word nog steeds as 'n hotel gebruik en is een van die talle belangrike Art Deco-juwele van Springs.

**5.18 Casseldale Hotel, Ermeloweg (R29), Casseldale, Springs (bestaan steeds)**  
(Sien figuur 5.18)

Dié hotel is ook 'n voorbeeld van stroombelynde deco (H. Van Achterbergh 4/12/1997:onderhoud en besigtigingstoer; Van Graan 1996:RNG-opname 401/A). Na 'n besigtiging van die gebou en die bestudering van genoemde bronne is die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekking gemaak. Dit is twee verdiepings hoog en bestaan uit 'n langwerpige breë vak, met 'n halfsirkelvormige syvak aan albei kante. Die fasade is sprekend van Art Deco-simmetrie.

Die sentrale middelvak sluit met 'n ronding by die geronde hoek van die syvak aan. Die geronde lyn het 'n versagtende effek en dra by tot die stroombelynde voorkoms van die gebou. Die strookvensters wat om die ronding van die syvakke geplaas is, verhoog die vaartbelynde voorkoms. Die sentrale vak van die gebou wat aaneenlopend op die grond- en borsweringsvlak is, word op die eerste/boonste verdieping onderbreek deur 'n *loopstoep* met 'n platdak of veranda. Die teruggeplaasde fasademuur is op eerste verdiepingvlak in drie kleiner vakke verdeel met deuropenings wat weer eens teruggeplaas is. Die veranda word deur vier Art Deco-suile gedra, wat met 'n trapvormige motief afgerond is.



Figuur 5.18 Casseldale Hotel (Van Graan 1996:RNG-opname 401/A).

Op elk van die geronde syvakke is 'n gevriesde fonteinmotief gebruik. Dié motief het sy oorsprong in Parys, Frankryk (H. Van Achterberg 1997:referaat). Die boustyl van die Casseldalehotel toon 'n sterk ooreenkomst met dié van die *Cardozo Hotel, Ocean Drive, Miami*, in Florida (Cerwinski 1981:52). Die aantreklike vaartbelynde Art Deco-fasade word grootliks versteek agter 'n veranda, met boogvormige deurgange wat voor die gebou op grondvlak aangebring is.

Die Casseldale Hotel word nog as 'n hotel bedryf, maar die naam is na Selection Lodge verander. Daar is 'n restaurant en konferensiefasiliteite (H. Van Achterbergh 4/12/1997:onderhoud en besigtigingstoer).


### 5.19 Tigablas, Lovedaystraat, Muckleneuk, Pretoria (bestaan steeds) (Sien figuur 5.19)

Tigablas was die woonhuis wat die argitek, A Frazer Lawrie vir homself ontwerp het. Die buitengewone huis is in 1928 opgerig (Hulsenbeck 1985:UP Arg. dok.). Die huis is 'n voorbeeld van argitektuur wat as Art Deco geklassifiseer kan word, maar tog ook elemente van die Internasionale Styl bevat. Die huis kan as 'n oorgang vanaf die Art Deco

na die Internasionale Styl beskou word (Hulsenbeck 1985:UP Arg. dok.). In hierdie geval kan daar na Internasionale Deco verwys word. Tigablas se ontwerp toon groot ooreenkomste met die werk van Frank Lloyd Wright se huis in Pasadena, Kalifornië. Die rede vir die ooreenkoms kan gevind word in die feit dat Frazer Lawrie sowel as Frank Lloyd Wright die idees van Le Corbusier aangehang het. Hulle denkrigtings en denkpatrone het besliste parallele getoon. Hulle het albei van geometriese vorms en -kombinasies, roubeton en voorafgegiete betonblokke met reliëfversiering, sowel as van eenvoudige vorms gehou (Franzen 1981:153; Hulsenbeck 1985:UP Arg. dok.). 'n Interessantheid betreffende die gebou is dat Lawrie die getal dertien as sy gelukkige nommer beskou het. Die betonblokke wat Lawrie in Tigablas gebruik het, was 13dm x 13dm (0.34m x 0.34m). Die naam Tigablas beteken dertien in een van die Indiese dialekte en is van simboliese belang in Hindoeïsme, waarvan Lawrie 'n mate van kennis opgedoen het toe hy 'n tyd lank in Indië was. Drie van die 13dm x 13dm blokke met die lasse in ag geneem was presies 1m<sup>2</sup>. Selfs in die ontwerp op die dekoratiewe betonblokke kom die nommer 13 voor, naamlik nommer een in die Japanese skryfkuns, met die nommer drie in Chinese kalligrafie daaroor geplaas. Al die afmetings van die ontwerp is vermenigvuldigings van die nommer 3. Die herhaaldelike gebruik van die nommer 13 dra by tot die uniekheid van Tigablas (Hulsenbeck 1985:UP Arg. dok.).

Tigablas is 'n dubbelverdiepinghuis en die totale komposisie is 'n samestelling van reghoekige massas. Die sentrale vak of massa is vorentoe uitgebou en vorm 'n onderdakbalkon op die boonste verdieping, terwyl dit 'n oorhang of betondak oor die ingang, wat op die grondverdieping teruggeplaas is, vorm. Teen die fasade is twee reghoekige suile wat verby twee derdes van die boonste vak strek. Die huis het verskeie teruggeplaasde massas. Die hoogte van die massas neem trapsgewys met elke terugplasing toe. Die voorafgegiete dekoratiewe stene word op die fasade van die onderskeie blokvormige massas as versiering gebruik. Soms is panele in die geheel versier en soms is die dekoratiewe blokke net as 'n eksotiese randversiering gebruik. Die versierde rande van die onderskeie massas gee definisie daaraan en rond die gebou met sy vele blokvorms of kubusse, wat andersins eentonig kon vertoon, op interessante wyse af.





Figuur 5.19 Tigablas (Cumming-George 1933)

Die voordeur is 'n Burmese kiaathoutdeur met gebrandskilderde glaspanele in die Art Deco-styl (Hulsenbeck 1985:UP Arg. dok.). Al die deure en vensters van Burmese kiaat is spesiaal vir Tigablas in die Art Deco-styl gemaak. Die Art Deco-karakter van die gebou kom veral in die reliëfpatroon op die blokke wat by herhaling op die eksterieur en interieur gebruik is, sowel as die keramiekvloerteëls na vore. Dié reliëfpatroon op die eksterieur en interieur is 'n duidelike onderskrywing van Art Deco-geometrie en dit is as gevolg van dié ryke aanwending van versiering dat die gebou 'n Art Deco-karakter het. Die oorspronklike meubels en ligtoebehore van die huis het van 'n Art Deco-karakter getuig.

Tigablas is in Februarie 1985 deur A Frazer Lawrie aan HJE James verkoop. Die baie besondere woonhuis wat deur James gerestoureer is, bly 'n uitsonderlike Art Deco-gebou vanweë die dekoratiewe gebruik van reliëfbetonblokke, maar ook 'n gebou wat in 1928 karaktertrekke van 'n opkomende styl, die Internasionale Styl, weerspieël het wat dit 'n goeie voorbeeld van Internasionale Deco maak. Die ontwerp van hierdie ultra-moderne 1928-huis weerspieël die tydges van 'n opwindende era.

## 5.20 Elma Court, Wesselstraat 31, Arcadia, Pretoria (bestaan steeds)


(Sien figuur 5.20)

Die gebou is deur die argitek, Ernest Victor Greer, ontwerp en deur die bouaannemer, N Leenhuis, in 1938 voltooi (Van Nieuwenhuizen 1983:UP Arg. dok.).

Die woonstelblok is opgerig nadat die oorspronklike eienaar, T Marais, die behuisingsnood in Pretoria besef het en sy erfgeld daarvoor wou aanwend. Hy het van Greer se ontwerpe in Delmas gehou en hom opdrag gegee om 'n woonstelblok bestaande uit agt individuele woonstelle, op te rig. Een van die vereistes was dat elke woonstel 'n individuele ingang moes hê (Du Plessis 1990:1; Van Nieuwenhuizen 1983:UP Arg. dok.).

Elma Court is dus volgens die masionette-mode, wat in die 1930's baie gewild geword het, ontwerp. Die woonstelle is in 'n ekonomiese funksionele styl ontwerp wat *Bauhaus*-invloed toon, maar by die Suid-Afrikaanse omstandighede aangepas is (Du Plessis 1990:1).

In die 1930's was woonstelle gewoonlik rondom 'n oop vierkant ontwerp en hierdie ontwerp van Elma Court was dus 'n afwyking van die norm. Die ontwerp was geskoei op dié van Marais se ouerhuis in Kerkstraat, Pretoria. Elma Court se styl kan as 'n eklektiese aanwending van Art Deco, *Arts & Crafts* en koloniale funksionalisme beskou word. Nuwe ontwikkelings en moderne boumateriale van die masjienera wat deur die industriële revolusie teweeggebring is, is hier aangewend (Du Plessis 1990:1; Nieuwenhuizen 1983:UP Arg. dok.).



Figuur 5.20 Elma Court (Van Nieuwenhuizen 1983:UP Arg. dok.)

Uit die bestudering van genoemde bronne is die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekkings gemaak: Die fasade van Elma Court is 'n voorbeeld van Art Deco-simmetrie en -geometrie. Dit is 'n dubbelverdieping platdakgebou wat trapsgewys ontwerp is. Die grondverdieping vorm 'n podium of basis van rooi hardgebakte ongepleisterde messelstene (Du Plessis 1990:1; Van Nieuwenhuizen 1983:UP Arg. dok.). Die fasade bestaan uit uitgeboude hoekige vakke. Op die eerste verdieping bestaan die fasade uit vyf vakke, naamlik 'n sentrale vak wat die verste teruggeplaas is. Dit word aan albei kante deur 'n smaller vak gevleuel wat vorentoe geplaas is, gevolg deur 'n breë hoekvak aan albei kante wat nog verder vorentoe geplaas is. Hierdie vakke op eerste verdiepingvlak is absoluut reghoekig en die daklyn is vanaf die sentrale vak trapvormig na die syvakke opgebou. Die borsweringmuur van die sentrale vak is met 'n geribde motief versier wat Art Deco-vertikaliteit beklemtoon.

Die fasade van die grondverdieping is minder strak, aangesien daar van geronde lyne gebruik gemaak is, soos byvoorbeeld die sirkel en kwartsirkel. Daar is 'n trap wat simmetries in die sentrale vak van die basis na die stoep van die boonste verdieping strek. Die reghoek en kwartsirkel is in die ontwerp van die trapmuur gebruik, terwyl sirkelvormige patryspoortvensters aan weerskante van die trap in die podium geplaas is.

Aan weerskante van die patryspoortvensters is die kwartsirkel in die vrydraende betonkappe gebruik, wat oor die voordeur van die woonstel in albei die smal syvakke geplaas is. Dit is in hierdie geronde vorms en gestileerde stoeprelings, sowel as die breë hoekvakke se trapvormige vensters op die boonste verdieping, dat die Art Deco-karakter duidelik na vore tree.

Aan die westekant van Elma Court is daar groen sonskerms en hortjies voor die vensters geplaas, om beskerming teen die strawwe Suid-Afrikaanse weerelemente te bied (Du Plessis 1990:1). Die balkonne is in die Art Deco-idioom, aangesien die balkonmuur met geronde hoeke by die fasademuur aansluit. Die balkonne is ook met kenmerkende Art Deco-versiering verfraai. Dié versiering bestaan uit drie horisontale gepleisterde bande wat sentraal voor op die balkonmuur geplaas is en met twee kort geronde Art Deco-vinne saamgesnoer is.

Elma Court is al met sloping bedreig, maar het dit oorleef. Die gebou word nog steeds as woonsteleenhede verhuur en bly 'n mooi voorbeeld van plaaslike Art Deco.

## **5.21 Drie tydgenootlike residensiële geboue in Pretoria**

**5.21.1 Hannah Court, Leydsstraat, Arcadia, Pretoria (bestaan steeds)** (Van Nieuwenhuizen 1983:UP Arg. dok.). (Sien figuur 5.21.1)

**5.21.2 Amanda Centre, h/v Schoeman- en Andriesstraat, Pretoria (bestaan steeds)** (Le Roux 1990:110) (Sien figuur 5.21.2)

**5.21.3 NHG-gebou (Nederduitsch Hervormde Gemeentegebou), h/v Kerk- en Du Toitstraat, Pretoria (bestaan steeds)** (Le Roux 1991:46) (Sien figuur 5.21.3)

Hannah Court is deur die bekende argitek Burg, Lodge & Burg vir H Michaowitz ontwerp en in 1937 opgerig. Amanda Centre dateer ook uit 1937 en is deur dieselfde

argitekthe as Hannah Court ontwerp, terwyl die NHG-gebou deur die ewe bekende argitekthe, Geers & Geers in 1937 ontwerp is. In die algemene benadering van die drie geboue is die Art Deco-styl nagevolg, terwyl daar 'n besliste teenwoordigheid van modernistiese elemente is (Le Roux 1991:46). Die hoogste van hierdie geboue, naamlik die NHG-gebou, is vyf verdiepings, terwyl Hannah Court en Amanda Centre onderskeidelik vier en drie verdiepings hoog is. Amanda Centre en die NHG-gebou is met winkels op die grondverdieping ontwerp (Le Roux 1990:110; Le Roux 1991:46).



Figuur 5.21.1 Hannah Court (Van Nieuwenhuizen 1983:UP Arg. dok.).

In al drie geboue word beklemtoonde Art Deco-horisontaliteit in die strookontwerp van die fasades aangetref. Hannah Court het duidelike ligte en donker stroke wat afgewissel word. Die vensters kom horisontaal in die ligte stroke voor, wat met onversierde horisontale donker stroke afgewissel word. Daar word dimensie aan die fasade gegee deur uitgeboude of uitspringende vakke. Daar is twee uitspringende vakke wat simmetries geplaas is om die sentrale aksent van die fasade te vorm en die hoekvakke is ook uitgebou en dus beklemtoonde vakke. Die twee sentrale vakke vorm egter die hoofaksent van die fasade, aangesien dit vanaf onder tot bo, insluitende die borsweringmuur, uitspringend is.

Art Deco-horisonaliteit word op dieselfde wyse in die fasade-ontwerp van Amanda Centre gebruik. Daar is ook 'n afwisseling van ligte gepleisterde stroke met donker siersteen, vensters en balkondeure wat in horisontale stroke voorkom. Die horisontale gevoel word deur die horisontale balkonne met hul geronde hoeke en horisontale versierings verhoog, asook deur die drie horisontale vinne wat simmetries teen die borswering geplaas is. Art Deco-vertikaliteit kom in Amanda Centre se fasade in die vorm van 'n vertikale sentrale vin voor. Die gewilde Art Deco-trapvorm is in die straatdak/betonkap wat oor die groot vertoonvensters geplaas is, vervat. Die donkerkleurige kap, met sy wit horisontale omlýning, verhoog die horisontale gevoel van die fasade. Die Art Deco-trapvorm word in die borswering herhaal (Le Roux 1990:110).



Figuur 5.21.2 Amanda Centre (Le Roux 1990)

Amanda Centre se Art Deco-karakter kom ook na vore in die vlagpaal wat sentraal teen die borswering geplaas is. Die gebou is met 'n geronde hoek om die straathoek gebou, wat baie kenmerkend van die Art Deco-styl is. Ook die interieur betreffende die hysbak, ingang en trapdetail, getuig van dié styl (Le Roux 1990:110).

In die geval van NHG-gebou word Art Deco-horisonaliteit deur die reekse lang horisontale balkonne beklemtoon wat op albei straatfasades voorkom. Die balkonmure vertoon soos horisontale gepleisterde bande. Hierdie gebou het 'n vertikale reeks kenmerkende Art Deco-patryspoortvensters. 'n Ander interessante Art Deco-element van

hierdie gebou is die hoekvensters wat gebruik is en ook die betonkap wat oor die vertoonvensters geplaas is.




Figuur 5.21.3 Nederduitsch Hervormde Gemeentegebou (Le Roux 1991)

Bogenoemde drie geboue is voorbeelde van die stroombelynde Art Deco-styl, vanweë die beklemtoonde horisontaliteit wat deur die horisontale bande en balkonreekse teweeggebring word. Die geboue is voorbeelde van werke wat Suid-Afrikaanse argitekte, beïnvloed deur 'n internasionale tydges en -styl, voortgebring het.

## 5.22 Enterprise Building, Aliwalstraat, Durban (bestaan steeds) (Sien fig. 5.22)

Dié gebou is die ontwerp van AA Ritchie McKinlay en dateer uit 1931. Dit is as woonsteleenhede ontwerp en is agt verdiepings hoog. Op straatvlak is die gebou met groot vertoonvensters ontwerp. Die winkelfront is 'n Art Deco-chroom en glas ontwerp (NIA Journal 3/4 1992:10; Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>). Die basis van die gebou is met baie stewige hoekige pilasters versterk. Die pilasters is geprofileerd en die suilhoofde is trapvormig afgerond (NIA Journal 3/4 1992:10; *The Daily News Property Supplement* 11/7/1986:3).

Die fasade is in 'n breë sentrale vak en twee smal syvakke verdeel. Die sentrale vak is baie swaar, byna oordrewe, beklemtoon (*The Daily News Property Supplement* 11/7/1986:3). Die nuwe tydgees van die Art Deco-era is in die fasade sigbaar (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>). Die sentrale vak is 'n toonbeeld van uitstaande stucco (NIA Journal 3/4 1992:10). Daar is van heelwat reliëfversierings in die sentrale vak gebruik gemaak, byvoorbeeld die uiters treffende gestileerde arend wat sy vlerke oor die ingang sprei (Kearney 1984:111; NIA Journal 3/4 1992:10; *The Daily News Property Supplement* 11/7/1986:3; Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>).



Figuur 5.22 Enterprise Building (*The Daily News* 11/7/1986)

Art Deco-simmetrie kom sterk na vore in die fasade, aangesien die twee Afrikagesigte simmetries op die pilasters bo die hoofingang geplaas is. Gevleuelde leus is ook as versieringsmotiewe gebruik. Die arend, sowel as die gevleuelde leeu was dus 'n gewilde Art Deco-versieringsmotief, as daar in ag geneem word dat dit ook as versiering by Victoria Mansions, sowel as Surrey Mansions gebruik is.



Art Deco-vertikaliteit word duidelik in die fasade van die Enterprisegebou onderskryf. Twee prominente Art Deco-venne is simmetries vanaf die ingang vertikaal oor die fasade geplaas en strek tot verby die borswering. Net soos die verdiepings, is die venne vanaf die sesde verdieping trapsgewys teruggeplaas. Dit versterk die Art Deco-karakter van die gebou. In die smal syvakke word vertikaliteit deur die vertikale omraming beklemtoon, waardeur die vertikale gevoel van die fasade verhoog word.

Die gevolgtrekking word gemaak dat die interieur van die ingangsportaal 'n duidelike Art Deco-karakter gehad het. Die Art Deco-loodglasdeur getuig vandag nog steeds daarvan (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>).

Die ligtoebehore het ook tot die Art Deco-karakter bygedra, maar dit is later uit die portaal verwyder. Die gebou is onlangs in drie skakerings van grys geverf, wat die reliëfbeeld baie dramaties laat vertoon. Die gebou word tans as vakansiewoonstelle verhuur (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>).


### **5.23 Victoria Mansions, Victoria-kaai (Victoria Embankment), Durban (bestaan steeds) (Sien figuur 5.23a, 5.23b)**

Victoria Mansions is deur die argitek Nelson Secombe ontwerp en in die tydperk vanaf 1933 tot 1935 gebou (NIA Journal 3/4 1992:10; *The Daily News Property Supplement* 11/7/1986:3). Dit is 'n tienverdieping-gebou wat met Miami Deco in 'n soortgelyke subtropiese klimaat en seefront vergelyk kan word. Die gebou is tussen palmbome geleë en het 'n pragtige uitsig oor Durban se hawe. (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>).



Figuur 5.23a Victoria Mansions (NIA Journal 3/4 1992)

Victoria Mansions se fasade is in drie gelyke vakke verdeel. Slegs die sentrale vak vorm die tiende verdieping, wat 'n netjies gemoduleerde trapvormige daklyn tot gevolg het. As gevolg van die hoër trap word die sentrale vak beklemtoon. Die stewige basis van die gebou word deur die grond- en eerste verdieping gevorm. Op die eerste verdieping is daar in elke vak 'n boogvenster geplaas, met 'n geribde versiering daaronder. Dit kom ook op die syfasade voor.



Figuur 5.23.b Victoria Mansions – dekoratiewe werk (NIA Journal 3/4 1992)

Die vlak onder die boogvenster wat bo die ingang geplaas is, is met 'n teëlkunswerk versier, wat 'n toneel uitbeeld waarin een van die groot Union Castle-skepe Durban se hawe binneseil, terwyl die Bluff die agtergrond vorm. In daardie dae was besoekende

skepe soos dié van die Union Castle Redery algemeen, terwyl dit vandag slegs 'n nostalgiese herinnering is (Kearney 1984:44; NIA Journal 3/4 1992:11; *The Daily News Property Supplement* 11/7/1986:3; Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>).

Die fasade is 'n toonbeeld van Art Deco-simmetrie. Art Deco-vertikaliteit word duidelik beklemtoon in die Art Deco-pilasters wat eweredig oor die fasade geplaas is en tot verby die borswering strek. Die sentrale en syvakke word deur hierdie pilasters van mekaar onderskei. Die vertikale groefwerk wat die pilasters definieer, verhoog die vertikale gevoel van die fasade.

Die ingang word deur gevleuelde leeus en twee arende bewaak (*The Daily News Property Supplement* 11/7/1986:3; Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>). Die feit dat die leeu en die arend 'n superieure plek in die dierewêreld inneem en 'n uitdrukking van krag en mag is, het heel moontlik 'n rol gespeel in die keuse van Victoria Mansions se ingangbewakers (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>). Die arendmotief wat dikwels as versiering in Amerikaanse Art Deco-geboue aangebring is, byvoorbeeld by die Chryslergebou kan hiermee vergelyk word. Die Art Deco-chevronbande waarmee die fasade versier is verhoog die Art Deco-karakter van die gebou aansienlik.

Daar is verskeie panele op die fasade met versieringsmotiewe wat met seelewe geassosieer word, byvoorbeeld vismotiewe. Hoër op teen die fasade is daar ook dolfynmotiewe as versiering geplaas (Kearney 1984:44; *The Daily News Property Supplement* 11/7/1986:3). Die Art Deco-karakter van die gebou kom ook in die vertikaal-gegroefde hoekvlakke van die gebou na vore.


In die ingangsportaal is 'n ongewone houtposbus wat met sigsaglyne en ziggoerat-trapvorme versier is. Die gebou is tans ligblou en wit geverf en omdat dit steeds tussen palmbome geleë is, skep dit 'n aangename vakansie-atmosfeer, afgesien van die feit dat dit nou aan die baie bedrywige esplanade geleë is (Webnet Durban's Art Deco Directory

10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>). Dit word steeds as 'n residensiële gebou gebruik.

#### **5.24 Surrey Mansions, h/v Crosbylaan en Currieweg, Berea, Durban (bestaan steeds) (Sien figuur 5.24)**

Surrey Mansions is gedurende 1934 - 1936 volgens die ontwerp van die argitekte Langton & Barbour, opgerig (Hamilton 1981:1,3). Die agtverdieping-gebou is uitsluitlik met woonsteenhede ontwerp en slegs op die grondverdieping is voorsiening gemaak vir 'n kantoor, 'n parkeergarage vir ongeveer ses motors, individuele motorhuise, 'n meterkamer vir die lees van elektriese en watermetings en 'n kofferkamer. Die eerste vloer is ontwerp met bediendekamers, 'n badkamer, sowel as 'n aantal woonstelle. Die res van die verdiepings is elk in een enkel-, een eenslaapkamer- en twee tweeslaapkamerwoonstelle verdeel. Op die sewende vloer is 'n dakwoonstel en 'n daktuin (Hamilton 1981:3).

Dit is 'n hoekgebou met 'n sterk robuuste podium/basis wat deur die grond- en eerste verdieping gevorm word. Die podium word in drie vakke verdeel, waarvan die sentrale vak effens breër is. Die drie vakke word deur vertikaal-gegroefde pilasters van mekaar geskei. Die podium word van die res van die gebou deur 'n geribde bandversiering geskei. Die suilhoofde/kapitele van die pilasters is met geometriese en liniêre motiewe afgerond. Die kapitele vorm 'n eenheid met die gegroefde horisontale bandversiering wat die podium van die res van die gebou skei (Kearney 1984:111; Kearney 1992:12; *Tribune Property* 13/12/1992:p.o.). Die Art Deco-trapvorm is in hierdie kapiteelversiering vervat (Kearney 1992:12). Die gewilde Art Deco-chevronpatroon vorm 'n horisontale bandversiering om die podium onder die eerste verdiepingvlak. Die podium is reghoekig, terwyl die res van die gebou met geronde hoeke ontwerp is (Kearney 1992:12; *Tribune Property* 13/12/1992:p.o.).



Figuur 5.24 Surrey Mansions (Kearney 1992)

Dit blyk duidelik dat die straatfasade in Currieweg van Art Deco-simmetrie en -geometrie getuig. Die hoofingang is egter in Crosbylaan. Die Crosbylaanfasade stem ooreen met die Curriewegfasade, behalwe dat eersgenoemde se simmetrie versteur word deur die agterste vleuel van die gebou en die posisie van die ingangsdeure (Hamilton 1992:29). Uit die betrokke geskrewe bronne kon die volgende gevolgtrekkings gemaak word: Die fasade wat noordwes front, word byna nie van die straat af gesien nie. Daar kom wel versierings soos leekoppe en loofwerk op dié fasade voor (Hamilton 1992:30). Die Curriewegfasade is die belangrikste fasade. Dit is in drie vakke verdeel, naamlik 'n breë beklemtoonde sentrale vak, met 'n minder, maar steeds beklemtoonde syvak aan albei kante. Die sentrale vak troon een verdieping bo die syvakke uit. In die sentrale vak word vertikaliteit beklemtoon deur die pilasters wat in drie geribde dakkamme eindig en verby die rand van die borswering strek. Die dakkamme is trapvormig op kenmerkende Art Deco-wyse afgerond. Die breë sentrale pilaster is in die volle lengte uit 'n drievoudige trapvorm opgebou. Tussen die breë vertikale pilasters is 'n baie smal vertikale pilaster geplaas wat tot verby die borswering strek en die vertikale gevoel verhoog. Die syvakke van albei fasades sluit met 'n geronde hoek bymekaar aan om 'n baie mooi hoekvak te

vorm. Ook in hierdie hoekvakke word vertikaliteit deur smal vertikale pilasters beklemtoon.

Beklemtoonde Art Deco-horisontaliteit word in die horisontale gepleisterde bande aangetref, wat oor die breedte van die hele fasade strek. Bevenstering/fenestrasie speel 'n belangrike rol in die ontwerp van Surrey Mansions. In die sentrale vak is langwerpige vensters vertikaal in pare geplaas, met slegs die smal vertikale pilasters as skeiding. In die hoekvakke neem die vensters 'n meer horisontale vorm aan wat om die hoek gevoer word. Die Art Deco-voorkoms van die gebou word deur die gebruik van hoekvensters om die geronde hoeke versterk.

Op die sewende verdiepingvlak is daar liniêre-, geometriese- en arendmotiewe as versiering gebruik (Kearney 1984:111; Kearney 1992:12). Die Amerikaanse arend was 'n baie gewilde Art Deco-versieringsmotief en word byvoorbeeld op die Chryslergebou in New York aangetref. Op dieselfde vlak is die geronde hoeke met 'n herhaalde geometriese- en visgraat- of pylpuntmotief, versier.

Die daklyn van Surrey Mansions is in 'n groot mate gemoduleer en ryklik deur stuccoversierings met gevleuelde katagtige motiewe versier (NIA Journal 3/4 1992:11).

Afrika- en Egiptiese beïnvloeding was kenmerkend van die Art Deco-styl. Afrika-invloed kan in die versiering van die chevronmotiewe gesien word, terwyl Egiptiese invloed in die leekopversierings na vore kom (Hamilton 1981:2; Kearney 1984:111). Die ingangsdeure en die sieromrandings, sowel as die ingangsportaal is met sorg versier (Hamilton 1981:30). Daar is 'n aantal klein besondere loodglasvensters in die ingangsportaal, wat met 'n geometriese motief versier is. Die ingangsdeure wat na die woonsteleenhede lei, spog met 'n loodglasontwerp (Hamilton 1981:30). Die gebou is in 'n ligte steenkleur geverf wat 'n lig-en-skaduspel oor die swaar geartikuleerde fasade tot gevolg het (Hamilton 1981:30).


Surrey Mansions word vandag nog steeds as woonstelle verhuur. Die gebou is in kenmerkende Art Deco-kleure geverf (NIA Journal 3/4 1992:11; *Tribune Property* 13/12/1992:p.o.).

### 5.25 Hollywood Court, Smithstraat, Durban (bestaan steeds) (Sien figuur 5.25)

Dié veertienverdieping-hoë gewapende beton wolkekrabber is deur Hobbs & Bonieux van South British Buildings ontwerp en gedurende 1937 tot 1939 deur Bense Bros. gebou (*The Daily News* 6/9/1938:p.o.; *The Daily News Supplement* 1/7/1986:3; Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>). Met voltooiing was Hollywood Court, die hoogste gebou in Durban, selfs hoër as die Colonial Mutualgebou (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>). Die destydse stadsbeplanners van Durban het gevrees dat Hollywood Court die suidelike geboue so sou oorskadu, dat die ontwerpers opdrag ontvang het om die agterkant van die gebou op so 'n wyse in te kort, dat die bedreigde geboue wel genoeg lig sou kry. Die gebou is om dié rede trapsgewys vanaf die agste verdieping boontoe teruggeplaas. Die trapvorm onderskryf die Art Deco-karakter van die gebou (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>).

Hollywood Court is op 'n perseel in die bedrywige middelpunt van die stad opgerig. Dit het vele voordele ingehou, naamlik dat dit binne bereik van die stadsaal, die teaters, sakeondernemings, en die bus- en tremdiens was (Kearney 1984:39; NIA Journal 3/4 1992:10; *The Daily News* 6/9/1938:p.o.). Hollywood Court is met 55 enkelwoonstelle ontwerp, waarvan 20 gemeubileerd was (*The Daily News* 6/9/1938:p.o.). Dit is vreemd dat in 'n moderne woonstelblok se ontwerp geen voorsiening vir kombuise gemaak is nie. Die rede daarvoor is die feit dat die eienaar, wat 'n Durbanse hotelier was, die inwoners aangemoedig het om die gebou se restaurant op die grondverdieping vir etes te gebruik (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>).

Die hooffasade is in drie vakke verdeel. Die sentrale vak is een verdieping hoër as die syvakke en het 'n trapvormige daklyn tot gevolg. Art Deco-simmetrie en -geometrie is opvallend in die fasade, waarvan die ontwerp 'n samestelling van reghoekige vorms is. Art Deco-vertikaliteit kom sterk tot uiting in die Art Deco-venne/pilasters wat vertikaal oor die fasade aangetref word.



Figuur 5.25 Hollywood Court (NIA Journal 3/4 1992)

Stucco-werk hoog teen die fasade wat uit geronde motiewe bestaan, vind aansluiting by die Art Deco-styl. Die groot vensters is van spieëlglas en laat genoeg sonlig in, wat 'n aanduiding is dat die argitek die Suid-Afrikaanse klimaat ten beste benut het.

Die interieur van die gebou, veral wat die grondverdieping betref, is mettertyd aansienlik verander. Die oorspronklike gebou se restaurant op die grondverdieping wat die heeldag oop was, kon vanaf die woonstelle deur swaar klankdigte deure binnegegaan word, wat met 'n futuristiese ontwerp versier was (*The Daily News* 6/9/1938:p.o.). Daar was ook 'n restaurantingang vanaf die straat vir die publiek. Die oorspronklike ontwerp was koningsblou en swart wat deur 'n vollengte spieëlglaspaneel geskei was. Die deur het



aantreklike silwerkleurige chromiumtoebehore gehad (*The Daily News* 6/9/1938:p.o.). Die gevolgtrekking word gemaak dat die indrukwekkende woonstelingang vanaf die straat kenmerkend van Art Deco-argitektuur is. Die massiewe silindriese suile wat met silwerkleurige chromium balle bekroon was, was Art Deco in die ware sin van die woord. Deur hierdie ingang is die ontvangslokaal, wat as 'n *reception lounge* beskryf is, bereik. Die lokaal het 'n parketterie blokkiesvloer gehad en die mure was met gepoleerde kiaatvenesta gepaneel wat by die kleurskema gepas het (*The Daily News* 6/9/1938:p.o.). Die ontvangslokaal was met 'n baie interessante geteëlde kunsaggel in die een hoek ontwerp (Kearney 1984:39; *The Daily News* 6/9/1938:p.o.; *The Daily News Supplement* 1/7/1986:3). Die fokuspunt van die kaggelontwerp is deur 'n geraamde kunswerk, wat 'n ontwerp van seemeus en visse ingesluit het, gevorm. Die kunswerk is 'n vergestaltung van die Art Deco-gees, sowel as 'n uitdrukking van Durban se verbintenis met die see. Daar was ook 'n elektriese horlosie in die middel (*The Daily News* 6/9/1938:p.o.). Die ontvangstoonbank was in die teenoorgestelde hoek as die kaggel geleë. Die gebou was van 'n hoëspoedhysbak voorsien en al die verdiepings kon ook deur middel van 'n breë gemaklike trap met 'n gepoleerde kiaathoutrapreling bereik word (*The Daily News* 6/9/1938:p.o.). Die modernisme wat in 1939 in die ingang, die restaurant en die ontvangslokaal merkbaar was, het die modernistiese leefwyse van die inwoners en die heersende gees van die Art Deco-era weerspieël.

Die eksterieur, sowel as die buitedeure en rame is met 'n mooi skakering groen geverf (*The Daily News* 6/9/1938:p.o.). Die breë gange se vloerafwerking is in 'n rooi granoliet en met 'n breë swart rand afgerond. Die individuele woonstelvoordeure het Arktiese glaspanele bo die groen geverfde deurpanele, wat gerib is. Die boonste twee verdiepings word deur middel van 'n trap bereik waarvan die inspirasie in die vorm van die skeepsdek en -brug gevind kan word. Die skoorsteen aan die agterkant van die gebou herinner ook aan 'n skeepskoorsteen. Art Deco-argitektuur is dikwels deur elemente van die groot passasiersskepe beïnvloed (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>). Die boonste verdieping is as akkommodasie vir die swart personeel gebruik. Dit het uit slaapkamergeriewe en 'n kombuis bestaan. Daar is

ook vir 'n daktuin voorsiening gemaak met 'n ongelooflike uitsig oor Durban (*The Daily News* 6/9/1938:p.o.).

Hollywood Court is in 1938 in die volgende woorde hoog aangeskryf: *Hollywood Court is a fitting addition to the many fine residential buildings that have recently been erected in Durban [...] It is a credit to its designers and a triumph to the men who erected it* (*The Daily News* 6/9/1938:p.o.).

Hollywood Court word tans as behuising vir bejaardes in die middestad van Durban gebruik. Die area wat in 1938 deur 'n restaurant beslaan is, is in 'n kafee omskep (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>).

## **5.26 Drie Style Moderne-residensiële geboue in Durban**

### **5.26.1 Willern Court (1931), Victoria-kaai, Durban (bestaan steeds)**


(Sien figuur 5.26.1)

### **5.26.2 Broadwindsor (1934), h/v Broadstraat en Victoria-kaai, Durban (bestaan steeds) (Sien figuur 5.26.2)**

### **5.26.3 Manhattan Court (1937-1938), Broadstraat, Durban (bestaan steeds)**

Hierdie drie geboue is in 'n Art Deco-styltipe ontwerp wat deur Art Deco-puriteine as *Style Moderne* beskryf sal word (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>). Die *Style Moderne*-geboue is onversierd en dui op 'n kombinasie tussen die Internasionale en Art Deco-styl - die style van die *Modern Movement*. Die stroombelynde voorkoms waar dié geboue, waarvan die inspirasie in die vorm van die skepe en vinnige treine, vliegtuie en motors van die Art Deco-era gevind kan word, sowel as die kombinasie van beklemtoonde Art Deco-vertikaliteit en -horisontaliteit en die gebruik van geronde lyne wat die komposisie versag, kwalifiseer die geboue as 'n vorm van die Art Deco-styl (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://>

users.iafrica.com/a/an/andryn). Willern Court is deur William B Barboure ontwerp. Drie jaar na Willern Court is Broadwindsor gebou, wat die ontwerp van WC Moffat & Hirst was. Nog drie jaar later is Manhattan Court deur die bouaannemers PE Rorvik gebou, wat die ontwerp van die argitek Obel & Froloch was (BIFSA 1979:173; Hartdegen 1988:193; NIA Journal 3/4 1992:11; Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>). Hawkeby wat Manhattan Court laat bou het, is deur die modetrant in Manhattan, New York, beïnvloed, aangesien sy daar gewoon het (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>).




Figuur 5.26.1 Willern Court (NIA Journal 3/4 1992)

Na 'n bestudering van bogenoemde bronne is die volgende vergelyking en gevolgtrekking gemaak: In die ontwerp van al drie die geboue onder bespreking word daar sterk klem op vertikaliteit, sowel as horisontaliteit geplaas, wat kenmerkend van die Art Deco-styl is. In Willern Court word beklemtoonde Art Deco-vertikaliteit en -horisontaliteit, sowel as Art Deco-geometrie aangetref in die reghoekige en boog- of halfsirkelvorme. Die sentrale vak van die simmetriese fasade is uitspringend en die fasade het 'n vertikale gevoel as gevolg van die Art Deco-pilasters of -vinne wat van onder na bo strek. Die horisontale

gevoel van die fasade word weer deur die horisontaal-geprofileerde kroonlids en borswering teweeggebring.

By Broadwindsor kom beklemtoonde Art Deco-vertikaliteit veral in die sentrale vak van die Broadstraatfasade voor. Geronde buigings versag die vertikale lyne wat deur horisontale stucco-bandlae en vlieënde voëls gebalanseer word, wat die komposisie bekroon en afrond. Geronde lyne wat horisontaliteit beklemtoon, kom in Willern Court, sowel as Broadwindsor voor in die vorm van halvesirkelvormige komvensters en balkonne. Dié vensters was oorspronklik van geronde glas. Die agterfasade van Broadwindsor is met 'n vertikale reeks boogvormige bordesbalkonne ontwerp, wat 'n deel van die brandtrap vorm en terselfdertyd 'n estetiese aanwys is. Daar is ook vertikale reekse kwartsirkelvormige balkonne aan die agterkant van die gebou. Broadwindsor is net soos Willern Court, met 'n sentrale vak waarin geronde glasvensters voorkom, ontwerp. By Willern Court is die kwartsirkelvorm ook vir vensterreekse gebruik op die hoeke wat gevorm word, omdat die fasade trapsgewys teruggeplaas is.



Figuur 5.26.2 Broadwindsor (NIA Journal 3/4 1992)

Manhattan Court het ook 'n fasade waarin duidelike Art Deco-simmetrie na vore kom. Die fasade is met 'n sentrale vak en 'n syvak aan albei kante ontwerp. Die sentrale vak is skuins geplaas, sodat dit 'n baie mooi stroombelynde hoekgebou tot gevolg het. Die

ontwerp, wat as gevolg van gepleisterde stroke/bande oorwegend horisontaal is, word gebalanseer deur die vertikaliteit van die Art Deco-vinne, wat oor die sentrale vak vanaf die betonkap/straatdak tot verby die geribde borswering strek.

Manhattan Court is met chroom-en-glas Art Deco-voordeure ontwerp. Twee houtbankies met 'n vaartbelynde ontwerp en metaalinlegwerk, sowel as twee bypassende blompotstanders in die voorportaal, het behoue gebly (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>). Die hysbakportaal of -voorvertrek van Broadwindsor is met chroom-en-swarthout Art Deco-deure, sowel as 'n Art Deco-muurhorlosie ontwerp. Broadwindsor, sowel as Willern Court het 'n treffende Art Deco-betonkap bo die ingang (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>). Onder die vlak van die ingangskap is Willern Court met baksteenvoorwerk en gebrandskilderde panele ontwerp, wat lig in die voorportaal inlaat (NIA Journal 3/4 1992:11). Laasgenoemde gebou se ingangsportaal spreek van Art Deco-imposantheid met sy houtgepaneelde mure en chroomlamparms (Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>).

Hierdie drie geboue getuig van een van die gedaantes waarin die Art Deco-styl in Suid-Afrika gemanifesteer het.


## **5.27 Die Capitol Hotelgebou, Maitlandstraat, Bloemfontein (bestaan steeds)**

(Sien figuur 5.27)

Die Capitol Hotel is deur Willoughby-Williams & Runham ontwerp (*The Friend* 28/1/1938:p.o.) en is in 1939 voltooi (*The Friend* 18/10/1939:5). Die hotel het met sy ingebruikneming groot opspraak in Bloemfontein verwek en 'n persopskrif het soos volg gelui: *The Capitol strikes new note - distinctive architecture that breaks entirely new ground in Bloemfontein* (*The Friend* 18/10/1939:5). Dié nuwe hotel was in 1939 'n aanwinst vir Bloemfontein, wat vanweë 'n sentrale geografiese ligging as *Suid-Afrika se kongresstad* bekend geword het (*The Friend* 18/10/1939:5). Die Capitolhotel was 'n egte

Art Deco-gebou en die volgende is daaroor berig: *It breaks entirely fresh ground, for nowhere else in the town could be found a similar style* (*The Friend* 18/10/1939:5).

Die gebou kan soos volg ontleed word: Dié gewapende betongebou is drieverdiepings hoog. Die gebou getuig van Art Deco-simmetrie en -geometrie. Dit is op straatvlak met groot winkelvensters ontwerp, waaroor 'n reghoekige betonkap strek, wat deur 'n reeks onversierde reghoekige suile gedra word. Die betonkap se sykante is met 'n trapvorm afgerond, wat die Art Deco-karakter van die fasade onderskryf.



Figuur 5.27 Capitol Hotel-fasade (*The Friend* 28/1/1938)

Die ingang tot die hotel was destyds 'n arkade, met 'n winkel aan albei kante. 'n Kort trap lei vandaar na die hotel se voorportaal (*The Friend* 18/10/1939:5).

Art Deco-vertikaliteit kom duidelik tot uiting in die fors ontwerp van die fasade. Sentraal bo die ingang is 'n trapvormige opening in die fasade wat oor die volle hoogte van die eerste en tweede verdiepings strek. Klem word op die sentrale vak geplaas deur die drie

betonkappe wat bo die opening is, en die sentrale Art Deco-vin daarbo wat baie prominent is en met 'n ronding oor die borsweringmuur strek. Die res van die fasade, naamlik die twee syvakke, word deur 'n reeks Art Deco-pilasters gevorm wat herhaaldelik met 'n smal vertikale vensterreeks afgewissel is. Die fasade het dus 'n baie sterk vertikale gevoel, wat verder deur die trapvorm verhoog word, wat die pilasters in die volle lengte aanneem. Die pilasters is baie hoekig en die Art Deco-trapvorm word weer eens aan die bopunt van die pilasters as afronding en versiering gebruik.

Art Deco-horisontaliteit word in die lang horisontale betonkap/straatdak aangetref. Die naam van die hotel is sentraal op hierdie betonkap in modernistiese belettering aangebring. Die horisontale gevoel word versterk deur die reeks horisontale betonkappe wat bo die vensters geplaas is. Bo elke venster is 'n klein betonkap geplaas, wat 'n langer gesamentlike horisontale lyn vorm. Daar word twee sulke reekse, een op elk van die eerste- en tweedeverdiepings, aangetref. Die borswering het 'n kasteelagtige voorkoms wat bydra tot die forsheid van die fasade. Die totale komposisie is 'n samestelling van 'n verskeidenheid van reghoeke wat Art Deco-geometrie onderskryf.

Vanuit die voorportaal is die hotel se sitkamer bereik. Die interieur was in groen en goud. 'n Kleiner en meer private sitkamer, met 'n soortgelyke interieur, het aan die hoofsitkamer gegrens. 'n Skemerkroeg het ook aan die hoofsitkamer gegrens. Hierdie vertrek is gerieflik en terselfdertyd luuks, met stoele en rusbanke ingerig. Daar was ook 'n modern toegeruste openbare kroeg op die grondverdieping wat in Elizabethstraat gefront het en vandaar betree kon word (*The Friend* 18/10/1939:5). Die hotel is met 'n eetkamer ontwerp, waar 'n honderd mense gelyktydig kon aansit, wat aan 1938 se standaard gemeet, as groot beskou is. Die kleurskema van die vertrek was groen en roeskleurig. Die leerbekleedsel van die stoele het met die kleurskema geharmonieer. Die gevolgtrekking word gemaak dat die interieur die Art Deco-karakter van die gebou onderskryf het. Met die esdoringvloer is daar spesifiek vir danse voorsiening gemaak (*The Friend* 18/10/1939:5).

Die eerste verdieping is met 36 slaapkamers en 12 moderne geteëlde badkamers ingerig. Die slaapkamers was met moderne ingeboude kaste en kronkelveermatrasse toegerus.

Elke kamer was ook van warm- en kouewater, sowel as 'n telefoondiens voorsien. Daar was ook 'n algemene sitkamer op dié verdieping. Die personeel was op die tweede vloer gehuisves en daar was 'n groot stoorkamer, sowel as 'n promenade op dié verdieping (Le Roux 24/05/1999:brief; *The Friend* 18/10/1939:5).

Met die bou van die Capitol Hotel is daar inderdaad 'n nuwe neiging op die gebied van argitektuur in Bloemfontein betree. Die gebou bestaan vandag nog, maar word nie meer as 'n hotel gebruik nie. Dit dien gedeeltelik as 'n polisiekantoor (Le Roux 12/05/1999:onderhoud).


#### **5.28 The Quarterdeck (Huis Walton) Schoemakerskop, Port Elizabeth (bestaan steeds) (Sien figuur 5.28)**

Die huis is deur Herbert McWilliams van die firma, Jones & Williams, vir sy tante, Lady Anne Walton, ontwerp en in 1930 gebou (Cumming-George 1934:89; Duncan-Brown 1991:106; Humphrey 1986:11).

Die huis is bo 'n rots op die grasagtige rant gebou, wat oor die Indiese Oseaan uitkyk. Die huis is as 'n strandhuis ontwerp en is van baksteen en beton en die mure het 'n rofkasafwerking (Cumming-George 1934:89). Die rofkasafwerking van die mure is met seeskulp en gedistemperde ivoor gedoen (Cumming-George 1934:89).

Na 'n besigtiging van die gebou en die bestudering van bogenoemde bronne is die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekking gemaak: Die huis is 'n vermenging van die Internasionale en Art Deco-style, in die opsig dat dit die eenvoudige blokagtige vorms van die Internasionale styl aanneem, terwyl die gewilde see-elemente van die Art Deco-styl in die ontwerp geïnkorporeer is. Dit is dus verteenwoordigend van 'n Internasionale Deco-styl. Die huis is met 'n onversierde borsweringmuur ontwerp, wat op prominente en byna oordrewe wyse die asbesdak verberg. Die hoë borswering het die asbesdak beskerming teen die soutseewind gebied.





Figuur 5.28 The Quarterdeck/Huis Walton (Cumming-George 1934)

Hierdie vakansiehuis het die karakter en gees van die see en die kus in die helderkleurige turkoois/seekleurige luuke en deure, sowel as die kreefroofvensterrame vasgevang, wat 'n teenstelling met die ligte kleur van die rowwe mure gevorm het (Humphrey 1986:11). Daar is oorspronklike skeepsrelings en patryspoortvensters uit 'n gestrande skip in die omgewing gehaal, om aan hierdie huis 'n egte skeepskarakter te gee. Dit is hierdie karaktertrekke van die huis wat verband hou met die Art Deco-styl. Die huis toon spesifiek 'n Miami Deco-invloed (Duncan-Brown 1991:93). Selfs die heining was van dryfhout. Die vlagpaal by die ingang is ook 'n Art Deco-tendens (Cumming-George 1934:89; Duncan-Brown 1991:105; Humphrey 1986:11).

Die afleiding word gemaak dat selfs die afwerking van die interieur soos dié van 'n skip uitgevoer is. Die slaapkamers was oorspronklik met slaapbanke uitgerus en die gepoleerde houtwerk het aan die paneelwerk van 'n skeepskabinet herinner (Cumming-George 1934:89). Die ontwerp van die huis is van so 'n aard dat die veranda teen die heersende westewind beskerm word, terwyl 'n idilliese see-uitsig geniet word (Cumming-George 1934:89). Dit is weer eens 'n aanduiding daarvan dat die argitek met die ontwerp die plaaslike klimaat en die ligging van die huis ten opsigte van die see en die heersende wind in ag geneem het. Die huis bestaan nog steeds.

### **5.29 Die Palmerston Hotel (Campanile Hotel), h/v Strandstraat en destydse Jettystraat, Port Elizabeth (bestaan steeds) (Sien figuur 5.29)**

Dié hotel is deur Goodman Noick ontwerp en nadat W Percik van Johannesburg die praktyk oorgeneem het, was hy die toesighoudende argitek (*Eastern Province Herald* 12/12/1936:19). Die bouaannemers was die bekende firma, Murray & Stewart wat die gebou na 'n tydperk van ongeveer twaalf maande in 1936 voltooi het. Die hotel is teen 'n koste van £33 000 gebou, wat nie die koste van die hysbakke en winkelfronte ingesluit het nie (*Architect Builder & Engineer* Maart 1935:p.o.). Die Palmerston Hotel is met die volgende opskrif toegejuig: *The Palmerston ... Port Elizabeth's new luxury hotel - magnificent establishment in the heart of the city* (*Eastern Province Herald* 12/12/1936:19).

Die agtverdieping gewapende beton wolkekrabber het 'n asemrowende uitsig op die baai en hawe van Port Elizabeth. In 1936 het die hotel goed met medium-grootte hotelle in Amerika vergelyk. Die riglyne wat vir die Palmerston Hotel gevolg is, was volgens die Amerikaanse model. Die hoofdoelwit was dat die besoeker sonder moeite geakkommodeer moes word (*Eastern Province Herald* 12/12/1936:19).

Die Palmerston Hotel is met porfier beklee. Porfier is 'n bruinkleurige graniet, wat veral in Egiptiese argitektuur van die Farao's, gewild was. Die eksterieur van die gebou is met *snow crete* afgerond.

Die Palmerston Hotel is om 'n hoek met twee mooi straatfasades ontwerp. Albei fasades is 'n toonbeeld van Art Deco-simmetrie. Die hooffasade in Strandstraat bestaan uit 'n breë sentrale vak, waarin Art Deco-vertikaliteit beklemtoon word. Vanaf die tweede verdieping reik ses egte Art Deco-venne opwaarts om met 'n geronde bopunt oor die borsweringmuur te verdwyn. Dieselfde vertikaliteit kom ook in die destydse Jettystraatfasade voor, waar twee soortgelyke Art Deco-venne oor die sentrale vak tot oor

die borsweringmuur strek. Die borsweringmuur van die sentrale vak van albei fasades is met 'n vertikaalgegroeefde motief versier. Laastens word die vertikale gevoel van die fasade deur die drie vlagpale wat bo die borswering uitsteek, bevestig. Dit gee ook statigheid aan die gebou.



Figuur 5.29 Palmerston Hotel (*EP Herald* 12/12/1936)

Die element van horisontaliteit word weer deur die betonkap/straatdak beklemtoon. Die betonkap strek op kenmerkende Art Deco-wyse met 'n horisontaal-gegroeefde ronding om die straathoek. Die horisontale gevoel van die fasade word verder deur die lang balkonne van albei fasades wat op die tweeverdiepingvlak aangetref word, verhoog. Op die sewende verdieping van die hooffasade word horisontaliteit weer eens deur die lang balkon waaroor daar 'n betonkap geplaas is, beklemtoon. Die betonkap vorm 'n balkon op die agste verdieping, wat met 'n skeepsreling-balustrade ontwerp is. Dieselfde balkonne en kap is proporsioneel oor die sentrale vak van die syfasade geplaas. Horisontaliteit word laastens in die horisontaal-gegroeefde rand van die borswering wat oor die syvakke en skuinshoek van die gebou strek, uitgedruk. Die naam van die gebou is in

groot modernistiese belettering op die betonkap oor die ingang van die hotel geplaas. Dit het die Art Deco-karakter van die gebou onderskryf.

In die ingangsportaal, besprekingsaal en kleedkamers is marmer gebruik wat van Italië ingevoer is. Die marmerwerk is deur die *European Marble and Granite Company* gedoen (*Eastern Province Herald* 12/12/1936:19; *Eastern Province Herald* 12/08/1939:p.o.; *Port Elizabeth Advertiser* 25/06/1937:1).

Die gebou dien nie meer as 'n hotel nie en die huidige interieur verskil aansienlik van die oorspronklike. Die destydse hotel het 66 enkel-, 22 dubbelkamers, 32 badkamers, sowel as 5 luukse suites met private sitkamers en badkamers gehad. Die vloere van die slaapkamers en gange was met 'n kurkbedekking afgerond en het van modernisme gespreek. Daar was ook 'n private sitkamer vir dames wat baie aantreklik gemeubileerd was. Daar is baie moeite met die versiering van die interieur gedoen. Die hoofsitkamer op die eerste verdieping, was 'n besonder aantreklike vertrek wat die Art Deco-karakter van die hotel onderskryf het. Die kleurskema was blou-groen en grys. Die mure was ongeveer tot 'n derde van die hoogte met spillekesdoring/suikerresdoring (*bird's eye maple*) gepaneel (*Eastern Province Herald* 12/12/1936:15). Dié vertrek met sy moderne leunstoel, rusbanke en matte, het saam met die koel kleurskema en paneelwerk 'n baie rustige atmosfeer vir die besoeker geskep, wat soos volg beskryf is: *both in the day time and in artificial light the interior of the main lounge is a rhapsody in restfulness and comfort*. 'n Skemer kroeg het aan die vertrek gegrens. Op soel somerdae en -aande kon die besoekende gaste ook op die groot balkon, wat van dié sitkamer uitloop, met drankies ontspan en die vars seelug geniet (*Eastern Province Herald* 12/12/1936:15).

Die hoofetkamer met 'n kleurskema in dowwe bufgeel en ivoor was op die eerste vloer. Die mure was tot ongeveer 'n derde van die hoogte met kiaathout gepaneel. Die eetkamer is ook vir danse gebruik en die jarravloer was uiters geskik daarvoor. Jarra is vir die vloere van al die openbare vertrekke gebruik. Daar is elektriese waaiers geïnstalleer om die temperatuur binne die gebou te beheer. Die gebou was van twee moderne hoëspoedhysbakke voorsien.

Op die grondverdieping van die Palmerston Hotel, in die destydse Jettystraat, is die *Chelsea Milk Bar* ingerig, wat onder die beheer van P Clack was. Sy het ook 'n melksalon in 1936 by die *Empire Exhibition* in Johannesburg gehad. Die idee van 'n melksalon het van Londen na Suid-Afrika oorgewaai (*Port Elizabeth Advertiser* 25/06/1937:1).


Die Palmerston Hotel was in 1936 'n indrukwekkende gebou wat menige verbyganger se aandag getrek het (*Eastern Province Herald* 12/12/1936:15). Die naam van die hotel is later na die Campanile verander. In 1994 is die hotel, wat toe in 'n swak toestand was, omdat dit vir tien jaar leeggestaan het, deur Ron Jon Properties gekoop, wat in daardie stadium aangedui het dat hulle beplan om meer as R1m aan die gebou te bestee en dit as wooneenhede (*lodge*) te bedryf (*Evening Post* 23/11/1994:p.o.). In 1998 het Danie Halgryn van Sea Castle Properties die hotel van Mohamed Mohamed gekoop. Die hotel se toestand laat veel te wense oor, maar die eienaar is die mening toegedaan dat dit wys sal wees om die hotel eers te restoureer nadat die seefrontontwikkelings voltooi is (*Eastern Province Herald* 09/09/1999:3).

### **5.30 Huis Stockelbach, Park Drive, Port Elizabeth (bestaan steeds)**

(Sien figuur 5.30)

Huis Stockelbach is deur die eerste vrou wat in Suid-Afrika as argitek gekwalifiseer het, Gertruida Brinkman van die Port Elizabethse firma, Siemerink & Brinkman, ontwerp. Sy het dit in opdrag van die Deensgebore Axel Stockelbach gedoen, wat die besturende direkteur van die Ford-motormaatskappy was (Duncan-Brown 1991:106-107; *Eastern Province Herald* 17/07/1990:p.o.; *Weekend Post* 08/10/1988:p.o.; *Weekend Post* 19/08/1989:p.o.). Die huis dateer uit 1936 en het vir byna drie dekades in die besit van die Stockelbachs gebly, totdat dit in 1962 deur Stockelbach aan Abe Karstaedt verkoop is. Nadat dit weer vir byna drie dekades Karstaedt se eiendom was, is dit in 1989 aan Phillip Gutsche, 'n gewese besturende direkteur van SA Bottling Company, vir die bedrag van R330 000,00 verkoop (*Weekend Post* 19/08/1989:p.o.).

Die huis is in 'n styl ontwerp wat 'n kombinasie tussen die Internasionale en Art Deco-styl is (*Eastern Province Herald* 17/07/1990:p.o.) en bestaan uit 'n kelder- en drie verdere verdiepings. Die grondverdieping is hoofsaaklik as onthaalarea ontwerp (*Weekend Post* 08/10/1988:p.o.). Vier onthaalareas wat aaneenvloei, het 'n reusagtige ruimte tot gevolg en daar is tot 200 gaste per geleentheid onthaal. Die huis is met 'n aantal slaapkamers en badkamers ontwerp. Op die eerste verdieping is daar vir nie minder nie as vier slaapkamers voorsiening gemaak. Dié Art Deco-huis is met 'n kenmerkende platdak ontwerp, wat 'n daktuin moontlik gemaak het, as gevolg van die feit dat gewapende beton gebruik is (Duncan-Brown 1991:113; *Weekend Post* 08/10/1988:p.o.). Die huis se noordfasade front na Parkrylaan, terwyl die suidfasade na Setlaarsvallei front. Aangesien die huis op die rant van die Setlaarsvallei gebou is, het dit 'n baie mooi uitsig. Die huis is op twee erwe gebou wat 'n gesamentlike ruimte van 2900m<sup>2</sup> beslaan (*Weekend Post* 19/08/1989:p.o.).



Figuur 5.30 Huis Stockelbach (*EP Herald* 17/7/1990)

Die Art Deco-karakter van die gebou kom in die beklemtoonde drie vertikale pilasters na vore, wat op die geronde muur regs van die ingang van onder tot heelbo teen die geronde Art Deco-dakkap strek. Tussen hierdie drie lang Art Deco-pilasters is daar smal reghoekige vensters in 'n vertikale lyn geplaas, wat die vertikale gevoel versterk. Die


rondings van die mure wat in albei fasades van hierdie huis aangetref word, is kenmerkend van die Art Deco-styl. Dit bring afwisseling mee en versag die ontwerp. By Huis Stockelbach is daar gevormde hoekvensters om die geronde hoeke geplaas. Brinkman se gebruik van geronde hoeke met geronde/kromlynige hoekvensters is 'n ekspressionistiese invloed wat in Huis Stockelbach aangetref word. Soortgelyke hoekvensters is by die Hooverfabriek buite Londen gebruik. In die geval van Huis Stockelbach is dié venstertipe spaarsamig gebruik, aangesien dit uit Europa ingevoer is en die vormproses baie duur was. Hierdie hoekvensters is 'n beklemtoning van Art Deco-horisontaliteit.

Die vloeiende geronde horisontale lyn van die balkon op die eerste verdieping is 'n element wat in Mendelsohn se Einsteintoring aangetref word (Duncan-Brown 1991:102). Dit sluit by die geronde horisontale lyn van die vensters aan en saam met die oorhangende geprofileerde daklyn, sowel as die dakkap, verhoog dit die horisontale gevoel van die fasade. Brinkman het hier die Mendelsohn-idee gevolg waar die horisontale, sowel as die vertikale beklemtoon word. Die vertikaal-ontwerpte trapskag met sy Art Deco-venne/pilasters verbind of koppel die twee horisontaal-ontwerpte vleuels van die huis met mekaar (Duncan-Brown 1991:102). 'n Herhaling van die patryspoortvenster op die fasade dui ook op die Art Deco-karakter van die huis. Bo die garage-ingang is die muur trapvormig afgerond wat die Art Deco-karakter van die huis onderskryf.

Huis Stockelbach is steeds die eiendom van Phillip Gutsche. Die *Gutsche Family Trust* het aan die argitek Moors Milne en Kievit opdrag gegee om veranderinge aan die huis aan te bring. Hulle is tans besig om die dubbelmotorhuis en die eerste verdieping in 'n 252m<sup>2</sup>-kunsgalery te omskep wat 'n uitsig oor die Port Elizabeth-lughawe het. Die skilderye van die welbekende plaaslike lugvaartkunstenaar, Ron Belling, wat die eiendom van die *Gutsche Family Trust* is, sal daarin uitgestal word. Die kunsgalery sal teen Desember 1999 amptelik geopen word (*Eastern Province Herald* 13/09/1999:9).

**5.31 Seaview Hotel (later Minettihotel), Seaview, Port Elizabeth (bestaan steeds)**  
(Sien figuur 5.31a, 5.31b)


Die hotel is deur Maurice Berman ontwerp en in 1938 teen 'n koste van £50 000 voltooi (Duncan-Brown 1991:101; *Eastern Province Annual* 1938:35). Die ontwerp van die Seaview Hotel toon invloed van ekspressionisme wat in die werk van Erich Mendelsohn tot uiting kom. Die element van stroombelyndheid, soos in die ontwerp van moderne bote, motors en vliegtuie word in die ontwerp gevind. Die Seaview Hotel (Minetti) vind aansluiting by die duidelik gevormde/geartikuleerde massa van die *De La Warr Pavilion* en het net soos laasgenoemde 'n goeie uitsig. In die sentrale vak van die Seaview Hotel word 'n soortgelyke projekterende/uitstaande geronde of halfsirkelvormige traptoring aangetref, as in die geval van die *De La Warr Pavilion*, wat die fokuspunt van die komposisie vorm. Die fasade van die Seaview Hotel, sowel as dié van die *De La Warr Pavilion* was asimmetries met 'n meer soliede/swaarder massa aan die linkerkant van die sentrale traptoring as die ligter massaverdeling regs daarvan (Duncan-Brown 1991:101). Die sentrale traptoring van die Minettihotel met sy geronde vorm herinner baie sterk aan die boeg van 'n groot skip waarvandaan daar oor die see uitgekyk kan word (*Port Elizabeth Advertiser* 24/06/1938:1; *Eastern Province Annual* 1941:p.o.).



Figuur 5.31a Seaview Hotel (*EP Annual* 1941)



'n Ter plaatse ondersoek van die gebou het die volgende ontleding tot gevolg: Die geronde lyn en die beklemtoning van vertikaliteit van die traptoring verbreek die andersins hoekige ontwerp se eentonigheid en gee aan hierdie seehotelontwerp 'n gepaste karakter. Die vlagpale wat op die *dek* voorkom, verhoog die Art Deco-karakter daarvan. Art Deco-geometrie in die land- en seefasade kom wel sterk na vore en bevenstering/fenestrasie speel 'n belangrike rol in die ontwerp. Daar is van groeperings van verskillende venstervorme gebruik gemaak. Aan die landkant is verskillende reghoekvenstergroepe gebruik. Daar is ook van die baie gewilde Art Deco-hoekvenster gebruik gemaak om soveel moonlik sonlig in te sluit. Dit is 'n aanduiding dat plaaslike argitekte die Suid-Afrikaanse klimaat ten beste in hul ontwerpe benut het. In sy linkersy vleuel aan die seekant is daar van ronde patryspoortvensters gebruik gemaak, wat die skeepsvoorkoms verhoog en baie goed aansluiting vind by die getyswembad wat deur Herbert Hastings McWilliams ontwerp is. Dit sal in 'n latere hoofstuk bespreek word.



Figuur 5.31b Seefasade met hoekvensters (*EP Annual* 1938)

Die hotel is met 'n oop sonveranda ontwerp, waar tee en drankies destyds geniet kon word. Hierdie balkon het aan die seekant (suid) gefront en vandaar kon gaste 'n pragtige uitsig oor die terrasse, getyswembad en see geniet (*Eastern Province Annual* 1938:35; *Eastern Province Annual* 1941:p.o.; *Port Elizabeth Advertiser* 24/06/1938:1). Die terrasse en getyswembad bestaan nie meer nie.

Al die lokale aan die suidekant, insluitende die openbare sitkamers en slaapkamers, het 'n idilliese uitsig op die see. Die uitsig is soos volg beskryf: *When seated in any of the lounges or bedrooms, the greatest impression is that the visitor is looking out to see from a luxury liner afloat on the ocean! The flip-flap of deck quoits on the sun porch, which covers a portion of the roof area, lends uncanny realism to the illusion* (*Eastern Province Annual* 1938:36). Die uitsig wat die hotel het, is 'n deel van die beroemde seeweg na Indië wat pioniers soos Da Gama, Diaz en Drake gevolg het. Om in die sitkamer tee te drink, was 'n soortgelyke ervaring as om aan boord van 'n luukse boot tee te drink, behalwe dat die Seaview Hotel ruimer was en groter vensters gehad het (*Eastern Province Annual* 1938:36).

In die 1930's, 1940's en selfs 1950's was die Seaview Hotel een van Suid-Afrika se hoogaangeskrewe vakansie-oorde. Dié hotel is met die volgende opskrifte in die pers en jaarboeke beskryf: *Magnificent hotel beautifully appointed* (*Port Elizabeth Advertiser* 24/06/1938:1), *Palatial luxury in nature's environs* (*Eastern Province Annual* 1938:35) en *Seaview - Lido of South Africa* (*Eastern Province Annual* 1938:35; *Eastern Province Annual* 1941:p.o.). In 1938 is die Seaview Hotel selfs as die beste hotel vir sy grootte in Suid-Afrika beskryf en as vergelykbaar met Europese hotelle beskou. Dit was 'n baie gewilde toeriste-aantreklikheid (*Eastern Province Annual* 1938:35) en is as ideaal vir gesinsvakansies beskou, aangesien daar fasiliteite vir sportsoorte soos hengel, rolbal, tennis en golf was (*Eastern Province Annual* 1941:p.o.). Die golfbaan wat deur C McIlvenny ontwerp is, was een van die hoofaanlokkhede van Seaview (*Eastern Province Annual* 1941:p.o.; *Port Elizabeth Advertiser* 24/06/1938:1). Die gaste kon ook van 'n baie mooi privaatstrand gebruik maak, wat slegs vir hotelgaste gereserveer was (*Eastern*

*Province Annual* 1941:p.o.), of hulle kon in die getyswembad swem en in die son ontspan (*Eastern Province Annual* 1938:35-36; *Eastern Province Annual* 1941:p.o.). Die getyswembad en baie van die vermaaklikhede vir vakansiegangers bestaan nie meer nie. Vanaf Seaview was dit destyds slegs 'n halfuur se ry na die middestad van Port Elizabeth, waar gaste inkopies kon doen of bioskoopteaters kon besoek (*Eastern Province Annual* 1938:36).


Die sitkamer wat op die see uitkyk, sowel as die eetkamer is so ontwerp dat dit deur massiewe modernistiese suile geskei is. Die suile is op so 'n wyse versier dat daar 'n bronseffek verkry is (*Eastern Province Annual* 1938:36). Destyds het die paadjies tussen die tafels 'n dik poublou mat gehad. Die Seaview Hotel was baie gewild vir die danse wat hulle op die houtdansvloer aangebied is (*Eastern Province Annual* 1941:p.o.). Die hotel is met 'n daktuin op twee vlakke ontwerp (*Eastern Province Annual* 1938:36-37).

Die hotel is met 'n aantal private suites met seeuitsigte ontwerp, wat elk van 'n eie badkamer en sitkamer voorsien is. Die trap van die eerste verdieping na die tweede verdieping het destyds na die mees luukse suite denkbaar gelei. Dié sonnige suite is met 'n breë balkon ontwerp en was so privaat soos 'n eie huis. Die meeste van die hotel se slaapkamers is met private badkamers ontwerp en elke kamer het destyds sy eie kleurskema gehad (*Eastern Province Annual* 1938:36).

Die hotel is die vergestaltung van 'n internasionale styl, maar die rondawelontwerp wat destyds deel van die kompleks gevorm het, het van Suid-Afrikaanse beïnvloeding gespreek. Die hotel se naam is later na die Minhetti Hotel verander en bestaan steeds. Die hotel is steeds gewild vir sy danse.

### **5.32 Huis Arniel, Kaapweg, Port Elizabeth (bestaan steeds) (Sien figuur 5.32)**

Huis Arniel is deur Gertruida Brinkman ontwerp en dateer uit 1939 (Duncan-Brown 1991:107).



Figuur 5.32 Huis Arniel (Duncan-Brown 1991)

Die ontwerp van die huis bestaan uit blokvorms, wat net soos in die geval van Huis Stockelbach, met die geronde vorm afgewissel en versag word. Die blokvorm dui op Internasionale Styl-beïnvloeding. Die styl van hierdie huis is weer eens verteenwoordigend van 'n Internasionale Deco-styl. Art Deco-vertikaliteit kom sterk na vore in die geprofileerde/vertikaal-gegroefde Art Deco-vinne wat oor die ronding van die fasade van reg onder tot oor die borswering strek. Die spasies tussen die Art Deco-vinne is met glasblokke opgevul. Hierdie ronding wat uit glasblokke en vinne opgebou is, vorm die fokuspunt regs van die voordeur en gee aan die huis 'n duidelike Art Deco-karakter. Dit is 'n estetiese aanduiding van die trapkuil en terselfdertyd ook 'n eksterieure fokuspunt, wat die verskeie massas van die gebou artikuleer en as die samebindende faktor van die fasade dien (Duncan-Brown 1991:107-108). In dié traptoring word die vertikale element, wat so algemeen in Art Deco-argitektuur is, tot 'n hoogtepunt gevoer. Die huis is met die gewilde 1930's-platdak ontwerp. Huis Arniel is een van die woonhuise waarin Art Deco-, sowel as Internasionale Styl -beïnvloeding merkbaar is, met ander woorde dit is verteenwoordigend van 'n Internasionale Deco-styl.

Die huis bestaan nog steeds.

### **5.33 Art Deco-woonstelblokke in Port Elizabeth**

#### **5.33.1 Berkley Court, Beachweg, Somerstrand, Port Elizabeth (bestaan steeds)**

(Brinkman Van Rooyen Browne & Sutton Argitekte:1934-argiefmateriaal; *Eastern Province Herald* 28/09/1989:5; *Eastern Province Herald* 13/12/1991:p.o.) (Sien figuur 5.33.1)

#### **5.33.2 Penelope Court, Militêreweg, Sentraal, Port Elizabeth (bestaan steeds)**

(Duncan-Brown 1991:94) (Sien figuur 5.33.2)

#### **5.33.3 Aldwyn Towers Court, h/v van Whitlock- en Havelockstraat, Sentraal, Port Elizabeth (bestaan steeds) (18/05/1990:ondersoek en besigtiging)**

(Sien figuur 5.33.3)

#### **5.33.4 House Electron h/v Princesstraat en Govan Mbekilaan, Noordeinde, Port Elizabeth (bestaan steeds) (*Eastern Province Herald* 13/07/1938:14; *Port Elizabeth Advertiser* 19/07/1938:7)**

(Sien figuur 5.33.4)

#### **5.33.5 Castle Court, Castleheuwel, Sentraal, Port Elizabeth (bestaan steeds)**


(*Eastern Province Herald* 07/12/1988:g.b; *Huisgenoot* 27/09/1974:p.o.; *UPE Fokus* Augustus 1972:10) (Sien figuur 5.33.5)

#### **5.33.6 Craighall, Parkrylaan, Port Elizabeth (bestaan steeds) (*Eastern Province Herald* 29/05/1964:g.b)**

(Sien figuur 5.33.6)

Bogenoemde woonstelle is almal in die gewilde Art Deco-styl van die 1930's gebou, alhoewel Craighall eers in 1952 voltooi is. Berkley Court is deur die argitekte Siemerink & Brinkman in 1934 ontwerp (Brinkman Van Rooyen Browne & Sutton Argitekte:1934-argiefmateriaal). Penelope Court is in 1936 (PEM Stadsargitekte:argief) gebou. Aldwyn Towers Court is deur die argitek Ernest Stevenson vir Marion Reynolds ontwerp en is in

1937 gebou. Aan die einde van die dekade is Electron House deur B Schrader ontwerp en in 1938 is dit deur die bouaannemer, PB Calitz, vir F von Rein gebou (*Eastern Province Herald* 13/07/1938:14). Castle Court is in 1939 deur JJ Ruddy gebou (PEM Stadsargitekthe:argief). Volgens Grosse wat vroeër aan die argitekfirma Jones & McWilliams verbonde was, was hul firma waarskynlik vir die ontwerp van Castle Court verantwoordelik (Harradine 15/06/1999:onderhoud).




Figuur 5.33.4 Electron House (*EP Herald* 13/7/1938)

Na 'n besigtiging van die geboue en die bestudering van bogenoemde bronne is die volgende vergelyking en gevolgtrekkings gemaak: Hierdie geboue het sekere kenmerkende Art Deco-elemente in gemeen. In Penelope Court, Aldwyn Towers Court, Berkley Court en Electron House is daar 'n besliste beklemtoning van die vertikale element. 'n Kenmerkende metode waardeur 'n vertikale beklemtoning van die komposisie geskied, is die gebruik van Art Deco-venne, soos aangetref in die fasades van Penelope Court, Aldwyn Towers Court, Berkley Court en Electron House. By Penelope Court en Aldwyn Towers Court is die vertikale beklemtoning tot sekere fokuspunte beperk, byvoorbeeld bo die ingange. In die geval van Electron House is die ingang en sentrale vak beklemtoon en prominent, as gevolg van die gekonsentreerde gebruik van die Art Deco-

vinne, maar dit word ook oor die fasade se syvakke herhaal. Art Deco-vertikaliteit word in Electron House se totale komposisie sterk beklemtoon. By Electron House, Aldwyn Towers Court en Penelope Court word die vertikale gevoel van die ingang of sentrale vak deur die gebruik van smal vertikale vensters tussen die vinne, verhoog. By Berkley Court word baie smal hoë Art Deco-pilasters wat boogvormig tot oor die fasade van die vyfde verdieping strek, gebruik. Die versonke ingang word deur drie pilasterboë beklemtoon. Op elk van die breë syvakke kom die pilasterboogvorm herhaaldelik in paarvorm voor. Al die fasades van Berkley Court het dus 'n baie sterk vertikale element.

Art Deco-simmetrie kom meestal sterk na vore in die fasades van hierdie geboue. Aldwyn Towers Court, sowel as Electron House, beskik oor suiwer simmetriese fasades. In Penelope Court kom simmetrie in tweevoud in dieselfde fasade voor. Die fasade is simmetries en word presies herhaal. As gevolg van die feit dat Militêreweg een van Port Elizabeth se steilste strate is, is die simmetriese herhaalde fasade met een trap hoër teen die skuins perseel geplaas. Elk van die drie fasades van Berkley Court, naamlik die Beachwegfasade, die skuins sentrale hoekfasade, sowel as die Deraldelaanfasade, is ook simmetries.



Figuur 5.33.2 Penelope Court (Duncan-Brown 1991)




Figuur 5.33.5 Castle Court (*Die Huisgenoot* 27/9/1974)

In Craighall en Castle Court is die horisontale element oorheersend. Albei die ontwerpe is 'n voorbeeld van stroombelynde deco, waar daar van horisontale gepleisterde bande/stroke en geronde hoeke en balkonne en selfs geronde hoekvensters gebruik gemaak is. By Castle Court is die venster- en balkonopening met 'n teenstellende omraming geaksentueer wat die horisontale gevoel van die fasade verhoog. Die enkele horisontale skeepsreling bo elk van die balkonmuurtjies dra by tot die beklemtoonde horisontaliteit van die komposisie. Castle Court se geronde balkonne is versonke en gee 'n gladde stroombelynde voorkoms aan die gebou.

Met die ontwerp van Craighall is die vorm van die diep smal erf in ag geneem en die gebou se geronde massas is trapsgewys op die erf teruggeplaas. By Craighall is die idee van gepleisterde bande/stroke met rondings aanwesig en geronde balkonne en vensters wat om rondings geplaas is, kom voor. Daar is 'n baie vloeiende horisontale beweging in die ontwerp van Craighall. Versonke balkonne dra tot Craighall se stroombelynde voorkoms by. By Aldwyn Towers Court is daar 'n horisontale element aanwesig in die horisontale groewe wat oor die grondverdieping aangetref word en in die Art Deco-chevronpatroon wat 'n horisontale bandversiering reg rondom die gebou op die vyfde verdieping vorm. Hierdie chevronversiering maak 'n prominente bydrae tot die Art Deco-karakter van die gebou. Ook Aldwyn Towers Court se balkonne is versonke, wat saam



met die geronde hoeke 'n gladde stroombelynde voorkoms aan die gebou gee. Versonke balkonne word ook in Berkley Court se ontwerp aangetref. Op elk van die syfasades van Berkley Court is die pilasterboogvorms met 'n vertikale lyn van vrydraende enkelbalkonne afgewissel. Die balkonne is met 'n horisontale profilering versier.



Figuur 5.33.3 Aldwyn Towers Court (Van der Linde 1999:fotoreeks)

Die verskillende fasades van Berkley Court is aanmekaar verbind deur erkerhoekvakke wat die totale komposisie definieer en komplimenteer. Danksy die erkervensters is hierdie woonstelle sonnig met 'n uitstekende uitsig oor die baai (*Eastern Province Herald* 28/09/1989:5; *Eastern Province Herald* 13/12/1991:p.o.; *Weekend Post* 28/04/1990:p.o.).



Figuur 5.33.1 Berkley Court (*Go-Ahead Port Elizabeth* 1948/1949)

Die name van die onderskeie woonstelle is in modernistiese belettering op die geboue aangebring, wat die modernistiese karakter van die geboue onderskryf. Craighall, Aldwyn Towers Court, Penelope Court, Castle Court, en Berkley Court word nog steeds eksklusief as woonstelgeboue bedryf. In Electron House word die grondverdieping steeds deur winkels in beslag geneem, alhoewel daar veranderinge aangebring is. Die res van Electron House word as woonstelle verhuur. Dit was ook die geval in 1938.




Figuur 5.33.6 Craighall (Van der Linde 1999:fotoreeks)

Dié woonstelgeboue sal hopelik vir komende geslagte behoue bly en 'n getuie van die Art Deco-styl wees wat in Suid-Afrika neerslag gevind het.

### 5.34 La Rochellekoshuis, Faurestraat, Paarl (bestaan steeds) (Sien figuur 5.34)

Dié koshuis is deur die plaaslike argitek, SR Immelman ontwerp en op 14 Julie 1935 is die hoeksteen deur 'n trustee, SPH de Villiers en 'n oudprinsipale, JMH Cillié, gelê. Dié drieverdiepinggebou met sy vier vleuels is in 1936 deur die Paarl se bouaannemer Sternberg en Lutz, teen 'n koste van £25 000 voltooi (Albertyn 1992:277-278; *Paarl Post* 09/06/1936:p.o.). Die gebou is op 6 Junie 1936 amptelik geopen. Dit was 'n plegtige geleentheid waartydens die prinsipale, J Meyer, 'n silwersleutel tot die gebou aan JH Conradie, die administrateur van die Kaapprovinsie oorhandig het (Albertyn 1992:278; *Paarl Post* 09/06/1936:p.o.).



Figuur 5.34 La Rochellekoshuis-fasade (Albertyn 1992)

Art Deco-simmetrie kom duidelik na vore in die hooffasade van die gebou wat suid front. Paarl is bekend vir sy graniet en dit was dus gepas dat dié alombekende graniet vir die basis van hierdie gebou gebruik is. Die res van die baksteengebou was gepleister en geverf (Albertyn 1992:278; *Paarl Post* 09/06/1936:p.o.).

Die duidelikste Art Deco-element in die fasade van La Rochellekoshuis is die element van beklemtoonde vertikaliteit. Die hooffasade is in drie vakke verdeel, naamlik 'n breë sentrale vak wat teruggeplaas is, met 'n ingangsportiek wat twee verdiepings hoog aan die voorkant strek, gevleuel deur 'n syvak aan albei kante. Vertikaliteit word deur die pilasters en suile van die portiek beklemtoon, sowel as die geprofileerde pilasteromraming

met die twee pilasters daarbinne, wat sentraal in albei syvakke voorkom. Die vertikale plasing van die staa-raamvensters tussen die pilasters, versterk die vertikale gevoel van die fasade. Die boonste rand van die borsweringmuur is gerib. Die geribde versiering voltooi die vertikale beeld van die komposisie.

Daar is ook 'n horisontale element in die fasade teenwoordig, in die vorm van horisontale bande onder die vensters van die syvakke. Op tweedeverdiepingvlak vorm die horisontale dakrand van die portiek deel van die horisontale lyn wat oor die totale breedte van die fasade strek. Laastens word die horisontale element in die horisontale borsweringmuur aangetref. Daar is dus ook 'n sterk horisontale element in die fasade teenwoordig, wat saam met die vertikale element 'n goed gebalanseerde komposisie tot gevolg het.

Die ingang tot die gebou is besonders, aangesien daar 'n skoolwapen in reliëf bo die voordeur pryk. Die deur, sowel as die venster bo die reliëfwerk is met dekoratiewe lyswerk omraam (Albertyn 1991:278). Die beklemtoonde ingang is 'n onderskrywing van die Art Deco-karakter van die gebou.

Dié gebou word nog steeds as La Rochelle se koshuis gebruik.

### **5.35 Drie 1930's-woonstelblokke in Seepunt, Kaapstad**

**5.35.1 Dorchester, High Levelweg, Seepunt, Kaapstad (bestaan steeds)** (*Architect Builder & Engineer* Mei 1939:33; Fransen 1981:157) (Sien figuur 5.35.1)

**5.35.2 Knightsbridge, h/v Beach- en Londenweg, Seepunt, Kaapstad (bestaan steeds)** (*Architect Builder & Engineer* April 1939:21-22) (Sien figuur 5.35.2)

**5.35.3 Mount Royal, St John'sweg, Seepunt, Kaapstad (bestaan steeds) (*Architect Builder & Engineer* Maart 1938:15) (Sien figuur 5.35.3)**

By Dorchester, wat deur Roberts & Small ontwerp is, word 'n vaartbelynde voorkoms deur die projekterende/uitspringende balkonne met hul geronde vorme verkry. Die breë sentrale vak neem die langwerpige vorm van 'n halwe ovaal aan, terwyl die hoekvakke die vorm van 'n kwart-ovaal aanneem. Die geronde balkonreekse versag die andersins hoekige fasade aansienlik. Die balkonreling neem dieselfde ronde vorm aan. Vertikaliteit is in hierdie andersins horisontale ontwerp in die projekterende vertikale mure te vinde, wat ononderbroke vanaf die ingang tot verby die dakrand strek. Die breë balkonne van die sentrale vak is deur mure afgeskort, sodat daar op elke verdieping drie kleiner balkonne is. Hierdie afskortingsmure vorm twee vertikale simmetriese lyne in die sentrale vak. Die fasade-ontwerp van Dorchester is simmetries en die gebou het 'n platdak.



Figuur 5.35.1 Dorchester, Seepunt (*AB & E* Mei 1939)

Die argitek van Knightsbridge was Julius Lonstein. Die eienaars, Newcon Investment Company, het die tender van die bouaannemers, F Batcher & Company aanvaar en teen 1939 was die gebou in gebruik. Mount Royal was teen 1938 reeds voltooi (*Architect Builder & Engineer* Maart 1938:15; *Architect Builder & Engineer* April 1939:22).



Figuur 5.35.2 Knightsbridge, Seepunt (*AB & E* April 1939)

Die ingang tot Knightsbridge is indrukwekkend met sy terrassvloer, groen-en-goudkleurskema en twee moderne hysbakke. Die boonste verdieping was destyds vir die eienaar en vandaar lei 'n private terrassotrap na 'n biljartkamer, sonportaal en terras. Dié gedeelte van die gebou wat soos die brug van 'n skip vertoon het 'n ongelooflike uitsig (*Architect Builder & Engineer* April 1939:20).



Figuur 5.35.3 Mount Royal, Seepunt (*AB & E* Maart 1938)

By Mount Royal strek twee Art Deco-vinne van bo die ingang met 'n ronding verby die dakrand en eindig in 'n geribde Art Deco-dakkam. Die fasade is met geronde hoeke afgerond. By Knightsbridge word die geronde hoek wat baie gewild in die Art Deco-styl was, ook aangetref. Daar is vensters om die ronding van die hoek geplaas. Die vertikale element word in die vorm van silindriese pilasters bo die ingang van Knightsbridge aangetref. Die strak voorkoms van Knightsbridge word aansienlik versag deur die breë uitstaande/projekterende balkonreekse met hul geronde hoeke wat 'n mooi lig-en-skaduspel tot gevolg het.

Na die bestudering van bogenoemde bronne is die volgende vergelyking en gevolgtrekking gemaak: Mount Royal, Knightsbridge sowel as Dorchester kan as 'n kombinasie van Art Deco- en Internasionale Styl beskou word, met ander woorde 'n Internasionale Deco-styl. Eersgenoemde twee geboue het 'n taamlieke reghoekige blokvormige ontwerp en is ses verdiepings hoog. Tog skemer iets van die Art Deco-styl deur in die suiwer simmetriese fasades en geronde lyne. Die ontwerp van albei geboue se fasades word deur 'n sterk horisontale element gekenmerk, maar Art Deco-vertikaliteit word oor albei geboue se ingange aangetref. Dorchester is egter 'n vier verdieping-gebou waarin die vaartbelynde elemente van Art Deco met die eenvoud van die Internasionale styl gekombineer is.

Met hierdie drie geboue is daar heelhartig na *moderne* ontwerp beweeg.

### **Gevolgtrekking**

Die Art Deco-styl het veral gedurende die 1930's in residensiële geboue in Suid-Afrika neerslag gevind. Daar is twee tipes woonstelgeboue waarin die styl veral voorgekom het, naamlik as 'n selfstandige gebou-tipe, met ander woorde 'n gebou wat by uitstek net as residensiële gebou gebruik is, en ook as residensiële geboue wat 'n kombinasie van kommersiële en residensiële geboue was. Die grondverdieping is gewoonlik deur winkels en kantore in beslag geneem, terwyl die boonste verdiepings as woonsteleenhede ingerig was. Die Art Deco-styl het verskillende gedaantes aangeneem, wat gewissel het vanaf die

kenmerkende wolkekrabberstyl tot 'n Stroombelynde Deco-styl en soms tot 'n meer subtropiese Miami Deco- en selfs tot 'n meer moderne kombinasie van 'n Art Deco- en Internasionale Styl. Suid-Afrikaanse argitekte het die oorsese modetrant in ag geneem, maar terselfdertyd die sonnige Suid-Afrikaanse klimaat in ag geneem deur byvoorbeeld die aanwending van hoekvensters. Die gevolgtrekking word dus gemaak dat vele residensiële geboue in die Art Deco-styl gebou is, maar dat 'n plaaslike stempel daarop afgedruk is. Baie woonhuise op die Suid-Afrikaanse platteland is in 'n Kaapse Deco-styl gebou wat op 'n plaaslike invloed dui.



## HOOFSTUK 6

# DIE VERGESTALTING VAN ART DECO IN VERMAAKLIKHEIDSGEBOUE IN SUID-AFRIKA

### Inleiding

Na die ellende van die Eerste Wêreldoorlog het mense die lewe en nuwe geleenthede met entoesiasme aangepak. Dit was geensins 'n era van matigheid nie, maar die bloeitydperk van die *flapper*, nagklubs, *jazz* en skemerpartye - die *roaring twenties*. 'n Sosiale rewolusie is teweeggebring. In die kunste was dit 'n tyd van bevryding en eksperimentering (Bouman 1992:78). Kunstenaars het in die 1920's uitdrukking aan die gees van die tyd gegee. 'n Nuwe gees en moraliteit was sigbaar in sosiale veranderings wêreldwyd. Die vermaak van die 1920's en 1930's was die resultaat van tegnologiese ontwikkelings en die aanwending daarvan.

Klank is vanaf 1927 in films gebruik. Die bioskoopgangers het van 57 miljoen tot meer as 90 miljoen in 1930 toegeneem. Oor die koms van die klankfilm na Suid-Afrika kan daar gesê word dat Suid-Afrikaners bewus van en opgewonde was oor die tegnologiese vooruitgang oorsee en dat hulle hierdie produk daarvan, naamlik klankfilms, geniet het en dit deel van hulle leefwyse gemaak het (Joyce 1981:134). Die aanwending van klank het tot die ontwikkeling van een van die belangrikste film-genres, naamlik die musiekblyspel gelei. Dit is 'n filmvorm wat die gehoorgetalle aansienlik laat toeneem het en dit het daartoe gelei dat die loopbane van akteurs soos Fred Astaire, Ginger Rogers, Bing Crosby, Katherine Hepburn, Cary Grant en Joan Crawford bevorder en gevestig is. Die film was 'n inspirasie vir baie mense, dit was ontspanning en het 'n gevoel van samehorigheid laat ontstaan (Horsham 1996:39). Dit was 'n baie suksesvolle

internasionale vorm van massa-vermaak. Bekende films is nie net in Amerika nie, maar wêreldwyd vertoon (Horsham 1996:37). Mense het filmsterre geïdealiseer. Toe Rudolph Valentino in 1926 skielik sterf het duisende vrouens in rougewaad agter die kis aan deur die strate geloop - dit was vir hulle die verlies van 'n romantiese beeld (Horsham 1996:38).


Om weekliks na die bioskoop te gaan, was by baie Suid-Afrikaners 'n instelling - selfs op die platteland waar mense lang afstande afgelê het om die nuutste films van oorsee te sien (Joyce 1981:134). Die 1930's was oorsee, sowel as in Suid-Afrika, 'n tydperk wat as die *cinema-crazed decade* beskryf kan word. Dit was só gewild dat daar dikwels geen plekke beskikbaar was nie en *house full*-kennisgewings is dikwels buite die bioskoop geplaas (Joyce 1981:135). Dit was vir mense 'n ontvlugting van 'n verwarde wêreld wat as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog, die drastiese vooruitgang in tegnologie, die Depressie en in Suid-Afrika ook die groot droogtes van daardie tyd, onhanteerbaar geword het.

Die konsep van 'n atmosferiese rolprentteater is aan John Eberson te danke. John Eberson was 'n Amerikaanse ontwerper en argitek wat sy opleiding in Wene, Oostenryk en Dresden, Duitsland, gehad het (Martin 1994:27; Martin 1995:11; Prins 1982:30). Op 'n reis in Spanje het Eberson op 'n kleurvolle teateropvoering in die straat van 'n klein dorpie afgekom. Die opelugverhoog was aan die einde van 'n straat, terwyl die gehoor in die straat gesit het of die opvoering vanaf straatvensters dopgehou het. Die hele toneel het onder die oop sterrehemel aangespeel. Dit is hierdie konsep van 'n wonderwêreld-onder-die-sterre, wat John Eberson in rolprentargitektuur vasgelê het (Cooke 1931:g.b.; Martin 1994:27; Martin 1995:11). Die eerste atmosferiese rolprentteater wat Eberson ontwerp het, was die Majestic wat in 1922 in Houston, Amerika, opgerig is (Prins 1982:30). Die Majestic het as prototipe vir meer as 'n honderd atmosferiese teaters gedien, wat deur hul sterrehemel-koepelplafonne gekenmerk is. Die idee het gou in Engeland, Europa en ook in Suid-Afrika posgevat (Cooke 1931:g.b.; Martin 1994:27; Martin 1995:11). Dit was 'n plek waar grootmense kinders geword het, wat in 'n atmosfeer van avontuur en geheimsinnigheid deur 'n droomwêreld aangetrek is. Die argitek, P. Rogers Cooke, is deur African Consolidated Theatres na Amerika gestuur om rolprentteaterontwerp te bestudeer (Cooke 1931:g.b.; Martin 1994:27; Martin 1995:11). Hy was 'n lid van die

Genootskap van Argitekte in Londen, sowel as die Akoestiese Vereniging in New York was. (Sien figuur 6a).



Figuur 6a P Rogers Cooke (Cooke 1931)



Figuur 6b Alhambrateater, Kaapstad (AB & E Mei 1930)

Die Colosseumteater wat in 1933 in Johannesburg opgerig is, was 'n Art Deco-atmosferiese teater van formaat (Martin 1994:28; Martin 1995:12) wat by die wêreld se beste teaters kon kersvashou. Suid-Afrika het dus tred gehou met die internasionale tendens op dié gebied. Nie minder nie as vyf atmosferiese teaters het in Suid-Afrika die lig gesien (Joyce 1981:135), waarvan die Alhambrateater (1931) in Kaapstad, die eerste was (Duncan-Brown 1991:93). William Mitcheson Timlin was vir die ontwerp van al vyf Suid-Afrika se atmosferiese teaters se ouditoriums verantwoordelik, byvoorbeeld die Alhambra in Kaapstad en die Play House in Durban (Martin 1995:7) wat ontwerpe van P. Rogers Cooke was. Timlin het ook die interieur van die Plaza in Johannesburg ontwerp, waar hy saam met Kallenbach & Furner gewerk het (Martin 1995:7).

Die Bijou wat in 1909 - 1910 in Jeppestraat gebou is, was Johannesburg se eerste permanente teater in die ware sin van die woord. Dié teater was tot die 1930's die grootste *super cinema* in Johannesburg toe groot Art Deco-rolprentteaters soos die Colosseum en die Metro opgerig is (Benjamin 1979:42; Prins 1982:10).

Die kenmerkende binneruimte-indeling van teaters het uit 'n foyer/voorportaal, 'n ouditorium, 'n verhoog, 'n orkesruim en die aanwesigheid van versiering/ornament, bestaan. Met die wêreld se debuut-klankfilm, *The Jazz Singer*, wat in 1928 vrygestel is, was die Bijou reeds voldoende toegerus om klankfilms te vertoon (Prins 1982:10). Talle *super cinemas* het na 1929 die Bijou gevolg en is deur ryk interieure en eksterieure versierings gekenmerk. Die teaters was ook van moderne tegniese toerusting voorsien. Die woord *bioskoop* is sinoniem met die oorsese woord *cinema*, maar dit is 'n Suid-Afrikaanse nuutskepping. Baie van die bioskoopteaters van die 1930's en selfs 1940's was in die Art Deco-styl gebou, veral wat die interieure betref (Prins 1984:10-11).

Art Deco het by uitstek gestalte in bioskoopteaters gevind. Stadsale soos in die hoofstuk oor openbare geboue bespreek, is ook vir vermaaklikheid en ontspanning gebruik. Daar is vele opvoerings en uitvoerings in stadsale aangebied, aangesien dit met 'n verhoog en proscenium ontwerp is. Die interieure van rolprentteaters was egter Art Deco-

meesterstukke wat die mens se verbeelding aangegryp het. Van die teaters in Suid-Afrika was veeldoelig. Dit het nie slegs as rolprentteaters gedien nie, maar ook as teater. Die Empireteater wat in 1936 in Johannesburg geopen is, is byvoorbeeld met twee verhoë ontwerp wat kon draai - die een binne die ander. Dié verhoog was die beste toegeruste verhoog in Afrika en menige puik produksie is daar aangebied (Benjamin 1979:34).


### **6.1 Plazateater, h/v Rissik- en Jeppestraat, Johannesburg (gesloop)**

(Sien figuur 6.1a, 6.1b, 6.1c)

Die Plaza was die eerste bioskoopteater in Suid-Afrika wat van werklike modernisme gespreek het (Chipkin 1993:98). Die Plazateater is op 'n baie sentrale perseel in Johannesburg se middestad gebou (*SAAR* Desember 1931:117), is deur die welbekende Kallenbach, Kennedy & Furner van Johannesburg ontwerp en in 1931 deur D Anderson voltooi (Fransen 1981:154; *SAAR* Desember 1931:119). Dit was 'n groot teater wat aan 2000 mense sitplek kon bied (Benjamin 1979:43).

Die Plazateater, met sy enkelvoudige blokvorm, was ultramodern en opspraakwekkend, aangesien dit 'n skerp kontras met die heersende boumode gevorm het (Van der Waal 1986:191). Die fasade was 'n komposisie van reghoekige bouforme (Chipkin 1993:98; Van der Waal 1986:191). Die gebou het tog ook 'n verbintenis met die verlede gehad. Die geprofileerde dakoorhang het iets van 'n klassieke kroonlids laat deurskemer, alhoewel dit in 'n moderne vorm aangebied is (Chipkin 1993:98; Fransen 1981:155).

'n Ontleding van die fasade en sekere gevolgtrekkings kon uit die geraadpleegde bronne gemaak word. Die hooffasade van die teater aan Rissikstraat het van Art Deco-simmetrie gespreek. Die fasade het 'n oopgewerkte sentrale paneel gehad, waarin ses smal Art Deco-vinne vertikaliteit beklemtoon het. Tussen hierdie Art Deco-vinne was sewe groot bronsraamvensters, met afgeskuinste spieëlglas. Die sentrale paneel het die hoofkenmerk van die fasade gevorm. Kleiner panele is op die syfasade aan Jeppestraat herhaal, waar die gepaarde vinne aangewend is.



Figuur 6.1a Plazateater, Johannesburg (Cumming-George 1933)


Dié vertikaal-gegroefde vinne het 'n abstrakte ontwerp gehad, wat volgens Van der Waal met musiekklinkvibrasies geassosieer kon word (1986:191). Die oopgewerkte paneel met die geribde vinne se inspirasie kon in die klassieke kolonnade-vorm gevind word, maar dit was weer eens in 'n moderne gedaante (Chipkin 1993:98). Die Plaza, met sy onversierde skoon muurspasies en groot vensters, is verteenwoordigend van 'n tyd van kompromie tussen klassisisme en modernisme. Dié soort argitektuur is in Johannesburg, sowel as oorsee aangetref. Die RIBA-gebou in Portland Place, Londen, wat 'n paar jaar na die Plaza (1931) in Johannesburg opgerig is, het sterk ooreenkomste met die argitektuur van laasgenoemde getoon. Die naam van die Plazateater was bo die sentrale paneel, in neonletters, op brons aangedui (*SAAR* Desember 1931:117). Die modernistiese belettering wat die naam van die Plazateater uitgespel het, sowel as die vertikale neonuithangnaamborde het goed met dié van die Folies Bergèregebou in Parys, Frankryk, vergelyk. Dit is 'n aanduiding dat Suid-Afrikaanse argitektuur in voeling met die heersende internasionale boumodes en -style was (Chipkin 1993:98). Net soos in die geval van die Colosseumteater (1933), Broadcast House (1935-1937), die Empireteater (1936) en His Majesty's teater (1941), was die naam van die gebou simmetries in tweevoud op die fasade aangebring (Benjamin 1979:35,43; Chipkin 1993:99; Cumming-George 1934:41; *SAAR* Desember 1931:117; Van der Waal 1986:191). Die neonligte het die energieke naglewe weerspieël en ook tot 'n bewuswording van die maatskappy-identiteit bygedra. Die vertikale neontekens se direkte oorsprong kan in dié van Radio City in die

Rockefeller Center gevind word, terwyl die oorspronklike bron van invloed in Coney Island se Hippodrome (1905), New York, lê. Die invloed is verstaanbaar, aangesien die eienaar van African Consolidated Theatres, IW Schlesinger van Bronx gekom het en die Broadwayteaters van New York aan hom bekend was (Chipkin 1993:99). Die gebruik van neontekens en die aanwendingswyse dui dus daarop dat die internasionale modetrant in Suid-Afrikaanse argitektuur toegepas is.

Die gebou is vanaf Rissikstraat deur sewe brons glaspaneeldeure betree. Die ingangsportaal was met travertyn gelinieer, wat van 'n steengroef in Stuttgart, Duitsland, afkomstig was. Dié travertyn se prominente horisontale aarpatroon was opsigself dekoratief, dus was verdere versiering van die muuroppervlakte onnodig (Cumming-George 1933:56). Die onversierde aanwending van die travertynpanele het die pragtige materiaal tot sy reg laat kom (*SAAR* Desember 1931:117). Die kaartjiesloket in die voorportaal het die sentrale fokuspunt gevorm (*SAAR* Desember 1931:117-118). Die kaartjiesloket was sirkelvormig (*Cape Times Annual* 1931:110) en was in brons, glas en marmer uitgevoer (*SAAR* Desember 1931:117-118). Aan albei kante van die portaal was 'n trap simmetries geplaas, wat na die foyer op die eerste verdieping gelei het (*SAAR* Desember 1931:118). Die ontwerp het van Art Deco-simmetrie gespreek. Die boonste foyer se mure en plafon was verguld. Die plafon was trapsgewys na die middelpunt opgebou. Die versiering van die mure, sowel as al die beeldhouwerk in die gebou, was die werk van Meyerowitz van Kaapstad (*SAAR* Desember 1931:118). Die ontwerp van die plafon was sprekend van die gewilde Art Deco-trapvorm.

Die ouditorium is vanaf die onderste portaal deur okkerneuthoutdeure van indrukwekkende formaat binnegegaan (*SAAR* Desember 1931:118). Die ouditorium en galery was onderskeidelik ewe indrukwekkend wat voorkoms sowel as grootte betref. Die ouditorium was 84vt (26.45m) wyd, meer as 120vt (37.78m) lank en byna 50vt (15.74m) hoog (*SAAR* Desember 1931:118). Die symure op galeryvlak was met geribde Art Deco-venne/pilasters versier (*Cape Times Annual* 1931:110). Die pilasters was met 'n dun silwerstrook afgerond. Die materiaal van die panele tussen die pilasters was van *Acoustex*, afkomstig van Amerika en het 'n akoestiese, sowel as 'n dekoratiewe doel gedien (*SAAR*


Desember 1931:118). Dit het as basis vir die imposante ornamentele Art Deco-muurligte en skilderye daarom gedien, wat goed met die res van die kleurskema geharmonieer het. Die blou, swart, grys en bruin mat het 'n geometriese patroon gehad, 'n ontwerp van Konya (*SAAR* Desember 1931:119). As die interieur ontleed word, spreek dit van Art Deco-kenmerke. Art Deco-geometrie word duidelik deur die ontwerp van die mat uitgedruk. Art Deco-vertikaliteit het sterk na vore gekom in die geribde pilasters. Die kleurskema en die ligte was ook 'n onderskrywing van die Art Deco-karakter van die interieur.



Figuur 6.1b Plazateater-interieur (*SAAR* Desember 1931)

Die plafon was met uitstaande lyswerk versier, terwyl die sentrale deel van die plafon vir die indirek-verligte koepel ooggelaat is (*SAAR* Desember 1931:119). Die verhoog het 'n baie mooi goudkleurige sygordyn gehad. Voor die verhoog was daar 'n platform vir die Wurlitzer-orrel (*SAAR* Desember 1931:118). Die proscenium het 'n geronde vorm gehad en op die sykante daarvan was 'n geronde vertikale versiering wat horisontaal gegroef was (*SAAR* Desember 1931:119). Die plafon onder die galery was trapsgewys na bo teruggeplaas, sodat die uitsig op die prosceniumopening onbelemmerd kon wees (*SAAR* Desember 1931:118). Dit was ook 'n aanwending van die gewilde Art Deco-trapvorm. Dekoratiwe sierroosters is oor die ventilasie-openinge in die teater geplaas wat tot die Art Deco-karakter bygedra het.





Figuur 6.1c Plaza-ouditorium (SAAR Desember 1931)

Die Plazateater het aan 2000 mense sitplek gebied, die eerste bioskooporrel gehad en het die eerste driedimensionele rolprent in Suid-Afrika vertoon (Benjamin 1979:43; *Cape Times Annual* 1931:110). Hierdie eens gerekende teater is in 1960 gesloop om plek te maak vir 'n kantoorgebou van 'n meer winsgewende sakeonderneming (Benjamin 1979:43). Die Plazateater sal egter altyd onthou word as een van die mooi Art Deco-rolprentteaters wat met kontemporêre oorsese teaters vergelyk kon word. Daar kan eintlik na 'n internasionale bioskoopstyl verwys word, aangesien skouspelagtige bioskoopteaters wêreldwyd opgerig is. Hans Franssen het die belangrikheid van die Plaza soos volg uitgedruk: *Furner se Plazateater verteenwoordig een van die belangrikste mylpale in ons argitektuurgeskiedenis* (1981:156).

## 6.2 Die Metroteater, h/v Breë- en Hoekstraat, Johannesburg (gesloop)

(Sien figuur 6.2a, 6.2b)

Die Metro is deur die New Yorkse argitek van Metro-Goldwyn-Mayer (MGM), Thomas W Lamb, ontwerp en op 11 November 1932 geopen. Die toesighoudende argitek was Cowin Powers & Ellis en die bouaannemer was Alexander Bennett (Benjamin 1979:76; Cumming-George 1933:56; *The South African Builder, Special Johannesburg Supplement* September 1932:xxvii). Die hele ontwerp was op die lees van die New Yorkse MGM-bioskoopteaters geskoei. Die teater is geopen toe die Groot Depressie sy kruin bereik het en hierdie teater het as MGM se teenvoeter vir die reeks teaters wat deur African Consolidated Theatres opgerig is, gedien (Benjamin 1979:76).

Die Metro is deur strak gepleisterde grys blokagtige massas saamgestel, wat in die rigting van die straathoek trapvormig in hoogte toeneem het. Die ontwerp het 'n baie mooi hoekgebou tot gevolg gehad (*Architect Builder & Engineer* November 1931:18; Chipkin 1993:97; Cumming-George 1933:55; *SAAR* April 1933:79; Van der Waal 1986:191). Cumming-George beskryf dit tereg soos volg: *This building [...] is notable for the clever arrangement of the main entrance on the corner of the site and the use of the areas under the balcony for a lounge and retiring rooms* (1933:55). Die fasade was teen die dakrand met 'n gemoderniseerde geometriese Griekse patroon versier (Chipkin 1993:97).

Net soos in die geval van die Plaza was daar op albei fasades oopgewerkte panele waarin 'n reeks pilasters geplaas is, wat in 'n sekere opsig met 'n tempelfront verband hou. Die herhaling van die pilasterpanele het net soos die massas, in die rigting van die straathoek in grootte toegeneem. Dit het 'n sekere ritme aan die fasade gegee, wat die gepaste suggestie van 'n musikale komposisie by die verbyganger of besoeker gelaat het (Cumming-George 1933:55; Van der Waal 1986:191). 'n Ingang is aan albei kante van die straathoek geplaas. Bo die ingang, links en regs van die straathoek was die mees

beklemtoonde van hierdie pilasterpaneel. Uit die bestudering van bogenoemde bronne is die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekking gemaak. Die oopgewerkte paneel het prominensie verkry deur die feit dat die fasade met verskeie trapvorme afgewerk is en deur twee breë vertikale pilasters met geribde suilhoofde gevleuel was. Die Art Deco-karakter word deur die trapvorm verhoog. Om die hoek is 'n geronde straatdak geplaas, wat 'n balkon gevorm het. Die naam, Metro, was presies simmetries om die hoek geplaas, aangesien die woord uit vyf letters bestaan. 'n Groot neonuithangbord was ook vertikaal op die hoek geplaas. Die neonbord, wat soortgelyk aan dié van die Plaza was, was 'n weerspieëling van 'n lewendige naglewe en 'n advertensie vir die MGM-maatskappy. Die naambord was in voeling met die gees en die styl van die tyd. Die hoek is dus simmetries hanteer, wat die Art Deco-karakter daarvan onderskryf.




Figuur 6.2a Metro, Johannesburg (SAAR April 1933)

Uit 'n bestudering van Cumming-George se *Architecture in South Africa Volume 1* is die volgende beskrywing en gevolgtrekkings gemaak: Vanaf die kant van die voorportaal het 'n trap na die tussenverdieping-promenade, sitkamer en balkon gelei. Die voorportaal het 'n tweeverdieping-hoë balkon gehad en 'n uiters imposante groot Art Deco-lig wat uit

geometriese panele saamgestel was, het uit die middelpunt van die plafon gehang en die fokuspunt van die voorportaal gevorm. Die mat het 'n geometriese sigsag-/chevronpatroon gehad, wat die lewendige gees van die *jazz*-era weerspieël het.

Die ruim tussenverdieping-sitkamer met sy rusbanke en leunstoole, het as 'n portaal gedien, vanwaar die kleedkamers bereik kon word (Chipkin 1993:98). Die gevolgtrekking word gemaak dat die vertrek 'n koepelvormige ryklik versierde plafon gehad het, waar 'n soortgelyke Art Deco-lig as in die voorportaal aangetref is. Dieselfde mat as wat in die voorportaal gebruik was, met sy geometriese ontwerp, het in hierdie vertrek voorgekom. Die leunstoole en rusbanke was dieselfde as dié in die voorportaal. Die ontwerp van die leunstoole en rusbanke se stoffeermateriaal, het met dié van die mat geharmonieer.



Figuur 6.2b Metro-interieur (SAAR April 1933)

Die weelderige kleedkamers van die Metro is deur die kritikus, Percy Baneshik, as uitsonderlik bestempel toe hy die volgende opmerking gemaak het: *No-one in this country had, until then, seen gentlemen's toilets with black-and-orange tiled walls embellished with framed sporting prints* (Benjamin 1979:76; Chipkin 1993:98). Die weelderige dameskleedkamers was met moderne spieëltafels en spieëls toegerus, waarby daar van versteekte beligting gebruik gemaak is (Cumming-George 1933:55).

Die ouditorium wat sitplek aan byna 3000 mense gebied het (Joyce 1981:135), was met die opening op 4 November 1932, tot die dag wat sy deure as 'n teater in 1972 gesluit is, die grootste bioskoopteater in Suid-Afrika. Die Metro was die eerste teater wat van 'n volledige lugversorgingstelsel voorsien was, wat 'n groot tegnologiese verbetering op die gebruikelike plafonwaaiers was (Chipkin 1993:97-98). Dit was van 'n moderne lugversorgingstelsel wat £20 000 gekos het, voorsien (Benjamin 1979:76; Van der Waal 1986:191). Die stelsel was eintlik vir Amerikaanse toestande ontwerp, waar daar in die 1930's nie in bioskope gerook is nie. Rook is wel in Suid-Afrikaanse teaters toegelaat. Ten spyte daarvan het die stelsel groot verligting aan bioskoopgangers in die versengende Suid-Afrikaanse somers gebied.

Die Metro-ouditorium het 'n skouspelagtige interieur gehad, wat met afdrukke van Franse Impressioniste en *objets d'art*/kunsvoorwerpe versier was (Joyce 1981:135). Die Art Deco-interieur word soos volg beskryf: *It offered lots of jazzily staggered rectangles of russet, orange and amber paint, relieved by muted blue...* (Benjamin 1979:76). Voor die verhoog met sy swierige swaar-gedrapeerde satyngordynkap en gordyne waarop 'n gekleurde ligspel afgespeel het, het 'n Wurlitzer-orrel van £18 000 met luide klank verrys wanneer die ligte op dramatiese wyse afgeskakel is. Die *Mighty Wurlitzer* met Archie Parkhouse, die orrelis, het onder kollig uit 'n put in die vloer opgestyg (Benjamin 1979:76; Chipkin 1993:98; Joyce 1981:135).

Die Metro het in 1972 op luisterryke wyse gesluit, nadat daar gedurende die laaste maand 'n aantal beroemde rolprente van die vorige veertig jaar in die teater hervertoen is (Benjamin 1979:76). Die Metroteater in Johannesburg, wat 'n Amerikaanse prototipe

was, was een van Suid-Afrika se rolprentpaleise wat as 'n bewys dien van die Art Deco-styl wat hier gemanifesteer het en ook 'n internasionale tydgees weerspieël het. Die teater is gesloop.

### **6.3 Die Colosseumteater, Kommissarisstraat, Johannesburg (gesloop)**

(Sien figuur 6.3a, 6.3b, 6.3c, 6.3d)

Die Colosseumteater is op 'n eilandperseel in die middestad van Johannesburg gebou, wat deur Kommissaris-, Fox-, Kruis- en Von Brandisstraat begrens is (Prins 1982:7; *SAAR* Januarie 1934:3). Die gebou is deur die argitek P. Rogers Cooke in samewerking met H. Wolsley Spicer, vir African Consolidated Theatres ontwerp en in 1933 deur Reid & Knuckey voltooi (Cumming-George 1934:41; Fransen 1981:154; Prins 1982:7; *SAAR* Januarie 1934:6). Die gebou is op 4 Oktober 1933 amptelik deur JC Smuts geopen (Gutsche 1972:236; Prins 1982:6; *The South African Builder* Oktober 1933:16). Soos reeds vermeld het William Mitcheson Timlin 'n fenomenale rol in die ontwerp van die interieure van die bekendste Art Deco-bioskoopteaters in Suid-Afrika gespeel. Dit blyk egter dat P. Roger Cooke die Colosseumteater ontwerp het, maar dat Timlin met sy uitsonderlike talent en toegewydheid daarvoor verantwoordelik was om dit in 'n fantasiewêreld te omskep (Martin 1994:28; Martin 1995:7; Smit 1995:23).

Die Colosseum was by uitstek 'n voorbeeld en kombinasie van 'n skouspelagtige Art Deco- en atmosferiese teater (Martin 1994:28; *SAAR* Januarie 1934:3). Die teater het die sentrale deel van die gebou beslaan, wat van Fox- tot Kommissarisstraat gestrek het (Prins 1982:7). Die teater is met 'n kantoorvleuel aan albei kante ontwerp, terwyl die res van die grondvloer deur winkels in beslag geneem is (Prins 1982:7; *SAAR* Januarie 1934:3).

Juis vanweë die straatblok grootte van die Colosseum, was die gebou indrukwekkend. Die Fox- en Kommissarisstraatfasades was 207vt (65.18m) wyd, terwyl die Kruis- en Von Brandisstraatfasades 145vt (45.65m) wyd was (Cumming-George 1934:41). Die ryklik versierde eksterieur het die gebou nog meer imposant gemaak (Prins 1982:7; *SAAR*

Januarie 1934:3). Kenmerkende Art Deco-simmetrie was duidelik in die fasade aanwesig. Die simmetrie het tot uiting gekom in die trap-/ziggoeratvormige buitelyn waarmee die daklyn geartikuleer is. Hierdie aanwending van die trapvorm is in die strukturering van die nisse, met vrystaande beelde, voortgesit. Die trapvorm is vrylik in teaterfasades in Johannesburg gedurende die 1930's aangewend (Prins 1982:13).



Figuur 6.3a Colosseumteater, Johannesburg (SAAR Januarie 1934)

Uit 'n bestudering van bogenoemde bronne, sowel as Chipkin se *Johannesburg style:architecture & society 1880's - 1960's* en *The African World* van 1936 word die volgende fasade-ontleding gemaak: Die hooffasade was in drie vakke verdeel, naamlik 'n breë sentrale vak wat ryklik versier en geaksentueer is, sowel as 'n hoektoring of syvak aan albei kante wat weens die kasteelagtige voorkoms en hoogte aandag getrek het. Die suilskagte was seshoekig/heksagonaal en die papyrusblomkapitele was met brons geverf. Die reeks suile het deel van die sentrale paneel uitgemaak en die fokuspunt van die fasade gevorm. Die paneel was met 'n omlysting afgerond, wat die baie gewilde Art Deco-chevronmotief ingesluit het.

Art Deco-horisontaliteit kom sterk na vore in die horisontale strook bo die sentrale paneel. Die inspirasie vir hierdie horisontale strook kon in die bobek van 'n Egiptiese valleitempel gevind word (Prins 1982:14). Egiptologie het 'n sterk rol in die ontwerp van die

Colosseumteater gespeel. Egiptiese elemente in internasionale, sowel as Suid-Afrikaanse Art Deco-argitektuur was algemeen, omdat dit geïnspireer is deur twee groot ontdekkings, naamlik die ontdekking van die ziggoerat van Ur in Mesopotamië, as gevolg van die opgrawings van Sir Leonard Woolley gedurende 1922 - 1924, sowel as die ontdekking van die grafkelder van Tutankhamen naby Luxor in Egipte in 1922 deur Sir Howard Carter (Chipkin 1993:101; Isaacs 1990:1311; Klein 1996:80; Prins 1982:14-15).

Aan weerskante van die sentrale pilasterpaneel was 'n 15vt (4.72m) hoë keramiekbeeld. Die frontale reliëfbeelde, met hul gevleuelde hooftoisels, was Egipties geïnspireer. Die dubbele laer-Egiptiese kroon het as inspirasie vir die gevleuelde hooftoisel gedien, terwyl die gedrapeerde kled wat na onder vernou, 'n onderstebo ziggoeratvorm aangeneem het (Martin 1994:31; Prins 1982:15,39). Die beeld was gestileerd en is deur duidelike Art Deco-geometrie gekenmerk (Prins 1982:15,39). Die embleem wat die beeld stewig met albei hande gedra het, was 'n uitbeelding van die naam, African Consolidated Theatres (Martin 1994:31; Prins 1982:39). Onder elk van hierdie reliëfbeelde was 'n nis waarin 'n vrystaande beeld van 'n farao se byvrou geplaas is, wat weer eens onmiskenbaar Egipties-geïnspireerd was. Die weergawe van hierdie vrouebeelde was naturalisties (Hartdegen 1988:185; Martin 1994:31; Prins 1982:44). Die beeld en reliëfwerk was deur René Shapshak uitgevoer (Chipkin 1993:101). Die trapvormig-afgeronde nisse was met drie Egiptiese kobras bekroon (Hartdegen 1988:185; Prins 1982:44).

Uit bogenoemde bronne is daar afgelei dat Art Deco-vertikaliteit sterk na vore getree het in die sentrale pilasterreeks, sowel as die vertikale Art Deco-bande/-pilasters/-vinne wat trapsgewys in die hoektorings teruggeplaas was. Die fasade was horisontaal met 'n betonkap oor die vensters van die grondvlak afgerond en deur die geprofileerde horisontale strook, wat trapvormig opgebou was om die fasades sentraal met die naam Colosseum te bekroon. Die samevoeging van horisontale, sowel as vertikale elemente in die fasade het 'n gebalanseerde totale komposisie tot gevolg gehad.

Die hooffasade het van historisisme gespreek, in teenstelling met die meer modernistiese benadering wat in die syfasades, naamlik noord en suid, gevolg is. Die syfasades met hul




egalige fenestrasie was meer stroombelynd en die praktiese aard van die kantoorvleuels is in die fasades weerspieël (Martin 1994:31; Prins 1982:18).

Art Deco-vertikaliteit is beklemtoon deur die vertikaal-gegroefde bande, wat vanaf die eerste vloer tussen die vensterpare opgestrek het, om uiteindelik met geronde projeksies teen die dakrand te eindig. Dit het 'n ongelyke daklyn tot gevolg gehad. Soortgelyke geronde projeksies was as versiering bo die vensters op die vierde verdieping geplaas (Prins 1982:19; *The African World* 1936:24; *SAAR* Januarie 1934:2). Die feit dat die bande vertikaal-gegroef was, het die oog met toenemende beweging of met versnelde visuele ritme opwaarts gelei (Martin 1994:31; Prins 1982:19; *The African World* 1936:24; *SAAR* Januarie 1934:2). Die vertikale bande of pilasters was sprekend van die versnelde lewenstempo van die 1920's en 1930's, wat 'n tydperk van groot vooruitgang op die gebied van vervoer en kommunikasie was - die era van spoed. Dié bandwerk is algemeen in Johannesburg se argitektuur tussen 1935 en 1945 gebruik (Prins 1982:19).

Bo die ingange van albei kantoorvleuels was 'n beeldgroep, waarvan die uitdrukkingswyse en tema Grieks-geïnspireerd was. Die eerste groep het uit 'n sittende vrouebeeld bestaan, met 'n kind teen haar bors, aan die voete van die hoofbeeld, wat 'n staande gevleuelde vrouebeeld in 'n Griekse chitoon was, met 'n Cupido-beeld wat na haar gereik het (Prins 1982:18). Die staande vrouebeeld was heelwaarskynlik die godin *Pallas-Athene*, die beskermster van vroue, kinders en die kunste. Dit was 'n gewilde Art Deco-versieringsmotief, soos blyk uit die veelkleurige emalje- en metaalgedenkplate wat deur Hildreth Meiers ontwerp en deur Oscar B. Bach uitgevoer is. Laasgenoemde is in New York voor die Radio City Music Hall (1932) geplaas, waar *Pallas-Athene* deur twee knielende muses gevleuel word (Klein 1975:63; Klein 1996:126-127; Prins 1982:18). Die tweede beeldgroep was 'n perd met 'n naakte ruiter. Bo die ander kantoorvleuelingang was 'n verkleinde weergawe (1/3 skaal) van Watt se *Physical Energy* wat deel van die Rhodes Memorial in Kaapstad vorm (Chipkin 1993:99).

Die Colosseumteater het 'n uiters indrukwekkende tweeverdieping-hoë hoofportaal gehad. Sewe paar swaaideure het toegang tot die foyer verleen (*The South African Builder*


Oktober 1933:16; *SAAR* Januarie 1934:3). Die oorheersende kleur in die foyer was goud (*SAAR* Januarie 1934:3), en die goue effek is deur middel van paneelplafonligte verkry (Cumming-George 1934:41). Sewe vertikaal-gegroefde seshoekige/heksagonale pilasters het vanaf die vloer tot teen die plafon aan albei kante van die foyer gestrek. Die kapitele van die pilasters was met 'n geometriese verwerking van die palmblaar versier. Bo hierdie suilhoof was 'n tweede suilhoof van loodglaspaneel wat ter wille van die estetiese waarde aangebring is, maar terselfertyd ook van praktiese nut was, aangesien dit elektriese lig deurgelaat het (Prins 1982:20).



Figuur 6.3b Colosseumteater-voorportaal (*SAAR* Januarie 1934)

Die mure tussen die pilasters was met geometriese Art Deco-laagreliefmotiewe versier. Die horisontale uitstaande/projekterende betonstroke het die twee rye pilasters paarsgewys met mekaar gekoppel (Martin 1994:31; Prins 1982:20-21). Die gewilde roosterstruktuur wat dikwels in die ontwerp van teaters gebruik is, was waarneembaar in die dwarsstroke en pilasters van die Colosseumfoyer. Dit was 'n struktuur wat uit dramure en staalkappe bestaan het. Dit was 'n vinnige ekonomiese metode om groot afstande gemaklik te oorbrug (Prins 1982:21).

Vrystaande agthoekige suile het die foyer van die area wat tot die dameskleedkamer en die kroeg gelei het, geskei. Die goud- en silwerkleurige suile het as stutte vir die sylleuels van die promenadedek gedien. Die versiering van die kapitele was 'n geometriese weergawe van die lotusblomknop. Reg onder elke kapiteel was daar 'n laagrelief-palmblaarmotief (Prins 1982:21). Aan albei kante van die foyer/portaal was 'n trapportaal wat na die promenadedek en galery gelei het (Cumming-George 1934:41; *SAAR* Januarie 1934:3). Die trapportaal het 'n belangrike rol in teaterontwerp gespeel, aangesien dit die lokaal was wat die verdiepings aaneengeskakel het, deur middel van 'n trap wat na die promenadedek opgegaan het, en ook een wat na die teekamer in die kelderverdieping afgegaan het (Cumming-George 1934:41). Vanaf die promenadedek was die uitsig oor die foyer uitstekend. Art Deco-horisontaliteit en -vertikaliteit wat saamgebruik is, het in die promenadedek voorgekom. Net soos die foyer, het die versierings van Egiptiese invloed getuig (Martin 1994:31; Prins 1982:25). Die lang loopgang waarin 'n reeks suile en pilasters volgens 'n reëlmatige patroon ingedeel was, was ook Egipties-geïnspireerd en het sterk aan die suilesaal van 'n Egiptiese valleitempel herinner (Prins 1982:25).




Figuur 6.3c Colosseumteater-dameskleedkamer (*SAAR* Januarie 1934)

Die dameskleedkamer was uiters indrukwekkend en het by uitstek van die Art Deco-styl gespreek (Martin 1994:31,33). Die mure was met berg-esdoring gepaneel (Cumming-

George 1934:41), waarop 'n laagreliëfmotief wat van Egiptiese invloed getuig het, as versiering gebruik is (Cumming-George 1934:41; Prins 1982:24). Die houtpaneel was met swart fluweelpaneel afgewissel. Op elk van laasgenoemde was 'n langwerpige spieël met 'n skulpvormige Art Deco-muurlik daarbo (Cumming-George 1934:41; Martin 1994:31; Prins 1982:24; *SAAR* Januarie 1934:3) wat tot 'n dramatiese interieur bygedra het. Die meubels in die kleedkamer is deur die Suid-Afrikaanse firma, Shepherd & Baker gemaak. Vir die spasie onder elke spieël was daar 'n mooi spieëltafel ontwerp en daarmee saam, 'n bypassende spieëltafelstoeltjie. Die ontwerp van die spieëltafels was geometries en het die vorm van 'n niertjie aangeneem. Dit was van gepoleerde buighout (*bentwood*), wat 'n produk van die masjienera was (Prins 1982:25). Agt rusbanke wat gesamentlik oktagonaal was, was met hul rugkante om 'n spuitfontein geplaas (Martin 1994:31; Prins 1982:24,58). Dit het 'n aanskoulike fokuspunt in die middel van die kleedkamer tot gevolg gehad (Prins 1982:58). Die banke se bekleedsel was 'n grysfluweel met titseltjies van silwer. 'n Silwerkleurige mat (Cumming-George 1934:41; Martin 1994:31; *SAAR* Januarie 1934:3) het mooi met die kleurskema geharmonieer en die komposisie bevredigend afgerond. Daar is van verskillende beligtingtipes in die Colosseumteater gebruik gemaak. Een van die tipes wat gebruik was, was ligte wat die struktuur beklemtoon het. Daar was ook verskuilde ligpaneel wat die plafon indirek verlig het, sowel as individuele ligte wat op sigself versierings was en tot die aantreklikheid van die interieur bygedra het (Martin 1994:33). Die loshangende ligte in die trapportale was opvallende geometriese Art Deco-ligte. In die kleedkamers was daar behalwe die mooi skulpvormige ligte bo die spieëls, ook versteekte ligte wat onder die glasblad van die spieëltafels geplaas is, sowel as soortgelyke versteekte plafonligte (Prins 1982:25). Op die pilasters van die promenadedek was daar groot agthoekige lanterntipe ligte wat baie opvallend was (Prins 1982:57). Al die ligtoebere was in die Art Deco-idiom.

Die ouditorium was 113vt (35.58m) wyd en 89vt (28.02m) lank en is vanaf die foyer deur drie ingange betree. Drie Art Deco-deure van metaal en glas, het toegang tot die onderverdieping van die ouditorium verleen (Martin 1994:31; *SAAR* Januarie 1934:3). Die galery het 43vt (13.54m) oor die ouditorium gestrek en is deur 'n stewige tralielêer (dwarsbalk) gedra (*SAAR* Januarie 1934:3). Met die binnegaan van die ouditorium is 'n

ander wêreld betree. Dit was 'n fantasiewêreld (Cumming-George 1934:4), waar mense van die realiteit van die werklike wêreld kon ontvlug (Martin 1994:33). William Timlin het dié fantasieë van sy boek, *The Ship That Sailed to Mars* en sy reeks waterverfskilderye, *The Building of a Fairy City*, op driedimensionele wyse in die ontwerp van die ouditorium uitgedruk (Chipkin 1993:99; Martin 1994:33; Martin 1995:13; Prins 1982:28). In die skilderyreeks het sy fantasieë 'n sterk argitektoniese basis (Prins 1982:28). Een van die skilderye in die genoemde reeks, *Gold Smiths Quarters*, beeld 'n straat sonder einde uit, wat aan albei kante deur Middeleeuse kasteelagtige mure begrens was en met talle torings en brûe tot 'n sprokieswêreld afgerond was. Dit is hierdie sprokieswêreld wat driedimensioneel in die ouditorium van die Colosseum vergestalt het (Chipkin 1993:99; Cumming-George 1934:41; Prins 1982:28,61-63).



Figuur 6.3d Colosseumteater-ouditorium (SAAR Januarie 1934)

Die syngange was in die *kasteelmure* geplaas en met reliëfwerk, waarin verskeie seemotiewe opgeneem was, versier. Die seemotiewe het byvoorbeeld skulpe, meerminne, drake en skepe ingesluit (Martin 1994:34). Vir die meerminne is 'n realistiese styl gebruik, terwyl die skepe en drake in 'n meer geometriese vorm was (Prins 1982:28,65), wat die Art Deco-involed onderskryf het. Seemotiewe het 'n rol in Art Deco-versiering gespeel, soos in die geval van die luukse skip, die *Normandie* (1935), waar voorkeur aan seemotiewe en seetemas gegee is (Prins 1982:29).

Die fantasiewêreld-effek van die ouditorium is deur die koepelvormige sterrehemel van die atmosferiese plafon versterk (Cumming-George 1934:41; Martin 1994:34). Bewegende wolke is oor hierdie koepelvormige plafon geprojekteer, om die illusie van 'n realistiese uitspansel te skep, soos die groot arena van die Colosseum in Rome (Cumming-George 1934:41). Die motivering vir so 'n bewegende hemelruim kon gevind word in: *soothing the nerves and calming perturbing thoughts* (Prins 1982:30; Sharp 1969:74). Die ligte wat in die ouditorium gebruik is, was in die kasteelmure versteek. Daar is drie verskillende kleurkombinasies gebruik en deur verskillende kombinasies te gebruik, is verskillende effekte verkry (SAAR Januarie 1934:3).

Die opening van die proscenium was 60vt (18.89m) wyd en 30vt (9.45m) hoog. Die boog is met 'n gewapende betonbalk versterk wat 9vt (2.83m) diep was en 'n gewig van 400 ton (406.40 ton) gedra het (Cumming-George 1934:41; SAAR Januarie 1934:3). Die proscenium het uit drie boogvorme bestaan. Die Middeleeuse kasteeltonele was om die proscenium voortgesit (SAAR Januarie 1934:7). Die orkesput was voor die proscenium en verhoog (Martin 1994:37; SAAR Januarie 1934:5,7). Die Colosseum-orkes het uit ongeveer dertig musici bestaan en is gedirigeer deur Charles Manning. Dit was 'n unieke verskynsel in Suid-Afrikaanse bioskope en het die aansien van die Colosseumteater verhoog (Gutsche 1972:236).

Die verhoog was 70vt (22.04m) hoog (Cumming-George 1934:42) en was ook vir bewegende/vlieënde tonele ingerig. Die elektriese veiligheids gordyn van staal en asbes was die grootste in die suidelike halfmond (Cumming-George 1934:42), en het saam met die balanseergewig 17 ton geweeg (SAAR Januarie 1934:3). Toegeruste kleedkamers wat sentraal verhit was, het toegang tot die verhoog gehad (SAAR Januarie 1934:3).

Die Colosseumteater was 'n uitstekende voorbeeld van 'n teater wat op kontemporêre Amerikaanse en Engelse teaters geskoei was en was die resultaat van Rogers Cooke se studiebesoek aan Amerika. Die Colosseum was 'n grootse kunswerk, wat sy plek onder die groot internasionale Art Deco-atmosferiese teaters kon inneem. Dit is 'n

onomkeerbare tragedie dat so 'n Art Deco-monument as gevolg van stadsontwikkeling verlore moes gaan.

Die gebou is in 1985 deur die proses van implosie gesloop (Hartdegen 1988:185).

#### **6.4 Empireteater h/v Kruis- en Kommissarisstraat, Johannesburg (gesloop)** (Sien figuur 6.4a, 6.4b)

Die Empireteater is deur JA Moffat & Harvey en HW Spicer ontwerp en is deur die bouaannemer, A Bennett, teen 'n beraamde koste van £170 000,00 opgerig. Die teater het 'n deel van die Empiregebou gevorm (BIFSA 1979:65; Van der Waal 1986:191). Die teatergedeelte is op 7 September 1936 ingewy (Chipkin 1993:104; *The South African Builder* September 1937:33), wat op die uitstekende tydsberekening van IW Schlesinger, die voorsitter van African Consolidated Theatres dui, aangesien dit net betyds gereed was vir die *Empire Exhibition*, wat in 1936 in Johannesburg gehou is en waarheen duisende mense gestroom het (BIFSA 1979:65; Chipkin 1993:104). Die opening was 'n luisterryke geleentheid waartydens Nora Williams, die Amerikaanse *Blues*-sangeres opgetree het en 'n Suid-Afrikaanse dansgroep die *Can-Can* gedans het (Benjamin 1979:34; *The Star* 8/9/1936:g.b.). Die kantoorgedeelte van die gebou is eers in 1937 voltooi (*The South African Builder* September 1937:33).

Die agtverdieping-hoë Empire-gebou was 'n blokagtige massa met 'n fors voorkoms. Albei straatfasades het van Art Deco-simmetrie getuig, met 'n sentrale vak waarin Art Deco-vertikaliteit sterk na vore gekom het. Die teater aan Kommissarisstraat het 'n breë beklemtoonde middelvak gehad. Art Deco-pilasters het vanaf die tweede verdieping tot verby die vensters van die boonste verdieping gestrek. Die vorm van die smal langwerpige vensters en die plasing daarvan, het die vertikale gevoel van die fasade verhoog. Vertikaliteit is verder deur twee vertikale simmetries-geplaasde neonborde met die Empire se naam daarop beklemtoon (*The South African Builder* September 1937:33; Van der Waal 1986:191). Die middelvak was deur 'n smal beklemtoonde syvak aan albei kante gevleuel, wat deur vertikale bande/pilasters gekenmerk was. Die vakke het tot verby die


dakrand gestrek en 'n dakkroon gevorm, wat aan die gebou 'n waardigheid verleen het (*The South African Builder* September 1937:33; Van der Waal 1986:191). Die kenmerkende Art Deco-betonkap/straatdak wat die ronding van die straathoek aangeneem het, was ook in die ontwerp geïnkorporeer (*The South African Builder* September 1937:33; Van der Waal 1986:191).



Figuur 6.4a Empireteater, Johannesburg (*SAB* September 1937)

Die Kruisstraatfasade is met beklemtoonde vertikaliteit gehanteer. 'n Konsentrasie van Art Deco-venne is in die middelvak van die fasade aangetref, wat vanaf die tweede verdieping tot verby die vensters van die boonste verdieping gestrek het. Die middelvak was met 'n breë vertikaal-gegroefde Art Deco-pilaster aan albei kante afgerond. Die pilasters het verby die dakrand gestrek om 'n dakkroon te vorm (*The South African Builder* September 1937:33; Van der Waal 1986:191). Die sentrale vak is deur 'n breë syvak aan albei kante gevleuel. Ook in dié syvake het vertikaliteit sterk na vore gekom deur die aanwending van breë vertikale gepleisterde bande wat vanaf die tweede verdieping tot teen die borswering gestrek het (*The South African Builder* September 1937:33; Van der Waal 1986:191).





Figuur 6.4b Empireteater-dekoratiewe panele en ligte (*SAB* September 1937)

Die modernistiese interieur van die derde Empireteater wat gebou is, was in pastelle van grys en blou, goud, wit en swart (Benjamin 1979:35; *The Star* 8/9/1936:g.b.). Die foyer, sowel as die ouditorium was met ryk dekoratiewe panele en Art Deco-ligte met 'n goue glans, versier (Chipkin 1993:104). Die ligte het soos die kroon van 'n blom gelyk, waaruit lig na bo geskyn het. Twee van hierdie blomkelke is die een bo die ander gebruik. Die naturalistiese panele het vanuit die boonste kelke ontspring en teen die muur opgestrek wat met 'n ronding deel van die plafon geword het (*The South African Builder* September 1937:13,17,21). Selfs die proscenium was op hierdie wyse versier. Silindriese trapvormige hangende kristalkandelare is afwisselend tussen die dekoratiewe panele geplaas (*The South African Builder* September 1937:13,17,21). Die proscenium was ook trapsgewys teruggeplaas. Die plafon onder die galery was met komvormige Art Deco-ligte versier (*The South African Builder* September 1937:17). Die paraboliese kurwe van die ouditorium was van so 'n aard dat vanaf al die sitplekke, insluitende dié van die galery, 'n goeie uitsig op die verhoog verkry kon word (*The South African Builder* September 1937:17).

Hierdie pragtige Art Deco-teater se deure is in April 1971 gesluit. 'n Kine-sentrum het later die plek daarvan ingeneem (Benjamin 1979:34).


### **6.5 His Majesty's teater, Kommissaristraat, Johannesburg (bestaan steeds)** (Sien figuur 6.5)

Die His Majesty'sgebou, waarvan bogenoemde teater 'n deel gevorm het, is vroeg in 1941 deur die bouaannemers Reid & Knuckey voltooi (BIFSA 1979:74; Hartdegen 1988:218). Die ontwerp van Cook & Cowen wat die geheel van 'n straatblok beslaan het, is deur Kommissaris-, Eloff-, Fox- en Joubertstrate, begrens (BIFSA 1979:74; Hartdegen 1988:218). Dit was die eiendom van African Consolidated Theatres (Chipkin 1993:99).

Na 'n bestudering van bogenoemde bronne is die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekkings gemaak: Die voorkoms van die oorspronklike gebou is fors, blokagtig en monumentaal. Art Deco-simmetrie kom baie duidelik in die teaterfasade van die gebou na vore. Die hele ontwerp van die gebou is vertikaal-georiënteerd en dus kenmerkend van die Art Deco-styl. In die hele eksterieur van die gebou is Art Deco-vertikaliteit in die vorm van vertikale bandwerk/pilasters uitgedruk. Die Art Deco-pilasters ontspring uit die betonkap en word vertikaal tot teen die dakrand gevoer. Die betonkap is oor die vertoonvensters geplaas, wat met 'n ronding om die straathoek gevoer is. Die gebou het dus 'n sterk opwaartse vertikale beweging, wat tot 'n hoogtepunt gevoer word in die twee hoektorings wat trapvormig na bo teruggeplaas is. Die Art Deco-pilasters wat op die torings voortgesit word, voer die opwaartse beweging tot reg bo. Op elk van die twee torings is 'n vlagpaal geplaas, wat die vertikale gevoel verder verhoog en terselfertyd ook statigheid aan die gebou verleen.

Die fasade van die teater is verder deur 'n uitstaande/projekterende sentrale paneel beklemtoon, wat deur 'n reeks van twaalf Art Deco-vinne versier is. Twee vertikale neonnaamborde is simmetries aan albei kante van die sentrale paneel geplaas. Die

neonborde het destyds die polsslag van die nagtelike lewe weerspieël (Chipkin 1993:99; Hartdegen 1988:218).



Figuur 6.5 His Majesty's, Johannesburg (Stark 1956)

Die herbenutting van die gebou het meebring dat daar veranderinge aan die interieur aangebring is. Met die ingebruikneming van die gebou het die ouditorium aan 1280 mense sitplek gebied. Die ouditorium se 1941-interieur was 'n samevoeging van moderne en tradisionele Art Deco-elemente, wat in die geronde vorme van die prosceniumboog, ouditoriumplafon en in die geronde galeryvorm na vore gekom het. Dit het ook in die vertikale groefversiering van die galerymure, sowel as die mure onder die galery, na vore gekom. Die versiering van die teater is egter deur die Georgiëanse tydperk beïnvloed (Hartdegen 1988:218), terwyl beligting in die moderne idioom was. Die mure was byvoorbeeld met muurskilderye versier wat deur 18de-eeuse tapisserieë geïnspireer was (Hartdegen 1988:218).

Afgesien van die teater is die res van die gebou deur winkels, kantore en twee restaurante in beslag geneem (Hartdegen 1988:218). Die gebou bestaan nog steeds, maar is aansienlik verander en word nie meer as 'n bioskoopteater gebruik nie. Die gebou is in 1994 deur


'n konsortium, Bestinver van die British Virgin Isles gekoop. Die 13 verdieping-gebou is opgeknop en word kommersieel verhuur. Clicks is die hoofhuurder (*Financial Mail* 23/09/1994:75).

## **6.6 Capitolteater, Parlementstraat, Kerkplein, Pretoria (bestaan steeds)**

(Sien figuur 6.6a, 6.6b, 6.6c, 6.6d)

Die amptelike opening van die Capitolteater is op 5 September 1931 in Pretoria deur die destydse Eerste Minister, JBM Hertzog, waargeneem (Cook 1931:g.b.; Viljoen 1990:UP Arg. dok.). Die Capitolteater het slegs 'n deel van die seweverdieping-hoë Capitolgebou beslaan, wat deur die bouaannemers, Reid & Knuckey van Johannesburg gebou is (Cooke 1931:g.b.; *The South African Builder Supplement* November 1931:g.b.). P Rogers Cooke het hierdie atmosferiese teater vir African Consolidated Theatres ontwerp (Cooke 1931:g.b.; Joyce 1981:135). Die ontwerp van die Capitolteater is deur die Italiaanse Renaissance-styl beïnvloed (Cooke 1931:g.b.; Joyce 1981:135; Viljoen 1990:UP Arg. dok.). Die interieur was die werk van Konya (Le Roux 1990:76).


Die gebou is gesloop, maar die mure van die teatergedeelte bestaan nog. Met die uitsondering van die vertikale naambord wat twee verdiepings hoog bo die ingang van die teater gerek het, was die fasade van die destydse gebou simmetries. Die basis van die gebou is deur die eerste en tweede verdieping gevorm, wat 'n horisontale gevoel gehad het. Bo hierdie vlak is die gebou in 'n inspringende middelvak en twee simmetries-geplaasde toringsyvakke verdeel. Art Deco-vertikaliteit het in hierdie toringvakke na vore gekom, aangesien die rustiekafwerking die vertikale gevoel verhoog het. Aan albei kante van die beklemtoonde torings, was daar 'n teruggeplaasde onbeklemtoonde hoekvak met 'n vertikale gevoel, wat teweeggebring is as gevolg van die enkel ry vensters wat in 'n vertikale lyn van onder na bo daarin geplaas is. In die fasade was daar dus simmetriese vertikaliteit te vinde. Die fasade was 'n kombinasie van horisontale en beklemtoonde vertikale elemente wat 'n goed gebalanseerde komposisie tot gevolg gehad het.




Figuur 6.6a Capitolteater, Pretoria (SAB November 1931)

Die Capitolteater is met 'n besondere ingangsportaal en hoofportaal ontwerp, vanwaar 'n trap aan albei kante na die galery gelei het. Die muur van elk van die trappe was met 'n skildery deur AE Mason, 'n Johannesburgse kunstenaar, versier (Cooke 1931:g.b.). Bo die trapbordes, vanwaar die twee trappe simmetries in teenoorgestelde rigtings gaan, is 'n dekoratiewe drinkspruit geplaas. Dié drinkspruit is in 'n nis, met 'n waaivormige versiering daarbo geplaas. Dit is aan albei kante met 'n suil en 'n kleiner nis met 'n beeld daarin, gevleuel (Cooke 1931:g.b.). Die onderverdieping van die ouditorium kon ook vanaf hierdie portale betree word. Die portale is meer as 200vt (62.97m) lank en is reghoekig met die as van die teater geplaas, om voorsiening te maak vir die verdere sewe verdiepings wat bo-op die portaal ontwerp is. Die hoofportaal is in die volle omtrek met versierde boogvormige argitraafversierings afgerond. Die onderskeie boogvorme is van mekaar geskei deur 'n reeks suile wat 'n suilegang gevorm het. Die suilskagte het kannelures met Korinthise suilhoofde. Die suile is op omlyste voetstukke geplaas. Bo die suile is daar omlyste uitbouings wat as voetstukke vir 'n reeks besondere staanlampe gedien het (Cooke 1931:g.b.; *The South African Builder Supplement* November 1931:g.b.). In die voorportaal, sowel as in die weelderige teekamerportaal daarnaas, is tee gedrink. Laasgenoemde is ook in die volle omtrek met 'n reeks Korinthise suile wat

in pare gegroeper was, versier (*The South African Builder Supplement* November 1931:g.b.). Vanuit die teekamerportaal loop vier dubbele glaspaneeldeure met dekoratiewe boogvormige boligte, op 'n balkon uit (Cooke 1931:g.b.; *The South African Builder Supplement* November 1931:g.b.). Die boogvorme wat in die ontwerp van die interieur aangewend is, is 'n kombinasie van klassieke, naamlik Renaissance en geometriese Art Deco-elemente.




Figuur 6.6b: Capitolteater – teekamerportaal (*SAB* November 1931)



Figuur 6.6c: Capitolteater-ingangsportaal (*SAB* November 1931)

Die onderverdieping van die ouditorium word deur drie dubbeldeure binnegegaan en nog twee bykomende deure word as uitgange gebruik. Die mure tussen die galery en die

verhoog weerspieël die misterieuse atmosferiese karakter van die teater. Die mure is ryklik met vergulde nisse, beelde, suile en fonteine versier. Die prosceniumboog se fresko was weer eens die werk van die Johannesburgse kunstenaar, AE Mason. Die fresko op die prosceniumboog vertel die verhaal van die *harlekyn* en was 'n huldeblyk aan die Harlekyn-rugbyklub in Pretoria. Die verhoog agter die prosceniumboog, sowel as die kledkamers was volgens die Amerikaanse modetrant toegerus en was meer modern as die meeste Europese teaters. Suid-Afrika het dus op die gebied van die teater goed met die internasionale standaard vergelyk. Die verhoog se gordyne, brandgordyn en dekor kon volgens moderne tegnologiese metodes gehys word. Die verhoog en kledkamers was destyds modern toegerus en kon verhit word. Daar was spesiale sitplekke wat met gehoorstukke vir swakhorendes toegerus was (Cooke 1931:g.b.). Die Capitolteater is met 'n Wurlitzer-orrel toegerus wat African Theatres ingevoer het. Die orrel is agter latjieswerkskerms aan weerskante van die prosceniumboog geplaas. Verskeie musikale effekte kon met die orrel verkry word, byvoorbeeld die gedreun van 'n swaar storm, die sang van voëls en kamermusiek (Cooke 1931:g.b.).



Figuur 6.6d: Capitolteater – ouditorium (SAB November 1931)

Die paraboliese kurwe van die vloer het verseker dat elke teaterganger 'n goeie uitsig op die verhoog kon hê. Die plafon is koepelvormig en skep die indruk van die sterrehemel.

Daar is 'n sterk ooreenkoms tussen die koepelvormige sterrehemel-plafonne van die Colosseum- en die Capitolteater. In albei gevalle is die atmosferiese ouditoriumontwerp die skepping van William Timlin. Vanaf die 750 sitplekke van die galery, wat in 'n voorgalery en bo-galery verdeel was, is 'n absolute atmosferiese illusie ervaar. Die voorgalery het vanaf die tussenverdieping-promenade na die bo-galery gestrek (Cooke 1931:g.b.). Die materiaalontwerp van die sitplekke in die teater was 'n komposisie van helder kleure wat die Art Deco-karakter onderskryf het, terwyl dié van die gordyne meer stemmig en neutraal was (Cooke 1931:g.b.).

Die Capitolgebou is met swier ontwerp en daar is heelwat marmer in die portale, die trappe en orkesput gebruik. Die marmer is van Italië ingevoer en in Pretoria gepoleer. Al die marmerwerk in die gebou is deur The Central Agencies and Import Company (Pty) Limited gedoen (Cooke 1931:g.b.).

Die Capitolteater is in 1974 aan die Transvaalse Provinsiale Administrasie vir R600 000,00 verkoop. In 1976 is die 2200 teatersitplekke, sowel as die meeste van die versierings, verkoop. Die Capitolteater word nie meer as 'n teater gebruik nie, maar as 'n parkade (Viljoen1990:UP Arg. dok.). Dit is die enigste atmosferiese teater wat nog in Suid-Afrika bestaan (Viljoen 1990:UP Arg. dok.) en dit is jammer dat so 'n Art Deco-teater van sy eertydse glorie en atmosfeer gestroop is. Daar is egter sprake van restourasie. Die gebou behoort aan Gauteng Provinsie en word aan Pretoria Metropolitaanse Raad verhuur.

## **6.7 Die Proteateater, Hoofstraat, Paarl (bestaan steeds) (Sien figuur 6.7)**


Die Proteateater is deur die bekende argitek, WH Grant, vir African Consolidated Theatres ontwerp. Die bouaannemer was JR Watson van Kaapstad (*Paarl Post* 20/10/1939:8; *The South African Builder* November 1939:68). Op Maandagaand, 23 Oktober 1939, is die teater amptelik deur Paarl se burgemeester, PJ du Pré le Roux, geopen (Albertyn 1992:302; *Paarl Post* 20/10/1939:8; *The South African Builder* November 1939:68). Daar kon beswaarlik 'n beter perseel vir die teater gekies word,



aangesien die gekose een in die hart van Paarl geleë is (*Paarl Post* 20/10/1939:8). Die luuksheid en moderniteit van die teater het 'n indruk op mense gemaak en 'n koerantopskrif het soos volg gelui: *Paarl's Luxury Theatre To Be Opened By The Mayor* (*Paarl Post* 20/10/1939:8-9). Dit was 'n modern toegeruste teater, waarvan die standaard met enige van die groot kontemporêre bioskoopteaters in Suid-Afrika vergelyk kon word (Albertyn 1992:302; *The South African Builder* November 1939:68). Die Paarlite was aanvanklik teleurgesteld omdat dit nie 'n Kaaps-Hollandse gebou was nie. Die gebou is later wel na waarde gereken en het dan ook die nodige erkenning ontvang (Albertyn 1992:302; *Paarl Post* 20/10/1939:8).

Die volgende gevolgtrekkings is oor die fasade van hierdie gebou gemaak: Art Deco-simmetrie kom duidelik in die hooffasade wat na Hoofstraat in 'n westelike rigting front, na vore. Art Deco-horisontaliteit word sterk beklemtoon. Die fasade is horisontaal in twee dele verdeel en trapsgewys teruggeplaas. Die voorste trap strek net tot by die borswering van die eerste verdieping, terwyl die res van die gebou 'n tweede horisontale trap of blokagtige boumassa vorm. Daar is 'n geronde betonluifel bo die hoofingang, waarvan die rand gerib/vertikaal-gegroef is. Die naam, Protea, verskyn horisontaal op die rand van dié luifel. Op die vlak net onder die luifel, is daar aan weerskante van die ingang 'n strook klein vierkantige vensters geplaas, wat die horisontale gevoel van die fasade versterk en Art Deco-simmetrie onderskryf.

Die borswering van die eerste trap vorm 'n duidelike deurlopende horisontale lyn wat met 'n vertikale entversiering afgerond word. Gekonsentreerde vertikaliteit is spaarsamig, dog op prominente wyse, aangewend. Die vertikale naambord, wat sentraal op die boonste gedeelte van die fasade aangebring is, strek tot verby die dakrand om 'n prominente vertikale lyn te vorm. Aan weerskante van hierdie naambord verskyn reghoekige staalraamvensters, wat met 'n hoekvenster om die hoek van die gebou gevoer word en 'n duidelike horisontale lyn vorm. Die horisontale gevoel word verder deur die horisontale luifel verhoog, wat daarbo aangebring is en met 'n ronding om die hoek strek. Die ronding versterk die Art Deco-karakter van die gebou. Die muuroppervlakte is op interessante wyse met 'n skaakbordmotief versier.



Figuur 6.7 Proteateater, Paarl (Albertyn 1992)

Die voorportaal is met 'n mooi Spaanse pleister-en-klip kaggel ontwerp, waarin 'n elektriese vuur op koue winteraande gebrand het. Aan albei kante van die portaal was speëls en in die middel 'n sjokoladetoonbank. Die kleurskema van die interieur in die bioskoopsaal was 'n kombinasie van bruin, goud en donkerrooi, wat 'n gemaklike, dog luukse atmosfeer geskep het. Die gemaklike stoele is in Oos-Londen, Suid-Afrika, vervaardig. Die indruk wat hierdie bioskoopsaal geskep het, is soos volg beskryf: *The first glance gives the impression of magnificence and size, particularly size (Paarl Post 20/10/1939:8)*. Dit was inderdaad groot, aangesien dit ten spyte van die feit dat daar geen galery was nie, aan 922 mense sitplek gebied het. Die verhoog het 'n bruingoudkleur gehad en is met 'n elektriese meganisme geopen (*Paarl Post 20/10/1939:8*). Nuwe tegnologiese ontwikkelings is dus in ag geneem en aangewend. Dit is 'n aanduiding dat daar tred gehou is met die internasionale neiging en tydgees.

Die Proteateater is as ultramodern beskou en die volgende stelling in verband met die teater is in die pers gemaak: *It has the distinction of being the latest and most modern entertainment house under the control of the African Consolidated Theatres. It is even more modern than the gorgeous Colosseum, Cape Town's premier theatre which was erected about eighteen months ago (Paarl Post 20/10/1939:9)*.

Die Proteateater is 'n sprekende voorbeeld van die manifestering van die Art Deco-styl in vermaaklikheidsargitektuur in Suid-Afrika.


## 6.8 Die Plazateater, St Georgesstraat, Kaapstad (gesloop) (Sien figuur 6.8)

Die Plazateater (c1933) is deur Kallenbach, Kennedy & Furner ontwerp en AB Reid & Co was vir die bou daarvan verantwoordelik (*The South African Builder* Mei 1933:17). Dit was naby die Alhambrateater geleë. Die gebou kon aan 1800 mense sitplek bied en daar is na die gebou as een van Kaapstad se *super picture palaces* verwys (Cumming-George 1934:76).

Dit was 'n aantreklike hoekgebou wat 'n voorbeeld van die vaartbelynde Art Deco-styl was. Die indruk wat die gebou geskep het, was dié van die boeg van 'n groot boot. Die skeepsvoorkoms was deur die skeepsrelings versterk, wat op die geprofileerde geronde vrydraende betonkappe geplaas was om balkonne te vorm. Dit kon net so wel die dek van 'n skip gewees het. Die ronde lewensgordels wat as versiering teen die skeepsrelings geplaas is, het die skeepsvoorkoms nog verder versterk.

Die Art Deco-elemente van vertikaliteit sowel as horisontaliteit is tot 'n harmonieuse komposisie saamgevoeg. Vertikaliteit was sterk deur die gebruik van Art Deco-vinne/pilasters beklemtoon, wat oor die totale breedte van die fasade voorgekom het. Die vinne het die smal vertikale vensteropeninge beklemtoon, wat oor die eerste en tweede verdiepings gestrek het. Die vensteropeninge was met Romeinse travertyn beklee. Die vensters was in die openinge teruggeplaas.

Art Deco-horisontaliteit het duidelik in die vrydraende betonkappe, wat 'n balkon op die eerste en derde verdieping gevorm het, na vore gekom. Die hele fasade was 'n drievoudige afwisseling van horisontale en vertikale lyne. 'n Geprofileerde horisontale gepleisterde band wat die borswering gevorm het, het die fasade met sy stroombelynde vorm baie mooi afgerond.



Figuur 6.8 Plazateater, Kaapstad (*SAB* Mei 1933)

Die ingangsdeure was om die geronde hoek geplaas. Die ingangsportaal, sowel as die sitkamer wat bo die portaal geleë was, het dus ook die vorm van 'n skeepsboeg aangeneem. Daar was 'n besondere glasmosaïekkunswerk in die portaal. Dit het uit 50 000 klein gekleurde glasfragmentjies bestaan, wat 'n verhoogtoneel op 'n silwer en goue agtergrond uitgebeeld het. Die plafon van die boonste sitkamer het veral soos 'n skeepsboeg gelyk. Dit het uit nie minder nie as vyf geronde trapvorme bestaan en het byna na 'n drie-dimensionele vorm van 'n skeepsboeg gelyk. Die plafon was deur 'n dekoratiewe silindriese modernistiese suil gestut. Die interieur se modernistiese karakter het ook in die skaakbordmotief, wat as versiering teen die muur van die portaal gebruik is, en in die dik mat wat met 'n geometriese patroon versier was, tot uiting gekom. Die boonste sitkamer het deure gehad wat op die balkon uitgeloop het en ook deure wat vanaf die sitkamer toegang tot die voorgalery verleen het (Cumming-George 1934:76).

Die ouditorium se hoofkleurskema was goud. In elektriese lig het die mure en plafon 'n skynsel van geslae goud gehad. Die sitplekke was gemaklik en modern. 'n Goud- en silwerkleurige gordyn het die proscenium keurig afgerond (Cumming-George 1934:76). Die goue en silwer kleurskema het by die Art Deco-karakter van die interieur gepas.


Die Plaza was 'n teater van formaat wat 'n uitstekende voorbeeld van die manifestasie van vaartbelynde deco in Suid-Afrika was.

### **6.9 Die Metroteater, Jettystraat, Port Elizabeth (gesloop) (Sien figuur 6.9)**

Die Metroteater het nie 'n fasade as sodanig gehad nie, aangesien dit op die boonste verdieping van die Drakegebou wat deur Jones & McWilliams ontwerp is, geleë was. Die teater se ingang was aanvanklik in Commercestraat, maar in 1933 is 'n nuwe ingang vanaf Jettystraat gemaak (Harradine 1995:187). Die eienaars van die teater was Sam en Monty Richardson, wat ook die eienaars van die Astra was. Die Metro, net soos die Astra, het ook Metro-Goldwyn Mayer (MGM) rolprente vertoon (*Eastern Province Annual* 1933:g.b.; *Eastern Province Herald* 23/11/1981:g.b.; Harradine 1995:187).

Die volgende ontleding van die interieur kan uit die bronne gemaak word: Die teater was met eau-de-nil en silwer laagrelief van 'n naturalistiese aard in moderne idioom afgerond. Die proscenium was met dié laagreliefwerk versier. Aan die linkerkant van die skerm was 'n wildsbok, springende oor takke en aan die regterkant van die skerm 'n groot voël wat oor bome en onder deur takke vlieg. Onder die skerm was 'n oerwoudtoneel met swaaiende ape. Dit is in die *Eastern Province Annual* van 1933 soos volg beskryf: *a masterpiece of modern design*. Dieselfde tipe versiering het ook teen die plafon van die auditorium gepryk.

Die ingangsportaal van die teater het 'n gangagtige vorm aangeneem. Die vertrek het 'n duidelike Art Deco-karakter gehad. Die portaal was met 'n laagrelieffries versier. 'n Herhaalde geometriese ontwerp is in die fries gebruik. Ook die ontwerp van die mat het uit geometriese patrone in kontrasterende kleure bestaan en het met die moderne rusbanke se stoffeermateriaal geharmonieer. Art Deco-geometrie is dus in die ontwerp van die interieur beklemtoon. Die deure in dié lokaal was met 'n trapmotief in 'n kontrasterende kleur versier. Die groot reghoekige kistipe Art Deco-ligte van dié lokaal was indrukwekkend.



Figuur 6.9 Metroteater-interieur, Port Elizabeth (*Eastern Province Annual 1933*)


Die Metro het in Maart 1934 kroeg- en sitkamerfasiliteite gekry. Dit het 'n gewilde vergaderplek vir die publiek geraak. Die Metro is in 1971 gesloop om plek te maak vir die bou van 'n snelweg (Harradine 1995:187).

#### **6.10 Grandteater, Hoofstraat, Port Elizabeth (gesloop)**

(Sien figuur 6.10a, 6.10b, 6.10c)

Die teater is deur die Port Elizabethse firma, Jones & McWilliams, ontwerp. Dit was die werk van die jong Herbert Hastings McWilliams. Die bouaannemer wat die tender ontvang het, was die bekende A Bennett van Johannesburg (Duncan-Brown 1991:93; Grandteater-openingspamflet 1935:g.b.; Harradine 1995:199). Hierdie teater was een in 'n reeks van vele Art Deco-bioskoopteaters wat deur African Consolidated Theatres landwyd opgerig is. Dié teater het die eerste Grandteater vervang en is deur die

Burgemeester, TC White, op Maandag 9 September 1935 geopen (Grandteater-openingspamflet 1935:g.b.; Harradine 1995:199). Die ontwerp van die teater se fasade is deur die Spaanse Barokstyl beïnvloed. Dit is per geleentheid as 'n fasade met 'n pseudo-Moorse sjarme beskryf. Die Moorse styl was egter in gemoderniseerde vorm (Grandteater-openingspamflet 1935:g.b.).



Figuur 6.10a Grandteater, Port Elizabeth (Grandteater-openingspamflet 1935)

Die vertikale element wat so kenmerkend van Art Deco-argitektuur is, het in die fasade sterk na vore gekom. Beklemtoonde vertikaliteit was in die nege lang smal vensters, wat oor die fasade geplaas is, te vinde. Die omraming van die vensters het die vertikale gevoel verhoog, wat nog verder gevoer is deur die spitsversiering/spiespuntversiering wat aan die bopunt van die vensters voorgekom het. Vertikaliteit het ook in die twee vertikale panele voorgekom, wat simmetries aan elke kant van die fasade aangebring is en die naam, Grand, vertikaal in neonletters uitgespel het. Simmetriese vertikaliteit is weer eens ter sprake. Die fasade was bo en onder deur die horisontale Art Deco-element, in die vorm van 'n betonkap wat oor die ingang gestrek het, afgerond, sowel as 'n betonkap wat 'n

uitstaande dakrand gevorm het. Die sigsag-/chevronpatroon wat albei betonkappe versier het, het die Art Deco-karakter van die fasade onderskryf.


Die fasade van die Grandteater was onteenseglik die van 'n bioskoopteater en die ontwerp daarvan het bedags, sowel as saans gesprek van vermaaklikheidsargitektuur, die sogenaamde *Architecture of Pleasure*. Die funksie en doel van die gebou was onmiskenbaar en duidelik deur die fasade uitgedruk (*Family Post* 23/02/1980:1; Grandteater-openingspamflet 1935:g.b. Harradine 1995:198; *Weekend Post* 3/7/1993:g.b.).

Die ingangsportaal se ryk, verfynde karakter was te danke aan die warm bufgeel grofgeaarde marmer, die goue glans van die plafon en die glans van die gepoleerde metaal en glas teen die mure. Die kaartjiesloket was besonders met sy halfronde front, wat in vertikaal-gegroefde/geribde marmer uitgevoer was. Die blad van die toonbank was ook van marmer. Die sierrooster van vlekvrystaal was deur die argitek ontwerp en deur F Sage & Company van Johannesburg uitgevoer (Grandteater-openingspamflet 1935:g.b.). Vanaf die ingang tot by die loket het 'n breë vertikaal-gegroefde/geribde pilasteragtige strookversiering gestrek, vanwaar versteekte ligte die plafon laat gloei het. Die voorportaal was met 'n atmosfeer van vrolikheid en genot gevul. Breë trappe het van die ingangsportaal na die ouditoriumportaal gelei (Grandteater-openingspamflet 1935:g.b.).

Die ouditoriumportaal wat met sy sagte skakering van reebruin Australiese eikehout gepaneel was, het 'n kontras met die ingangsportaal gevorm. Die ouditoriumportaal se plafon was met diep gefatsoeneerde panele, met 'n gekartelde rand versier, wat die lig van versteekte ligte gereflekteer het. Die kartelpatroon wat uit 'n herhaalde gehalveerde keëlvorm bestaan het, het 'n lig-en-skaduspel tot gevolg gehad, wat 'n rykheid in die lokaal meegebring het. Die houtpaneelwerk was met silwergroen horisontale profilering versier. Elk van die mure in hierdie portaal het 'n plafon-hoë perskekleurige spieël gehad, met 'n ets wat 'n panorama van wolkekrabbers en huisdakke gesuggereer het. Die rusbanke wat in 'n jadegroen materiaal gestoffeer was, en die reebruin mat het die vertrek ryklik afgerond (Grandteater-openingspamflet 1935:g.b.). Die deure waardeur die teater




binnegegaan is, was met perskekleurige spieëls gepaneel (Grandteater-openingspamflet 1935:g.b.). 'n Witmarmertap het na die galery gelei. Die mure van die trap was in 'n goue skakering met 'n spatselpatroon versier (Grandteater-openingspamflet 1935:g.b.). Die galeryportaal was met grys berg-esdoring gepaneel en met pilasters van pienk geglasuurde bladsilwer versier. Die gewelfde silwer plafon van die portaal was deur die versteekte ligte van agter die projekteerende geprofileerde muurlyste verlig. Aan die bo- en onderpunte van dié portaal was spieëlpanele wat die portaal groter laat vertoon het. Die mat was beige en reebruin (Grandteater-openingspamflet 1935:g.b.; *Architect Builder & Engineer* Januarie 1936:25). Daar was 'n teekamer op die vlak van die galeryportaal. Dit was 'n flambojante lokaal met 'n geel brokaatmuurbedekking en gedrapeerde brokaatgordyne. Die meubels in die teekamer was kanariegeel en die gepoleerde vloer het inlegwerk in drie skakerings van geel gehad (Grandteater-openingspamflet 1935:g.b.). Dié aanwending van helder kleure het die Art Deco-karakter van die interieur onderskryf.



Figuur 6.10b Grandteater-ouditorium (Grandteater-openingspamflet 1935)

Die kleurskema van die ouditorium was neutrale kleure wat van oester tot dowwe oker gewissel het. Dit is met 'n bladsilwerafwerking opgehelder, wat die geribde oppervlaktes

gedefinieer het. Reuse muurribbe het ononderbroke teen die symure van die ouditorium tot oor die plafon gestrek. Dit was indrukwekkend en het die smaakvolle eenvoud van die interieur weerspieël. Dekoratiwe ventilasie-opeinge is op die rand van die ribbe aangebring en ligte is daardeur versteek, sodat die ribbe dekoratief, sowel as funksioneel was (*Family Post* 23/2/1980:2; Grandteater-opeingpamflet 1935:g.b.). Behalwe die neutrale kleure was daar 'n tinsel groen in die materiaal van die sitplekke en gordyne te bespeur. Die ventilasie-opeinge wat lug in die teater ingelaat het, was met horisontale sierroosters bedek, wat deur F. Sage & Co. van Johannesburg vervaardig is. Dié sierroosters is bo die dado van die ouditorium se symure aangebring. Dit het soos musiekmate uit 'n musiekstuk gelyk. Die *musieklyne* is deur die musieksleutel, maatstrepoe en note aanmekaar gehou. Dit was die note van die eerste deel van Shakespeare se *Where the bee sucks there lurk I* wat deur Arthur Sullivan getoonset is. Deur die jare heen is vele welbekende rolprente in die teater vertoon. *Cowboyrolprente*, of om die Afrikaanse terme te gebruik, *skiet-, skop- en donderrolprente*, is tradisioneel Saterdagoggende vertoon. Dit is 'n era wat beëindig is met die koms van die televisie (*Family Post* 23/2/1980:2).



Figuur 6.10c Grandteater-ouditoriumsierrooster (Grandteater-opeingpamflet 1935)

Die argitekthe wat vir die ontwerp verantwoordelik was, het bioskoopteaterontwerp in Europa gaan bestudeer en hul beskrywing van die Grandteater se interieur het soos volg gelui: *We have seen many theatres, and this interior is to be different from them all.* Die interieur was inderdaad eenvoudig, dog nie gewoon nie. Dit het 'n smaakvolle weelde weerspieël en uitdrukking aan die funksie van die teater gegee. Vanaf al die sitplekke is 'n duidelike uitsig op die skerm geniet. Die verligting van die beeld op die skerm was

soortgelyk aan al die ander groot teaters in die land en beter as enige ander teater in Port Elizabeth (Grandteater-openingspamflet 1935:g.b.). Die proscenium was omraam deur een van die ribbe wat teen die symure opgestrek het en ononderbroke oor die plafon gevoer is. Die teater het oor 'n Wurlitzerorrel beskik wat uit 'n put voor die verhoog opgestyg het (*Family Post* 23/2/1980:2; *Evening Post* 27/3/1980:g.b.). Max Bruce was in die 1930's die orrelis (Harradine 1995:199). Hy is beskryf as: *One of the finest players in existence (Port Elizabeth Advertiser 6/9/1935:7)*. Die luidsprekersisteam van die Grandteater was saam met dié van die Play House in Durban, die mees gesofistikeerde stelsel in die Suidelike Halfrond. In die ontwerp van die teater was goeie akoestiek 'n prioriteit en nuwe tegnologiese ontwikkeling is aangewend om 'n bevredigende resultaat te verkry. Dit weerspieël 'n gees van modernisme.

Die deure van dié pragtige Art Deco-bioskoopteater het op 16 Julie 1974 gesluit. 'n Hoë gebou, waarin Edgars geleë is, het in die plek van die eens waardige teater verrys (*Family Post* 1/3/1980:g.b.; Harradine 1995:199).

#### **6.11 Astrateater, Jettystraat, Port Elizabeth (gesloop)**


(Sien figuur 6.11)

Die Astrateater is deur die plaaslike firma, Jones & McWilliams se jong Herbert Hastings McWilliams vir Richardson Bros. ontwerp (Harradine 1995:197). Die Astra is op 1 Januarie 1935 deur die burgemeester, TC White, geopen (*Port Elizabeth Advertiser* 4/1/1935:g.b.) en dit was 'n mylpaal in die vooruitgang van Port Elizabeth, wat in die volgende woorde beskryf is: *During the past few years Port Elizabeth has been making rapid strides in coming into line, not only with the large cities of South Africa, but also with the cities of the world (Port Elizabeth Advertiser 4/1/1935:g.b.)*. Hierdie stelling is 'n aanduiding dat die internasionale modetrant in Suid-Afrika gevolg is.

Gedurende die nag van 1 Junie 1947 het hierdie teater afgebrand en in 1949 is 'n tweede Astrateater voltooi wat in die *Eastern Province Herald* soos volg beskryf is: *To-day,*

*Phoenix-like, there has risen in its stead a newer and greater Astra Theater, more luxurious [...].* Die argitekte Jones & McWilliams, het die sestienverdieping-gebou so ontwerp dat dit met die vorige teater in baie opsigte ooreengestem het, maar verbeter is wat die tegniese aspek betref (*Eastern Province Herald* 4/3/1949:8).

Na die bestudering van bogenoemde bronne is die gevolgtrekking gemaak dat die totale fasade wat met gepoleerde travertyn beklee was, van modernisme gespreek het. Die kenmerkende Art Deco-betonkap is oor die ingang geplaas en beklemtoon die vertikaliteit en die opwinding van die naglewe het in die vertikale neonletters in rooi en blou, wat die naam Astra uitgespel het, voorgekom.



Figuur 6.11 Astrateater, Port Elizabeth (*Eastern Province Herald* 4/3/1949)

Die voorportaal was met Italiaanse marmer beklee. Drie soorte marmer is gebruik, naamlik *Breche Serravezza* wat gryskleurig is, was die keuse vir die groot panele, terwyl

daar vir die tweeskakering randafwerking *Blue Beige* en *Breche Orientale* gebruik is, wat die hoofpaneel opgehelder het (*Port Elizabeth Advertiser* 4/1/1935:g.b.). Bo die marmerspaneel wat tien voet hoog was, was die muur wit gepleister. Die voorportaal het 'n interessante plafon gehad. Dit bestaan uit 'n reeks gefatsoeneerde betonkappe aan die kante, waarin die beligting versteek was, terwyl die sentrale deel van die plafon met 'n rowwe pleister afgerond was. Hierdie sentrale deel van die plafon was versilwer. Die illusie wat met hierdie plafon geskep is, was dié van 'n klomp opeenvolgende liglae (*Port Elizabeth Advertiser* 4/1/1935:g.b.). Die geometriese vloerontwerp in die voorportaal was in die Art Deco-idiom uitgevoer. Die 65m<sup>2</sup> was van drie soorte marmer, naamlik wit Carrara, Napoleon en Giallo. Die vloerontwerp was tienhoekig met 'n groot agtpuntige ster in die middel wat 'n gepaste ontwerp vir 'n plek was waar mense na groot rolprentsterre gaan kyk het (*Eastern Province Herald* 30/10/1974:g.b.). Italiaanse vakmanne is in diens geneem om die marmervloer te lê (*Eastern Province Herald* 29/7/1974:g.b.). Daar was skilderye teen die mure van die portaal, wat tonele uit moderne filmkonstruksie voorgestel het (*Eastern Province Herald* 4/3/1949:8; *Eastern Province Herald* 30/10/1974:g.b.; Harradine 14/6/1999:onderhoud). Hierdie lokaal het tot die volgende portaal gelei, waar die mure ook met marmer beklee was. Versteekte ligte het 'n ligspel op 'n groot silwer stalaktiet uitgevoer. Aan albei kante van die lokaal was 'n kaartjiesloket wat met 'n vlekvrystaal sierrooster versier was. Vanaf hierdie lokaal het 'n trap na die ouditoriumportaal gelei (*Port Elizabeth Advertiser* 4/1/1935:g.b.).

Die ouditorium was 'n indrukwekkende lokaal wat aan ongeveer 1000 mense ruim en gemaklik sitplek gebied het. Die plafon van die ouditorium was van moderne *celotex*-paneel. Die geskulpte paneel was met 'n saagtandeffek afgerond. Die kleurskakering van die plafon was van so 'n aard dat dit die illusie van opeengestapelde wolkbanke geskep het. Die mure van die ouditorium was met donker tamboekie gepaneel (*Architect Builder & Engineer* Maart 1938:g.b.; *Eastern Province Herald* 4/3/1949:8). Vanuit die relevante bronne kan die interieur van die ouditorium soos volg ontleed word: Die paneel is met horisontale goue stroke opgehelder en afgerond, wat die Art Deco-horisontaliteit beklemtoon het. Die proscenium was met 'n reeks silwer vertikale stalaktiete versier, wat simmetries aan weerskante van die proscenium geplaas is en uit verskillende groottes en

lengtes bestaan het. Art Deco-simmetrie en -vertikaliteit, met ander woorde simmetriese vertikaliteit, het in hierdie versiering na vore gekom. Die sentrale stalaktiet in die groepering aan albei kante van die proscenium was die grootste en het 'n tweeledige doel gehad - dit het as versiering gedien en was ook verlig, sodat dit die hele proscenium verhelder het.

Die Astra was 'n gewilde teater waar Metro-Goldwyn Mayer (MGM)-rolprente vertoon is en waarop die inwoners van Port Elizabeth trots was. Aan die einde van Oktober 1974 is die deure van die teater gesluit en in 1975 is dit gesloop (*Family Post* 1/3/1980:g.b.; Harradine 1995:197). Jettestraat bestaan nie meer vandag nie. Die stadsplein is vergroot en strek oor dié area.

#### **6.12 Colosseumteater, Markplein (tans Caxtonstraat), Oos-Londen (bestaan steeds) (Sien figuur 6.12)**

Net soos in Johannesburg en Kaapstad het IW Schlesinger van African Consolidated Theatres ook in Oos-Londen 'n Colosseumteater gebou. Dit is in 1938 voltooi (*Port Elizabeth Advertiser* 20/12/1938:10; Watson 1989:143).

Die teater se fasade is trapvormig, aangesien die hoekvak se dakrand laer as die res van die gebou is. Die vertikale element is net soos in die fasades van die Colosseum in Johannesburg en Kaapstad sterk beklemtoon. In albei straatfasades van dié teater in Oos-Londen is breë vertikale bande met horisontale bande gekombineer om 'n raamwerk te vorm waarin smal ornamentele vertikale Art Deco-vinne voorkom. Die gebalanseerde fasade-ontwerp kan aan die suksesvolle kombinasie van horisontale en vertikale elemente toegeskryf word (*Port Elizabeth Advertiser* 20/12/1938:10).

Verdere Art Deco-kenmerke is die plasing van 'n betonkap wat met 'n ronding om die straathoek strek en die modernistiese belettering waarmee die naam van die teater op die

borswering sentraal bo die ingang aangebring is (*Port Elizabeth Advertiser* 20/12/1938:10).



Figuur 6.12 Colosseumteater, Oos-Londen (*Port Elizabeth Advertiser* 14/12/1938)

Die teater is nie slegs vir filmvertonings gebruik nie, maar ook vir verhoogopvoerings. In 'n berig in die *Port Elizabeth Advertiser* van 14 Desember 1938 oor African Theatres is daar geskryf: *In each of these theatres, as well as other palatial cinemas like the Colosseum Theatre, East London [...] comfort and beauty have been combined with technical perfection* (14/12/1938:10).

Die gebou bestaan steeds en word vandag as munisipale kantore gebruik.


### 6.13 Die Grandteater, Commercialweg, Pietermaritzburg (gesloop)

(Sien figuur 6.13)

Die teater is deur die bekende Johannesburgse argitek, P Rogers Cooke ontwerp en deur die ewe bekende Johannesburgse bouaannemer, Alexander Bennett, wat ook vir die Grandteater in Port Elizabeth verantwoordelik was, gebou (*The South African Builder* Januarie 1931:29).

Uit bogenoemde bron kan die volgende ontleding gemaak word: Die ontwerp het van beheersdheid en eenvoud getuig. Die hoofasade het 'n betonkap oor die ingang gehad,

met die naam van die teater in modernistiese belettering bokant die kap gesentreer. Bo die ingang was 'n oopgewerkte paneel wat deel van 'n versonke balkon gevorm het, waardeur diepte verkry is. Die paneel het uit drie geprofileerde boogvorme bestaan, wat op gemoderniseerde Ioniese suile gerus het. Die suile het van die tradisionele Ioniese orde afgewyk, in dié opsig dat dit met 'n blokagtige voetstuk ontwerp is en in plaas van slegs die gewone voluut by die kapiteel, 'n verdere dubbele reghoekige kapiteel of dekplaat daarbo gehad het. Die fasade was 'n baie suiwer voorbeeld van Art Deco-simmetrie en -geometrie. Die totale komposisie van die fasade was 'n samestelling van verskeie geometriese vorme, byvoorbeeld die reghoek, boog, sirkel en vierkant.



Figuur 6.13 Grandteater, Pietermaritzburg (*The South African Builder* Januarie 1931)

Bokant die sentrale boogvormige paneel was sirkelvormige versierings en daarbo was daar weer eens 'n versonke balkon wat in drie reghoekvorme deur gepaarde suile verdeel was. Aan weerskante van die versonke balkon was daar weer eens 'n dekoratiewe sirkelvorm. Die fasade op die vlak van die boonste verdieping waar die reghoekige balkon voorgekom het, was met 'n herhaalde geprofileerde horisontale lyn versier. Daar was dus 'n afwisseling van horisontale lyne met vertikale lyne in die fasade teenwoordig. Art Deco-horizontaaliteit is in die betonkap oor die ingang aangetref, sowel as in die boonste horisontale plasing van die vierkante, waaruit die reghoekige versonke balkon opgebou



was. Horisontaliteit het ook in die horisontale profilering na vore gekom. Die twee horisontale dele is aanmekaar geskakel deur middel van die sentrale boogvormige versonke balkon, wat oor twee verdiepings gestrek het en waarin vertikaliteit beklemtoon is.

Die gebou is ontwerp om op 'n hoekperseel te pas. Die gebou is suksesvol met 'n skuinshoekvlak om die hoek gevoer (*The South African Builder Supplement* Januarie 1931:g.b.). Die ingangsportaal was ruim en het van 'n eenvoudige, dog smaakvolle en luukse interieur getuig (*The South African Builder* Januarie 1931:29). Die ouditorium was 'n indrukwekkende lokaal. Die kleurskema van die teater was room, roos en silwer, wat 'n uitsonderlik rustige atmosfeer geskep het (*The South African Builder Supplement* Januarie 1931:g.b.). Geometriese versierings is gebruik om die teater te verfraai en die boogvorm het herhaaldelik voorgekom.

Die teater het 'n 70vt-wye (22.04m) verhoog gehad wat die grootste teaterverhoog in Suid-Afrika was (*The South African Builder* Januarie 1931:29). Die teater het aan 1670 mense sitplek gebied. Dit was toegerus met moderne beligting en 'n stelsel wat koel lug in die warm maande en warm lug in die wintermaande voorsien het (*The South African Builder* Januarie 1931:29).

Hierdie teater het een van die talle televisie-slagoffers in Suid-Afrika se vermaaklikheidswêreld geword en is in September 1975 gesloop. Die Natal Building Society-gebou (NBS-gebou) is vandag op die perseel (Swart 10/6/1999:onderhoud).

### **Gevolgtrekking**

Bioskoopteaters is die geboutipe waarin die Art Deco-styl tot sy volle glorie gekom het. Die Amerikaanse en Engelse teaterargitektuur is as prototipe in Suid-Afrika gebruik. Die Amerikaanse idee van die atmosferiese teater het nie net in Engeland en Europa nie, maar ook in Suid-Afrika byval gevind. Dit was 'n plek van ontspanning en ontsnapping van die alledaagse bekommernisse, wat veral deur die swak ekonomiese toestand van die Groot

Depressie teweeggebring is. Hierdie bioskoopteaters se eksterieure, maar veral die interieure, het van die glorie van die Art Deco-styl getuig. Die internasionale mode wat in Suid-Afrika gevolg is, is te danke daaraan dat Suid-Afrikaanse argitekte tred gehou het met die internasionale neiging op dié gebied. Daar is selfs Suid-Afrikaanse argitekte, soos P Rogers Cooke van Johannesburg wat deur African Consolidated Theatres na Amerika gestuur is om teaterontwerp te bestudeer. Argitekte van Jones & McWilliams wat vir die Grand-, Astra- en Metroteaters in Port Elizabeth verantwoordelik was, het ook 'n teaterstudiereis in Europa onderneem. Daar kan dus 'n duidelike gevolgtrekking gemaak word dat Art Deco in Suid-Afrika op die gebied van vermaaklikheidsgeboue, as internasionale tydgees en styl gemanifesteer het.

Met die koms van Suid-Afrikaanse televisie in 1975 was die skrif vir baie bioskoopteaters teen die muur. Daar het 'n sosiale verandering ingetree, aangesien mense veel eerder tuis gebly het om in die privaatheid van hulle eie omgewing na televisieprogramme te kyk. Dit was makliker, minder tydrowend en goedkoper om tuis te bly as om netjies aan te trek en na 'n openbare teater saam met ander teatergangers te gaan. Die publiek het die voordeel daarvan besef om televisie te kyk en terselfdertyd ander aktiwiteite tuis uit te voer, byvoorbeeld om aandete voor te berei en te geniet en gelyktydig ook tuis teenwoordig te wees, veral waar jong kinders ter sprake was.

# HOOFSTUK 7

## DIE VERGESTALTING VAN ART DECO IN SPORT- EN ONTSPANNINGSGEBOUE IN SUID-AFRIKA

### Inleiding

Alhoewel die Art Deco-styl by uitstek in groot openbare staatsgeboue soos byvoorbeeld stadsale en poskantore, groot handelsgeboue en bioskoopteaters gestalte gevind het, het dit ook op vele ander terreine van die argitektuur vergestalt, soos byvoorbeeld in residensiële geboue, veral in woonstelgeboue. Die Art Deco-styl het ook in sport- en ontspanningsgeboue in Suid-Afrika gedurende die 1920's en 1930's neerslag gevind. Daar is heelwat swembaddens en selfs promenades, sowel as klubhuisgeboue in dié styl gebou.


### 7.1 Die Seaviewgetypool en -pawiljoen, Seaview, Port Elizabeth (gesloop) (Sien figuur 7.1)

Die Seaviewhotel is in die 1930's as een van Suid-Afrika se gewildste vakansie-oorde beskou en het gunstig met die internasionale standaard vergelyk (*Eastern Province Annual* 1938:36). Die getypool en eerste fase van die pawiljoen is egter reeds teen 1934 voltooi. Rondawels het in die aanvangsjare akkommodasie aan vakansiegangers gebied. Een advertensie van hierdie oord met sy lieflike getypool, het soos volg gelui: *An invitation*

*of dream-days ... of health-giving holidays ... of contented homes [...]* Spend your holidays at Seaview, where accommodation is provided in comfortable rondavels (*Eastern Province Annual* 1936:58; Harradine 1995:211). Die hotel is in 1938 voltooi. Dit is deur Herbert Hastings McWilliams van die Port Elizabethse firma, Jones & McWilliams, ontwerp (*Architect Builder & Engineer* Januarie 1936:7; Harradine 1995:211; Humphrey 1987:11). Die Seaviewgetypoel was 'n uitstekende voorbeeld van *streamlined deco* en was van gewapende beton (Cumming-George 1934:88). Volgens verskeie bronne was dit die mooiste getyswembad in Suid-Afrika (*Eastern Province Annual* 1938:g.b.; *Eastern Province Annual* 1941:g.b.), en 'n gerekende konstruksie wat internasionale erkenning ontvang het toe dit in die Franse argitektuurtydskrif, *L'Architecture d' Aujour'hui*, gemeld is. Dit is 'n bewys dat daar in Suid-Afrika met nuwe internasionale neigings tred gehou is (Humphrey 1987:11). Uit die bronne kon sekere afleidings gemaak word. In die ontwerp van die pawiljoen het Art Deco-horisontaliteit duidelik na vore gekom in die reeks terrasse met hul suiwer horisontale vorm. Die trapsgewyse terugplasing van die drie terrasse het die Art Deco-karakter onderskryf. Die terrasse het 'n duidelike ooreenkoms met die dekke van 'n groot boot getoon.

Die keermuur is 3vt (0.94m) dik ontwerp omdat dit baie sterk moes wees, aangesien die golwe met hoogwater daarteen gebreek het. In hierdie pawiljoen was genoeg kleedkamers om een honderd en sestig mans en vrouens te akkommodeer (Cumming-George 1934:88). Die horisontale balustrades wat in vrolike kleure geverf was, het definisie aan die terrasse gegee (Duncan Brown 1991:96; Humphrey 1986:11). Die see-karakter van die struktuur word versterk deur die patryspoortvensters wat in 'n horisontale lyn oor die tweede terras geplaas is (*Architect Builder & Engineer* Januarie 1936:7; Duncan Brown 1991:96; *Eastern Province Annual* 1936:58; *Eastern Province Annual* 1941:g.b.; Humphrey 1986:11). Die mure van die pawiljoen was kurkkleurig gekalk (*distempered*), waarteen die chroomrelings wat met 'n geel emalje-verf (*enamel paint*) afgerond was, aantreklik vertoon het (*Architect Builder & Engineer* Januarie 1936:7). Uit die bestudering van bogenoemde bronne is die gevolgtrekking gemaak dat dié Art Deco-karakter nog verder beklemtoon is deur die kleurvolle en vrolike gestileerde betonsambrele, wat byna soos

paddastoele vertoon het. Die onderkante van die betonsambrele is met kleurvolle geglasuurde teëls afgerond. Die vlagpale wat in die ontwerp geïnkorporeer was, het waardigheid en feestelikheid aan die komposisie verskaf.



Figuur 7.1 Seaviewgetypool (*AB & E* Januarie 1936)


Die area rondom die swembad, sowel as die terrasse, was afwisselend met blou en room betonblaaië geplavei. Die vloer van die swembad was op dieselfde wyse afgerond. Die see-end van die swembad was met 'n reeks openinge en blaaspype ontwerp, sodat die water van die brekende branders 20vt (6.30m) hoog in die lug opgespuit kon word (Cumming-George 1934:38). Die spuitende water en die kleurvolle opblaasmatrasse en opgeblaasde diere het 'n ontspanne atmosfeer geskep. Die swembad was met 'n plasdamp ontwerp om kinders se veiligheid te verseker (*Eastern Province Annual* 1938:g.b.; *Eastern Province Annual* 1941:g.b.).

Hierdie swembad was voorwaar 'n voorbeeld van ontspanningsargitektuur en is soos volg in 1941 geadverteer: *With pride we invite you to come and find relaxation at Seaview, rightly named the Lido of South Africa [...]. Here you will always find a happy holiday crowd lazily sunning themselves under gaily coloured sunshades, or merrily disporting*

*themselves in the water* (*Eastern Province Annual* 1941:g.b.). Van die eens gewilde getyswembad en pawiljoen is daar tans slegs dele van die fondament sigbaar.

## 7.2 St George'sswembad, St George'spark, Port Elizabeth (bestaan steeds) (Sien figuur 7.2a, 7.2b)

Die St George'sswembad is op Vrydag 12 November 1937 plegtig deur die burgemeester van Port Elizabeth, WC Adcock, geopen. Die burgemeester was in sy ampsgewaad geklee en het 'n goue sleutel van JA Andrews, 'n verteenwoordiger van die bouaannemers, Murray & Stewart (Pty) Ltd, ontvang, waarmee die hekke oopgesluit is (*Port Elizabeth Advertiser* 16/11/1937:5). Met dié geleentheid het Braams die Suid-Afrikaanse swemunie se gelukwensing en waardering aan die stadsraad van Port Elizabeth oorgedra en gemeld dat St George'sswembad as die beste in Suid-Afrika beskou word (*Port Elizabeth Advertiser* 16/11/1937:5). Die Suid-Afrikaanse proewe het in November 1937 in die nuwe swembad plaasgevind (*Port Elizabeth Advertiser* 16/11/1937:5).




Figuur 7.2 St George'sswembad (Harradine 1995)

St George'sswembad is in die historiese St George'spark geleë en is soos volg beskryf: *St George's Swimming Bath, the gem of South African swimming baths, which is situated in St George's Park, is one of the most beautiful in the country, and it's worth travelling miles to look at, even if one is not a swimmer!* (*Port Elizabeth Advertiser* 30/12/1938:3). Die sentrale gebou het 'n rofkasafwerking en die ontwerp spreek van eenvoud. Die volgende ontleding en gevolgtrekkings is van dié swembad gemaak: Die fasade is in drie vakke verdeel, naamlik 'n sentrale vak gevleuel deur twee syvakke met geronde hoeke. Suiwer Art Deco-simmetrie kom duidelik in die eenvoudige fasade na vore. Die sentrale vak is 'n uitspringende vak met geronde hoeke. Die ontwerp is blokvormig en vanweë die platdak is die komposisie horisontaal georiënteer. Art Deco-vertikaliteit kom wel na vore in die syvakke waar kort vertikale vinne oor die vensteropeninge geplaas is.

'n Paar trappe lei na die ingang, wat sentraal in die sentrale vak geplaas is. Met die binnegaan van die gebou word 'n ingangsportaal betree. Links van die portaal is 'n kombuis en teekamer ontwerp, terwyl 'n komitee- en pakkamer aan die regterkant van die portaal geplaas is (*Port Elizabeth Advertiser* 16/11/1937:5). Daar is ook vir kleedkamers van albei geslagte in die syvleuels voorsiening gemaak. Aan die einde van die regtervleuel is daar vir 'n kamer met 'n filtreeraanleg voorsiening gemaak. Die regtervleuel eindig in twee klubkamers vir dames (*Port Elizabeth Herald* 7/2/1936:g.b.; *Port Elizabeth Advertiser* 16/11/1937:5). Deur die portaal stap die besoeker op 'n geplaveide paadjie wat deur grasperke en blombakke gevleuel is, tot by 'n fontein (*Port Elizabeth Advertiser* 30/12/1938:3; *United South African Annual* 1939:41). Vandaar lei die paadjie in twee rigtings tot by die swembad (*Eastern Province Herald* 7/12/1936:g.b.; Van der Linde 10/6/1999:besigtiging en ondersoek).

Die hoofswembad was 150vt (47.23m) lank en 50vt (15.74m) breed. Die hoofduikplank is met 'n baie aantreklike vinagtige ronding ontwerp en van 'n geronde skeepsreling voorsien. Die bokant/rugkant van hierdie geronde vinvorm vorm die trap wat 'n saagtand-of sigsageffek het (*Cape Times Annual* 1939:94; *Eastern Province Annual* 1938:g.b.; *Eastern Province* 7/2/1936:g.b.; *United South African Annual* 1939:29). 'n Groot

pawiljoen is ontwerp om aan 1086 mense sitplek te bied en het 'n goeie uitsig oor die swembad. Dit is 'n gewapende betonkonstruksie met 'n vrydraende betondak, wat met 'n ronding by die pawiljoen aansluit. Die lyn wat deur die pawiljoendak gevorm word, sluit aan by dié van die duikplank (*Cape Times Annual* 1939:94; *Eastern Province Annual* 1938:g.b.; *Port Elizabeth Advertiser* 30/12/1938:3; *United South African Annual* 1939:29). Daar is 'n sentrale ingang in die basis van die pawiljoen geplaas, wat tot 'n lokaal met stoombaddens gelei het. Daar was 'n opgeleide masseur wat sy professionele diens aangebied het (*Port Elizabeth Advertiser* 16/11/1937:5; *Port Elizabeth Advertiser* 30/12/1938:3). Daar is ook vir toiletgeriewe, 'n elektriese substasie en 'n noodhulpkamer onder die pawiljoen voorsiening gemaak (*Port Elizabeth Advertiser* 16/11/1937:5). Klublokale vir mans is aan albei kante van die pawiljoen geplaas. Die swembad is deur die afdeling van die stadsingenieur van Port Elizabeth ontwerp. Geo Begg was die stadsingenieur, terwyl Murray & Stewart (Pty) Ltd die bouaannemers was (*Port Elizabeth Advertiser* 16/11/1937:5).



Figuur 7.2b St George'sswembad – duikplank (*Go-Ahead Port Elizabeth* 1948/1949)

Hierdie swembad is steeds in gebruik en alhoewel dit nie meer vir Suid-Afrikaanse proewe gebruik word nie, vind skoolgala's nog daar plaas. Die fasade is ietwat verander. Die



vertikale vinne het byvoorbeeld nie behoue gebly nie (Van der Linde 10/6/1999:besigtiging en ondersoek).

### 7.3 Die McArthurswembad, Beachweg, Port Elizabeth (bestaan steeds)

(Sien figuur 7.3a, 7.3b)


Die McArthurswembad is vanaf 1935 beplan en ontwerp, maar eers in 1952 voltooi (Harradine 1999:onderhoud). Dit was die ontwerp van Eric Vos, 'n jong argitek in diens van die Port Elizabethse Munisipaliteit. Dié swembad is 'n voorbeeld van *Streamlined Deco* (Duncan Brown 1991:96).



Figuur 7.3a: Mc Arthur swembad, Port Elizabeth – fasade (Van der Linde 1999:fotoreeks)

Na 'n besigtiging van die gebou en die bestudering van bogenoemde bron, sowel as die *Eastern Province Herald* van 8/2/1936, is die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekking gemaak: Die straatfasade getuig van suiwer Art Deco-simmetrie. Die fasade is in drie vakke verdeel. Die sentrale vak is 'n uitspringende vak wat prominent is en die fokuspunt van die andersins eenvoudige fasade vorm. Die Art Deco-trapvorm word in die sentrale vak aangetref, aangesien dié geronde uitspringende vak ook hoër as die daklyn ontwerp is en met 'n verdere sentrale getrapte daklyn bo die ingang afgerond is. Die ingang word deur die stadswaapen, wat daar bo dit geplaas is, beklemtoon.

Kenmerkend van Art Deco-ingange is daar 'n geronde sentrale betonkap oor die ingang geplaas, wat Art Deco-horisontaliteit beklemtoon. Die horisontale gevoel van die fasade word deur die platdak bevorder en word verder beklemtoon deur die horisontale geprofileerde Art Deco-venne, wat hoog teen die syvakke geplaas is en om die geronde hoeke gebruik is. Die geronde mure van die sentrale vak, sowel as die geronde hoeke waarmee die fasade afgerond is, gee aan die gebou sy stroombelynde voorkoms (Van der Linde 12/6/1999:besigtiging en ondersoek). Patryspoortvensters, wat kenmerkend van die Art Deco-styl is, is in die ontwerp van die McArthurswembad gebruik, wat die see-skeeps karakter van die struktuur onderskryf. Aan albei kante van die ingang is drie patryspoortvensters geplaas. Op die syfasade van die gebou is 'n verdere reeks van ses patryspoortvensters geplaas. Die Art Deco-vlagpale wat hoog teen die fasade van die sentrale vak geplaas is, gee aan die gebou 'n waardigheid en dra terselfdertyd by tot 'n feestelike vakansie-atmosfeer (Van der Linde 12/6/1999:besigtiging en ondersoek).



Figuur 7.3b McArthurswembad in 1954 (PE Stadsbiblioteek:fotoversameling)

Die gebou bestaan uit 'n sentrale portaal en kleedkamers. Vroeër jare het die een syvleuel 'n kantoor vir lewensredders ingesluit. Besoekers kan vanaf dié portaal by 'n deur uitstap en met 'n geronde stel simmetriese trappe die swembad-area bereik. In die oorspronklike ontwerp was die binneruimte/swembad-area simmetries. Die geronde vorm is herhaaldelik aangewend, wat die vaartbelynde voorkoms van die swembad beklemtoon. Daar is

voorsiening gemaak vir 'n geronde kinderswembad met 'n geronde swembad-area daarnaas. Die hoofswembad is reghoekig, maar is met geronde mure aan die bo- en onderpunt afgerond, sodat dit soos die boeg van 'n skip met 'n dekswembad lyk. Een van die ontwerpvoorstelle was dat daar aan die een kant van die swembad 'n skoorsteenvormige struktuur met 'n spiraalvormige trap wat as duikplattvorm kon dien, opgerig moes word. Dit sou sterk met die skoorsteen van 'n skip ooreenstem en dus die skeepsvoorkoms aansienlik verhoog (Duncan Brown 1991:96; *Eastern Province Herald* 8/2/1936:g.b.). Die skoorsteenagtige struktuur is egter nie in die finale plan geïnkorporeer nie. Die breekwatermuur is 'n dik stewige muur wat oorspronklik met 'n skeepsrelingbalustrade ontwerp is, wat die skeepsvoorkoms verhoog het (*Eastern Province Herald* 8/2/1936:g.b.; Van der Linde 12/6/1999:besigtiging en ondersoek).

Die Art Deco-trapvorm is herhaaldelik in die ontwerp aangewend. Die sentrale gebou het verskeie platdakke wat trapvormig op mekaar volg. Twee stappe het oorspronklik na die vlak van die swembad neergedaal, wat ook die trapvorm beklemtoon het. Die sykante van die omringende muur is ook trapvormig ontwerp. Die keermuur is 'n dik stewige muur wat met trapvormige Art Deco-pilasters versterk en afgerond is.

Die McArthurswembad bestaan nog steeds en is in volle gebruik. Die vorm en posisie van die swembaddens, sowel as die uitleg van die swem- en ontspanningsarea is wel met die jare gewysig. Vakansiegangers uit al die dele van Suid-Afrika kom nog steeds Port Elizabeth se strand geniet en die McArthurswembad is een van die vele gewilde fasiliteite wat tot hulle beskikking is.

#### **7.4 Die Zwartkops-seiljagklubhuis, Rivieroewer, Zwartkops, Port Elizabeth (bestaan steeds) (Sien figuur 7.4)**

Die Zwartkops-seiljagklubhuis is in 1931 deur Herbert McWilliams van die plaaslike firma, Jones & McWilliams ontwerp en in 1933 deur die bouaannemers Rapp & Powell voltooi (Duncan-Brown 1991:87-88; *Eastern Province Herald* 8/3/1984:16). Herbert

McWilliams se verbintenis met die see en watersport het sy vroeëre werke, in die besonder die Zwartkops-seiljagklubhuis, beïnvloed (Duncan-Brown 1991:88). Hy was 'n Springbokseiljagvaarder wat Suid-Afrika in die 1948-Olimpiese Spele verteenwoordig het (*Eastern Province Herald* 8/3/1984:16). Die opening van die klubhuis is deur die burgemeester, Millard, waargeneem (Harradine 1995:187). Op 12 Mei 1934 was die klub vyftig jaar oud en is die nuwe klubhuis vir 'n tweede keer amptelik geopen. Admiraal Edward Ratcliffe Evans het dié opening waargeneem (*Eastern Province Herald* 14/5/1935:g.b.). Hy het tydens dié geleentheid die vlag van die Discovery II, die skip waarmee Robert Falcon Scott en sy geselskap op die ekspedisie na die Suidpool gereis het en wat in 'n tragedie geëindig het, aan die klub oorhandig. Dit was 'n wonderwerk dat Evans en sy geselskap 'n gewisse dood ontkom het. Na afloop van die ramp, was hy die bevelvoerder tydens die terugreis vanaf die Suidpool. Die beroemde vlag is geraam en neem steeds 'n ereplek in die klubhuis in. Daar is ook 'n gedenkplaat in die klubhuis opgerig, wat die opening van die klubhuis deur die beroemde Admiraal Evans, later Lord Mountevans, gedenk en ook sy verbintenis met die beroemde vlag uitspel (*PE Express* 10/7/1985:g.b.).

Die klubhuis was 'n uitbreiding en herontwerp van 'n ou huis. McWilliams het dit in die vorm van 'n boot ontwerp, wat baie gepas was om as klubhuis vir 'n seiljagklub teenaan die waterfront te dien. Die klubhuis is soos volg beskryf: *The river-bank ship - a fully equipped concrete ship on land* (*Eastern Province Annual* 1937:47). Dié ontwerp toon 'n ooreenkoms met die *Palais de La Méditerranée* (1927 – 1928) in Nice wat deur Charles Dalmas ontwerp is (Bayer 1992:163).



Figuur 7.4 Swartkops-seiljagklubhuis (*Eastern Province Annual* 1937)

Dit is 'n goeie voorbeeld van die gestileerde benadering wat McWilliams gehad het (Duncan-Brown 1991:88). Die klubhuis het in beton die vorm van 'n boot met dekke, 'n maspaal, skeepsrelings, 'n bootskoorsteen, reddingsgordels, dektrappe en patryspoortvensters aangeneem. Oor die bootontwerp van die klubhuis het McWilliams hom jare later soos volg uitgespreek: ... *it seemed like a good idea at the time* (*Eastern Province Herald* 3/2/1984:g.b.; Humphrey 1986:11).


Die ontwerp van Swartkops se seiljagklubhuis is dus 'n goeie voorbeeld van metaforiese argitektuur (Humphrey 1987:11). Die stuurkajuit wat in die ontwerp van die klubhuis geïnkorporeer was, was van die beroemde sleepboot, Sir Frederick, afkomstig, terwyl die skeepstuur wat in die ontwerp ingesluit is, van die Western Knight, wat aan die Port Elizabeth se kus gestrand het, geberg is (*Eastern Province Herald* 8/3/1984:16; Harradine 1995:187). Dit mag wel nie McWilliams se mees inspirerende werk wees nie, maar hy het met dié ontwerp 'n landmerk daargestel wat alombekend is.

### 7.5 **Mill Park-rolbalklubhuis, Collegeweg, Mill Park, Port Elizabeth (bestaan steeds)** (Sien figuur 7.5)

Die Mill Park-rolbalkklub is deur die plaaslike argitekfirma Siemerink & Brinkman ontwerp en was teen Januarie 1936 reeds in gebruik (*Architect Builder & Engineer* Januarie 1936:25).

Die fasade van die gebou se aantrekkingskrag lê in die eenvoud en in suiwer Art Deco-simmetrie. Oorspronklik was die mure roomkleurig geverf en die houtwerk was 'n suurlemoenkleur. Die vertikale Art Deco-element kom duidelik na vore in die reeks vertikale Art Deco-vinne wat die sentrale fokuspunt van die fasade vorm. Die vinne is met dubbelle glasdeure afgewissel (Van der Linde 19/6/1999:besigtiging en ondersoek).

Art Deco-horisontaliteit kom tot uiting in die reghoekvorm van die fasade, sowel as die breë geronde betonkap wat oor die sentrale vak met sy vinne en glasdeure geplaas is. Die horisontale gevoel van die totale komposisie word verder verhoog deur die geronde stoep wat dieselfde vorm as die betonkap bo die ingang aanneem (Van der Linde 19/6/1999:besigtiging en ondersoek). Die gekurfde ontwerp van die stoep en betonkap wat deur die Art Deco-vinne gedra word, toon Mendelsohn-invloed (Duncan-Brown 1991:103). Die horisontale gevoel is verder deur die afwisselende swart- en -witstrepe waarmee die teëlstoep ontwerp is, verhoog (Brinkman & Siemerink 1935:Plannommer 246/1; Van der Linde 19/6/1999:besigtiging en ondersoek).



Figuur 7.5 Mill Park-rolbalklubhuis (*AB & E* Januarie 1936)

Die borswering van die sentrale vak is effens hoër as die res van die fasade, sodat dit die Art Deco-trapvorm aanneem. Dit verhoog die horisontale gevoel van die fasade. Die hoekvensters wat horisontaal geplaas is, dra tot die horisontaliteit by en weerspieël die Art Deco-karakter van die gebou. Albei die syfasades is met 'n patryspoortvenster afgerond, wat 'n onderskrywing van die Art Deco-karakter van die gebou is. Regs van die gebou is 'n vollengte vlagpaal geplaas, wat die komposisie afrond en waardigheid daaraan verleen (Van der Linde 19/6/1999:besigtiging en ondersoek).

Deur die ingangsdeure word die sitkamer betree. Die linkersypleuel is met 'n manskleedkamer en badkamer, sowel as 'n komiteekamer ontwerp. Die regterpleuel sluit 'n dameskleedkamer en badkamer, sowel as 'n kombuis en stoorkamer in (Brinkman & Siemerink 1935:Plannommer 246/1; Van der Linde 19/6/1999:besigtiging en ondersoek).


Die klubhuis word nog steeds deur die Mill Park-rolbalkklub gebruik, aangesien die klub steeds aktief is. Die klub is trots op hul klubhuis, sowel as hul rolbalbane wat baie goed versorg word.

## 7.6 Zwartkops Mineral Baths en -Sanatorium, Zwartkops, Port Elizabeth (gesloop) (Sien figuur 7.6a, 7.6b)

Die seuns van Oscar Pearson, Nelson Junior (21 jaar) en Scott (19 jaar) het in 1933 Duitsland, Brittanje, Frankryk en Amerika besoek, om kennis oor kruittaddens/badplase, die administrasie daarvan en die ontleding van die water, in te win (Mowbray 1996:39). Die Zwartkopsbadplaas en -sanatorium is deur Gertruida Brinkman van die plaaslike firma Siemerink & Brinkman ontwerp en in Julie 1938 in gebruik geneem (Harradine 1995:211; Mowbray 1996:39). Nelson Pearson was die eienaar. In die Londense tydskrif, *Town and Country News*, het Arnold Richardson die Zwartkopsbadplaas soos volg beskryf: *One of the most effective mineral baths in the world*. Dié Zwartkopsbadplaas was van nature 'n radio-aktiewe staalhoudende bron, terwyl ander wêreldbekende badplase hul water kunsmatig staalhoudend moes maak (*Cape Times Annual* 1939:114; *Eastern Province Annual* 1938:18; *Eastern Province Annual* 1940:g.b.; *Go Ahead Port Elizabeth*-brosjure 1948/1949:131). Teen 130°F was dit ook die warmste staalhoudende bron in die wêreld (*Cape Times Annual* 1939:114; *Eastern Province Annual* 1938:18).

'n Fasade-ontleding en sekere gevolgtrekkings kon uit die bronne gemaak word. Die kompleks het uit verskeie blokke of vleuels bestaan. Die hoofgebou met sy platdak het 'n blokagtige voorkoms gehad. Art Deco-vertikaliteit het sterk na vore gekom in die fasades van die onderskeie blokke/vleuels in die vorm van pilaster-boogvorme wat oor albei die verdiepings van die gebou gestrek het. In die fasade van die hoofgebou was Art Deco-simmetrie duidelik merkbaar. Dié fasade het uit 'n sentrale vak, gevleuel deur twee syvakke, bestaan. Die uitspringende sentrale vak was halvesirkelvormig. Die geprofileerde borswering was sirkelvormig, sodat dit ook vanaf die agterkant van die gebou as 'n halvesirkelvorm waargeneem kon word. Die sentrale vak waarin die ingang tot die hoofgebou geleë was, was 'n beklemtoonde vak. Die halvesirkelvormige dakrand en borswering is deur ses lang Art Deco-vinne/suile gedra. Die vinne was vertikaal geprofileerd.





Figuur 7.6a Zwartkops Mineral Baths, Port Elizabeth (*Eastern Province Annual* 1940)

Die naam Zwartkops Mineral Baths was horisontaal op die ronding bo die ingang aangebring. Die hoofgebou se syvakke was horisontaal georiënteerd. Die twee horisontale syvakke was baie suksesvol deur die geronde sentrale vak waarin vertikale, sowel as horisontale elemente saamgevoeg is, verbind. Die horisontale element is deur die halfronde geprofileerde borswering en 'n horisontaal gepleisterde band bo albei verdiepings afgerond, sowel as deur drie geronde trappe wat tot die ingang gelei het. Dit was deur die vertikaal-geprofileerde suile tot 'n eenheid saamgebund. Die Union Jack, sowel as die destydse Suid-Afrikaanse vlag, het aan vlagpale bo die ingang gewapper. Dit het die nodige statigheid aan die gebou verleen.

Die agtkantige ontvangslokaal wat die Spring Hall genoem is, was 'n besondere en indrukwekkende vertrek. Daar was 'n mooi drinkspruit oor die werklike bron geplaas. Die gevolgtrekking word gemaak dat Art Deco-geometrie in dié ontwerp na vore gekom het. Die drinkspruit, sowel as die voetstuk wat uit twee trappe bestaan het, was agtkantig. Die drinkspruit en voetstuk was van Italiaanse marmer, naamlik Verde Tinos en donkergroen Sweedse marmer (Harradine 1995:211; Mowbray 1996:41). Die vloerontwerp rondom die drinkspruit was ook agtkantig van aard. Die agthoekige bande het uit verskeie donker-en-ligkleurige Italiaanse marmer, naamlik Verde Tinos en San Steffano, bestaan. Die marmerwerk is deur William AH Sharp van Crown Marble Works uitgevoer (Mowbray 1996:41). Die drinkspruit het die fokuspunt in die ontvangslokaal gevorm. Die plafon van die inganglokaal het 'n sirkelvormige opening bokant die

drinkspruit gehad, sodat die inganglokaal en die eerste verdieping aaneengeskakel was. Die breë wand van die opening was vertikaal gegroef, wat 'n geskulpte voorkoms tot gevolg gehad het.



Figuur 7.6b Ingangsportaal met drinkspruit (*Eastern Province Annual 1940*)

Die fasade van die sanatorium/hotel is beklemtoon deur die aanwending van boogvorme. Die ingang was sterker beklemtoon, as gevolg van 'n donker vertikale groefversiering wat aan albei kante van die ingang geplaas is. Dit is verder deur 'n reliëfpaneel bo die ingang en 'n horisontaal-geprofileerde dakrand beklemtoon. Twee vlagpale is hoog teen die fasade bo die ingang geplaas.

Die sanatorium het vyf en dertig kamers gehad, wat enkel- en dubbelkamers, sowel as suites, ingesluit het. Daar was nie minder as vyf en twintig privaatbadkamers nie. Die luukse kamers was almal van radio's, sowel as warm- en kouewater, voorsien. Op die eerste verdieping van die sanatorium was daar meer as een lieflike sonveranda waar besoekers in gerieflike dekstoele die son kon geniet. Die grondvloer het 'n sonveranda gehad, wat oor meer as 100vt (31.49m) gestrek het. Hierdie badplaas is soos volg

beskryf: *South Africa's foremost and only coastal spa*. Die doel van 'n besoek aan die kruidbad en sanatorium was ontspanning en 'n verbeterde gesondheid (*Cape Times Annual* 1939:114; *Eastern Province Annual* 1938:18; *Go Ahead Port Elizabeth*-brosjure 1948/1949:131). Daar is 'n gebalanseerde dieet gevolg wat die beroemde gesondheidskosse van Nelson Pearson ingesluit het (*Eastern Province Annual* 1940:g.b.). Daar was 'n groot eetsaal waar rolprente vertoon is (*Eastern Province Annual* 1938:18).

Die kompleks het 'n groot beskutte warmswembad gehad, wat deur die liggaamstemperatuur-kuurwater van die bron gevul was. Die swembad was deur grasperke omring. Daar was twee tennisbane vir die gebruik van gaste (*Eastern Province Annual* 1938:18; *Eastern Province Annual* 1940:g.b; *Go Ahead Port Elizabeth*-brosjure 1948/1949:131). Daar was vervoer vir gaste beskikbaar om Port Elizabeth se bioskoopteaters of ander vermaaklikhede te besoek.

Die oord het in 1984 vir die publiek verlore gegaan, toe dit deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste gesloop is om plek te maak vir 'n bewaarplek/depot (Harradine 1995:211).

#### **7.7 Die Deutscher Verein-klubhuis, Paul Krugerstraat, Pretoria (bestaan steeds) (Sien figuur 7.7)**

Die Deutscher Vereinklub is reeds in 1888 gestig. Die klubhuis is volgens die hoeksteen in 1933 opgerig. Dit is deur die bekende argitekfirma, Kallenbach, Kennedy & Furner ontwerp (Le Roux 1991:32; RGN Walker:opname).



Figuur 7.7 Deutscher Verein-klubhuis, Pretoria (Le Roux 1991)

Die styl van die enkelverdiepinggebou huiwer tussen die Art Deco- en Internasionale Styl. Daar kan in hierdie geval na 'n Internasionale Deco-styl verwys word. Afgesien daarvan dat dit nie 'n groot gebou is nie, vertoon die gebou tog prominent op die straathoek waar dit staan (RGN Walker:opname). Die gebou is teenaan die sypaadjie geleë (Le Roux 1991:32). Die ingang van die gebou is vanaf Paul Krugerstraat, waar die hooffasade van die gebou gesien kan word. Na 'n bestudering van bogenoemde bronne is die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekkings gemaak: Art Deco-simmetrie is in dié fasade teenwoordig, alhoewel die ingang effens suid op die fasade voorkom. Die voordeur is in die ingang teruggeplaas. Die ingang is op kenmerkende Art Deco-wyse deur modernistiese smeeysterletterwerk beklemtoon, wat die naam van die klub uitspel. 'n Heraldiese versiering is sentraal bo die naam aangebring. Die deur is net bo sypaadjievlak en word deur vyf trappies bereik, wat in die ingangsportiek geplaas is.

Art Deco-vertikaliteit kom tot uiting in die vertikale smal vensters wat simmetries op die fasade voorkom, sowel as in die twee vlagpale wat simmetries aan albei kante van die ingang geplaas is. Die vlagpale dra tot die waardigheid van die gebou by. Horisontaliteit kom duidelik in die geverfde plint/basis en dadolyswerk na vore.

Dié lyswerk kom aaneenlopend onder die vensters voor en is ook tot die spasies bo elke venster, sowel as die ingang, gekonsentreer. Die gevormde/geprofileerde dakrand is donker, in teensteensstelling met die buitemure wat gepleister en lig geverf is. Die dakrand


vorm die borswering waaragter die platdak van die gebou sigbaar is (Le Roux 1991:32; RGN Walker:opname).

Die eksterieur van die gebou het redelik goed behoue gebly, maar die interieur is heelwat verander deur vals plafonne en matte wat oor die oorspronklike houtblokkiesvloere geplaas is (Le Roux 1991:32; RGN Walker:opname). Hierdie klubhuis word steeds deur die Duitse gemeenskap van Pretoria gebruik as 'n plek van samesyn en ontspanning.

### **7.8 Die Johannesburg Country Club, Aucklandpark, Johannesburg (bestaan steeds) (Sien figuur 7.8)**

Die Johannesburg Country Club se klubhuis is stuksgewys tussen die jare 1911 en 1938 gebou. Die klub het 'n eetkamer wat in 1960 deur die Port Elizabethse argitekfirma, Jones, McWilliams & Grosse ontwerp is (Chipkin 1993:97-99). Dit is in die Art Deco-styl ontwerp om aan te pas by die aangrensende gedeeltes van die klub wat in die 1930's gebou is.

Herbert McWilliams het met 'n aantal van sy ontwerpe metafories te werk gegaan, soos reeds genoem in die geval die Zwartkops-seiljagklubhuis. Met die ontwerp van die eetkamer van die Johannesburg Country Club, is daar gepoog om die gees en atmosfeer van die Art Deco-oseaanreus te skep en weer te gee (Chipkin 1993:97-99). Die veselpleisterplafon is 'n skouspelagtige Art Deco-ontwerp. Die sirkelvorm is herhaaldelik in die plafonontwerp aangewend om die lugreëlingstelsel sowel as die beligting doeltreffend, dog esteties te akkommodeer. Dit is 'n onderskrywing van Art Deco-geometrie. Die Art Deco-karakter kom ook in die groot koepelmuur van die komvenster na vore.



Figuur 7.8 Johannesburg Country Club – interieur van eetkamer (Chipkin 1993)

Die Johannesburg Country Club se klubhuis bestaan nog en word gebruik, aangesien dit nog steeds 'n aktiewe klub is.


#### **7.9 Die Studente-klubhuis van die Tegniese Kollege, Durban (gesloop)** (Sien figuur 7.9)

Die Studente-klubhuis van die Tegniese Kollege in Durban dateer uit 1938. Dit was die ontwerp van Ing. Jackson & Park-Ross. Die ontwerp was die eerste Durbanse bouwerk wat van funksionalisme gespreek het. Dit was dus 'n toonaangewende werk wat 'n nuwe rigting in argitektuur aangedui het (Greig 1971:109).

Dié ontwerp van Ing. Jackson & Park-Ross dui op 'n Dudok-invloed (Fransen 1981:158; Greig 1971:64). Die kollege-klubhuis kan met die ontwerpe van Dudok in Hilversum vergelyk word. Net soos in Hilversum het die argitekthe van die kollege-klubhuis in Durban vertikale en horisontale elemente saamgevoeg om 'n harmonieuse komposisie te skep. In albei gevalle is van groot oppervlakte siersteen gebruik gemaak.

Die studente-klubhuis van die Tegniese Kollege in Durban is 'n reghoekige bruin siersteengebou. Die fasade bestaan uit verskeie reghoekige vakke. Smal vertikale

venstervakke is afwisselend tussen die onderskeie siersteenvakke geplaas en beklemtoon vertikaliteit. Die toringvak is 'n smal uitgebreide vak waarin Art Deco-vertikaliteit duidelik deur die vertikale lyne beklemtoon word. Die Art Deco-karakter van die gebou word verder deur die patryspoortventers onderskryf.



Figuur 7.9 Studente-klubhuis van Tegniese Kollege, Durban (Greig 1971)

Die geronde hoeke van die klubhuis wyk wel ietwat van die ontwerp van Dudok se stadshuis in Hilversum, wat uit verskeie blokvorms opgebou is, af. Die klubhuis se geronde hoeke gee 'n meer vaartbelynde voorkoms daaraan en het 'n versagtende effek op die anders strak ontwerp. Die horisontale geronde betonkap waarmee die dak afgerond is, dra tot die vaartbelynde voorkoms by.

Die klubhuisgebou is 'n suksesvolle samevoeging van verskeie eenvoudige geometriese vorms (Greig 1971:109). Dié bouwerk is 'n getuigenis van nuwe grond wat op die gebied van argitektuur betree is en 'n aanduiding dat Suid-Afrikaanse argitekte die internasionale boutrant gevolg het.

### 7.10 Art Deco-promenades en -pawiljoene

Die steeds bestaande promenade by Humewoodstrand in Port Elizabeth en die destydse promenade by Muizenbergstrand naby Kaapstad, is albei met kenmerkende Art Deco-

stylelemente ontwerp. Die Art Deco-chevronpatroon is dubbeld aangewend, sodat dit 'n diamantvormige versieringsmotief vorm. Albei hierdie strukture is deurgaans met pilare/suile versterk. Murray & Stewart was die verantwoordelike ingenieurs en kontrakteurs wat vir die oprigting van dié Princess- en Muizenbergpromenades verantwoordelik was (*Architect Builder & Engineer* Augustus 1929:4).

### **7.10.1 Princesspromenade, Humewood, Port Elizabeth c1923 (bestaan steeds)**

(Sien figuur 7.10.1)

Die Princesspromenade by Humewood, Port Elizabeth, is op 6 November 1923 deur Princess Arthur Connaught geopen. Die amptelike opening het onder die promenadekoepel plaasgevind. Die promenadekoepel is deur die assistent-stadsingenieur, JJ Burt, ontwerp. Dié koepel is alombekend as die Tin Hat, omdat die vorm daarvan met dié van 'n Eerste Wêreldoorlog-helm van 'n Britse soldaat ooreenstem. Die bronsplaat ter herdenking van die geleentheid is deur J Gardner ontwerp en onder die koepel opgerig. Onder die koepel is bankies in 'n seshoekvorm ontwerp, waarop mense kan sit en ontspan (*De Goede Hoop* 15/8/1927:56; Harradine 1995:159; Van der Linde 12/6/1999:besigtiging en ondersoek).

Die promenade word deur die Art Deco-chevronpatroon, wat tweevoudig aangewend is, gekenmerk sodat die versiering 'n diamantvorm aanneem. Die Princesspromenade is met verskeie uitspringende vakke gebou, wat as uitkykareas dien. Elke uitspringende vak is met 'n bankie toegerus, waar mense kan rus en oor die see staar. Vanaf hierdie areas kan daar met simmetriese trappe in teenoorgestelde rigtings na die strand afgestap word. Die ontwerp is sprekend van Art Deco-geometrie en -simmetrie. Die struktuur, wat stuksgewys oor die jare opgerig is, word deur modernistiese suile gedra. Dit vorm 'n tipe veranda wat koelte bied aan diegene wat beskerming teen die son soek. Die dubbelverdieping geometries-georiënteerde Humewoodkafee, wat later tot die Palmgrove herdoop is, met sy boogvormige fasade en koepelvormige daklyn het in die agtergrond met die promenade geharmonieer. Die gesamentlike effek het 'n feestelike vakansie-atmosfeer geskep.






Figuur 7.10.1 Princesspromenade, Port Elizabeth (*De Goede Hoop* 15/8/1927)

Na die groot vloed in Port Elizabeth in 1968 is die Palmgrove in so 'n mate beskadig, dat dit gesloop is (*Eastern Province Annual* 1940:g.b.; Harradine 15/6/99:onderhoud).

### 7.10.2 Die Strandpawiljoen en -pier c1926 (gesloop) (Sien figuur 7.10.2)

Die swempawiljoen en pier wat by Die Strand, 33 myl (43.89km) van Kaapstad af gebou is, was letterlik deur seewater omring. Die pawiljoen en pier wat deur die Munisipaliteit van die Strand opgerig is, het ongeveer £25 000 gekos. Die fasiliteit is soos volg beskryf: *This addition to the town's amenities provides not only a material adornment of the beach, but gives visitors such pleasures in every phase of accommodation, refreshment and recreation that the Strand has more than ever become a holiday resort where modernity of service combines with serenity of scene and variety of pleasure* (*The Cape Peninsula Brochure* 1926:7). Na die bestudering van genoemde bronne, sowel as 'n illustrasie op bladsy 56 van *De Goede Hoop*, 15/8/1927, is die volgende gevolgtrekking gemaak: Die pawiljoen en pier was van gewapende beton en op dieselfde wyse as die ander promenades gebou. Die boogvorm, sowel as silindriese suile het 'n prominente rol in die ontwerp gespeel. Die pladdakgang het uit drie boogvorme bestaan. Voetgangers kon langs 'n pier wat op suile rus, tot by die pladdakpawiljoen met sy klein getrapte driehoekgewel stap. 'n Sentrale Art Deco-vlagpaal het bo die gewel uitgestyg. Dit het 'n feestelike vakansie-atmosfeer geskep, maar terselfdertyd ook van waardigheid gespreek. Dié pawiljoen is met 'n pladdakveranda ontwerp, wat deur modernistiese suilpare gedra

is. Die struktuur is gesloop en daar is geen verband met die nuwe pawiljoen wat by Die Strand opgerig is nie (McGillivray 9/4/1998:brief).




Figuur 7.10.2 Strandpawiljoen (*De Goede Hoop* 15/7/1927)

Duisende vakansiegangers het dit jaarliks geniet om langs hierdie promenades, waar die Art Deco-styl ook neerslag gevind het, te stap, te ontspan en tyd te verwyl.

### 7.10.3 Muizenbergpromenade c1927 en pawiljoen (gesloop)


(Sien figuur 7.10.3a, 7.10.3b)

Die pawiljoen en promenade by Muizenberg is ontwerp om oor die uitgestrekte strand met 'n ronding te strek (*Architect Builder & Engineer* Augustus 1929:4). Net soos in die geval van die Princesspromenade, is die dubbele Art Deco-chevronpatroon in die ontwerp aangewend. Uitspringende uitkykareas wat onder staandakke is, het in die ontwerp voorgekom. Vir albei die genoemde promenades is gewapende beton gebruik (*Architect Builder & Engineer* Augustus 1929:4).



Figuur 7.10.3a Muizenbergpromenade (AB & E Augustus 1929)

Art Deco-vertikaliteit het in die seefasade van die pawiljoen na vore gekom in die reeks reghoekige suile, sowel as in die boogvorme en torings van die sentrale vak, met hul patryspoortvensters. Art Deco-horisontaliteit is deur die horisontale lyne beklemtoon wat deur die verskillende vlakke gevorm is, sowel as die kontrasterende lig-en-donker horisontale versierings van die hoektorings (*Cape Times Annual 1935:13*). Dié pawiljoen wat uit verskeie vlakke bestaan het, het by die promenade aangesluit en 'n groot deel van Muizenbergstrand, met sy groot area betonplaveisel en sy lang promenade, ingeneem (Rosenthal 1948:39). Dié oorspronklike pawiljoen en promenade bestaan nie meer nie (McGillivray 9/4/1998:brief).



Figuur 7.10.3b Muizenbergpawiljoen (*Cape Times Annual 1935*)

### **Gevolgtrekking**

Die Art Deco-styl het in 'n mindere mate in sport- en ontspanningsboue, as in groot openbare en handelsgeboue vergestalt. Tog is daar goeie voorbeelde van die aanwending van die Art Deco-styl in swembaddens, klubhuise en selfs promenades in Suid-Afrika. Dit blyk dat dieselfde tipiese Art Deco-kenmerke wat in andersoortige geboue voorkom, ook by hierdie sport- en ontspanningsgeboue aangewend is. Wat wel opval is dat horisontaliteit by hierdie geboue meer beklemtoon word as vertikaliteit, omdat die geboue nie so hoog is nie. Een van die moontlike redes waarom klubhuise horisontaal ontwerp is, is omdat dit vir 'n eksklusiewe groep bedoel is en 'n hoë gebou onnodig is. Indien 'n gebou op horisontale vlak ontwerp is, is daar ook 'n meer intieme kontak tussen gebou en mens en skep dit ook 'n meer persoonlike en ontspanne atmosfeer wat by dié spesifieke omstandighede pas. Openbare swembaddens beslaan 'n groot oppervlakte en omgrens gewoonlik 'n groot deel van die swembadarea. 'n Horisontale gebou is dus funksioneel aangesien dit dikwels beskerming teen die wind bied en terselfdertyd 'n gebalanseerde ontwerp tot gevolg het.

## HOOFSTUK 8


# DIE VERGESTALTING VAN ART DECO IN KERKLIKE GEBOUE IN SUID-AFRIKA

### Inleiding


In die 19de en vroeg 20ste eeu is kerke in Suid-Afrika hoofsaaklik in die Neo-Geotiese styl gebou. In Johannesburg en ook in die res van Suid-Afrika het Afrikaanse kerkgeboue in die 1930's 'n moderne trant gevolg (Van der Waal 1984:284). Daar is veral baie NG-Kerkgeboue, met ander woorde Afrikaanse kerke, opgerig waarin Art Deco-elemente in die ontwerpe vervat is, sodat daar van Boere Deco gepraat kan word (Van Graan 25/11/1997:brief). Die mees toonaangewende argitekte in Suid-Afrika gedurende die 1920's en 1930's wat kerkargitektuur betref, was Wynand Louw van die firma Louw & Louw in Kaapstad en Gerard Moerdyk wat vir meer as vyftig kerke verantwoordelik was. Geers & Geers van Johannesburg was ook argitekte wat hul stempel op kerkargitektuur in Suid-Afrika afgedruk het (Van Niekerk 1950:475).

In Europa en Noord-Amerika is daar heelwat kerke in *le style moderne* in die 1920's en 1930's opgerig. Christelike simbole en figure is in die Art Deco-idioom ontwerp. In Frankryk het dié era se kerke hul oorsprong in die Gotiese en Romaanse styl gehad, maar Art Deco-elemente was ook daarin vervat. Die argitek Auguste Perret (1874-1954) het Art Deco-kerke ontwerp wat op tradisionele vorms gebaseer was, maar waarin duidelike Art Deco-kenmerke tot uiting gekom het in die vorm van nuwe materiale, laagreliefwerk en ongewone simboliese ontwerpe. Sy ontwerp van die Notre Dame Le Raincy (1922 - 1925) in Parys spreek van Art Deco-geometrie waarin die sirkel-, diamant-, vierkant- en driehoekvorm vervat is (Bayer 1992:195,199). (Sien figuur 8a) Een van die mees

invloedryke bouwerke van dié era is die Grundtvig-kerk in Kopenhagen wat deur PV Jensen-Klint ontwerp is. (Sien figuur 8b) Daar is in 1918 met die bouwerk begin, maar dit is eers in 1940 deur sy seun Kaare voltooi wat sy vader se plek in 1930 na dié se afsterwe ingeneem het. Die bouwerk neem die gewilde Art Deco-ziggoeratvorm aan en is 'n toonbeeld van geometriese Art Deco-versiering. Die trapvorm speel 'n prominente rol in die afronding van die fasade (Bayer 1992:195,201).



Figuur 8a Le Raincy, Parys  
(Bayer 1992)




Figuur 8b Grundtvig, Kopenhagen  
(Bayer 1992)

In Engeland is daar ook in die toepaslike periode moderne kerke gebou waarin Art Deco-vertikaliteit sterk na vore gekom het, byvoorbeeld St Saviour-kerk in Eltham, Kent (1932-1933) wat deur Welch, Cachemaille-Day & Lander ontwerp is en St Nicholas in Burnage, Manchester (1932) deur dieselfde argitek. Laasgenoemde kerk het 'n kubistiese toring met vertikale bande (Bayer 1992:195).

Daar is heelwat kerke in die 1920's en 1930's in Noord-Amerika gebou waarin Gotiese, sowel as Art Deco-elemente vervat is. Voorbeelde daarvan is die Mormoonse kerk in

Cardston, Alberta, Kanada (c.1931) deur Robert B Stacy-Judd en die St James Anglikaanse kerk in Vancouver (1935-1937) deur Adrian Gilbert Scott. Laasgenoemde was 'n hoekige trapvormige struktuur met 'n piramidiese dak wat sterk aan 'n Manhattan-wolkekrabber herinner (Bayer 1992:196,203). Robert B Stacy-Judd het die baie bekende First Baptist Church in Kalifornië (1929 - 1930) met 'n trapvormige sentrale toringvak ontwerp, wat deur die ziggoeratvorm en die ontwerp van die Grundtvig-kerk in Kopenhagen beïnvloed is. (Sien figuur 8c) Art Deco-kerke het verskillende gedaantes aangeneem. In Noord-Amerika het dit gewissel van kerke waar Art Deco met klassieke elemente vermeng is, tot dramatiese ontwerpe waarin Spaans Koloniale en Art Deco-elemente saamgevoeg is (Bayer 1992:202-203).



Figuur 8c First Baptist Church, Ventura, Kalifornië (Bayer 1992)


### **8.1 NG Kerk Irene (tans NG Kerk Johannesburg-Oos), Pleinstraat, Johannesburg (bestaan steeds) (Sien figuur 8.1)**

Dié kerkgebou wat van 1932 tot 1933 opgerig is, was die ontwerp van die argitek Herold Porter. Die bouaannemers was DF Corlett (Pty) Ltd (*The South African Builder Supplement* April 1935:xlvi).

Met die ontwerp van Irenekerk het Harold Porter 'n progressiewe moderne benadering gevolg. Die kerk, met sy kerkkantoor en kategeselokale is effens op die terrein

teruggeplaas. Met die vorm en plasing van genoemde geboue is daar deeglik vir 'n gemeenskapslewe voorsiening gemaak. Die kerkgebou met die bykomstige geboue het lossers in die omgewing gestaan as die tradisionele Engelse kerkgeboue, soos byvoorbeeld St Marykatedraal, Hoekstraat, Johannesburg (Van der Waal 1986:194-195). Die feit dat die gebou as 'n plek van aanbidding raakgesien word, is aan die prominente reghoekige toring wat bo die ingang verrys, te danke (Van der Waal 1986:195).

Na die bestudering van bogenoemde bronne is die volgende gevolgtrekkings gemaak: Die ontwerp en vorm van die gebou getuig van 'n modernistiese benadering. Volgens Van der Waal is die enigste verwysing na historiese style die Romaanse boogvorme wat in die vensters voorkom, sowel as die korbelys wat in die dakrand vervat is. Art Deco-geometrie word in die agtkantige gebou met sy platdak, reghoekige narteksblok en toring gevind, waarin spaarsamige ornament vervat is. Vir die sokkel en galmgate van die vierkantige toring is goudkleurige sierstene gebruik, wat eintlik eers in die laat 1930's en 1940's gewild geraak het (Van der Waal 1986:195-196).



Figuur 8.1a NG Kerk Irene (Cumming-George 1934)



In 1935 is woonstelgeboue rondom Irenekerk opgerig. Die woonstelle is in opdrag van die kerk deur dieselfde argitek, Harold Porter, ontwerp en deur DF Corlett (Pty) Ltd gebou. Die ontwerp van die platdak-woonstelblokke het by dié van die kerk aangesluit. Die twee blokke is deur 'n breë boogvormige brug, reg voor die kerkingang verbind, wat 'n gewaagde maar geslaagde wyse was om die verbinding uit te voer en 'n geheelbeeld te verkry (*The South African Builder Supplement* April 1935:xlvi; Van der Waal 1986:196). Art Deco-vertikaliteit kom sterk na vore in die Romaanse boogvorme wat herhaaldelik gebruik is. Dit word in die inspringende balkonne van die drieverdieping-hoë woonstelblokke, sowel as in die boë van die verbindingsbrug en dié van die kerkingang en kerktoring aangetref. Art Deco-simmetrie was duidelik in die hooffasade van die kerk, sowel as die woonstelle teenwoordig.



Figuur 8.1b Woonstelle om NG Kerk Irene (*SAB Supplement* April 1935)

Die preekstoel vorm die fokuspunt van die interieur. Agter die preekstoel is die orrel in drie hoë boogvorme geplaas. Die bankrangskikking, sowel as die feit dat die banke gestoffeer is, was revolusionêr vir die 1930's (Van der Waal 1986:195). Die kerk het 'n hellende vloer na agter. Die staalkonstruksie is webagtig met konkawe vlakke en straalvormige ribbe. Die interieur van die kerk was baie modern vir die tyd waarin dit opgerig is. Daar is van vertikale strookligte gebruik gemaak. Dit is ter afwisseling tussen die smal vertikale vensters geplaas en vertoon indrukwekkend, aangesien dit vier meter

hoog is. Die gevolgtrekking word gemaak dat Art Deco-vertikaliteit ook in die interieur na vore gekom het. Die enigste verdere versiering is die kubuskapitele wat Suid-Afrikaanse flora uitbeeld en dus 'n Suid-Afrikaanse karakter aan die bouwerk gee (Van der Waal 1986:195-196).

Irenekkerk was verbasend modern, gemeet aan die boutradisie van die 1920's en 1930's. Die verklaring daarvoor is die feit dat daar in Johannesburg 'n vooruitstrewende modernistiese gees te bespeur was, met ander woorde 'n nuwe tydgees en dat dié Afrikaanse kerk daaraan deel wou hê (Van der Waal 1986:195). Die kerkgebou word nog steeds gebruik en die gemeente staan as Johannesburg-Oos bekend.


## **8.2 NG Kerk, Vierdelaan, Melville, Johannesburg (bestaan steeds)**

(Sien figuur 8.2a, 8.2b)


Die NG Kerk in Melville is teen September 1940 voltooi en is in 1941 ingewy. Die kerk is deur die argitek Geers & Geers ontwerp en deur die bouaannemers, HF Otto (Pty) Ltd gebou. Die kerk, insluitende die orrel, het ongeveer £11 600,00 gekos. Die gebou is ontwerp om aan nege-honderd-en-sestig mense sitplek te bied (Olivier 1952:466; *The South African Builder* September 1940:27).

Die hele kerkgebou is van goudkleurige siersteen gebou. Die ontwerp van die gebou is op 'n Latynse kruis gebaseer. Hierdie bouwerk wyk totaal van die tradisionele af, met ander woorde dit is nie 'n voorbeeld van historisisme nie, maar van modernisme. Die massa word deur horisontale, sowel as vertikale betonvlakke opgebreek - 'n metode wat onder meer deur WM Dudok, 'n Hollandse argitek wat in die 1920's en 1930's werksaam was, gebruik is (Van der Waal 1986:219; Van Niekerk 1941:149-151). Die gevolgtrekking word gemaak dat hierdie kerk se ontwerp met die stadshuis in Hilversum, Holland ooreenstem, waar kombinasies van horisontale en vertikale lyne en 'n reghoekige kloktoring gebruik is, wat 'n groot invloed op die werk van latere argitekte gehad het. Een van die bouwerke wat 'n toonbeeld van Dudok-invloed is, is Hornsey Town Hall in

Londen, wat deur RM Uren, Slate & Moberley, ontwerp is en in 1935 - 1937 gebou is (Bayer 1992:176).



Figuur 8.2a NG Kerk, Melville (Olivier 1952)



Figuur 8.2b Hilversum-stadsaal  
(Menten 1972)



Figuur 8.2c Hornsey-stadsaal,  
Londen, (Bayer 1992)

Die NG-kerkgebou in Vierdelaan, Melville, toon sekere Art Deco-elemente, soos byvoorbeeld vertikaliteit wat in albei fasades duidelik na vore kom in die gepleisterde wit bande wat oor die vensters geplaas is. Vertikaliteit word in die prominente geprofileerde

vierkantige hoektoring beklemtoon. Vertikale versiering word oor die galmgate tot teenaan die modernistiese vierkantige horlosie op al vier kante van die toring aangetref. Vertikaliteit word in die toring deur horisontale betonvlakke afgewissel.


Geers & Geers was gedurende die 1930's en 1940's vir talle Nederduits Gereformeerde Kerke in Johannesburg, sowel as op plattelandse dorpe, verantwoordelik. Die Raadsaal in Hilversum, deur die argitek Willem Dudok, het as prototipe vir hierdie kerke gedien, waarvan die NG Kerk-gebou in Vierdelaan, Melville, een was. Die kerke van Geers & Geers word almal deur 'n goed gemoduleerde reghoekige of oktagonale toring gekenmerk. Dié torings is van goudbruin siersteen gebou, wat dikwels deur 'n piramidiese spitsoring afgerond is. Hierdie torings word almal deur vertikale openinge of uitkepinge en smal projekterende betonvlakke of kalfstande gekenmerk (Chipkin 1993:112).

Uit die relevante bronne kan sekere afleidings oor die interieur van die kerk gemaak word. Die interieur getuig van die modernistiese neiging van die 1930's. Die kansel is uit reghoekblokvorme opgebou. Vertikaliteit word in die samevoeging van die panele van die houtpreekstoel beklemtoon, waarin die lasse van die houtpanele 'n vertikale versiering word. Vertikaliteit word deur die dekoratiewe vertikale rangskikking van die orrelpype wat agter die kansel hoog teen die muur geplaas is, verhoog. Die kansel, met die orrelpype as agtergrond, vorm 'n simmetriese vertikale fokuspunt, die sogenaamde liturgiese sentrum. Vertikaliteit word verder deur die lang smal reghoekige vensters met hul vertikale ruite verhoog. Die kerkgebou is nog steeds in gebruik.

### **8.3 Die Benoni-sinagoge, Parkstraat, Benoni (bestaan steeds)** (Sien figuur 8.3)

Die sinagoge is deur Stanley Furner van die argitekfirma Kallenbach Kennedy & Furner, ontwerp. Die hoeksteen is deur Landau in April 1933 gelê en teen September 1933 is die

sinagoge deur N Kirschner, geopen (Chipkin 1993:122-123; United Hebrew Institutions of Benoni 3/9/1933:inwydingsprogram).



Figuur 8.3 Benoni-sinagoge (Benoni Museum:fotoreeks)

Hierdie skepping van Stanley Furner word as een van die belangrikste Transvaalse bouwerke waarin moderne idees gereflekteer word, beskou. Die dak se oorhangende gewapende betonblad wat bo-oor 'n ingelate baksteenlaag geplaas is, is 'n gewysigde of vereenvoudigde aanwending van 'n klassieke *palazzi-* (paleis) kroonluis (Chipkin 1993:122-123). Na 'n bestudering van bogenoemde bronne is die gevolgtrekking gemaak dat dié betonblad wat die dakrand afrond, sowel as die horisontale luifel bo die vertikale smal vensters, manifestasies van die Art Deco-styl is. Beklemtoonde Art Deco-vertikaliteit word in die reeks smal vertikale teruggeplaasde vensters gevind, terwyl die sieromrandings van die vensters sterk aan die klassieke herinner. Dié sieromrandings van die lang smal vensters van die auditorium is van ligte sandsteen en vertoon elegant. Aangesien die vensters in die vensteropeninge teruggeplaas is, vertoon die baksteenpanele tussen die vensters soos pilasters wat weer eens vertikaliteit beklemtoon. Die ontwerp van

die fasade is 'n samevoeging van vertikale sowel as horisontale elemente, wat 'n goedgebalanseerde komposisie tot gevolg het.


Die ontwerp is uit blokvorme of kubusse van verskillende groottes en vorme saamgestel. 'n Voorbeeld daarvan is die groot kubus wat die hoofouditorium bevat en die vertikale toring met sy paraboliese boogingang, wat 'n indrukwekkende kontra-kubus vorm. Die oorsprong van die paraboolboë in die andersins reghoekige komposisie, kan in die ontwerpe van Michel de Klerk in Amsterdam, Holland, gevind word. John Fassler het soortgelyke idees vir die ontwerp van 'n straatblok van winkels en woonstelle in 1931 tot 1933 in sy tesis aan die argitektuurskool van die Universiteit van die Witwatersrand voorgestel. Die suiwer kubusvorme van die sinagoge in Benoni vergelyk met dié in kontemporêre Sweedse argitektuur. Die suiwerheid word nie net in die vorm aangetref nie, maar ook in die steenwerk (Chipkin 1993:122-123). Dié groot oppervlaktes van siersteen wat gebruik is en die platdak herinner sterk aan Willem Marinus Dudok se werk in Holland (Greig 1971:64).

Die kalfstand-uitsteeksels waarmee die buitehoeke van die toring op twee-derdes van die hoogte dekoratief afgerond is, stem ooreen met die wyse waarop Kallenbach en Kennedy in die 1920's hul Neo-Georgiaanse geboue ontwerp het. Inspirasie vir die ontwerp van die Benoni-sinagoge is ook in Willem Dudok se Hilversum bouwerk te vinde, waar daar ook van die eenvoudige horisontale kroonlys in kubusvorme gebruik gemaak is en waar moderne steenwerk tot 'n argitektoniese hoogtepunt gevoer is (Benoni Museum 1999:sinagoge-fotoreeks; Chipkin 1993:122-123).

Die Joodse ster is bokant die ingang, sowel as op die torings van die ouditorium geplaas. Dit dien as versiering, maar spel terselfertyd ook die aard en funksie van die gebou uit (Benoni Museum 1999:sinagoge-fotoreeks; Chipkin 1993:123). Die sinagoge bestaan nog en word steeds deur die Joodse gemeenskap as 'n plek van aanbidding gebruik. Dit is 'n puik voorbeeld van die neerslag van die Art Deco-styl in Suid-Afrikaanse kerkargitektuur.

#### 8.4 Die Sinagoge, hoek van Dorlas- en Vermeulenstraat, Pretoria (gesloop) (Sien figuur 8.4)

Dié sinagoge wat in 1937 gebou is, was die ontwerp van J Elk. Dit was 'n gebou wat 'n vermenging van die Art Deco- en Internasionale style en 'n toonbeeld van 'n eiesoortige Pretoriaanse-styl was (Greyvensteyn en Van Schalkwyk 1986:UP Arg. dok.; Le Roux 1991:48; Meiring 1985:p.o.). Dié sinagoge is opgerig nadat van die Jode van die Pretoria Hebrew Church Society weggebreek het om die Adath Israel Congregation te stig (Le Roux 1991:48).



Figuur 8.4 Sinagoge, h/v Dorlas- en Vermeulenstraat, Pretoria (*Die Beeld* 3/5/1985)

Dit was 'n bonkige, eenvoudige, reghoekige dubbelverdiepinggebou. Die mure van die gebou was gepleister en agter die onversierde borswering was daar 'n platdak (Le Roux 1981:48). Die styl wat hier aangewend is, was verteenwoordigend van die oorgangsfase vanaf Art Deco na die meer onversierde Internasionale Styl (Greyvensteyn en Van Schalkwyk 1986:UP Arg. dok.). Dit kan 'n voorbeeld van Internasionale Deco genoem word. Die volgende ontledings en gevolgtrekkings is oor die sinagoge gemaak: Die hoofasade (wesfasade) van die gebou was in drie vakke verdeel, naamlik 'n sentrale vak, gevleuel deur 'n syvak aan albei kante. Die gebou het van Art Deco-simmetrie en -

geometrie getuig. Die ingang is sentraal in die fasade teruggeplaas en is deur 'n boogvormige venster bo die ingang beklemtoon. Hierdie venster het die Art Deco-karakter van die gebou beklemtoon, aangesien dit met die opkomende sonmotief, van suiwer Art Deco-versiering gespreek het. Op die onderste verdieping van albei syvakke is 'n reghoekige venster geplaas, terwyl 'n kleiner reghoekige venster op die eerste verdieping van albei syvakke gebruik is. Vertikaliteit het in die vertikale ruitglas wat in al die vensters gebruik is, na vore gekom. Dit het balans aan die andersins horisontale komposisie gegee.

Die Art Deco-karakter van die gebou is ook deur die trapvorm onderskryf, wat drievoudig in die ingangsportiek met sy reghoekige gekanneleerde suile aangewend is. In die noord- en suidfasades (syfasades) van die gebou is die gewilde Art Deco-hoekvensters om geronde hoeke geplaas, wat die Art Deco-karakter van die gebou versterk het. Ook hierdie vensters het vertikale ruitglas gehad.

Moorse elemente wat 'n invloed op die styl gehad het, is in die oosfasade (agterfasade) van die gebou aangewend in die boogvorme van die deur en sommige van die vensters (Greyvensteyn en Van Schalkwyk 1986:UP Arg. dok.; Meiring 1985:p.o.).

Hierdie gebou het dus bestaan uit Art Deco-elemente waarin Moorse, sowel as Internasionale Styl-elemente vervat is. Dit is suksesvol saamgesnoer tot 'n sterk simmetriese komposisie.

Die gebou is gesloop om plek te maak te maak vir 'n nuwe pad (Erasmus 23/6/1999:onderhoud). Die sinagoge sal egter onthou word as 'n bouwerk wat ryk aan detail was, byvoorbeeld geartikuleerde muurvlakke en pilare, sowel as ligtoebehore. Dit was 'n gebou wat verteenwoordigend van 'n plaaslike Pretoriaanse styl was en 'n voorbeeld van kerkargitektuur waarin elemente van die Art Deco-styl tot uiting gekom het (Le Roux 1991:48).



## 8.5 NG Kerk Wesselsbron, Wesselsbron, Vrystaat (bestaan steeds)

(Sien figuur 8.5a, 8.5b)

Op 28 Desember 1928 het die kerkraad van Wesselsbron besluit om 'n boufonds te stig, want hulle was die mening toegedaan dat 'n gemeente sonder 'n kerkgebou soos 'n huislose gesin is (*Halfeeufoesblad* 1977:g.b.). In Februarie 1937 het die boufonds in so 'n mate gegroei dat daar met die bou van die kerk begin kon word. Daar moes 'n keuse tussen die ontwerp van die Kaapse argitekfirma, Louw & Louw en dié van Gerard Moerdyk gemaak word. Albei hierdie argitekthe was bekend met kerkargitektuur en baie kerkontwerpe het aan hul hand die lig gesien. Die keuse het op die ontwerp van Gerard Moerdyk geval (*Ons Kerknuus* November 1966:3). Die laagste tender, naamlik dié van die bouaannemer A Consani van Johannesburg, is aanvaar.

Die hoeksteenlegging wat op 9 April 1938 plaasgevind het, was 'n plegtige geleentheid waartydens die argitek, Gerard Moerdyk, onder meer die woord gevoer het (*Die Boodskapper* 1989:7-8; *Ons Kerknuus* November 1966:3). Op 28 Januarie 1939 is die kerk ingewy (*Ons Kerknuus* November 1966:3). Die inwyding van die kerkgebou het tydens 'n naweeklange-program plaasgevind (*Die Boodskapper* 1989:9; Olivier 1952:370). Moerdyk het reeds met die ontwerp van die NG Kerk Pretoria-Oos in Sunnyside, Pretoria, heeltemal van die stereotipe kerkbou afgewyk. Die jong Moerdyk was 'n pionier wat 'n nuwe rigting in kerkargitektuur in Suid-Afrika aangedui het (Oxley 1992:141). By die Sunnyside kerkgebou het Moerdyk 'n gemoderniseerde Barok kerktoring saam met 'n Bisantynse koepel gebruik. Die sitplekuiteg wat 'n oktagonale arena is sodat die preekstoel vanuit elke hoek gesien word, was in die 1930's rewolusionêr. Die dakbedekking is van Etruskiese dakteëls. Moerdyk het ook hierdie moderne idees in die ontwerp van die NG Kerk in Wesselsbron toegepas (Fransen 1981:154; Oxley 1992:142).

Die gevolgtrekking is gemaak dat die toring van Wesselsbron se kerk, wat vorm betref, in 'n groot mate ooreenstem met dié in Sunnyside, waar 'n gemoderniseerde Barok styl gevolg is. Wesselsbron se toring is egter in die Art Deco-idiom uitgevoer. Art Deco-vertikaliteit word baie ekplisiet in dié toring uitgedruk. Die toring is van bruin siersteen


en elke sykant is met 'n gepleisterde ligkleurige vertikale paneel ontwerp. Die ligte panele en die donker vertikale hoekstroke van die toring vorm 'n kontras, wat die vertikale gevoel van die toring aansienlik verhoog. Die ligte panele is met 'n sentrale donker stippellyn, wat uit klein reghoekige openinge bestaan, versier. Dit voer die vertikaliteit tot 'n hoogtepunt. Dieselfde Art Deco-vertikaliteit kom ook in die galmgate van die toring na vore. Die galmgate word deur 'n reeks vertikale lyne rondom die toringspits, wat elk uit 'n vertikale reeks klein reghoekige openinge bestaan, gevorm. Die vorm van die toring is meer vaartbelyn as dié van die Sunnyside Kerk, in die opsig dat die toringhoeke na bo afgeplat is en dus 'n smaller, meer vaartbelynde vorm aanneem, waarop nog 'n smaller toringspits volg.



Figuur 8.5a NG Kerk Wesselsbron (*Halfeeuvesblad* 1977)

Die fasades van die sykleuels van Wesselsbron se kerk is 'n vermenging van gemoderniseerde Gotiese en Art Deco-elemente. Die styl wat hier gebruik is, kan as Gotiese Deco beskryf word. Die spitsontwerp wat hemelwaarts reik, is kenmerkend van die Gotiese styl, maar Art Deco-kenmerke kom na vore in die modernistiese abstrakte ontwerp van die loodglasventers wat van Art Deco-geometrie spreek is 'n verwerking van Christelike simbole. Die Art Deco-karakter word ook deur die vertikale gepleisterde bande onderskryf, wat tussen hierdie vensters op die fasade aangebring is. Dié vinne is prominent, omdat dit ligkleurig en dus kontrasterend met die donkerder gebou is. Die

dakbedekking van die Wesselsbron-kerk is net soos die Sunnyside-kerk van Etruskiese dakteëls.



Figuur 8.5b Gebrandskilderde vensters (NG Kerk Wesselsbron 1999:fotoreeks)

Die Wesselsbron-kerkgebou is 'n getuienis van die modernistiese neiging in kerkargitektuur gedurende die 1930's. Dit is 'n waardige kerkgebou wat nog steeds in gebruik is.


### 8.6 St Cyprians Church, Durban (bestaan steeds) (Sien figuur 8.6)

Hierdie kerkgebou is die ontwerp van die argitekte Powers & Powers en die gebou was teen 1940 reeds in gebruik (*The South African Architect* Julie 1940:133). Dit is 'n belangrike bouwerk, aangesien dit 'n weerspieëling van moderne kerkontwerp in Natal is.

Na 'n bestudering van bogenoemde bron is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die ontwerp van die St Cyprians Church sterk aan die Raadshuis-ontwerp van Willem Dudok

in Hilversum, Holland herinner. Albei die geboue bestaan uit verskeie blokvormige massas wat trapvormig op mekaar volg en met 'n kubusvormige toring pryk.

Die St Cyprians Church, net soos die Benoni-sinagoge, is 'n imposante donker siersteengebou. Die onderskeie kubusvormige massas is met 'n teenstellende ligkleurige dakrand afgerond, wat dan ook definisie aan die onderskeie blokvorms gee. Dieselfde tegniek is in Hilversum se Raadshuis toegepas, waar die ligkleurige gebou se onderskeie blokvorms ook met 'n donkerkleurige dakrand afgerond en gedefinieer is.



Figuur 8.6 St Cyprians Church, Durban (*The SA Architect* Julie 1940)

Net soos in die geval van die Benoni-sinagoge kan die oorsprong van die St Cyprians Church, wat die suiwerheid van die vorme en baksteenwerk betref, in kontemporêre Sweedse argitektuur gevind word. Hierdie ontwerp van Powers & Powers vergelyk goed met die werk van Michel de Klerk in Amsterdam, waar die paraboolboog in reghoekvorm in die ingang en in die langwerpige boogvensters met hul ligte sandsteensieromrandings gebruik is (Chipkin 1993:122-123; *The South African Architect* Julie 1940:133).

Daar is met hierdie studie bevind dat die gebou 'n sprekende voorbeeld van Art Deco-simmetrie is. Die kubusvormige kloktoring waarin die paraboolboog-hoofingang geplaas is, vorm die sentrale fokuspunt van die vyftrappige-komposisie. Art Deco-vertikaliteit word deur die langwerpige vorm van die vensters, sowel as die dekoratiewe vertikale sandsteenbandwerk tussen die vensters, aan weerskante van die ingang, beklemtoon. Die

vorm van die toring en die vertikale kalfstandversierings wat oor die galmgate van die toring voorkom, sowel as die vertikale versiering wat op die voor- en sykante van die toring verskyn, versterk die Art Deco-karakter van die gebou. Die geute wat die water van die onderskeie platdakke afvoer, vorm 'n integrale deel van die vertikale versiering van die komposisie.

Die St Cyprians Church is 'n indrukwekkende en belangrike bouwerk wat Art Deco-modernisme in die kerkargitektuur van die 1930's in Suid-Afrika verteenwoordig. Die St Cyprians Church is steeds in gebruik.


## **8.7 Verdere voorbeelde van modernistiese Suid-Afrikaanse kerke met ooreenstemmende Art Deco-kenmerke**

### **8.7.1 NG Kerk Voortrekkerhoogte, Van Riebeeckstraat, Voortrekkerhoogte, Pretoria (bestaan steeds) (Olivier 1952:493,587)**

Die NG Kerk-Voortrekkerhoogte is in 1938 ingewy (Olivier 1952:493). Die toring strek sentraal vanaf grondvlak en vorm deel van die vooraansig. Waar die syvakke by die sentrale toring aansluit is die Art Deco-trapvorm aangewend. Die fasade is sprekend van Art Deco-simmetrie. Die ingange is aan weerskante van die toring, wat die sentrale fokuspunt van die komposisie vorm. Die onderste deel van die toring is reghoekig en bevat 'n sentrale oopgewerkte dekoratiewe paneel, wat van Art Deco-geometrie en -vertikaliteit spreek. Vertikale bande is in hierdie paneel gebruik. Die boonste deel van die toring is oktogonaal en die toring eindig in die kenmerkende piramidiese toringspits.

### 8.7.2 NG Kerk Bellville, h/v De Lange en Hugenootstrate, Bellville (bestaan steeds) (Roos 1984:Voorblad,9) (Sien figuur 8.7.2)

Die NG Kerk-Bellville is in 1939 deur die bouaannemer, M van Zyl, gebou. Die argitek was J Antonie Smith, wat ook later vir die NG Kerke van Ladismith en PE-Wes verantwoordelik was. Die hoeksteen is op 12 Augustus 1932 deur ds. AF Malan gelê en op 17 Februarie 1940 is die modernistiese kerkgebou ingewy. Die gebou is ontwerp om aan agthonderd-en-vyftig mense sitplek te bied (Roos 1984:9). In hierdie kerkgebou is daar 'n duidelike vermenging van Gotiese en Art Deco-stylelemente. Die styl wat hier aangewend is, is nog 'n voorbeeld van Gotiese Deco. In die spitsbooghoofingang word onmiskenbare Gotiese elemente aangetref, terwyl Art Deco-vertikaliteit en -geometrie in die modernistiese smal vertikale vensters aan weerskante van die ingang, sowel as sentraal bo die ingang na vore kom. Hierdie kerkoring is 'n goed gemodeleerde reghoekige toring en is met 'n piramidiese spitspunt afgerond.



Figuur 8.7.2 NG Kerk, Bellville (Roos 1984)


Dit kan met Geers & Geers se NG Kerke vergelyk word, wat die Raadshuis in Hilversum as prototipe gebruik. Art Deco-vertikaliteit kom sterk na vore in die toring van die NG Kerk-Bellville. Die galmgate van die toring vorm 'n reeks van drie vertikale lyne op elk van die vier sykante, in 'n donker teenstellende kleur, wat ook 'n dekoratiewe doel dien. Dié toring word ook deur die kenmerkende vertikale lyn in 'n donker teenstellende kleur en 'n projekterende kalfstand op elke hoek, net bo die galmgate, gekenmerk. Dit is elemente wat ook in die werk van Geers & Geers en dié van Willem Dudok aangetref word.

### **8.7.3 NG Kerk Odendaalsrus, Kerkstraat, Odendaalsrus (Olivier 1952:579; Van Niekerk 1950:475) (Sien figuur 8.7.3)**

Die NG Kerk-Odendaalsrus is die ontwerp van die welbekende Geers & Geers van Johannesburg. Die kerk dateer uit 1939 en behoort tot die sentraalboutipe waar 'n groot binneruimte die middelpunt vorm en die res van die kerk, byvoorbeeld die portaal, konsistorie, moederskamer en kleedkamers om die sentrale oop ruimte ontwerp is (Van Niekerk 1950:475). Dié kerk se ontwerp toon 'n sterk ooreenkoms met dié van Krugersdorp-Noord. Die siersteenfasade is ook 'n toonbeeld van Art Deco-simmetrie. Die hoofingang is aan die onderpunt van die reghoekige toring. Die geprofileerde siersteentoring word deur 'n geronde vak aan albei kante gevleuel. Op die sykante is daar lang smal vertikale pilasters tussen die vensters geplaas, wat vertikaliteit beklemtoon.

Die toring se oorsprong kan in die ontwerpe van Willem Dudok in Hilversum, soos byvoorbeeld die Raadshuis, gevind word. Die toring eindig in die kenmerkende piramidiese toringspits en word ook met kalfstande en reekse vertikale openinge versier.

Die besondere preekstoel van Italiaanse marmer is okkerneutkleurig en is op besondere wyse met swart afgerond. Die modernistiese geskilderde glasvensters beeld die brood en wyn van die nagmaal uit. Die vensters is Europees-geïnspireerd en in Johannesburg vervaardig (Van Niekerk 1950:475).



Figuur 8.7.3 NG Kerk-Odendaalsrus (Olivier 1952)

Vir die mure is twee kleure gladde siersteen gebruik, naamlik blou en geelrooi. Die basis en die omraming van die vensters is donkerblou. Die gebou vertoon soos 'n geelrooi kunswerk in 'n donkerblou raam. Geers & Geers se ontwerp is deur eenvoud en die aanwending van kleur gekenmerk (Van Niekerk 1950:475). Kontrasterende kleure is op 'n baie treffende wyse aangewend, wat beslis iets van die nuwe gees van die Art Deco-styl weerspieël.


#### **8.7.4 NG Kerk Linden, Vyfdestraat, Linden, Johannesburg (bestaan steeds)**

(Fourie 30/6/1999:onderhoud; Gaum 1999:g.b.; Olivier 1952: 486,592) (Sien figuur 8.7.4)

Linden se sierlike NG Kerk is op 3 Mei 1942 ingewy (Olivier 1952:486). Na die bestudering van bogenoemde bronne is die gevolgtrekking gemaak dat met hierdie




ontwerp daar 'n wending van historisisme na modernisme was. Soos die kenmerkende kerkontwerp van Geers & Geers, is die toring in 'n oktagonale vorm, wat met 'n piramidiese spitspunt afgerond is. Dié toring is verder ook met die kenmerkende vertikale uitkepinge en smal vertikale projekterende bande in 'n donker kontrasterende kleur versier. Die ingang word deur twee vertikale vensters gevleuel, wat saam met die res van die smal vensters vertikaliteit beklemtoon. Die vertikale gevoel word verder deur die vertikale bandwerk wat tussen die vensters aangebring is, verhoog.



Figuur 8.7.4 NG Kerk Linden (Olivier 1952)

**8.7.5 NG Kerk Delmas, Sesdestraat, Delmas (bestaan steeds) (Fransen 1981:155; Olivier 1952:456,472-474) (Sien figuur 8.7.5)**

Dié NG-kerkgebou is op 11 April 1945 ingewy (Olivier 1952:456) en is 'n voorbeeld van Moerdyk se moderne ontwerpe in kerkargitektuur. Hierdie ontwerp het galerye en rus op betonversterkte hoeke, sonder enige pylers (Fransen 1981:155; Olivier 1952:477). Die kerkgebou se vorm is agthoekig onder 'n tentdak en die banke is waaivormig gerangskik (Fransen 1981:155; Olivier 1952:477). Die kerk het onder sitplekruimte vir vyfhonderd mense en 'n verdere driehonderd kan bo sit (Olivier 1952:473-474).



**Figuur 8.7.5: NG Kerk Delmas (Van Niekerk 1950)**


Die vooraansig van dié kerk kan soos volg ontleed word: Die toring wat oor die ingang geplaas is, het 'n ongewone tipe oktogonale vorm. Dit bestaan uit spitsvlakke waarvan die punte alternatiewelik na bo en onder wys. Die toring is met 'n lang spitspunt afgerond. Vertikaliteit kom sterk na vore in die toring met sy vier beklemtoonde en vier

onbeklemtoonde spitsvlakke. Die beklemtoonde vlakke is projekterend na bo ontwerp. Dié vlakke word verder deur die lang smal vertikale vensteruitkeping en omraming, sowel as die modernistiese vierkantige horlosies en vertikale kroonversiering, beklemtoon. Die moderne spitsvensters is bo met die sigsag-patroon versier, wat so gewild in die Art Deco-styl was. Dié vensters is verder met vertikale pilasters versier wat ook 'n bekende Art Deco-element is. Die ingangsportaal het ook aan weerskante vier lang smal vertikale vensters, wat 'n verdere beklemtoning van vertikaliteit is. Die rustiekwerk van die kerk wat in die toring en om die vensters en ingang geplaas is, is in die moderne idioom uitgevoer. Dit is eenvoudig, beklemtoon horisontaliteit en gee aan die kerk 'n fors en statige voorkoms.

Die ontwerp van Delmas se kerk toon dat Moerdyk in sy latere loopbaan in staat was om van historisisme af te wyk (Fransen 1981:155).

#### **8.7.6 NG Kerk Capital Park, Flowerstraat, Capital Park, Pretoria (bestaan steeds) (Olivier 1952:497,589) (Sien figuur 8.7.6)**

Capital Park se NG Kerk is gedurende 1950 gebou. Die hoeksteen is op 24 Junie 1950 gelê en op 9 Desember 1950 is die kerk ingewy (Olivier 1952:497). Ten spyte van die feit dat die kerk eers in 1950 gebou is, is veral die toring verteenwoordigend van die Art Deco-styl. Die toring het 'n trapvormige ontwerp wat met elke trap na bo afgeplat is, om uiteindelik in 'n piramidiese spitspunt te eindig. Behalwe die Art Deco-trapvorm waardeur die toring gekenmerk word, word Art Deco-vertikaliteit beklemtoon deur die projekterende bandwerk in 'n kontrasterende ligte kleur, waarmee die toring versier is. Dieselfde vertikale bandwerk is ook in die vensterontwerp aangewend.



Figuur 8.7.6 NG Kerk Capital Park (Olivier 1952)

**8.7.7 NG Kerk Krugersdorp-Noord, h/v Viljoen- en Derdestraat, Krugersdorp (bestaan steeds) (Olivier 1952:554,590) (Sien figuur 8.7.7)**

Die oprigting van Krugersdorp-Noord se kerkgebou is vertraag deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, aangesien die gemeente nie 'n boupermit kon bekom nie. Die kerkgebou is uiteindelik op 17 Augustus 1947 ingewy. Die argitek was H Vermooten van Pretoria en FP van Heerden van Germiston was die bouaannemer (Olivier 1952:554).




Figuur 8.7.7 NG Kerk Krugersdorp-Noord (Olivier 1952)

Verskeie Art Deco-kenmerke word in hierdie modernistiese gebou aangetref . Die hooffasade is suiwer simmetries en word deur 'n sentrale toring, wat die fokuspunt is, sowel as 'n geronde syvak aan albei kante van die toring gekenmerk. Die hoofingang is aan die onderpunt van die toring en daar is 'n geronde vrydraende betonkap oor die ingang geplaas. Die toring is oktogonaal. Dit is op baie interessante en kenmerkende Art Deco-wyse met vertikale vinne afgerond en versier. Soos die toring na bo afgeplat is, neem die kontrasterende ligkleurige vinne 'n trapvorm aan wat aan weerligstrale herinner. Die toring waarin Art Deco-vertikaliteit duidelik na vore kom, word deur 'n piramidiese toringspits afgerond. Daar is ligkleurige Art Deco-vinne tussen die vensters van die sykante geplaas. Die pilasters strek van onder tot teenaan die dakrand.

#### **8.7.8 NG Kerk Vredendal, Voortrekkerstraat, Vredendal (bestaan steeds) (Olivier 1952:193) (Sien figuur 8.7.8)**

Die NG Gemeente Vredendal het op 23 September 1950 hul kerkgebou ingewy (Olivier 1952:193). Die toring gee aan die gebou 'n Art Deco-karakter. Art Deco-vertikaliteit

kom duidelik in die vertikaal-gestreepte toring na vore. Die oktagonale toring is ligkleurig, maar is eweredig met ses vertikale donker stroke versier. Die piramidiese toringspits is donkerkleurig en gee definisie aan die toring.



Figuur 8.7.8 NG Kerk Vredendal (Olivier 1952)

## **8.8 Twee Suid-Afrikaanse Kerke waarin die Art Deco- en Internasionale Styl gekombineer is**

### **8.8.1 NG Kerk Ladismith, Kaap (bestaan steeds) (Price-Lewis November 1948:156) (Sien figuur 8.8.1)**


**8.8.2 NG Kerk Port Elizabeth-Wes (bestaan steeds)** (*Die Kerkbode* 8/12/1948:g.b.; Olivier 1952:205; Terblanche 1973:166; Terblanche 1990:17) (Sien figuur 8.8.2)

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n duidelike ooreenkoms in die ontwerp van hierdie twee kerkgeboue is wat albei in die 1940's voltooi is. Die NG Kerk in Ladismith is op 10 Oktober 1942 ingewy. Dit is deur die argitek J Antonie Smith ontwerp (Olivier 1952:62; Price-Lewis November 1948:156). Port Elizabeth-Wes se kerkgebou, op die hoek van Pickeringstraat en Vyfdelaan, Newtonpark, Port Elizabeth, is deur dieselfde argitek ontwerp en op 1 Mei 1948 ingewy. Dit het as die Weskerk bekend gestaan. Die bouaannemers was Louw & Swart. Die kerkgebou kan sitplek aan sewe-honderd-en-veftig mense bied en het £28 845,00 gekos (Olivier 1952:205; Price-Lewis November 1948:156; Terblanche 1973:166; Terblanche 1990:17). Hierdie nuwe rigting in kerkargitektuur soos dit in Port Elizabeth-Wes se kerkgebou vergestalt het, is soos volg beskryf: *Die boustyl kom ietwat vreemd voor, maar weldra sal hierdie gebou met sy indrukwekkende toringspits in die snelontwikkelende stadslewe sy argitektoniese skoonheid begin openbaar* (*Die Kerkbode* 8/12/1948:g.b.; Terblanche 1973:167).


Die feit dat die twee kerkgeboue die ontwerpe van dieselfde argitek was, verklaar die ooreenkoms in voorkoms. Albei geboue is van bruin siersteen wat in die 1940's as ultramodern beskou is. Die geboue het totaal van die tradisionele Neo-Gotiese Styl afgewyk wat meesal vir Suid-Afrikaanse kerkgeboue gebruik is. Dié rewolusionêre ontwerpe wat vir hierdie geboue gevolg is, was waaivormig. Die totale ontwerp van die geboue het 'n nuwe rigting in die ontwerp in die Ooskaap en Weskaap ingewy (Price-Lewis November 1948:156; Terblanche 1990:17).

Albei geboue bestaan uit bonkige boumassas, wat trapvormig op die terrein teruggeplaas is. Die boumassas is nie blokvormig nie, maar het 'n vloeiende gekurfdde lyn. Dié lyn het 'n versagtende effek op die andersins strak voorkoms van die totale komposisie. By albei geboue vorm die kubusvormige kloktoring die sentrale fokuspunt van die ontwerp. Die vertikale lyne wat op die torings aangetref word, hetsy in die vorm van gleuwe of

profilering, onderskryf vertikaliteit en rond die toring op so 'n wyse af dat dit tot die waardigheid van die gebou bydra. Albei torings pryk met vierkantige modernistiese horlosies wat hoog teen die toring geplaas is. Die torings het geen toringspitse nie. Dekoratiwe galmgate verskyn hoog teen albei torings.



Figuur 8.8.1 NG Kerk Ladismith, Kaap (Olivier 1952)



Figuur 8.8.2 NG Kerk Port Elizabeth-wes (Olivier 1952)

Vertikale en horisontale elemente is in albei gevalle kundig saamgevoeg, sodat dit 'n gebalanseerde totale komposisie tot gevolg het. In die geval van Port Elizabeth-Wes speel bevenstering 'n belangrike rol. Die hoofasade met sy stewige vertikale ingangspilasters, is simmetries en die ingang is sentraal onder die toring. 'n Dubbele reeks van ses vertikale



vensters verskyn op albei kante van die fasade. Daar is 'n vertikale reeks klein langwerpige venstertjies op al vier sye van die kloktoring. Hierdie vertikale vensterreeks plaas 'n vertikale stempel op 'n andersins horisontale ontwerp. Die Weskerk is op 'n baie interessante en effektiewe wyse versier, deur 'n kombinasie van horisontale en vertikale gepleisterde bande oor die trapvensters. Die trapvensters met dié gepleisterde bandversiering, is op die geronde hoeke van die hooffasade geplaas. Die wit van die gepleisterde versierings vorm 'n duidelike kontras met die siersteengebou. Dit is ook die geval met die ander horisontale gepleisterde bandversierings wat byvoorbeeld op die toring net bo die ingang, sowel as op die hoeke van die teruggeplaasde trapvormige boumassas verskyn. Die wit horisontale betonkappe wat bo al die ingange geplaas is, sluit by hierdie versierings aan en dra by tot die horisontale gevoel van die komposisie. Die donkergrys podium van die Weskerk, wat 'n horisontale lyn vorm, dra by tot hierdie effek. Die geronde hoeke van albei kerkgeboue gee 'n meer vaartbelynde voorkoms aan die andersins strak ontwerp.

By die NG Kerk in Ladismith dra die lang smal vensters, sowel as die lang vertikale groefversiering op die toring by tot die vertikaliteit van die gebou. Horisontaliteit word deur die horisontale versierings wat bo die ingange langs die kloktoring aangebring is, sowel as deur die horisontale vrydraende betonkappe wat bo die onderskeie ingange geplaas is, beklemtoon. Die piramidevorm van die beton-ingangstrappe versterk die horisontale element van die komposisie. Die feit dat die horisontale betonkappe en piramidevormige trappe lig van kleur is en 'n teenstelling met die donker boumassas vorm, beklemtoon die horisontale element in die komposisie soveel te meer.

Hierdie twee kerkgeboue is van binne op gepaste en waardige wyse afgerond, sodat dit die kerk as die *Huis van God* sal beklemtoon. Port Elizabeth-Wes se kerkgebou is met indrukwekkende gevlamde esdoringpaneelwerk afgerond (Terblanche 1990:19). In die indrukwekkende preekstoel van embuiahout kom vertikaliteit na vore. Dié preekstoel vorm op sy marmervoetstuk die sentrale fokuspunt van hierdie Godshuis. Vir die sentrale gedeelte van die preekstoel is die geronde vorm aangewend, terwyl die res van die ontwerp deur die trapvorm en vertikale vinne gekenmerk word. Die geronde vorm word

ook in die koorgalery en in die lyne van die voorste kerkbanke aangetref. Die vertikale element word tot 'n hoogtepunt gevoer met die plasing van die orrelpype op die boonste vlak agter die preekstoel. Dit vorm 'n baie mooi vertikale geheel met die preekstoel.

Albei hierdie kerkgeboue getuig van argitektoniese estetiese en vaardige vakmanskap. Dit is bouwerke van formaat, wat 'n opspraakwekkende rewolusionêre neiging in kerkargitektuur in die 1940's aangedui het, maar tog 'n eg Suid-Afrikaanse karakter gehad het. Die pers het oor Port Elizabeth-Wes se kerkgebou soos volg berig: *Die gebou is 'n pronkstuk van argitektoniese kunsvaardigheid en bedrewe vakmanskap in egte Suid-Afrikaanse boustyl (Die Oosterlig 30/4/1948:g.b.; Terblanche 1973:167)*. Hierdie twee kerkgeboue is verteenwoordigend van 'n Internasionale Deco-styl.

### **Gevolgtrekking**

Alhoewel die algemene neiging in kerkargitektuur in Suid-Afrika gedurende die 1930's en 1940's konserwatief was, is daar tog heelwat modernistiese kerkgeboue opgerig. Hierdie geboue was dikwels 'n vermenging van die tradisionele, naamlik Neo-Gotiese, en Art Deco-stylelemente. Daar kan dus na Suid-Afrikaanse deco verwys word, wat in baie gevalle 'n Gotiese Deco is. In die geval van Afrikaanse kerkgeboue word daar deur sommige skrywers daarna verwys as Boere Deco. Hierdie geboue dui 'n wegbreek van historisisme na modernisme aan en is 'n aanduiding dat Suid-Afrikaanse argitekte, alhoewel hulle in die klassieke idioom opgelei is, doelbewus nuwe tendense in argitektuur bestudeer het en wel deur die internasionale modetrant beïnvloed is.

## HOOFSTUK 9

# DIE VERGESTALTING VAN ART DECO IN MONUMENTE IN SUID-AFRIKA

### Inleiding

Die oprigting van 'n monument is een van die maniere waarop 'n volk sy geskiedenis verbeeld. 'n Land sonder monumente kan met 'n huis sonder familieportrette vergelyk word. Daar is nie baie voorbeelde van monumente en gedenktekens in Suid-Afrika wat die Art Deco-styl verteenwoordig of waarin Art Deco-stylelemente waargeneem kan word nie. Die redes hiervoor is eerstens dat daar nie soveel monumente en gedenktekens as ander geboutipes in 'n land benodig en opgerig word nie. Tweedens is gedenktekens in die vorm van gedenknaalde, wat relatief stylloos is, reeds oor eeue heen opgerig en is daar ook 'n hele aantal voorbeelde daarvan in Suid-Afrika.

'n Gedenknaald of obelisk het gewoonlik 'n skerp punt wat hemelwaarts gerig is. Obeliske het hul oorsprong in Egipte, waar dit uit 'n enkelsteen gekap is. Die Egiptenare het geglo dat die gees van die son in 'n obelisk teenwoordig was. Alle Egiptiese obeliske het uit 'n granietgroef naby Aswan gekom. Dit dateer terug tot ongeveer 2500 vC. Egiptiese obeliske word oor die wêreld heen gevind (*Eastern Province Herald* 24/7/1979:g.b.). Daar is vele voorbeelde van gedenktekens in Suid-Afrika in obeliskvorm, soos byvoorbeeld die Nasionale Vrouemonument in Bloemfontein (Swart e.a. 1989:102), die Bloukransmonument (Swart e.a. 1989:236) en die War Memorial in Port Elizabeth (Van der Linde 15/7/1999:besigtiging en ondersoek).

Enkele voorbeelde van monumente en gedenktekens sal in hierdie hoofstuk bespreek word, waarvan die grootse Voortrekkermonument verreweg die mees uitstaande voorbeeld is. Die Voortrekkermonument, wat internasionale bekendheid en erkenning ontvang het, sal indringend bespreek word.


### **9.1 Minaret, Sheikh Yusuf (Josef) se kramat, Faure, Kaap (bestaan steeds)**

(Sien figuur 9.1)

Die minaret/moskeetoring en graftombe is deur die argitek Kendall & Mansergh ontwerp en is in Mei 1925 voltooi (*Architect Builder & Engineer* Oktober 1929:p.o.; Oxley 1992:64). Die kramat (graf van 'n Moslem-heilige) van Sheikh Yusuf naby Faure is in 1927 herbou (Oxley 1992:65). Dit is ter ere van Sheikh Yusuf, 'n banneling van Batavia, wat in 1694 na die Kaap gestuur is, opgerig (Oxley 1992:63). Hy het by Faure (destyds Zandvliet) in afsondering gewoon. Sy broer was die Sultan van Makassar, wat oor die klein staat Gowa, geheers het. Sheikh Yusuf het op een van sy pelgrimstogte na Mekka met die dogter van die sultan van Bantam getrou. Hy is gevange geneem en verban nadat hy saam met sy skoonpa teen militante magte geveg het wat deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) gesteun is. Hy is eers na Ceylon en toe na die Kaap gestuur. Vyf jaar na sy aankoms is hy in Mei 1699 oorlede (Oxley 1992:64; Potgieter 1975:567).

Uit genoemde bronne is die slotsom gevorm dat die Art Deco-styl in die ontwerp van die minaret vervat is. Dit is met 'n getrapte voetstuk of basis ontwerp, wat as gedenkplaat dien, aangesien dit uitgegraveer is. Op die basis volg 'n modernistiese minaret wat so ontwerp is dat dit uit horisontale segmente opgebou is en nouer na bo raak. Die segmente is saamgebind deur prominente gepaarde vertikale groewe. Die tweede gedeelte van die minaret is nóg smaller en bestaan uit twee horisontale segmente wat met reëlmatige enkelgroewe versier is. Waar die twee dele bymekaar aansluit, is 'n projekteerende silindriese bandversiering geplaas, wat met kort vertikale uitstaande/projekteerende vinne versier is. Die minaret is met 'n gladde piramidiese spitspunt afgerond, wat uit drie

horisontale segmente bestaan. Dit het 'n vuurpylartige voorkoms wat van modernisme spreek en waarin daar Art Deco-elemente vervat is, byvoorbeeld die kontrasterende vertikale en horisontale element wat tot 'n eenheid saamgesnoer is, met die doel om 'n harmonieuse en gebalanseerde geheel te vorm.



Figuur 9.1 Minaret, Sheikh Yusuf se kramat, Faure (Oxley 1992)

Die kramat en minaret word jaarliks deur vele Moslems besoek. In die kramat is 'n bed met ryk dekoratiewe klede, waar die gees van Sheikh Yusuf volgens die Moslems rus (Oxley 1992:64).

## 9.2 Tower of Light, Statebonduitstallingterrein, Milner Park, Johannesburg (bestaan steeds) (Sien figuur 9.2)

Die wêreldbekende Rykskou/Statebonduitstalling of beter bekend as die Empire Exhibition, is vanaf 15 September 1936 tot 15 Januarie 1937 in Johannesburg gehou (Chipkin 1993:105). Met dié skouspelagtige geleentheid is Johannesburg se vyftigste

bestaansjaar herdenk. Die Rykskouterrein waar dit plaasgevind het, is langs die Witwatersrand-kampus geleë. Duisende oorsese besoekers het daarheen gestroom. Die Tower of Light is een van die mees indrukwekkende strukture wat op die skouterrein opgerig is (Chipkin 1993:105). Volgens die *Pictorial* van Oktober 1936 was GE Pearse vir die ontwerp verantwoordelik en het hy Bernard Cooke as assistent gebruik, om hom met baie van die tekeninge by te staan (Chipkin 1993:108-109). Die hoofingang van die skouterrein was vanaf Empireweg. Dit was blote toeval dat die straat wat na die hoofingang van die terrein gelei het, dié gepaste naam gehad het. Dit het reeds tien jaar tevore die naam, wat na die Britse Ryk verwys, ontvang. Vanaf die ingang het 'n wandelpad gelei en aan die bopunt daarvan is die fokuspunt van die terrein, die Tower of Light, opgerig (Chipkin 1993:105; Van der Waal 1986:187).



Figuur 9.2 Tower of Light, Milner Park, Johannesburg (Smith 1956)

Die Tower of Light is 'n indrukwekkende sestig meter-hoë gewapende betonstruktuur. Die dinamiese toring het 'n gladde vaartbelynde silindriese voorkoms en is nouer na bo ontwerp. Die vier vertikale Art Deco-venne gee aan die struktuur 'n stutmuurvoorkoms (Chipkin 1993:108; Smith 1956:104). Die toring het in die amptelike uitstallingsgids groot erkenning ontvang, waarin dit beskryf is as 'n toring wat vanaf enige plek aan die

Rand gesien kon word en aangesien dit 'n verligte toring was, vir vlieëners in die donker as 'n landmerk gedien het (Chipkin 1993:108). Die vertikale element is baie sterk beklemtoon. Hierdie futuristiese toring se oorsprong kan in Thompson se Luna Park op Coney Island, Amerika, waar die eerste elektries-verligte torings gebruik is, gevind word. Daar is ook 'n ooreenkoms met Antonio Sant' Elia en die Italiaanse futuriste van 1909 se elektries-verligte ontwerpe (Chipkin 1993:108). Die balustrade wat heel bo teen die toring aangebring is, is 'n Art Deco-skeepsrelingbalustrade.

Johannesburg beskik in die Tower of Light oor 'n belangrike futuristiese toring wat van die Art Deco-styl getuig. Dit was 'n struktuur wat in 1936 die verbeelding van mense aangegryp het en 'n simbool van vooruitgang was (Van der Waal 1986:187). Die nuwe tydges van die Art Deco-era is in die ontwerp van hierdie toring weerspieël.

### **9.3 Karel Landman Voortrekkermonument, Kolrand, Alexandria, Oos-Kaap (bestaan steeds) (Sien figuur 9.3)**

Die Karel Landman Voortrekkermonument is op die plaas Kolrand, ongeveer veertig kilometer van Alexandria opgerig. Dit is vyf kilometer van die hoofpad in Olifantshoek geleë. Die terrein was 'n gepaste keuse vir 'n gedenkteken wat die Groot Trek sou gedenk, aangesien die trekgeselskap van Karel Landman vanaf Olifantshoek vertrek het (*Eastern Province Herald* 16/6/1976:13; Opperman 1989:66; Rautenbach e.a. 1988:10-11; *Weekend Post Supplement* 2/9/1978:2). Tydens die slag van Bloedrivier met Andries Pretorius as bevelvoerder, was Karel Landman tweede in bevel (Opperman 1989:66).

Die aanvanklike idee was om 'n rowwe steen of granietklip op 'n voetstuk en vier stewige kort suile op te rig, maar nadat die argitek, Gerard Moerdyk, 'n besoek aan die terrein afgelê het, was hy nie ten gunste van dié idee nie. Hy het 'n monument in die vorm van 'n aardbol, met 'n ossewa en 'n span osse, trekkende oor Afrika, ontwerp. Die hol aardbol het 'n deursnee van vyf meter en is van beton (Opperman 1989:66). Dit rus op vier stewige blokagtige stene en is bo-op 'n trapvormige basis, wat 'n podium vorm, geplaas (*Eastern Province Herald* 16/6/1976:13; Opperman 1989:66; Rautenbach e.a. 1988:25;

*Weekend Post Supplement* 2/9/1978:2). Op die vier hoekstene is die volgende inskripsies gemaak:

Hoeksteen 1: ARGITEK: G MOERDYK  
BOUMEESTERS:  
LUPINI BROERS

Hoeksteen 2: FEESTERREIN  
GESKENK DEUR  
JA SCHEEPERS,  
JC SEUN

Hoeksteen 3: MONUMENT ONTHUL  
DEUR DS. WA LANDMAN  
16 DES. 1939

Hoeksteen 4: OPPERIG DEUR INWONERS  
VAN OLIFANTSHOEK (ALEX-  
ANDRIA DIST.) MET  
DANKBAARHEID TEENoor  
SY STOERE VOORTREKKERS  
(RAUTENBACH 1988:28).

Die hoeksteen is op 16 Desember 1938 deur CJ (Nelie) Scheepers, 'n broerskind van die Trekkerleier, Karel Landman, gelê. Haar seun, JA Scheepers, het die terrein vir die oprigting van die monument geskenk (Opperman 1989:66; Rautenbach e.a. 1988:24,27).

Die monument is deur die Lupini-broers van Johannesburg teen 'n koste van £470,00 opgerig (Opperman 1989:66; Rautenbach e.a. 1988:25). Die jong Lupini-broer het vanaf Augustus 1939 op die plaas Koppie Alleen van Gerrie Aucamp, in Alexandria-distrik, met sy gesin en nefie gaan woon om met die voltooiing van die monument te help. Cavalierre Giovanni Fasciotti was 'n welbekende Italiaanse kunstenaar en vriend van Lupini, wat in



1938 Suid-Afrika toe gekom het. Hy het vanaf Oktober 1939 met die ouer Lupini-broer saamgewerk om die monument te voltooi. Hy het veral wat die reliëfversiering betref, 'n groot bydrae gelewer (Rautenbach e.a. 1988:26).



Figuur 9.3 Karel Landman Voortrekkermonument, Alexandria (Rautenbach e.a. 1988)

Op 16 Desember 1939 het die onthulling van die monument in die teenwoordigheid van meer as eenduisend mense plaasgevind. Op dié oggend is 'n erediens deur ds. CH Latsky van Alexandria gelei, terwyl die amptelike onthulling van die gedenkteken die middag deur ds. WA Landman, 'n afstammeling van Karel Landman, waargeneem is (Opperman 1989:66; Rautenbach e.a. 1988:26). Die gedenkterrein sou vir vele jare op 10 Oktober en 16 Desember 'n plek van samekoms en feesviering wees.

Na 'n bestudering van Horsham se *20's & 30's style* is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die aardbol-idee van die Landmanmonument in 'n mate ooreenstem met die Perisphere-ontwerp van 1939 wat op die New York World's Fair-uitstaltein opgerig is (Horsham 1996:112-113). Dié futuristiese *Democracy* binne-in die aardbolvorm wat deur Henry Dreyfuss ontwerp is, beeld Amerika se idee van hoe die ideale wêreld behoort te wees, by wyse van toekomslogika uit (Horsham 1996:114-117). Die ontwerp van die Karel

Landmanmonument wyk van die tradisionele af en is 'n weerspieëling van die modernistiese gees van die Art Deco-era.

#### **9.4 Die Hugenote-monument, Hugenoteweg, Franschhoek (bestaan steeds)**


(Sien figuur 9.4a, 9.4b)

Ná die herroeping van die Edik van Nantes in 1685 het talle Protestante uit Frankryk gevlug om vervolging te ontkom (Van Zyl 1989:56), aangesien hulle nie van die Gereformeerde geloof wou afstand doen nie. Die meeste vlugteling het uit die noordelike grensgebiede van Frankryk na Nederland gevlug, omdat dit die naaste Calvinistiese land was (Coertzen 1988:41). Sommige van die Hugenote wat na Nederland gevlug het, het na Suid-Afrika gekom omdat die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) 'n kolonisasiepoging na die Kaap van Goeie Hoop aangepak het. Die eerste Hugenote het op 26 April 1688 in Tafelbaai aangekom (Coertzen 1988:78).

Die monument is op Franschhoek met die Drakensteinberge in die agtergrond opgerig. Dit is 'n kombinasie van die ontwerp van 'n Nederlandse argitek van Kaapstad, JC Jongens, en dié van die bekroonde Pretoriase beeldhouer, Coert Steynberg (Van Tonder 1961:37; Van Zyl 1989:56). Die werk is onder toesig van die Kaapse argitek, CP Walgate, gedoen en teen die einde van 1944 voltooi. Die hele struktuur het ongeveer £18000,00 gekos. Die monument is op 17 April 1948 ingewy (Van Tonder 1961:38; Van Zyl 1989:56).

Uit geraadpleegde bronne is die gevolgtrekking gemaak dat die monument uit historiese en modernistiese elemente bestaan. Historisisme word in die klassieke halfmaanvormige suilegang wat deur Jongens ontwerp is en die agtergrond vorm, aangetref. Die gemoderniseerde lugboë van Jongens is 'n vorm wat wel by die Art Deco-styl aansluiting vind. Vertikaliteit kom sterk tot uiting in die slank twaalf meter-hoë reghoekige suile. Daar is vier suile gebruik om drie boë te vorm, wat die Christelike Drie-eenheid uitbeeld. Vertikaliteit word verder in die kroonmotief van die middelste boog uitgedruk - 'n lang slanke modernistiese motief wat uit 'n kruis en son bestaan. Die kruis simboliseer die

Christelike geloof en die son stel die Son van Geregtheid voor (Van Tonder 1961:37; Van Zyl 1989:56). 'n Verdere gevolgtrekking is dat die ontwerp van die drie lugboë aan dié van die Christian-Science Church, Parkrylaan, Port Elizabeth, wat deur Herbert McWilliams ontwerp is, herinner. In laasgenoemde ontwerp het die sentrale fokuspunt ook uit drie boë bestaan. Dié kerk is in 1939 voltooi en die ontwerp was ook 'n kombinasie van horisontale en vertikale elemente, wat 'n baie gewilde tendens in Art Deco-argitektuur was. Die kerk is in 1995 gesloop, enkele ure voordat dit as 'n Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar is (*Eastern Province Herald* 25/5/1995:4; *Eastern Province Herald* 13/5/1995:g.b.; *Evening Post* 12/5/1995:g.b.; *Evening Post* 23/2/1996:g.b.; *Evening Post* 10/5/1996:g.b.; *Restorica* 1996:28). Die drie boogvorme kom in Gertruida Brinkman se ontwerp van die Noordeinde Biblioteek (1937) in Port Elizabeth voor, en is ook in 1935 deur John Perry vir die hoofingang van die Johannesburgse Openbare Biblioteek gebruik.



Figuur 9.4a Hugonote-monument, Franschhoek (Van Tonder 1961)

Die vrouefiguur op die aardbol wat sentraal voor die lugboë geplaas is, vorm saam met die lugboë die sentrale fokuspunt van die monument. Art Deco-modernisme word in die aardbolvorm uitgedruk. Uit 'n bestudering van Horsham se *20's & 30's style* is daar tot

die gevolgtrekking gekom dat dieselfde aardbol-idee wat by die Trylon & Perisphere in New York in 1939 gebruik is, ook in die ontwerp van die Hugonote Monument voorkom. In die ontwerp van die Perisphere is die aardbol saam met mensbeelde gebruik. 'n Vrouebeeld is ook by die ontwerp van die aardbol in die Hugonote Monument geïnkorporeer en 'n watervywer is in albei ontwerpe ingesluit. Daar is dus heelwat ooreenkomste.



Figuur 9.4b Trylon & Perisphere, New York (Horsham 1996)

Die vrouefiguur op die aardbol was die handewerk van Coert Steynberg. Hy het die beeld persoonlik uitgebeitel, terwyl die res van die bouwerk deur die Kaapse firma, JR McKillop, in Paarlse graniet uitgevoer is (Van Tonder 1967:37-38; Van Zyl 1989:56). Die vrouebeeld met die Bybel onder haar arm en die gebreekte ketting in haar hand, simboliseer die godsdienst- en gewetensvryheid van die Hugonote en beeld ook die geestelike en fisiese vlug van die Hugonote vanaf Frankryk na Suid-Afrika uit (Van Tonder 1961:38; Van Zyl 1989:56). Voor die beeld is 'n watervywer van twaalf meter by

agtien meter, wat met waterlelies oortrek is. Hierdie vywer, sowel as die suilegang is simbolies van die sielerus wat die Hugenote na afloop van hul vlug na Suid-Afrika ervaar het (Van Zyl 1989:56).

In hierdie monument is daar nie slegs 'n kombinasie van twee ontwerpe nie, maar ook 'n harmonieuse kombinasie van 'n klassieke ontwerp, waarin die modernistiese tydgees van die Art Deco-era tog ook teenwoordig is. Die totale komposisie is 'n harmonieuse samevoeging van horisontale sowel as vertikale elemente, wat baie gewild in die Art Deco-styl was. Daar kan dus na die ontwerp van hierdie monument as Klassieke Deco verwys word.

### **9.5 Die Voortrekkermonument, Monumentkoppie, Pretoria (bestaan steeds)**

(Sien figuur 9.5a, 9.5b, 9.5c, 9.5d, 9.5e, 9.5f, 9.5g, 9.5h)

Desirée Picton-Seymour beskryf die Voortrekkermonument tereg in haar boek *Historical Buildings in South Africa* soos volg: *The ultimate structure of the Art Deco period in South Africa was the Voortrekker Monument*. Dié monument is in die 1930's ontwerp. Dit is opgerig om die Groot Trek van die Voortrekkers gedurende 1834 - 1838 te herdenk. Die Trekkers het die Kaapkolonie wat onder Britse bewind was, verlaat, om 'n onbekende land binne te trek in hul strewe na die verkryging van politieke vryheid in die vorm van 'n onafhanklike Republiek (Moerdyk 1949c:2; *Woonburger* 12/12/1998:1). Die hoeksteen is op 16 Desember 1938 aan die einde van die simboliese ossewatrek wat deur Suid-Afrika plaasgevind het, gelê. Die datum, 16 Desember, was geskik vir die hoeksteenlegging, aangesien die Voortrekkers op 16 Desember 1838 die Zulu-mag van Dingane tydens die Slag van Bloedrivier 'n beslissende neerderlaag toegedien het. Die slag was die begin van die einde van Dingane se mag. Die hoeksteenlegging is deur drie vroue, naamlik KF Ackerman, JC Muller en JC Preller waargeneem, wat bloedverwante van die Voortrekkerleiers, Piet Retief, Andries Pretorius en Andries Hendrik Potgieter was (Van Tonder 1961:42). Die Voortrekkermonument is op 16 Desember 1949 in gebruik geneem.

Op Saterdag 4 April 1931 is daar deur afgevaardigdes van die onderskeie monumentekomitees uit alle dele van Suid-Afrika op die stigting van 'n Sentrale Volksmonumentekomitee (SVMK) besluit. Die hoofsaak van die komitee sou die oprigting van 'n Voortrekkergedenkteken insluit (*Dagbreek Spesiale Monument-uitgawe* 4/12/1949:5). Op 16 Desember 1933 is daar in Pretoria besluit dat dié monument een van simboliese waarde en nie van gebruikswaarde, soos byvoorbeeld 'n hospitaal sou wees nie (*Dagbreek Spesiale Monument-uitgawe* 4/12/1949:g.b.). Die SVMK het op 6 Oktober 1936 in Pretoria 'n stemming gehou om te bepaal waar die monument opgerig sou word. Die keuse het op Pretoria, wat twee stemme meer as Winburg verwerf het, geval.

Die monument is deur Gerard Leendert Pieter Moerdyk (ook Moerdijk gespel) ontwerp (Van Tonder 1961:44). Moerdyk het aan verskeie oorsese instansies gestudeer, byvoorbeeld die Architectural Association of London en daarna aan die *École des Beaux Arts* (Skool van Boukuns) in Parys, Frankryk, sowel as aan die British School of Archeology, in Rome, Italië. Die ontwerp van die Voortrekkermonument kan as die *magnum opus* van Moerdyk se loopbaan as argitek beskou word (Picton-Seymour 1989:162; *Woonburger* 12/12/1998:III). Moerdyk het inspirasie vir die ontwerp van die monument eerstens in die Bybel gevind. Hy het 'n parallel gesien in die uittog van Abraham uit Ur van die Galdeërs. Abraham het sy vaderland verlaat om 'n heenkome in 'n nuwe land te vind en tydens sy trektog het hy herhaaldelik altare gebou om die God wat hom gehelp het, te loof. Die sentrale idee waarom die monument ontwerp is, is dié van 'n altaar. Die fokuspunt van die monument is die senotaaf (Burger 1981:33; Ferreira 1975:54; Moerdyk 1949c:2). Die korrekte benaming is senotaaf (*Kenos*, leeg en *taphos*, graf) en nie sarkofaag (*Sarkophagos*) nie. Laasgenoemde sou 'n geskikte benaming wees indien die beendere van sommige Voortrekkers in die monument herbegrawe sou word (Ferreira 1975:56).

Duursame Suid-Afrikaanse marmer was 'n geskikte keuse vir die senotaaf, wat 'n simbool is van die offer wat Piet Retief en sy manne vir die Voortrekker-ideaal moes bring (Moerdyk 1949c:2). Die laer van Voortrekkerwaens om die monument is van kunsgraniet


en simboliseer die Voortrekkers se verdedigingsmeganisme in tye van gevaar. Die laer bestaan uit vier-en-sestig waens, elk 4,6 meter by 2,7 meter. Dit verteenwoordig 'n simboliese teenstand teen alles wat teenstrydig met die Voortrekker-ideaal is en vorm 'n skans om die Afrikaner-heiligdom (Moerdyk 1949c:2; Van Tonder 1961:41).

Die Voortrekkermonument is deur die sestigjarige Cornelis (Kerneels) Pretorius van Bloemfontein gebou. Die ongeveer sestigduisend stene is elkeen deur Pretorius gelê. Dié indrukwekkende bouwerk wat as gevolg van sy handewerk gerealiseer het, het ongeveer £360 000,00 gekos (Potgieter 1975:283; *Woonburger* 12/12/1998:1). Dit is 'n vierkantige struktuur van 40,5 meter by 40,5 meter (Heymans 1986:38; *Sadie* 16/12/1949:8,11). Die struktuur vertoon besonder indrukwekkend op 'n podium van driehonderd-en-ses trappe (Van Tonder 1961:48; Scheepers 1949:9).



Figuur 9.5a Vrouefiguur (Botha 1952)

Voor die hoofingang van die monument is 'n 13vt (4.09m)-hoë bronsstandbeeld van 'n Voortrekkervrou met haar twee kinders (Ferreira 1975:66; Voortrekkermonument-album 1949:3). Dit beeld die belangrikheid van die Voortrekkergesinsverband uit, wat 'n kardinale rol in die verwesenliking van die Voortrekker-ideaal gespeel het. Hierdie beeldgroep was Anton van Wouw se laaste groot opdrag wat hy uitgevoer het (Ferreira 1975:66-67; Moerdyk 1949c:2; Van Tonder 1961:48). Dit het Anton van Wouw ongeveer twee jaar geneem om die beeld wat krag, intelligensie en moed moes uitbeeld, te voltooi. Dié beeldgroep is deur die firma Vignali in een stuk gegiet (Moerdyk 1949:54; Heymans 1986:38). Op die fasade aan weerskante van hierdie beeldgroep word vier swart wildebeeste uitgebeeld, wat verteenwoordigend van Dingane se regiment van wildebeeste was, wat Retief en sy manne uitgemoor het. Dié wildebeesteontwerp is gekies om die swart bedreiging teen die blankes voor te stel (Ferreira 1975:67; Moerdyk 1949c:2; Scheepers 1949:11; Van Tonder 1961:48). Die swart wildebeeste is in graniet uitgebeeld. Die gemoduleerde gipsmodelle is deur Ernst Ullmann gemaak, terwyl die kapwerk deur die firma Sinclair en Kie van Pretoria gedoen is (Heymans 1986:38; Moerdyk g.d.:54).



Figuur 9.5b Hoekfiguur (Voortrekkermonument Amptelike gids)




Op elk van die vier buitehoeke van die monument is daar 'n 18vt (5.67m)-hoë hoekfiguur van graniet, naamlik die van die Groot Trekkeleiers in die persone van Piet Retief, Andries Pretorius en Hendrik Potgieter. Die vierde beeld is dié van die onbekende Voortrekker wat die res van die Voortrekkers simboliseer (Ferreira 1975:68; Moerdyk 1949c:2; Scheepers 1949:11; Van Tonder 1961:48). Die model vir die onbekende Voortrekker was heel moontlik Van Warmelo, een van die seuns van Maria van Warmelo, die leier van die sogenaamde Kappiekommando. Hy was 'n geskikte model, aangesien hy 'n baie mooi baard gehad het (*Woonburger* 12/12/1998:IV). Dié figure is deur Frikkie Kruger ontwerp. Die driemaal lewensgrootte beelde weeg elk ses ton. Zeederberg en Yssel van die firma Sinclair, was vir die kapwerk van die vier hoekfigure verantwoordelik (Moerdyk g.d.:55; Sadie 16/12/1949:11).

Bo die hoofingang pryk die kop van 'n buffel, wat die ingang teen bedreiging van buite bewaak. Die buffelkop is deur die beeldhouer Hennie Potgieter ontwerp en in graniet gekap/uitgebeitel (Ferreira 1975:67; Heymans 1986:38; *Die Burger* 16/7/94:g.b.).

Daar word algemeen in argitektuurbronne na die ontwerp van Moerdyk se Voortrekkermonument verwys as 'n ontwerp wat nie oorspronklik was nie, maar dat dit op die ontwerp van die Völkerschlichtsdenkmal geskoei was, wat Bruno Schmitz in Leipzig, Duitsland, ontwerp het. Laasgenoemde is 'n monument wat in 1913, eenhonderd jaar na die oorwinning van Duitsland oor die leër van Napoleon Bonaparte, opgerig is om dié geleentheid te gedenk (*Woonburger* 12/12/1998:III). Die Voortrekkermonument is nie 'n nabootsing van die Völkerschlichtsdenkmal nie, maar Moerdyk is heel waarskynlik in 'n mate deur die ontwerp daarvan beïnvloed (Fransen 1981:155), alhoewel daar ander belangrike invloede was wat ook tot sy eindproduk bygedra het (*Woonburger* 12/12/1998:III). Daar kan hoogstens gesê word dat laasgenoemde een van die oorsprongbronne was, wat 'n invloed op die ontwerp van die Voortrekkermonument gehad het. Moerdyk se ontwerp is deur die Bybel geïnspireer, vanwaar die senotaaf-idee wat die sentrale fokuspunt van die ontwerp vorm, kom (*Die Burger* 1981:33; Jonker 2/12/1949:9). Die verhoudings van Moerdyk se ontwerp, sowel as die totale komposisie en die plasing daarvan op 'n hoogte, is veel meer vleiend as die Völkerschlichtsdenkmal,


alhoewel dit kleiner is. Daar is 'n ooreenkoms met dié monument in Leipzig wat betref die reghoekige vorm, die rondeboogvorm wat in die vensters na vore kom, sowel as die koepelvormige dak met die koepeloog.




Figuur 9.5c Völkerschlachtdenkmal, Leipzig (Pevsner 1976)

Uit illustrasies in Patricia Bayer se *Art Deco Architecture* (1992:206) en Nicholas Pevsner se *History of Building Types* (1976:29) kan die afleiding gemaak word dat vir die Anzac Memorial 'n soortgelyke idee gevolg is. Die Anzac Memorial is ter ere van die gewese weermagslede in Sydney, Australië, in Hyde Park, deur C Bruce ontwerp en in November 1934 ingewy. Dit neem net soos die Völkerschlachtdenkmal en die Voortrekkermonument 'n reghoekige vorm aan en is in die Art Deco-idiom. Dit is 'n

indrukwekkende 100vt (31.49m)-hoë gebou, waarvan die boumassa met 'n piramidiese trapvorm na bo afgerond is. Die ronde boogvensters van Belgiese glas is ook in die Art Deco-idiom. Die gebou het 'n koepelvormige dak en is buite met beeldhouwerk versier. Die indrukwekkende gebou verrys ook op 'n podium en word deur 'n stel trappe bereik.



Figuur 9.5d Anzac Memorial (Bayer 1992)



Figuur 9.5e Voortrekkermonument, Pretoria (Voortrekkermonument Amptelike gids)

Moerdyk is ook baie sterk deur die Zimbabwe Ruïnes beïnvloed. Hy het baie ure tussen die ruïnes vertoef en opmetings gemaak. Afgesien van die piramides was geen enkele bouwerk in Afrika meer groots as die Zimbabwe Ruïnes nie (Ferreira 1975:54-55; Moerdyk 1949b:23). Hy het besluit om duursame grys Suid-Afrikaanse graniet vir die grootse Voortrekkermonument te gebruik wat in geronde rotsstene geskaaf sou word, soos dit in die ruïnes gebruik is (Jonker 2/12/1949:47). Hierdie graniet het van 'n plekkie naby Huntley-stasie, agter die Soutpansberge, gekom (Jonker 2/12/1949:47). Die inspirasie vir die sigsagversierings wat herhaaldelik op die fasade van die Voortrekkermonument gebruik is, was van die Zimbabwe Ruïnes afkomstig. Die gebruik van die sigsagmotief het by antieke volkere water en in die besonder, vrugbaarheid, voorgestel. Moerdyk het die sigsagmotief gekoppel aan die feit dat die Voortrekkervrou saam op die Groot Trek gegaan het en die aanwas van die blanke bevolking voortgesit is. Volgens Moerdyk is die verspreiding van die Christendom en Westerse beskawing daarmee verseker (Butler 1994:UP Arg. werkstuk; Ferreira 1975:67-68). Gerard Moerdyk het self in 1949 geskryf dat die sigsagversiering op die volle omtrek van die fasade die simbool van vrugbaarheid is en dat om vrugbaar te wees en te vermeerder die enigste behoud van die Afrikaner sou wees. Hy het dit soos volg gestel: *Dit was die enigste manier waarop die Voortrekker kon verseker dat Suid-Afrika 'n witmansland sou bly* (Ferreira 1975:67-68; Moerdyk 1949b:23). Die Art Deco-styl het 'n groot invloed op dié ontwerp van Moerdyk gehad. Die Art Deco-sigsagpatroon is in die geweefde versieringsmotief van die groot rondeboogvensters op al vier fasades van die Voortrekkermonument vervat. 'n Dubbele horisontale ry sigsagmotiewe reg rondom die totale fasade van die gebou, is aan die bokant van die boogvensters aangebring.


Dit blyk uit geraadpleegde bronne dat die fasade van die gebou van Art Deco-simmetrie en -geometrie spreek. Verskeie geometriese vorme is in die fasade-ontwerp vervat. Art Deco-vertikaliteit kom duidelik tot uiting in die vier pilasters wat vertikaal oor die groot boogvensters aangebring is. Die groot boogvenster met die sigsagweefversiering en die vertikale pilasters, vorm die sentrale fokuspunt op die effens uitgeboude sentrale vak van al vier fasades. Die rondeboogvorm wat in die sentrale vak van die fasade gebruik is, is

ook in die toring van die Chryslergebou van Williams van Alen (1928-1931) gebruik, wat by uitstek 'n vergestaltung van Amerikaanse Deco is. Die trapvormige afplatting en afronding van die gebou na bo, onderskryf ook die Art Deco-karakter van hierdie meesterbouwerk. Die kroon van die monument word deur 'n reeks langwerpige dekoratiewe nisse afgerond, waarin die chevronpatroon weer eens gebruik is. Hierdie horisontale ry vertikale nisse wat met geronde projekterende uitbouings afgewissel word, beklemtoon weer eens die Art Deco-karakter van die fasade. Beklemtoonde vertikaliteit word in die vertikale reeks venstertjies wat op die smal eenvoudige syvakke van die fasade verskyn, aangetref.

In Moerdyk se strewe om 'n majestueuse monument tot stand te bring, het hy na ander indrukwekkende internasionale bouwerke vir inspirasie gekyk. Bouwerke wat 'n geweldige indruk op hom gemaak het, was byvoorbeeld die Egiptiese piramides, die Taj Mahal in Indië, die reeds genoemde Völkerschlachtsdenkmal in Duitsland (Pevsner 1976:29) en die Zimbabwe Ruïnes, die Groot Muur van China, Dôme des Invalides waarin Napoleon in Parys, Frankryk begrawe is en die Mausoleum van Halikarnassus in Klein-Asië. Hy wou die indrukwekkendheid en grootsheid van hierdie bouwerke in sy ontwerp vasvang, alhoewel dit tog 'n eg Suid-Afrikaanse karakter sou hê. Die verband met die Völkerschlachtsdenkmal en Zimbabwe Ruïnes is reeds genoem. Die graniet van die Voortrekkermonument stem ooreen met die steen van die groewe van Assoean in Egipte (*Die Voortrek* 13/12/1949:57). Die koepel-idee word nie net by die monument in Leipzig gevind nie, maar ook in die Taj Mahal en Dôme des Invalides. Moerdyk het gepoog om iets van die grootsheid van Afrika in die ontwerp uit te druk (Butler 1994:UP Arg. werkstuk; Ferreira 1975:55; Moerdyk 1949c:2).

Aan die buitekant van die monument is daar aan twee kante 'n booggang of wandelgang wat op twee-derdes hoogte van die monument aangetref word. Die booggange met hul onbelemmerde uitsig word deur 'n wenteltrap bereik (*Die Voortrek* 13/12/1949:38; Moerdyk 1949c:2; Van Tonder 1961:42). Elk van die twee booggange bestaan uit agt granietboë, wat 'n effektiewe lig-en-skaduspel tot gevolg het (Moerdyk 1949c:2).

Die interieur van die monument kan in drie ruimtes ingedeel word, naamlik die Haldesaal op die ingangsvlak, die Koepelsaal wat uit 'n koepel en 'n verdere koepel daarbo bestaan en die Senotaafsaal daaronder waar die senotaaf, wat 'n simboliese altaar is, die fokuspunt vorm (Butler 1994:UP Arg. werkstuk; Ferreira 1975:55-56; Moerdyk 1949c:2).



Figuur 9.5f Deursnit van Voortrekkermonument (Heymans 1986)

Die Haldesaal is 100vt (31.49m) lank, 100vt (31.49m) breed en 100vt (31.49m) hoog. Hierdie saal is in sy totale omtrek met 'n historiese fries versier. Die fries is uit sewe-en-twintig individuele panele saamgestel, wat belangrike ingrepe in die geskiedenis van die Voortrekkers uitbeeld (Butler 1994:UP Arg. werkstuk; Heymans 1986:7-37). 'n Historiese kommissie het oor die mees geskikte voorvalle, vir die doel van die fries, besluit (*Die Huisgenoot* 25/11/1949:16; Moerdyk 1949c:2). Die fries vorm 'n deurlopende geheel, wat die begin, die hoogtepunt en die einde van die trekgeskiedenis op 'n chronologiese wyse weergee. Dit begin by die voordeur, strek links om en eindig uiteindelik regs van die voordeur (Moerdyk 1949c:2). Die verloop van die geskiedenis van die Voortrekkers word soos volg deur die panele uitgebeeld:

- Paneel 1: Die vertrek van die Voortrekkers uit die Kaapkolonie in 1835 (*Die Huisgenoot* 25/11/1949:16; Ferreira 1975:59; Heymans 1986:8-9; Van Tonder 1961:49).
- Paneel 2: Die oorhandiging van die Bybel aan die trekkerleier, Jacobus Uys (Ferreira 1975:59; Heymans 1986:10; Van Tonder 1961:49).
- Paneel 3: Trichardt en sy geselskap in die Soutpansberg. Die belang van Die Woord en handeldryf word beklemtoon (Ferreira 1975:59; Heymans 1986:11; Van Tonder 1961:49).
- Paneel 4: Trichardt se geselskap siek van die koors met hul aankoms in Lourenzo Marques (Ferreira 1975:59-60; Heymans 1986:12; Van Tonder 1961:49).
- Paneel 5: Ndebele-aanval op Voortrekkers by Vegkop in 1836 (*Die Huisgenoot* 25/11/1949:16; Ferreira 1975:60; Heymans 1986:13-14; Van Tonder 1961:49).
- Paneel 6: Die inswering van Piet Retief as goewerneur deur eerwaarde Erasmus Smit (Ferreira 1975:60; Heymans 1986:14; Van Tonder 1961:49).
- Paneel 7: Potgieter se geveg teen die Ndebele by Kapain in 1837 (Ferreira 1975:60-61; Heymans 1986:15-16; Van Tonder 1961:4;).
- Paneel 8: Potgieter en die Trekkers se onderhandeling met Maroka, hoof van die Rolong, by Thaba Nchu (Ferreira 1975:61; Heymans 1986:17; Van Tonder 1961:49).

- Paneel 9: 'n Rapportryer bring die nuus aan Retief by die laer, dat Dingane ingewillig het om te onderhandel (Ferreira 1975:61; Heymans 1986:18; Van Tonder 1961:49).
- Paneel 10: Debora Retief verf haar vader, Piet Retief se naam op 'n rots. Die kenmerkende spel van Voortrekkerdogters met lappoppe en seuns met miniatuur-kakebeenwaens en dolosse word uitgebeeld (*Die Huisgenoot* 25/11/1949:16; Ferreira 1975:61; Heymans 1986:19; Van Tonder 1961:49).
- Paneel 11: Die tog na Natal oor die Drakensberge (Ferreira 1975:62; Heymans 1986:20; Van Tonder 1961:50).
- Paneel 12: Die ondertekening van die traktaat deur Retief en Dingane op 4 Februarie 1838 (*Die Huisgenoot* 25/11/1949:17; Ferreira 1975:62; Heymans 1986:21; Van Tonder 1961:50).




Figuur 9.5g Laagriëfwerk - ondertekening van die traktaat (Heymans 1986)



- Paneel 13: Die moord op Retief, sy sewentig vrywilligers en hul nie-blanke agterryers by Mgungundlovu op 6 Februarie 1838 (Ferreira 1975:62; Heymans 1986:22; Van Tonder 1961:50).
- Paneel 14: Die aanval van die Zulu op die Voortrekkerlaers by Bloukrans (Ferreira 1975:63; Heymans 1986:23-24; Van Tonder 1961:50).
- Paneel 15: Voortrekkervroue soos Heila en Fea Robertse, Therésa Viglione en ander wat die nag te perd ander laers teen die aanvallende Zulu gaan waarsku (Ferreira 1975:63; Heymans 1986:25; Van Tonder 1961:50).
- Paneel 16: Die lokval waarin die Zulu Hendrik Potgieter en Piet Uys lei en Dirkie Uys wat tot die dood sy vader verdedig (*Die Huisgenoot* 25/11/1949:17; Ferreira 1975:63; Heymans 1986:26; Van Tonder 1961:50).
- Paneel 17: Marthinus Oosthuizen op sy perd, Swartjie, wat die totale Van Rensburglaer van 'n seker dood tydens die Bloukrans-aanval red (Ferreira 1975:63; Heymans 1986:27; Van Tonder 1961:50).
- Paneel 18: Voortrekkervroue wat hul mans aanmoedig om te volhard. Hier word spesifiek na Susanna Smit verwys, wat gesê het dat hulle eerder kaalvoet oor die Drakensberge sou trek, as om onder die Engelse regering te staan (*Die Huisgenoot* 25/11/1949:17; Ferreira 1975:64; Heymans 1986:28; Van Tonder 1961:50).
- Paneel 19: Die nuwe Voortrekkerleier, Andries Pretorius, se aankoms op 22 November 1838 in Natal (Ferreira 1975:64; Heymans 1986:28-29; Van Tonder 1961:50).
- Paneel 20: Die aflegging van die Geloofte, onder leiding van Sarel Cilliers (Ferreira

1975:64; Heymans 1986:30; Van Tonder 1961:50).



Figuur 9.5h Laagreliefwerk – aflegging van Geloofte (Heymans 1986)

Paneel 21: Die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 (Ferreira 1975:64; Heymans 1986:31; Van Tonder 1961:50).

Paneel 22: Die bou van die Gelooftekerk op Pietermaritzburg (Ferreira 1975:65; Heymans 1986:32; Van Tonder 1961:50).

Paneel 23: Die belangrikheid van die bewerking van landerye en die verdediging van die laers, terwyl die mans op kommando is (Ferreira 1975:65; Heymans 1986:33; Van Tonder 1961:50).

Paneel 24: Mpande word as Zoeloe-koning gekroon, nadat sy magte dié van Dingane verslaan het (Ferreira 1975:65; Heymans 1986:34; Van Tonder 1961:50).

Paneel 25: Die Swazi's se moord op Dingane in 1840 (Ferreira 1975:65; Heymans 1986:35; Van Tonder 1961:50).

- Paneel 26: Die Voortrekkers se verlating van Natal in 1843 na afloop van die Britse Besetting (Ferreira 1975:66; Heymans 1986:36; Van Tonder 1961:50).
- Paneel 27: Brittanje se erkenning van die onafhanklikheid van Transvaal met die Sandrivierkonfensie in 1852 (*Die Huisgenoot* 25/11/1949:47; Ferreira 1975:66; Heymans 1986:37; Van Tonder 1961:50).

Die eerste werk wat in verband met die fries gedoen is, was die sketse wat die kunstenaar, WH Coetzer, gemaak het. Daarna is die groottes en die volgorde van die panele bepaal (Moerdyk 1949a:17). Hierdie historiese fries is uit Italiaanse marmer gemaak (Butler 1994:UP Arg. werkstuk.; Heymans 1986:38). Peter Kirchoff, Frikkie Kruger, Hennie Potgieter en Laurika Postma was vir die historiese fries verantwoordelik. Laurika Postma het in beeldhoukuns in München onder Bernard Bleeker studeer (Van der Westhuysen 2/12/1949:18). Hulle het klei- en gipsmodelle van die fries gemaak wat na Italië geneem is (Botha 1952:229; Sadie 16/12/1949:8-9). Die kapwerk is in Florence, Italië, in die ateljees van Romano Romanelli deur Italiaanse steenkappers uitgevoer. Romanelli was 'n bekende Italiaanse beeldhouer wat by dié projek betrokke was. Hy het op 16 Desember 1949 die openingsplegtigheid van die monument bygewoon (Sadie 16/12/1949:11). Om toe te sien dat die kapwerk betyds en na wense uitgevoer word, het Hennie Potgieter en Laurika Postma vir 'n jaar in Italië gewoon (Heymans 1986:38). Die Heldesaal is in marmer beklee wat van Marble Hall afkomstig is en ook deur die Suid-Afrikaanse firma, Marble Lime uitgevoer is (Moerdyk g.d.:59).

Die ontwerp en simboliek van die Voortrekkermonument en die historiese fries in die besonder, word uit verskeie oorde as verteenwoordigend van die rassisme van die apartheidsera gesien. Liese van der Watt, 'n lektor in kunsgeskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika, het in die April 1997-uitgawe van die kunstydskrif, *De Arte*, in 'n artikel, *Savagery and Civilisation: Race as a Signifier of Difference in Afrikaner Nationalist Art*, die mening geuit dat visuele kultuur, soos byvoorbeeld die marmerfries, gebruik is om die Voortrekkersiening in amptelike Afrikanergeskiedenis te omskep (*Die Burger* 25/11/1997:g.b.; Van der Watt 1996:38-40; Van der Watt April 1997:38,45). Sy sê tereg

dat die fries 'n uitbeelding vanuit die perspektief van die Voortrekkers en die Afrikaners is en dus 'n selektiewe uitbeelding van dié historiese gebeure en die verlede is (Van Bosch 25/11/1997:g.b.). Hierdie fries is 92 meter by 2,3 meter, wat dit die grootste bestaande marmerfries ter wêreld maak (Heymans 1986:38-39).

DF Malan het in sy openingsrede, *Quo Vadis* (Waar gaan jy heen?), op 16 Desember 1949, die volgende gesê: *Ons moet onthou dat die nie-blankes ook geen ander vaderland het nie en dat hulle ook hul bydrae gelewer het tot die opbou van Suid-Afrika. Selfs in die geskiedenis wat ons vandag herdenk, het hulle ook 'n aandeel gehad. Ek hoef nie op daardie geskiedenis in te gaan nie. U sal almal weet of gehoor het van trou en hulp wat deur nie-blankes aan blankes betoon is in die verlede* (Botha 1952:289). Hy het die hoop uitgespreek dat die monument die volk tot geloof en dankbaarheid in God se leiding sal aanmoedig, tot verdraagsaamheid en wedersydse respek en waardering, wat tot 'n verenigde Suid-Afrika sou lei (Botha 1952:288).

Die vloer van die Haldesaal is van marmer. Die ontwerp gee die indruk van golwe wat uitkring, soos wanneer 'n klip in water gegooi word. Hierdie kringpatroon is verteenwoordigend van die invloed van Retief en sy manne se daede, wat die hele gebou simbolies vul (Ferreira 1975:56-57; Moerdyk 1949b:21).

Die onderste saal wat die senotaaf huisves, word die Senotaafsaal genoem. Dit is die simboliese rusplaas van Retief en sy manne. Op die simboliese altaar/senotaaf, wat van gepoleerde Paryse graniet is, is die volgende woorde gegraveer: *Ons vir jou Suid-Afrika*. Elke jaar op 16 Desember, om twaalfuur, skyn die son presies daarop (Burger 1981:36; Hatfield 1967:82; *Woonburger* 12/12/1998:1). Die senotaaf is deur die hoofbouaannemer van die monument, WF du Plessis, gemaak (*Die Voortrek* 13/12/1949:55). In hierdie saal word 'n granietnis aangetref, waarin die *ewigdurende vlam* brand (Heymans 1986:38; Voortrekkermonument-album 1949:2). Moerdyk het gesê dat die fakkelvlam die simbool van die blanke beskawing is, wat die Voortrekkers die barbaarse binneland ingeneem het. Die blankes is as sinoniem met beskawing en Christendom bestempel, terwyl die nie-blankes barbarisme en heidendom verteenwoordig het (*Die Voortrek* 13/12/1949:57). Die

nis is deur die firma Marble Lime gemaak, wat ook die marmer van die vloere gesny het (Heymans 1986:38). Dit is in die noordelike muur geleë en vorm 'n fokuspunt tussen die marmerboë (*Die Voortrek* 13/12/1949:38). Die marmerwerk in die onderste saal wat deur Marble Lime gedoen is, is van die plaas Kaïro, waar die Limpopo- en Magalakwinriviere saamvloei, afkomstig (*Die Voortrek* 13/12/1949:59).

Die boonste saal word die Koepelsaal genoem. Dit is die ruimte tussen die koepeldak van die Haldesaal en die eintlike dak, wat ook koepelvormig is. Die koepel is 'n voorstelling van die aardbol met Suid-Afrika as fokuspunt (Ferreira 1975:57). Dié saal het 'n ingewikkelde ontwerp met vele boë, vensters, pilasters, suile en gangetjies (*Die Voortrek* 13/12/1949:39). Die Koepelsaal kan deur trappe bereik word en vandaar kan daar op die Haldesaal en die senotaaf in die Senotaafsaal afgekyk word. In die middelpunt van die koepeldak is die koepeloog, waardeur die son se strale op 16 Desember presies om twaalfuur val, om op die senotaaf in die onderste saal te skyn (*Die Voortrek* 13/12/1949:39). Inligting uit bogenoemde bronne dui daarop dat verskeie Art Deco-elemente in die interieur van die koepelsaal waargeneem kan word. Daar is van 'n skeepsreling-balustrade gebruik gemaak, om die Koepelsaal te beveilig. Die skeepsreling was 'n gewilde balustradevorm wat dikwels in Art Deco-argitektuur gebruik is. Die langwerpige vensters op dié vlak se sigsagversiering vorm deel van die interieur en versterk die Art Deco-karakter daarvan.

Moerdyk se ontwerp van die Voortrekkermonument was groots, maar was ook 'n liefdestaak wat hy verrig het, aangesien hy 'n toegewyde Afrikaner was wat self saam met sy moeder konsentrasiekamptoeë tydens die Anglo-Boereoorlog ervaar het (Jonker 2/12/1949:8). In sy soeke na inspirasie vir die ontwerp van die monument, het hy naweke van historiese plekke op die Trekkers se trekroete besoek, soos byvoorbeeld Bloedrivier, Vegkop, Bloukrans en Weenen, sodat hy iets van die Trekkers se wedervaringe in sy verbeelding kon oproep (Jonker 2/12/1949:47).

Die inhuldiging op 16 Desember 1949 was 'n plegtige geleentheid wat oor dae gestrek het en deur 250 000 mense bygewoon is (Cameron 1986:259). Die program het verskeie

optredes van massakore, volkspele en historiese toneelopvoerings ingesluit. Verteenwoordigers van die drieduisend jongmense van die Voortrekkerbeweging met hul brandende fakkels wat na die monument beweeg het, het die deure van die monument oopgesluit en 'n onuitwisbare indruk op die feesgangers wat teenwoordig was, gelaat (Jansen 15/7/1999:onderhoud). Dié luisterryke inhuldiging was 'n gepaste wyse om so 'n grootse bouwerk en monument in te wy. Die Voortrekkermonument kan op 'n helder dag so ver as veertig kilometer ver gesien word (Moerdyk g.d.:60; Swart 1989:170). Dit is 'n indrukwekkende, dog eenvoudige struktuur wat van krag, forsheid, fierheid en grootsheid spreek. Daar is 'n groot belangstelling in die monument en dit word jaarliks deur duisende mense besoek, van wie baie oorsese besoekers is (Van Tonder 1961:42).

### **Gevolgtrekking**

Alhoewel daar nie baie voorbeelde van gedenktekens is wat in die Art Deco-styl in Suid-Afrika opgerig is nie, besit Suid-Afrika wel enkele voorbeelde daarvan. Suid-Afrikaanse monumente neig meestal na die klassieke, aangesien die plaaslike argitekte in die klassieke idioom opgelei is. Die mees uitsonderlike voorbeeld van die Art Deco-styl in Suid-Afrikaanse monumente is dié van die indrukwekkende Voortrekkermonument. In sommige gevalle word daar in die monumente 'n kombinasie van klassieke en modernistiese Art Deco-elemente saamgevoeg wat wel die nuwe tydgees van die Art Deco-era uitbeeld.

## HOOFSTUK 10

# DIE VERGESTALTING VAN ART DECO IN INDUSTRIËLE GEBOUE IN SUID-AFRIKA

### Inleiding

Die Eerste Wêreldoorlog het die totstandkoming van nywerhede in Suid-Afrika gestimuleer (*Die Oosterlig Uniefeesbylae* Mei 1960:5). Gedurende die 1920's en 1930's het daar 'n groot ontwikkeling op nywerheidsgebied in Suid-Afrika plaasgevind. Port Elizabeth het onder meer 'n leidende rol as nywerheidstad gespeel. Die totstandkoming van Ford en General Motors in Port Elizabeth het dié stad die belangrikste motorsentrum in Suid-Afrika gemaak en Port Elizabeth het tereg die naam *Detroit van Suid-Afrika* gekry (*Die Oosterlig Uniefeesbylae* Mei 1960:5). Die oprigting van die motorfabrieke het tot die oprigting van verwante nywerhede in dieselfde omgewing gelei. Een van die verwante nywerhede was die eerste motorbandfabriek, Firestone, wat in September 1936 opgerig is. Die eerste band wat vervaardig is, is per vliegtuig vanaf Port Elizabeth na Johannesburg geneem en op die Empire Exhibition uitgestal (*Die Oosterlig Uniefeesbylae* Mei 1960:5). Port Elizabeth se hawe was die hoofhawe van Suid-Afrika, wat die verskeping van motors en wol betref (Delius 1947:114).

Teen 1925 het die Suid-Afrikaanse regering plaaslike motornywerhede beskerm, met hul beleid dat meer Suid-Afrikaansvervaardigde, in plaas van ingevoerde, onderdele in plaaslik-gemonteerde motors gebruik moes word (*Die Oosterlig Uniefeesbylae* Mei 1960:5). Die Tweede Wêreldoorlog het weer eens Suid-Afrika se behoefte verskerp om wat nywerhede betref, selfonderhoudend te wees. Gedurende die 1930's tot met die

uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het daar in die Port Elizabeth- en Uitenhagegebied meer as tweehonderd nywerhede ontwikkel (*Die Oosterlig Uniefesbylae* Mei 1960:5). In die *Cape Times Annual* van Desember 1930 is Port Elizabeth as *South Africa's great industrial centre* beskryf (1930:94). Dié feit kan daaraan toegeskryf word dat Port Elizabeth vanweë sy geografiese posisie, sy ideale klimaat en die progressiewe industriële beleid van die munisipaliteit, die mees geskikte keuse vir die ontwikkeling van nywerhede was (*Cape Times Annual* Desember 1930:94). Daar was geskikte persele in Port Elizabeth beskikbaar, wat toegang tot die hoofpaaie, treinspore en seevervoer gehad het. Die persele was teen slegs £75 per akker verkrygbaar. Munisipale dienste soos elektrisiteit, riooldienste en watervoorsiening is teen 'n spesiale tarief aan industrieë verskaf (*Cape Times Annual* Desember 1930:95).

Een van Port Elizabethse stadsraadlede, Jimmy Collett, het die volgende oor dié stad as die leidende industriële stad in Suid-Afrika gesê: *We're well ahead of other South African cities in a lot of things [...] We showed everybody what could be done about encouraging industry, when other places thought of factories as just nasty and smelly. And we led the whole Union in building proper townships for the Africans. The whole of Africa, in fact. [...] I always say we led all these things because the 1820's Settlers landed here* (Delius 1947:114-115).


### **10.1 Die Fordfabriek, h/v Stockelbach-, Harrower- en Yorkweg, Port Elizabeth (bestaan steeds) (Sien figuur 10.1)**

In November 1923 is 'n Fordfabriek in Port Elizabeth geopen wat in Februarie 1924 die eerste Model T-Ford in Suid-Afrika vervaardig het. Die eerste tydelike fabriek was in 'n wolskuur (*Die Oosterlig Uniefesbylae* Mei 1960:5). Ford van Kanada het Port Elizabeth as die mees geskikte keuse in Suid-Afrika beskou om 'n fabriek op te rig, vanweë dié stad se see-, pad- en spoorverbindinge (*Die Oosterlig Uniefesbylae* Mei 1960:5). Toe Stockelbach, die aangewese besturende direkteur van Ford in Suid-Afrika gearriveer het, het hy die volgende gesê: *If you want to know why we selected Port Elizabeth look at the*



*map of South Africa. We could not go elsewhere (Port Elizabeth City of Industrial and Commercial Opportunity 1941:17).*

'n Nuwe Fordfabriek is in 1929 (Duncan-Brown 1991:93) deur Gertruida Brinkman van die argitekfirma, Siemerink en Walker van Port Elizabeth ontwerp en in Oktober 1930 geopen (Cumming-George 1933:142; *Die Oosterlig Uniefeesbylae* Mei 1960:5; Harradine 1995:159). Dit was 'n gewapende betongebou met 'n saagtand-staaldak (*Cape Times Annual* 1930:95; Cumming-George 1933:142). Gertruida Brinkman was die dogter van Hendrick Siemerink en sy is in haar ontwerpe deur die Art Deco-verbintenis wat Siemerink en Walker gehad het, sowel as deur haar opleiding aan die Witwatersrandse Argitektuurskool, beïnvloed. Haar vader se firma was bekend vir hul suksesvolle ontwerpe wat deur die Art Deco-styl gekenmerk is. Gertruida Brinkman het in hul voetspore gevolg en ook haar industriële geboue het die Art Deco-styl weerspieël (Duncan-Brown 1991:88). Die voorste deel van die gebou is as kantore gebruik. Die gebou het verder uit 'n monteeraanleg en 'n verskepingsafdeling bestaan.



Figuur 10.1 Fordfabriek, Port Elizabeth (*Port Elizabeth Annual* 1930)

Dit blyk uit geraadpleegde bronne en 'n ondersoek ter plaatse dat die vooraansig van die Fordgebou deur Art Deco-vertikaliteit gekenmerk word, wat in die gepleisterde pilasters en sieromrandings van die ingang deur na vore kom. In die ontwerp word 'n samevoeging van vertikale en horisontale lyne aangetref. Horisontaliteit kom in die horisontale lyn van

die geprofileerde borsweringmuur en die horisontale plasing van die vensters tot uiting. Die kombinasie van horisontale en vertikale elemente het 'n goed gebalanseerde komposisie tot gevolg. Vlagpale is vrylik in Art Deco-ontwerpe aangewend en 'n kenmerkende Art Deco-vlagpaal is ook voor hierdie gebou aangebring. Die omheining van die gebou is deur bonkige getrapte suile gekenmerk wat die Art Deco-karakter van die gebou onderskryf.


Die gebou bestaan nog vandag en huisves Waltons (Eastern Cape) Stationery Co (Pty) Ltd. Die gebou is 'n getuigenis dat die Art Deco-styl suksesvol in industriële argitektuur in Suid-Afrika aangewend is.

## **10.2 General Motorsfabriek, Kempstonweg, Port Elizabeth (bestaan steeds)** (Sien figuur 10.2)

In 1924 het General Motors besluit om 'n monteerfabriek in Suid-Afrika te open en weer eens het die keuse op Port Elizabeth geval. Teen 1926 het die eerste fabriek wat in 'n wolpakhuis was, die eerste motors gelewer (*Die Oosterlig Uniefesbylae* Mei 1960:5; Harradine 1995:165). In 1928 het die produksie so toegeneem dat die fabriek uitgebrei moes word. Ook hierdie nuwe fabriek is deur Gertruida Brinkman van die firma Siemerink en Walker ontwerp (Cumming-George 1933:145; Harradine 1995:165). Die fabriek is op 'n terrein van neëntig akker in Kempstonweg opgerig (Harradine 1995:165). Dit is 'n gewapende betongebou. Die fabriek is met 'n saagtanddak ontwerp en is deur golfasbes bedek. Die hoofgebou het uit 'n groot vertoonlokaal bestaan, wat twee verdiepings hoog was en ook kantore en 'n kafeteria bevat het. Die gebou is teen 'n koste van £110 000,00 opgerig (Cumming-George 1933:145).

Die argitek het weer eens die Art Deco-styl vir die ontwerp gekies. Die firma Siemerink en Walker is deur die Britse argitekfirma Wallis, Gilbert & Vennote se werk beïnvloed. Laasgenoemde firma het later (1932) die Hooverfabriek buite Londen opgerig (Duncan-Brown 1991:92-93). Wallis, Gilbert & Vennote se industriële ontwerpe is deur langwerpige lae geboue gekenmerk. Die fasade is gewoonlik deur twee hoekvakke

ingesluit, terwyl die ingang imposant was en gebruiklik in die middel van die fasade geplaas is. 'n Simmetriese fasade was dus algemeen. Dié ontwerp is verder deur die kombinasie van kontrasterende vertikale en horisontale elemente gekenmerk (*Cape Times Annual* 1930:94; Duncan-Brown 1991:93; Klein 1996:128-129; *Port Elizabeth Annual* 1930:47; *Port Elizabeth City of Industry* 1934:80-81; Van de Lemme 1996:46-47).




Figuur 10.2 General Motorsfabriek, Port Elizabeth (*Port Elizabeth City of Industry* 1934)

Die hooffasade van die General Motorsfabriek in Port Elizabeth is aan Kempstonweg. Uit 'n besigtiging van die gebou en die bestudering van bogenoemde bronne is die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekking gemaak: Dié fasade word deur Art Deco-simmetrie gekenmerk. Art Deco-vertikaliteit word duidelik deur die gebruik van langwerpige vinne of pilasters beklemtoon, wat oor die hele fasade aangewend is. Die fasade is uit verskillende reghoeke opgebou wat saam met die rondeboogvensters 'n geometriese Art Deco-komposisie vorm.

Die fabriekterrein is met 'n sportgrond en pawiljoen, 'n swembad en 'n toetsbaan, wat aan moderne standaarde voldoen het, ontwerp (Cumming-George 1933:145). Die gebou bestaan nog vandag en dien as 'n goeie voorbeeld van 'n era waarin die internasionale Art Deco-styl in Suid-Afrika in industriële argitektuur neerslag gevind het.

### 10.3 Mountwegkragentrale, h/v Diaz-, Mount- en Harrowerweg, Port Elizabeth (gesloop) (Sien figuur 10.3)

Die nuwe Mountwegkragentrale wat in 1924 voltooi is, was 'n uitbreiding van die ou een, wat op 1 Mei 1906 geopen is. Die 1906-kragentrale op die Mountwegperseel is deur die Stadsingenieur, AS Butterworth, ontwerp. Die elektriese ingenieur in 1924 was LF Bickwell en hy is deur JA Morcom geassisteer (Harradine 1995:119).



Figuur 10.3 Mountwegkragentrale, Port Elizabeth (*Port Elizabeth Annual* 1930)

Die ontwerp van die kragentrale het van die Art Deco-styl getuig. Na 'n bestudering van genoemde bronne is die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekking gemaak: Art Deco-vertikaliteit het duidelik in die hooffasade na vore gekom, in die vorm van Art Deco-venne of pilasters wat van onder tot teenaan die borsweringmuur van die drie verdieping-gebou gestrek het. Die hoofgebou het van suiwer Art Deco-simmetrie getuig. 'n Dubbele trap wat simmetries was, het na die ingang gelei. Die hoofgebou se fasade was in 'n sentrale vak verdeel wat deur 'n syvak aan albei kante gevleuel is. Fenestrasie het tot die vertikale gevoel van die fasade bygedra. Die sentrale vak, wat ietwat uitspringend en beklemtoon

was, het op elk van die drie verdiepings drie vertikale vensters gehad. Daar was ook heraldiese werk sentraal op die breë borsweringmuur, in die vorm van die munisipale wapen. Hierdie sentrale vak was effens hoër as die twee syvakke, wat die gebou trapvormig afgerond het. Dié borsweringmuur is op sigself in die sentrale vak met nie minder as drie teruggeplaasde trapvorme afgerond nie. Daar is 'n sluitsteenmotief sentraal teen die rand van die borsweringmuur geplaas, wat die drie trappe van die borsweringmuur tot 'n eenheid saamgebind het. Die syvakke het dieselfde vertikale vensters op elke verdieping in paarvorm gehad.


Die gebou is in 1988 gesloop (Harradine 1995:161; *Weekend Post* 19/3/1988:g.b.).

#### **10.4 Edworks-skoenfabriek, Uitenhageweg, Port Elizabeth (bestaan steeds)** (Sien figuur 10.4)

In Oktober 1913 het Edward Leather Works Limited die Algoa Boot and Shoe Company oorgeneem en 'n jaar later in Oktober 1914, het Edworks Limited tot stand gekom. Edworks is afgelei van Edward Leather Works Limited. In Julie 1925 het die firma 'n nuwe gebou in Uitenhageweg betrek en die amptelike opening was op 26 Oktober 1925 (Harradine 1995:137).

Hierdie 1925-gebou met sy staandak is nie in 'n suiwer Art Deco-styl nie, maar daar is ongetwyfeld Art Deco-elemente in dié ontwerp te bespeur (*Cape Times Annual* 1930:94; Harradine 1995:138; *Port Elizabeth Annual* 1930:43). Die hoofgebou wat in Uitenhageweg front, het destyds uit kantore en pakkamers bestaan (*Progressive Port Elizabeth* 1930:17). Na 'n ondersoek ter plaatse en die bestudering van genoemde bronne is die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekking gemaak: Die fasade van die drieverdieping-hoë hoofgebou is simmetries en die vertikale element is duidelik in die fasade beklemtoon. Vertikaliteit word veral in die lang smal suile van die twee ingange en balkonne aangetref. Die vensters is so geplaas dat die langwerpige spasies tussen die vensters, die vertikale gevoel van die fasade verhoog. Die dekoratiewe rustiekwerk wat die middelvak en die hoekvakke van die oorspronklike fasade afgerond het, spreek van

horisontaliteit, sowel as vertikaliteit. Die ingange is met drie boogvorme afgerond. Die boogvorm is in die eenvoudige gewel van die sentrale vak herhaal, terwyl die hoekvakke met 'n driehoekvormige pediment afgerond is. Art Deco-geometrie kom dus ook in die fasade tot uiting. Kenmerkende Art Deco-vlagpale is hoog teen die fasade van die sentrale en syvakke aangebring. Die gebou is later vergroot en nog 'n vak is aan albei kante van die fasade bygevoeg.



Figuur 10.4 Edworks-skoenfabriek, Port Elizabeth (*Cape Times Annual Desember 1930*)

Die Edworksgebou was 'n modern-ontwerpte gebou. Die ventilasie van die fabriek is wetenskaplik ontwerp. Die trapvormige dakontwerp van die fabriekgedeelte het genoeg natuurlike daglig binnege laat (*Progressive Port Elizabeth 1930:17*). Dit was 'n moderne gerekende fabriek wat nie net aan die nasionale mark nie, maar ook aan die internasionale mark skoeisel voorsien het. Bestellings is aan lande soos Amerika, Swede, Nieu-Seeland, Egipte, Duitsland, Italië en vele ander lande gelewer (*Progressive Port Elizabeth 1930:17*). Edworks dryf nie meer vandag handel nie, maar die gebou bestaan nog en dien as 'n voorbeeld van industriële argitektuur, waarin daar wel sekere Art Deco-elemente aangewend is.

**10.5 Gerry Bouwer Motorsgebou (tans Solly's Car Sales), h/v Govan Mbekilaan en Darlingstraat, Noordeinde, Port Elizabeth (bestaan steeds) (Sien figuur 10.5)**

Die gebou is in 1936 deur die bekende plaaslike argitekfirma, Siemerink en Brink ontwerp en was teen 1937 reeds in gebruik. Die bouwerk is deur die kontrakteurs en ingenieurs, Murray en Stewart, uitgevoer (*Eastern Province Herald* 7/9/1937:15). Die gebou was 'n getuigenis van 'n vinnig-groeiende industriële ontwikkeling wat in Port Elizabeth plaasgevind het. Gedurende die 1930's was Gerry Bouwer Motors die alleen-verspreiders van Packard- en Willysmotors in die Ooskaap en die Middellande (*Eastern Province Herald* 7/9/1937:15).



Figuur 10.5 Gerry Bouwer Motorsgebou (Leigh 1966)

Uit 'n besigtiging van die gebou en die bestudering van bogenoemde bron is 'n fasade-ontleding gedoen en die volgende gevolgtrekking gemaak: Die ontwerp word deur moderne lyne en groot vertoonvensters oor twee verdiepings gekenmerk. Dit is suksesvol as 'n hoekgebouontwerp. Die hoofingang tot die vertoonlokaal is op die skuinshoek geplaas. Die fasade word deur Art Deco-simmetrie en -geometrie gekenmerk. Art Deco-

vertikaliteit kom sterk na vore in die gepleisterde pilasters, wat 'n raamwerk vir die groot vertoonvensters vorm. Die Art Deco-karakter van die gebou word verder deur die reeks patryspoortvensters versterk wat in 'n horisontale lyn bo die vertoonvensters geplaas is. Art Deco-horisontaliteit word deur die omraming van die vertoonvensters omskryf, sowel as deur die horisontale versiering waarmee die borsweringmuur afgerond is. Die belettering op die fasade is modernisties en vind aansluiting by die Art Deco-styl. 'n Art Deco-vlagpaal is op albei hoekvakke van die fasade geplaas.

Die vertoonlokaal op die grondverdieping is deur modernistiese suile gekenmerk. Dit is ligkleurige reghoekige suile wat geen kapitale het nie, maar met 'n donker horisontale en vertikale versiering afgerond is. In die vertoonlokaal op die eerste vloer, waar tweedehandse motors destyds uitgestal is, is geen suile nie. Albei die lokale is met ingebruikneming deur modernistiese ligtoebehore gekenmerk. Volgens 'n berig in die *Eastern Province Herald* van 7 September 1937 was die lokale saans helder verlig, te danke aan spreiligte wat gebruik is.

Die gebou bestaan steeds en is vandag Solly's Car Sales (Leigh 1966:561).


#### **10.6 Firestone-bandefabriek, Harrowerweg, Port Elizabeth (bestaan steeds)** (Sien figuur 10.6)

Die Firestone-bandefabriek is deur die argitek AA Tait ontwerp en die gebou is op 14 September 1937 amptelik met die volgende woorde geopen: *As its industries flourish, so does a nation thrive* (Leigh 1966:86). Die Firestone-maatskappy is aan die begin van die twintigste eeu deur Harvey en Firestone in Akron in die Amerikaanse staat, Ohio, gestig. Firestone-bande is vir meer as dertig jaar deur Suid-Afrika ingevoer en aangesien die vraag na Firestone-bande in Suid-Afrika toegeneem het, is daar besluit om 'n Firestone-fabriek in 1936 in Port Elizabeth op te rig (*Go-ahead Port Elizabeth* 1949:10). Kundiges is na Engeland en Amerika gestuur om kennis in te win, voordat daar oor die ontwerp van die Firestone-fabriek en die uitleg besluit is. Daar is ook kennis oor die opleiding van werkers ingewin. Op die openingsdag is die eerste band vervaardig, wat



dadelik per vliegtuig na die Empire Exhibition in Johannesburg gestuur is (Harradine 1995:203; Leigh 1966:87-88; *Oosterlig Uniefeesbylae* Mei 1960:5).

'n Ondersoek van die gebou en 'n bestudering van genoemde bronne het tot die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekking gelei: Die fasade van die tweeverdieping-platdakgebou wat na Harrowerweg front, spreek van suiwer Art Deco-simmetrie. Vertikaliteit kom sterk na vore in die fasade, in die vorm van 'n reeks Art Deco-vinne/-pilasters wat oor die fasade aangebring is. Die vertikaliteit word tot 'n hoogtepunt gevoer in die stewige hoekvakke wat kasteelagtig voorkom. Die vertikale gevoel in die hoekvakke word deur die Art Deco-vlagpaal verhoog, wat elk van die hoekvakke sentraal afrond. Dit gee ook 'n waardigheid aan die gebou. Art Deco-horisontaliteit kom tot uiting in die prominente horisontale band tussen die twee verdiepings en die horisontale borsweringmuur. Kontrasterende vertikale en horisontale elemente is gekombineer om 'n harmonieuse geheel te vorm. Die heining van die gebou is ook 'n gebalanseerde samevoeging van die horisontale en vertikale elemente.



Figuur 10.6 Firestone-bandefabriek, Port Elizabeth (Leigh 1966)

Die hoofgebou het hoofsaaklik uit kantore bestaan (*Go-ahead Port Elizabeth* 1949:10). Die lang uitgerekte gebou het 'n saagtanddak (Leigh 1966:86-87; *Port Elizabeth City of Industry and Commercial Opportunity* 1941:38). Die Firestone-fabriek in Port Elizabeth het nie net na Afrika-lande bande uitgevoer nie, maar ook na Finland, Nieu-Seeland en Singapore (*Oosterlig Uniefeesbylae* Mei 1960:5). Gedurende die Eerste en Tweede Wêreldoorloë is alle Firestone-fabriekke onder bevel van die geallieerde regerings geplaas,

met die doel om verdedigingsprodukte te vervaardig (Leigh 1966:87). Die gebou het behoue gebly en is 'n sprekende voorbeeld van industriële Art Deco.

### **10.7 Die Cadbury-Fryfabriek, Harrowerweg, Port Elizabeth (bestaan steeds)**

Port Elizabeth het ook op die gebied van die vervaardiging van sjokolade 'n leidende rol in Suid-Afrika gespeel (*Port Elizabeth City of Industry and Commercial Opportunity* 1941:15). Die Cadbury-Fry sjokoladefabriek is deur Eaton & Merrifield ontwerp en is in Junie 1938 voltooi (Harradine 1995:211). Die gebou is teen 'n koste van £30 000,00 opgerig.

Die oorspronklike hoofgebou is met 'n fasade wat deur Art Deco-simmetrie gekenmerk is, ontwerp. Daar is na die bestudering van genoemde bronne tot die gevolgtrekking gekom dat Art Deco-vertikaliteit in die fasade sterk na vore kom in die vorm van Art Deco-venne. Dié vertikaliteit word in die sentrale tweeverdieping-hoë ingangsvak, in die vorm van die lang vertikale pilasters tot 'n hoogtepunt gevoer (Harradine 1995:210; *Port Elizabeth City of Industry and Commercial Opportunity* 1941:15). Die ingangsvak is 'n beklemtoonde vak, wat baie kenmerkend van Art Deco-geboue is. Die naam Cadbury-Fry is in modernistiese belettering bo die ingang aangebring. Aan weerskante van die hoofingang is drie smal vertikale vensters geplaas, terwyl daar oor die res van die fasade 'n horisontale ry vensters aangetref word. Die fasade is weer eens 'n kombinasie van kontrasterende vertikale en horisontale Art Deco-elemente, wat 'n goed gebalanseerde komposisie tot gevolg het. Die fabriek is van 'n saagtanddak voorsien, wat 'n kenmerkende vorm dak by fabrieke was wat in die Art Deco-era opgerig is. Dit dui daarop dat daar met moderne neigings tred gehou is wat 'n weerspieëling van die nuwe tydgees is, wat ook in Suid-Afrika merkbaar was.

Die Cadbury-Fryfabriek is later uitgebrei en is een van die Art Deco-industriële juwele wat in Suid-Afrika behoue gebly het. Cadbury (Pty) Ltd. is nog steeds een van die voorste sjokoladevervaardigers in Suid-Afrika.

### 10.8 Elektriese substasies, Port Elizabeth (bestaan steeds) (Sien figuur 10.8)

Eric Vos was 'n ingenieur in diens van die Port Elizabeth Munisipaliteit. Hy het vele elektriese substasies in die laat-1930's in Port Elizabeth in die Art Deco-styl ontwerp. Reeds as 'n student het hy en Peter Heugh in studenteprojekte die geronde en vertikale vorms, wat so kenmerkend van die Art Deco-styl was, aangewend en uitgestal (Duncan-Brown 1991:97). Al die ontwerpe van die substasies wat deur oorhangende platdakke en geronde trappe gekenmerk word, is sprekend van die vaartbelynde Art Deco-styl. Hierdie substasies bestaan steeds en is in gebruik.



Figuur 10.8 Elektriese substasie, Port Elizabeth (Van der Linde 1999:fotoreeks)


Na 'n besigtiging van verskeie substasies is daar tot die gevolgtrekking gekom dat daar algemene Art Deco-elemente herhaaldelik in die ontwerpe voorkom, veral die elemente van vaartbelyning wat deur geronde lyne uitgedruk word. Daar is dus 'n algemene tendens wat deurlopend in die ontwerpe gevolg is.

### 10.9 Mosenthal & Companygebou, Buffalostraat, Oos-Londen (gesloop)

(Sien figuur 10.9)

Mosenthal het reeds teen Desember 1919 gespog met 'n nuwe wolpakhuis waaroor daar in die *Daily Dispatch Christmas Number* berig is (1919:56).

Art Deco-horisonaliteit en veral -vertikaliteit was deurgaans baie prominent in die ontwerp. Die hele fasade het uit horisontale bande bestaan wat met vertikale geronde Art Deco-venne gekombineer is. Die fasade was bo met 'n dekoratiewe gepleisterde band afgerond, waarop die naam van die gebou in modernistiese belettering aangebring was. Dit is opgevolg met 'n verdere dekoratiewe band teen die daklys, wat donkerkleurig was en met ligkleurige horisontale kalfandagtige projeksies/uitsteeksels versier was. Die ontwerp was 'n suksesvolle samevoeging van kontrasterende vertikale en horisontale elemente.




Figuur 10.9 Mosenthal & Co-gebou, Oos-Londen (*East London Daily Dispatch Christmas Number* 1919)

Die gebou se fasade het van Art Deco-simmetrie en -geometrie gespreek. Die twee modernistiese klein gewels met dieselfde kalfandversierings as op die dekoratiewe bandlaag, het tot die simmetrie en geometrie van die ontwerp bygedra. Dit was 'n moderne ontwerp vir 'n Suid-Afrikaanse gebou wat voor 1920 opgerig is en het beslis die

nuwe tydgees van die Art Deco-era weerspieël. Die sakeonderneming Mosenthal bestaan nie meer in Oos-Londen nie. In die *Daily Dispatch* van 13 Augustus 1959 is daar aangekondig dat Mosenthal & Co in Oos-Londen op 31 Oktober daardie jaar sluit. Hulle hooftak in Port Elizabeth bestaan nog steeds. Daar is 'n moderne gebou op die Mosenthal-perseel in Oos-Londen opgerig wat Royal Furnishers huisves.

#### 10.10 Hulett's-suikerraffinadery, Suidkusweg, Durban ('n gedeelte bestaan steeds) (Sien figuur 10.10)

Die Hulett's-suikerraffinadery is aan die Suidkus van Durban geleë. Gedurende 1926 - 1927 is die bestaande raffinadery-gebou aansienlik uitgebrei. Die nuwe uitbreiding het 'n smeltery, pakhuisfasiliteite en 'n gasverbrandingstasie ingesluit (Greenfield 27/7/1999:onderhoud; Tongaat-Hulett Sugar Limited-brosjyre 1999:1). Dit grens aan Suidkusweg. Die raffinaderygebou is reeds in 1910 opgerig (Greenfield 27/7/1999:onderhoud). Die pakhuis het 'n dubbele reghoekige vorm (*Cape Times Annual* 1928:II).



Figuur 10.10 Hulett's-suikerraffinadery, Suidkusweg, Durban (*Cape Times Annual* 1928)

Die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekking is uit bogenoemde bron gemaak: Art Deco-horisonaliteit met -vertikaliteit is in die ontwerp tot 'n harmonieuse geheel gekombineer. Die ingang- en syfasades van die langwerpige gebou word deur drie horisontale gepleisterde bande en deurlopende vertikale bandwerk gekenmerk en versier. Reg bo teen die fasade is 'n horisontale ry reghoekige vensters geplaas en tussen elke klein venster is 'n vertikale band wat vanaf die onderste horisontale band tot teen die boonste horisontale band teenaan die dak strek. Art Deco-simmetrie en -geometrie word weer eens in hierdie ontwerp uitgedruk. Al vier die eindgewels is trapvormig, wat 'n verdere onderskrywing van die Art Deco-styl is.

Die ander geboue wat die smeltery en gasverbrandingstasie ingesluit het, was ook 'n toonbeeld van dieselfde Art Deco-vertikale element. Al die fasades daarvan was met lang vertikale pilasters, wat oor drie verdiepings strek, versier. In al die gevalle is die eindgewels met die trapvorm afgerond. Die lang groot skoorsteen, sowel as die ry lang dun skoorstene, het die vertikale gevoel van die komposisie aansienlik versterk.

Die gebou behoort nog aan Tongaat-Hulett Sugar Limited. Dit is verval en sal moontlik binnekort gesloop word (Greenfield 27/7/1999:onderhoud).

#### **10.11 Modderfontein-dinamietfabriek, Highstraat, Modderfontein, Johannesburg (bestaan steeds) (Sien figuur 10.11)**

'n Nuwe kantoorblok vir die Modderfontein-dinamietfabriek is in 1938 teen 'n koste van £22 000,00 opgerig. Die gebou is deur die argitek, KEF Gardiner, ontwerp en deur A Gill (Pty) Limited, gebou (*The South African Builder* November 1938:17).

Dit is 'n platdak gewapende beton- en siersteengebou wat twee verdiepings hoog is. Die Ironspot-siersteen en roomkleurige Snowcrete-pleisterwerk vorm 'n mooi kontras (*The South African Builder* November 1938:17). Uit die geraadpleegde bron is daar afgelei dat die imposante gebou van suiwer Art Deco-simmetrie spreek. Die hooffasade bestaan uit 'n uitgebreide sentrale vak, wat beklemtoon is. Die sentrale vak is aan albei kante deur 'n inspringende, minder beklemtoonde vak, gevleuel. Hierdie inspringende vakke is weer deur 'n uitgebreide hoekvak gevolg, wat beklemtoon is en die fasade afrond.

Art Deco-vertikaliteit kom duidelik in die geronde Art Deco-vinne, wat oor die beklemtoonde vakke, dit wil sê die sentrale en hoekvakke, aangebring is, tot uiting. Vertikaliteit word verder deur die feit dat dié vinne geprofileer is, beklemtoon. Die reeks vertikale vensters met hul geprofileerde sieromrandings verhoog die vertikale gevoel van die fasade aansienlik. Dieselfde vertikale vensters met geprofileerde sieromrandings is op die syfasades aangebring. Daar is 'n prominente ingang met geprofileerde Art Deco-vinne op die syfasade. Die Art Deco-vinne en sieromrandings is in roomkleurige Snowcrete-pleister.



Figuur 10.11 Modderfontein-dinamietfabriek, Modderfontein (*SAB* November 1938)

Die borsweringmuur is met 'n horisontaal-geprofileerde Snowcrete-pleisterband afgerond. Die band, sowel as die horisontaal-geprofileerde Snowcrete-pleisterbasis, en die trap van

die gebou, beklemtoon Art Deco-horisonaliteit. Die horisontale en vertikale element is tot 'n harmonieuse eenheid verbind. Die fasade is met twee Art Deco-vlagpale afgerond, wat waardigheid aan die gebou verleen. 'n Modernistiese horlosie is bo die ingang aangebring.

Dit is 'n waardige gebou met 'n stewige voorkoms, wat met verskeie raadsale, kantore, tekenkantore, plofstofingenieurskantoor en garages ontwerp is (*The South African Builder* November 1938:17). Hierdie gebou is 'n voorbeeld van 'n baie waardige en indrukwekkende industriële gebou, wat van die Art Deco-styl en die nuwe tydges wat daarmee gepaard gegaan het, spreek. Die gebou word as die hoofkantoor van die Africa Explosives Limited gebruik. Die gebou se huidige naam is Modder House.

#### 10.12 Royal Baking Powder (Pty) Limited-gebou, Jan van Riebeeckweg, Paarl (bestaan steeds) (Sien figuur 10.12a, 10.12b)

Die gebou was die ontwerp van die bekende Kaapse argitek Roberts & Small. Die planne is in 1931 goedgekeur en die gebou is soos die datum van die fasade aandui, in 1932 voltooi (Albertyn 1992:303; Cox 1986:37; Paarl Munisipaliteit 1931:plan 97).




Figuur 10.12a Royal Baking Powder-gebou, Paarl (Albertyn 1992)

Die volgende fasade-ontleding en gevolgtrekking is uit geraadpleegde bronne gemaak: Fenestrasie wat dikwels 'n belangrike rol in Art Deco-fasades gespeel het, word ook in



hierdie fasade beklemtoon. Die vensters is in pare gegroeper en dra tot die gebou se suiwer simmetrie by. Die hoofaansig van die gebou toon drie pare vensters op elk van die eerste twee verdiepings. Teen die dakrand word 'n verdere drie paar vensters aangetref, wat ietwat kleiner is. Die vensters voer die oog vertikaal, sowel as horisontaal oor die fasade. Die fasade word simmetries met 'n dak- of gewelvenster afgerond, wat sentraal geplaas is.

Saam met die waaivormige gewel met sy sierpanele, vorm hierdie sentrale venster met sy afgeskuinste hoeke, die sentrale fokuspunt van die fasade (Albertyn 1992:303-304; Paarl Munisipaliteit 1931:plan 97). Die gewel is met 'n sluitsteenmotief afgerond, waarop die datum van die gebou aangebring is. Dié waaivorm toon 'n sterk ooreenkoms met die waaivormige versieringsmotief wat op die Wright's Trading Post (c1935) in New Mexico City gebruik is. Die gewel volg die helling van die dak (Albertyn 1992:303-304; Paarl Munisipaliteit 1931:plan 97).



Figuur 10.12b Wright's Trading Post, New Mexico City – waaivormige versieringsmotief (Bayer 1992)


Die naam van die maatskappy is in modernistiese belettering horisontaal hoog op die fasade, net onder die sentrale venster, aangebring (Albertyn 1992:303; Paarl Munisipaliteit 1931:plan 97). Die modernistiese belettering onderskryf die moderne gees van die Art Deco-styl en die era.

Dié gebou het later die Kilotreads-gebou geword (Albertyn 1992:303).

### 10.13 Kaapstadse Radio-uitsaaistase, Ascotweg, Kaapstad (gesloop)

(Sien figuur 10.13)

Op 15 September 1924 het die Cape Peninsula Publicity Broadcasting Association Ltd. met radio-uitsendings vanaf Kaapstad begin (Potgieter 1975:528). Die Schlesinger-organisasie het op 1 April 1927 met die regering se goedkeuring die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie in Johannesburg gestig. Die onafhanklike Kaapstadse en Durbanse uitsaaistases is kort daarna geïnkorporeer. Teen 1932 het die Uitsaaikorporasie die volgende opmerking gemaak: *The importance of wireless broadcasting - the romance of wireless: it is doubtful whether any application of science to the progress of civilisation has made a greater appeal to public imagination, or has so completely changed human outlook in matters of speed and distance* (Joyce 1981:142). In hierdie aanhaling is die modernistiese tydges van die 1930's sowel as die vooruitgang op tegnologiese gebied vervat. Die Kaapstadse Radio-uitsaaistase is deur die welbekende Kaapstadse argitek, WH Grant, ontwerp. Die bouer was CT Black & Co. Die gebou was reeds teen 1933 in gebruik. Die ontwerp het van Art Deco-modernisme gespreek, maar daar was ook iets van die Internasionale styl in die ontwerp te bespeur (Cumming-George 1933:101).



Figuur 10.13 Radio-uitsaaistase, Kaapstad (Cumming-George 1933)

Die vooraansig is ontleed nadat bogenoemde bron bestudeer is en daar is tot die slotsom gekom dat Art Deco-simmetrie duidelik in die ontwerp na vore gekom het. Die hooffasade het uit drie vakke, naamlik 'n sentrale vak met 'n syvak aan elke kant, bestaan. Die sentrale vak was hoër as die syvakke en het aan die gebou 'n prominente trapvorm besorg. Die horisontale element was baie duidelik in die ontwerp teenwoordig. Die basis van die gebou wat van 'n donker siersteen was, het 'n duidelike horisontale lyn gevorm. Horisontaliteit is verder deur die donkerkleurige horisontale gepleisterde bande beklemtoon, wat ter versiering om al die fasades geplaas is. Die geprofileerde donkerkleurige horisontale borsweringmuur was ook 'n beklemtoning van horisontaliteit. Horisontaliteit is in die horisontale versiering van die reghoekige toring aan die agterkant van die gebou, tot 'n hoogtepunt gevoer. Die horisontale vensters van die gebou dra tot die hoofsaaklik horisontaal-georiënteerde ontwerp by. Vertikaliteit word wel in die dekoratiewe aanwending van die geute teen die hooffasade van die gebou gevind. Die geutpykpepe was besonders en dekoratief, alhoewel dit van eenvoudige ontwerp getuig het.

Moderne boumateriaal en -metodes is in die gebou gebruik, soos draadgesnyde stene. Die dak was van gewapende beton wat met kurkafskuinsing en *malthoid* bedek is. Die kurk-isolering het 'n koel gebou in die somer en 'n warm een in die winter tot gevolg gehad (Cumming-George 1933:101). Die gebruik van die moderne boumateriale en -metodes dui daarop dat die moderne gees van die tyd ook hier tot uiting gekom het.

Dié radio-uitsaaistase was 'n goeie voorbeeld van die modernistiese Art Deco-modetrant wat in Suid-Afrika deur toonaangewende argitekte op alle terreine van die argitektuur aangewend is.


## **10.14 Drie verdere Kaapstadse industriële geboue in die Art Deco-styl**

### **10.14.1 The South African Milling Company's-gebou, Maltaweg, Soutrivier (bestaan steeds) (Sien figuur 10.14.1)**

### **10.14.2 Die groot Silo op die Victoria- en Albertkaai, Kaapstad (bestaan steeds) (Sien figuur 10.14.2)**


### **10.14.3 Die Tafelberg-kabelstasie, Kaapstad (herbou) (Sien figuur 10.14.3)**

Al drie hierdie geboue het reeds teen 1931 bestaan en het op 'n nuwe rigting in die argitektuur gedui. Die argitek, CP Walgate het in die *Cape Times Annual* van Desember 1931 die volgende geskryf: *Up to the present, South Africa has not needed buildings of the magnitude to which Europe and America are becoming accustomed, but without going beyond Cape Town, one can choose a few examples to illustrate the real romance with which modern building is inspired* (Desember 1931:60). Een van hierdie geboue was die South African Milling Company's-gebou in Kaapstad, waarin duidelike Art Deco-elemente, soos byvoorbeeld dié van gekombineerde horisontaliteit en veral beklemtoonde vertikaliteit vervat is. Die fasade van die South African Milling Company's-gebou is met 'n reeks vertikale pilasters versier. Die vensters verhoog die vertikale gevoel van die gebou. Vertikaliteit is veral tot 'n hoogtepunt in die hoekvakke gevoer, wat effens hoër as die res van die gebou is en waarin smal gepaarde vensters gebruik is. Die Art Deco-trapvorm is in die ontwerp van die hoekvakborswering te bespeur en is ook in die afwerking van die suile wat deel van die ingang tot die terrein vorm, vervat.




Figuur 10.14.1 South African Milling Company's-gebou, Soutrivier (*Cape Times Annual* Des.1931)

Die groot silo op die hawe in Kaapstad was in die 1930's 'n baie moderne gebou en spreek van beklemtoonde vertikaliteit. Die silindriese graansuiers dra tot die vertikale gevoel van die fasade by. Die toringgedeelte van die gebou is met vertikale, sowel as horisontale gepleisterde bande versier.



Figuur 10.14.2 Groot Silo op die Victoria- en Albertkaai, Kaapstad (*Cape Times Annual* Des. 1931)

Die Tafelberg-kabelstasie was 'n gebou met 'n baie fors voorkoms, wat gepas was, aangesien dit groot gewigte en tonne kabel moes huisves. Die gebou, met sy blokagtige toringmassas, het 'n kasteelagtige voorkoms gehad. Vertikaliteit is duidelik deur die toringagtige massas beklemtoon. Die lang smal vensteropeninge in die torings was 'n verdere beklemtoning van vertikaliteit. Die oorspronklike kabelstasie bestaan nie meer nie, maar is geheel en al herbou.



Figuur 10.14.3 Tafelberg-kabelstasie, Kaapstad (*Cape Times Annual* Des. 1931)

Oor die nuwe argitektuur, wat bogenoemde drie geboue insluit, het Walgate ten slotte die volgende gesê: *We shall not go back; we shall make our own History of Architecture. This is the Romance of Modern Building* (Walgate 1931:62).

### **Gevolgtrekking**

Suid-Afrika het in die jare tussen die twee Wêreldoorloë 'n snelle industriële ontwikkeling beleef. Port Elizabeth was in die toepaslike jare die hartklop van Suid-Afrika se industrieë. Die Art Deco-vertikale element wat so kenmerkend van dié styl was, het ook in menige industriële gebou na vore gekom. Die saagtanddak was 'n gewilde tendens wat in industriële geboue gevind is. Oorsese maatskappye, soos byvoorbeeld Firestone, het gedurende hierdie jare na Suid-Afrika uitgebrei en fabriekke opgerig. Hierdie oorsese fabriekke het dikwels as prototipe vir die Suid-Afrikaanse fabrieksargitektuur gedien. Bekende plaaslike argitekte het die nuwe Art Deco-styl op diverse terreine van die

argitektuur aangewend. Ook hulle ontwerpe van industriële geboue het van die Art Deco-styl en die nuwe tydgees van die era gespreek, alhoewel plaaslike behoeftes in ag geneem is.

## HOOFSTUK 11

### EVALUERING

#### 11.1 Gevolgtrekkings

##### 11.1.1 Aard van die styl

Art Deco is 'n retrospektiewe term wat in die 1960's ontstaan het. Dit is afgelei van die beroemde 1925-uitstalling wat in Parys plaasgevind het - die L' Exposition des Arts Décoratifs et Industriels Modernes. Dit is 'n styl wat modernisties van aard is, verskillende vorms aanneem en ook as 'n omvattende en totale styl beskryf word. Nie slegs die argitektuur nie, maar ook die meubel-, mode-, motor-, tekstiel-, porselein- en glasontwerp en selfs die drukkuns is deur dié styl beïnvloed.

Die ontwikkeling van die Art Deco-styl is deur verskeie faktore beïnvloed, waarvan die heersende kunsstrominge in Europa gedurende die toepaslike tydperk 'n belangrike faktor was. Ander faktore wat 'n groot invloed gehad het, was onder meer die helder kleure wat vir die ontwerpe van die Russiese Ballet gebruik is, die ontdekking van die grafkelder van Tutankhamen in 1922 wat tot die gewildheid van Egiptologie gelei het en die vooruitgang op die gebied van tegnologie. Die aanwending van nuwe materiale het veral die argitektuur beïnvloed en nuwe boumetodes moontlik gemaak wat die modernistiese denkwysse van die mens in die 1920's en 1930's weerspieël, met ander woorde 'n aanduiding van 'n nuwe tydgees wat internasionaal geheers het. Die Art Deco-styl het die opwindende ondernemende gees van die na-oorlogse jare - die *roaring twenties* - gereflekteer. Die verspreiding en manifestasie van die Art Deco-styl was 'n reaksie teen die aanvanklike



somberheid en veragtering wat deur die Eerste Wêreldoorlog veroorsaak is. Die 1920's en 1930's was 'n era van vernuwing. Dit was die era van die geëmansipeerde vrou en die wegbreek van die tradisionele en konvensionele leefwyse. Die strewe na andersheid en indrukwekkendheid en die wegbreek van tradisie waardeur die tydgees van die era gekenmerk is, is in die Art Deco-styl vervat. Art Deco het van modernisme gespreek en daar was 'n definitiewe wegbeweeg van historisisme.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat sosiale, politieke en ekonomiese faktore 'n groot invloed op die ontwikkeling van die Art Deco-styl gehad het. Die Groot Depressie wat op die ineenstorting van die Wallstraat-aandelemark gevolg het, het omvattende gevolge wêreldwyd gehad, maar ten spyte van die Depressie het die Art Deco-styl groot hoogtes bereik.

Die Art Deco-styl het in talryke indrukwekkende en grootse bouwerke wêreldwyd vergestalt, ook in Suid-Afrika. Dit is reeds gedurende die tussen-oorlogse tydperk as *universalisme* beskou wat 'n aanduiding daarvan is dat dit 'n internasionale styl is. As gevolg van verbeterde kommunikasie en 'n moderne benadering in die opleiding van argitekte onder meer aan die Witwatersrandse en Kaapstadse argitektuurskole, was argitekte in Suid-Afrika deeglik bewus van die internasionale modetrant en was hulle op hoogte van die nuutste ontwikkelings in die argitektuur. Die argitekte het oorsese studiereise onderneem en is deur die ontwerpe van bekende argitekte, byvoorbeeld Le Corbusier en Frank Lloyd Wright beïnvloed wat tot 'n moderne beweging in Suid-Afrika gelei het.

Die afleiding is gemaak dat daar in die toepaslike era, naamlik die 1920's en 1930's, twee uitgangspunte in Suid-Afrikaanse argitektuur bestaan het, naamlik die behoudende of tradisionele en die progressiewe of modernistiese neiging. Laasgenoemde is verteenwoordig deur die dekoratiewe Art Deco-styl en die meer eenvoudige Internasionale Styl. Daar was 'n internasionale neiging om die moderne en tradisionele elemente eklekties aan te wend. In Suid-Afrika is daar heelwat bouwerke opgerig wat as Klassieke Deco geklassifiseer kan word. Suid-Afrikaanse argitekte was enersyds in die klassieke idioom geskool en het nie maklik daarvan wegbeweeg nie en andersyds was hulle deeglik van die

modernistiese Art Deco-styl bewus. Die gevolg was dus dikwels 'n kombinasie van Klassieke en Art Deco-elemente. Dit was veral in die ontwerpe van openbare geboue merkbaar. As gevolg van hierdie studie word daar ook 'n bevinding gemaak dat die tradisionele neiging in kerkontwerp, naamlik die Neo-Gotiese styl, dikwels met Art Deco-elemente gekombineer is. Hierdie kombinasie kan dus 'n Gotiese Deco genoem word. 'n Kombinasie van die Art Deco- en Internasionale styl het ook voorgekom, wat Internasionale Deco genoem kan word.

In Suid-Afrika is die 1930's deur die politieke en ekonomiese stabiliteit van die koalisieregering van Hertzog en Smuts gekenmerk. Na afloop van die Groot Depressie en nadat Suid-Afrika die goudstandaard verlaat het en onafhanklike status binne die Gemenebes (1934) ontvang het, is die land deur 'n tydperk van welvaart gekenmerk. Dié welvaart het in die diverse terreine van die argitektuur gereflekteer. Baie van die handels-, residensiële en ander geboue wat gedurende die 1930's in Suid-Afrika opgerig is, het die Amerikaanse en Europese voorbeeld as prototipe gebruik. Sommige Suid-Afrikaanse bouwerke het gunstig met internasionale bouwerke vergelyk. Enkele Suid-Afrikaanse geboue het dan ook internasionale erkenning ontvang, soos byvoorbeeld die Ou Mutualgebou in Kaapstad wat as 'n volwaardige wolkekrabber beskou kan word. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat daar vir die meeste Suid-Afrikaanse geboue 'n kleiner skaal gevolg is.

Die slotsom word gemaak dat die Art Deco-styl in Suid-Afrika net soos in die buiteland, by uitstek in bioskoopteaters vergestalt het. Die atmosferiese teater het wêreldwyd byval gevind, wat 'n aanduiding is dat die internasionale tydgees en styl op die gebied van vermaaklikheidsgeboue duidelik plaaslik gemanifesteer het.

Die mees algemene Art Deco-kenmerke wat in internasionale argitektuur gevind word, kom ook in Suid-Afrikaanse Art Deco-geboue voor. Hierdie kenmerke, waarvan die beklemtoning van vertikaliteit die mees uitstaande voorbeeld is, word vrylik in Suid-Afrikaanse Art Deco-argitektuur gevind. Ander kenmerkende Art Deco-elemente soos byvoorbeeld horisontaliteit, beklemtoonde fenestrasie, die trapvormige terugplasing van

boumassas, met ander woorde die ziggoeratvorm, geometriese vorms, dekoratiewe borswerings, platdakke en kenmerkende Art Deco-versierings soos die sigsag chevronmotief, is baie vernuftig in Suid-Afrikaanse bouwerke aangewend. Geboufasades in Suid-Afrika, net soos oorsee, is simmetries van aard en is gewoonlik in drie vakke, en by groter geboue soms in vyf vakke verdeel. Die sentrale vak is dikwels beklemtoon. Baie van die Suid-Afrikaanse Art Deco-bouwerke toon 'n eg plaaslike karakter as gevolg van die gebruik van Suid-Afrikaanse boumateriale, byvoorbeeld plaaslike marmer. Die inheemse flora en fauna, sowel as grepe uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis is dikwels in versieringsmotiewe opgeneem. Suid-Afrikaanse Art Deco-geboue is dus verteenwoordigend van 'n internasionale styl, maar weerspieël terselfdertyd 'n nasionale karakter.

### **11.1.2 'n Kritiese evaluering van die styl as sodanig**

Estetika word subjektief ervaar. Art Deco-geboue is vir sommiges besonder aantreklik, terwyl dit glad nie in andere se smaak val nie. Nuwe boumateriale, byvoorbeeld gewapende beton en staal is vrylik in Art Deco-bouwerke aangewend, wat 'n aanduiding van die moderne denkwysse van die toepaslike era is. Die moderne boumateriale en boumetodes het revolusionêre ontwikkeling in argitektuur meegebring. Dié boumateriale en –metodes is in Art Deco-argitektuur ontgin en talle wolkekrabbers in die Art Deco-styl het die lig gesien. Dit was die inleiding tot moderne twintigste eeuse argitektuur.

### **11.1.3 Tydgees**

Die lewensfilosofie van mense het ná Wêreldoorlog I wêreldwyd drasties verander. Die eng lewensuitkyk van die Victoriaanse era wat dikwels saamgehang het met skynheiligheid en vroomheid, het plek gemaak vir 'n losse ongebonde benadering tot die lewe. Waar mense in die Victoriaanse en Eduardiaanse eras nog gebind was aan tradisie in hul sosiale omgang, hulle kleredrag en hulle bouwerke, is daar nou gebreek met tradisies en onkonvensionele optrede was aan die orde van die dag. Mense is sosiaal bevry en 'n nuwe sosiale struktuur en waardesisteem het algaande ontstaan.

Die impak van die Eerste Wêreldoorlog op leef- en werksomstandighede, het noodwendig tot gevolg gehad dat vroue onder meer werk moes doen wat tradisioneel vir mans gereserveer was. Die sielkundige en emosionele effek van die oorlog as gevolg van lewensverlies, verminkings en skendings, was onnoembaar groot. Die mens se reaksie daarop was om alle pretensie oor boord te gooi en vir die oomblik te leef.

Hierdie wegbreek van konvensie en tradisie het dan neerslag gevind in kleredrag, haarstyle, meubel- en argitektuurontwerp. Daar is aan die neerdrukkende atmosfeer en daaglikse bekommernisse wat deur die Groot Depressie veroorsaak is, ontsnap deur ontvlugting in atmosferiese teaters te vind. Die atmosferiese teater wat 'n nuwe tendens in argitektuur was, het in die mens se sosiale behoeftes voorsien en omdat dié teaters so gewild was, is daar heelwat daarvan gebou. Daar was 'n duidelike wisselwerking tussen die tydgees en die stoflike kultuuruitinge.

## **11.2 Nut van Navorsing**

Met die navorsing vir hierdie studie is daar vir die eerste keer vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt 'n ontleding van die Art Deco-boustyl gemaak teen die agtergrond van buitelandse ontwikkelings en tendense. Die studie konsentreer nie soos ander bronne op slegs 'n spesifieke stad of streek nie, maar betrek Suid-Afrika as 'n geheel. Dit is 'n kultuurhistoriese studie wat nie slegs Art Deco-geboue identifiseer nie, maar ook die Art Deco-kenmerke en besonderhede van geboue op diverse terreine van die Suid-Afrikaanse argitektuur bespreek. Dit sluit openbare, kommersiële, residensiële, vermaaklikheids-, sport- en ontspanning-, kerklike en industriële geboue, en monumente in.

Die feit dat 'n kultuurhistoriese benadering tot die argitektuur gevolg is, het nie alleen aan die lig gebring dat Art Deco 'n internasionale styl is wat in Suid-Afrika gemanifesteer het nie, maar ook die internasionale gees wat in Suid-Afrika geopenbaar is, kon blootgelê word.

### **11.3 Moontlikhede vir verdere navorsing**

Hierdie studie kan as 'n basis gebruik word om verdere navorsing oor Suid-Afrikaanse Art Deco-argitektuur te doen. 'n Meer omvattende studie kan oor enige van die verskeidenheid van terreine in die argitektuur gedoen word, byvoorbeeld oor openbare of kommersiële geboue landwyd. Daar is ook moontlikhede van studies oor Suid-Afrikaanse argitekture wat hoofsaaklik in die Art Deco-idioom gewerk het, of oor die Art Deco-argitektuur van kleiner afgebakende geografiese gebiede.

Hierdie studie kan as 'n grondslag dien vir navorsing oor byvoorbeeld meubels, voertuie, kleredrag of juwele in die Art Deco-styl. Ander stoflike kultuurprodukte, behalwe Art Deco-argitektuur in Suid-Afrika moet nog deeglik nagevors word.

Daar bestaan nog baie leemtes in navorsing oor ander kultuuruitinge in die betrokke tydperk, byvoorbeeld jazz-musiek, kontemporêre danse, films, en so meer. Ook vir sodanige ondersoeke kan hierdie studie as 'n nuttige agtergrond dien.

## BRONNELYS

### Afkortings

- AB & E – Architect Builder & Engineer*  
*BIFSA - Building Industries Federation of South Africa*  
*DAPA – The Journal of Decorative and Propoganda Arts*  
 FAK – Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge  
 NIA Journal – Natal Institute of Architects Journal  
 RNG – Raad van Nasionale Gedenkwaardighede  
*SAA – The South African Architect*  
*SAAR – The South African Architectural Record*  
*SAB – The South African Builder*  
*SAMLAS – South African Mutual Life Assurance Society*  
*SESA – Standard Encyclopaedia of Southern Africa*

### BOEKE EN ARTIKELS

- |                  |      |   |
|------------------|------|---|
| Albertyn, E.     | 1992 | <i>Die argitektuur van die Paarl tussen die twee wêreldoorloë</i> (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch). |
| Allan, T. (red.) | 1992 | <i>The world in arms 1900 - 1925</i> , Time Life Books, Amsterdam.  |
| Arwas, V.        | 1992 | <i>Art Deco</i> , Academy Edition, Londen.  |

- Aucamp, G. 1947 *Suid-Afrikaanse heldegalery*, Rieck, Kaapstad.
- Barrow, A. 1948 *Revenie (The South African Builder, 25th Anniversary Number, September 1948)*.
- Battersby, M. 1969 *The decorative twenties*, Studio Vista Ltd., Londen.
- Battersby, M. 1976 *The decorative thirties*, The Herbert Press, Londen.
- Battersby, M. 1988 *The decorative thirties*, The Herbert Press, Londen.
- Bayer, P. 1992 *Art deco architecture*, Thames and Hudson, Londen.
- Beazley, M. (red.) 1993 *The elements of style - an encyclopaedia of domestic architectural details*, Read International, Londen.
- Benjamin, A. 1979 *Lost Johannesburg*, Macmillan South Africa Publishing (Pty) Limited, Johannesburg.
- Berman, E. 1983 *Art & artists of South Africa*, A.A. Balkema, Kaapstad.

- Bierman, B. 1968 Die boukuns van die Afrikaner  
(P. de V. Pienaar (red.):  
*Kultuurgeskiedenis van Afrikaner*)  
Nasionale Pers Beperk,  
Kaapstad.
- Bill, M. 1955 *Ludwig Mies van der Rohe*, Milaan.
- BIFSA 1979 *75 years of progress*, BIFSA,  
Johannesburg.
- Blake, P. 1970 *The master builders*, Alfred A. Knopf,  
New York.
- Blumenson, J-G. 1989 *Identifying American architecture: a  
pictorial guide to styles and terms 1600  
- 1945*, American Association for State  
and Local History, Nashville.
- Bosman, D. 1932 Grammofoonplate (*Die Landbouweek-  
blad*, 19/10/1932).
- Botha, M.C. 1949 *Die huldejaar 1949*, Voortrekkerpers,  
Johannesburg.
- Bouillon, J-P. 1989 *Art Deco 1903 - 1940*, Skira, Genève.
- Bouman, A.C. 1941 Die muurskilderye van Le Roux (*Die  
Huisgenoot*, 14/12/1941).
- Bowman, J.S. (red.) 1992 *Chronicle of 20th century history*, Bison,  
Londen.



- Breeze, C. 1993 *New York deco*, Rizzoli, New York.
- Brown, R.K. 1977 *Art Deco internationale*, Quick Fox, New York.
- Brunhammer, Y. 1983 *The art deco style*, Academy Editions, Londen.
- Brunhammer, Y. 1987 *The nineteen twenties style*, Cassell, Londen.
- Burger, G.C. 1981 *Ons republiek*, Laerskool Parow-Sentraal, Parow.
- Cameron, T. (red.) 1986 *An illustrated history of South Africa*, Ball, Johannesburg.
- Cerwinski, L. 1981 *Tropical deco. The architecture and design of old Miami Beach*, Rizzoli, New York.
- Chipkin, C.M. 1993 *Johannesburg style: architecture & society 1880's - 1960's*, Philip, Kaapstad.
- Clark, K. 1943 *Ornament in modern architecture (Architectural Review Deel 94)*.
- Clute, E. 1930 *The Chrysler building (The Achitectural Forum, Oktober 1930)*.
- Coertzen, P. 1988 *Die Hugenate van Suid-Afrika, 1688 – 1988*, Tafelberg, Kaapstad.

- |                                |      |  |
|--------------------------------|------|--|
| Conradie, P.J.                 | 1969 | <i>Avonture van die Griekse helde en gode</i> ,<br>Human & Rousseau, Kaapstad.                 |
| Cooke, B.                      | 1960 | The emergence of contemporary<br>architecture in South Africa 1927-1939<br>(SAAR, Maart 1960). |
| Cooke, P.R.                    | 1931 | The Colosseum (SAAR, Januarie 1934).   |
| Cooke, P.R.                    | 1931 | <i>The Capitol theatre Pretoria</i> , African<br>Consolidated Theatres, Johannesburg.          |
| Cox, M.L.                      | 1986 | <i>The wine book of South Africa</i> ,<br>Stellenbosch.  |
| Crump, A. en R.<br>Van Niekerk | 1988 | <i>Public sculpture and reliefs</i> , Clifton,<br>Kaapstad.                                    |
| Cumming-George, L.             | 1933 | <i>Architecture in South Africa vol. I</i> , The<br>Specialty Press of S.A. Ltd., Kaapstad.    |
| Cumming-George, L.             | 1934 | <i>Architecture in South Africa vol. II</i> , The<br>Specialty Press of S.A. Ltd., Kaapstad.   |
| Curtis, W.J.R.                 | 1987 | <i>Modern architecture since 1900</i> ,<br>Phaidon, Oxford.                                    |
| Dali, S.                       | 1979 | <i>Selected works of Salvador Dalí</i> ,<br>Filipacchi Books, New York.                        |
| Davies, N.                     | 1997 | <i>Europe - a history</i> , Pimlico, Londen.   |

- Day, R.P.R. 1930 This so-called Bolshevik architecture (*Architect Builder & Engineer*, Oktober 1930).
- Delbridge, W.J. 1933 Modern architecture in South Africa (*Cape Times Annual for 1933*).
- Delius, A. 1947 *The young traveller in South Africa*, Phoenix House Limited, Londen.
- De Villiers, S. 1985 *A tale of three cities*, Murray & Roberts Buildings, Kaapstad.
- De Vries, J. 1941 *Nederlandsche Volkskunst*, N.V. Uitgevers-Maatschappij "Elsevier", Amsterdam.
- Dreyer, P.S. 1987 Verband tussen gestelike en stoflike Kultuur (*SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1 (1), Maart 1987).
- Duncan, A. (red.) 1988 *Encyclopaedia of Art Deco*, Headline, Londen.
- Duncan, A. 1997 *Art Deco furniture*, Thames & Hudson, Londen.
- Duncan-Brown, A.S. 1991 *The international style of architecture in Southern Africa: Port Elizabeth: a case study* (Ongepubliseerde M.A.-tesis, Universiteit van Port Elizabeth).

- Du Plessis, C. 1990 *Elma Court Pretoria (Northwards Bulletin: Herfsuitgawe 1990).*
- Durant, S. 1986 *Ornament. A survey of decoration since 1830*, Macdonald & Co., Londen.
- Emanuel, M.(red.) 1980 *Contemporary architects*, Macmillan Press Limited, Londen.
- Evans, I.H. (hersienner) 1989 *Brewer's dictionary of phrase & fable*, Cassell, Londen.
- Fassler, J. (red.) 1934 *The Colosseum theatre Johannesburg (SAAR, Januarie 1934).*
- Fassler, J. 1937 *ESCOM house (SAAR, Junie 1937).*
- Ferreira, O.J.O. 1975 *'n Volk se hulde*, Perskor-uitgewery, Johannesburg.
- Foster, M. 1982 *Architecture. Style, structure and design*, Quill Publishing, Londen.
- Fransen, H. 1981 *Drie eeue kuns in Suid-Afrika*, Anreith, Pietermaritzburg.
- Freschi, F. 1994 *The Old Mutual building Cape Town: big business beauty (The journal of decorative and propaganda arts (DAPA)).*

- |   |      |   |
|---|------|---|
| Furner, S.                                    | 1925 | The modern movement in architecture (SAAR, Desember 1925).  |
| Gardner, A.H.                                 | 1946 | <i>Outline of English architecture</i> , Scribner, New York.  |
| Geyer, A.L., A.J.H. van der Walt en J.A. Wiid | g.d. | <i>Geskiedenis van Suid-Afrika</i> , Nasou Beperk, Kaapstad.  |
| Greig, D.                                     | 1971 | <i>A guide to architecture in South Africa</i> , Timmins, Kaapstad.   |
| Grütter, W., A. Jonker en G.M. Van der Waal   | 1986 | <i>Early Johannesburg: its buildings and people</i> , Human & Rousseau, Kaapstad.                                   |
| Gutsche, T. & P. Knox                         | 1947 | <i>Do you know Johannesburg?</i> , Unie-Volkspers Beperk, Vereeniging.  |
| Gutsche, T.                                   | 1972 | <i>The history and social significance in motion pictures in South Africa 1895-1940</i> , Howard Timmins, Kaapstad. |
| Harradine, M.                                 | 1995 | <i>Port Elizabeth</i> , E.H. Walton Packaging, Port Elizabeth.  |
| Harrop-Allin, C.                              | 1975 | <i>Norman Eaton: architect</i> , Struik, Kaapstad.  |
| Hartdegen, P.                                 | 1988 | <i>Our building heritage - an illustrated history</i> , Ryll's, Halfway House.                                      |
| Haslam, M.                                    | 1987 | <i>Art Deco</i> , MacDonald Orbis, Londen.  |

- |                    |      |  |
|--------------------|------|--|
| Hatfield, D. (red) | 1967 | <i>Some South African monuments</i> , Purnell, Kaapstad.                           |
| Hattingh, A.S.J.   | 1965 | <i>Kunswaardering, Voortrekkerpers</i> , Johannesburg.                             |
| Hayward, H. (red)  | 1973 | <i>World furniture</i> , Hamlyn, Londen.   |
| Herald, J.         | 1991 | <i>Fashions of a decade: the 1920's</i> , BT Batsford Ltd., Londen.                |
| Heymans, R.        | 1986 | <i>Voortrekkermonument</i> , Die Beheerraad van die Voortrekkermonument, Pretoria. |
| Hill, M.           | 1991 | <i>Women in the 20th century</i> , Chapmans Publishing Ltd., Londen.               |
| Hillier, B.        | 1968 | <i>Art deco of the 20's and 30's</i> , Studio Vista, Londen.                       |
| Hollingworth, M.   | 1988 | <i>Architecture of the 20th century</i> , Brompton Books, Londen.                  |
| Horsham, M.        | 1996 | <i>20's &amp; 30's style</i> , JG Press, North Dighton, VSA.                       |
| Howie, W.D.        | 1958 | Contemporary architecture ( <i>Lantern</i> , Junie 1958).                          |
| Humphrey, G.       | 1987 | Three early buildings ( <i>Modus</i> vol. 2: deel 1, 1987).                        |

- Humphriss, D. 1968 *Benoni seun van my smart*, Stadsraad van Benoni, Benoni.
- Isaacs, A. 1990 *The Macmillan encyclopedia*, Macmillan, Londen.
- Jonas, K. 1938 The modern movement in Johannesburg (*Cape Times Annual*, 1938).
- Jonas, K. 1938 Rand architecture (*Cape Times Annual*, 1938).
- Jonker, C. 1949 Duisende gedagtes (*Die Brandwag*, 2/12/1949).
- Joyce, P.(red.) 1981 *South Africa's yesterdays*, Reader's Digest Association South Africa, Kaapstad.
- Kamstra, M. 1985 John Fassler 1910 - 1971 (*Architecture South Africa*, Julie/Augustus 1985),
- Kannemeyer, J.C. 1990 *Die Afrikaanse literatuur 1652 - 1987*, Human & Rousseau, Kaapstad.
- Kearney, B. 1984 *A revised listing of the important places and buildings in Durban*, City Council of Durban, Durban.
- Kearney, B. 1992 *Rewarding conservation*, City Council of Durban, Durban.

- Klein, D. 1987 *All colour book of Art Deco*, Octopus Books, Londen.
- Klein, D. en G. Warren 1996 *Art Nouveau and Art Deco*, Chancellor Press, Londen.
- Knox, C.R. 1941 Le Roux, mural painter (*Forum*, 1941).
- Koeper, F. en M. Whiffen 1982 *American architecture 1607 - 1976*, Cambridge, Massachusetts.
- Lampugnani, V.M. (red.) 1986 *The Thames and Hudson Encyclopedia of twentieth century architecture*, Thames & Hudson, Londen.
- Leigh, R.L. (red.) 1966 *The city of Port Elizabeth*, Felstar Uitgewers (Edms.) Bpk., Johannesburg.
- Lefebvre, D. 1932 a The Pierneef panels (*SAAR*, Februarie 1932).
- Lefebvre, D. 1932 b South African pictures and painters in 1932, (*SAAR*, Desember 1932).
- Le Roux, S. (red.) 1990 *Plekke en geboue van Pretoria* vol. 1, Pretoria Argitektuurvereniging, Pretoria.
- Le Roux, S. (red.) 1991 *Plekke en geboue van Pretoria* vol. 2, Stadsraad van Pretoria, Pretoria.



- Lesieutre, A. 1974 *The spirit and splendour of Art Deco*, Paddington Press, New York.
- Lorne, F. 1940 Office building at Johannesburg (*The Architectural Review*, Mei 1940).
- Louw, W.E.G. 1950 Die poësiekus (P. de V. Pienaar & C.M. van den Heever (reds.): *Kultuur-geskiedenis van die Afrikaner*) Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad.
- Lucie-Smith, E. 1979 *Cultural calender of the 20th century*, Phaidon Press, Oxford.
- Lyall-Watson, D. 1938 The South African Reserve Bank - Johannesburg agency (*SAAR*, Oktober 1938).
- Macmillan, A. (red.) 1933 *The Golden City, Johannesburg*, W.H. & L. Collingridge Ltd, Londen.
- Martienssen, R. 1935 Kwart-eeuse argitektuur (*SAAR*, Mei 1935).
- Martin, M. 1994 Art Deco in South Africa (*DAPA*, 1994).
- Massey, A. 1990 *Interior design of the 20th century*, Thames and Hudson, Londen.
- McLeish, K. en V. 1990 *The Collins illustrated encyclopedia of famous people*, Collins, Londen.

- McWhirter, A., D. Oakesen & A. Steyn 1996 *Reader's Digest illustrated encyclopedia of essential knowledge*, Reader's Digest Association South Africa, Kaapstad.
- Measham, T. 1981 *Picasso en sy tyd*, Tafelberguitgewers Beperk, Kaapstad.
- Meiring, H. 1985 Die nuwe Pretoria (*Die Beeld*, 3/4/1985).
- Menten, T. 1972 *The Art Deco style*, Dover Publications, New York.
- Merry, T.G. 1946 *The golden city diamond jubilee souvenir*, Stadsraad van Johannesburg, Johannesburg.
- Mitford-Barborton, I. 1940 Sculpture on the new building (*The South African Mutual Life Assurance Society Magazine*, Julie 1939).
- Moerdyk, G. 1949 a Die pad van 'n nasie (*Die Huisgenoot*, 25/11/1949).
- Moerdyk, G. 1949 b Altaar van ons helde (*Die Huisgenoot*, 25/11/1949).
- Moerdyk, G. 1949 c Die ontwerp van die monument (*Die Voortrek. Spesiale byvoegsel tot die Transvaler*, 13/12/1949).

- Moerdyk, G. g.d. Beeldhou- en Beeldwerk (*Die Voortrekkermonument amptelike gids*), Beheerraad van die Voortrekkermonument.
- Mowbray, A. 1996 Zwartkops Mineral Baths (*Looking Back* vol. 35, September 1996).
- Muller, C.F.J. (red.) 1968 *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Academica, Pretoria, Kaapstad, Johannesburg.
- Murray, A. 1932 Shell House Johannesburg (*SAAR*, Augustus 1932).
- Musgrove, J. (red.) 1987 *History of architecture*, Butterworths, Londen.
- Nel, P.G. 1984 Kultuurgeskiedenis as wetenskap (*SA Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 1 (1), Januarie 1984).
- Nienaber, P.J., J.D. Smit 1987 *Vrystaatse argitektuur*, Gutenberg Boek- en S.M. Botes drukkers, Pretoria.
- Norwich, J.J. (alg. red.) 1976 *Great architecture of the world*, Artists House, Londen.
- Olivier, P.L. (samesteller) 1952 *Ons gemeentelike feesalbum*, NG Kerk Uitgewers, Kaapstad.

- Opperman, A.J.P. 1989 Karel Landman monument (M Swart (red.): *Afrikanerbakens*), FAK, Aucklandpark.
- Opperman, D.J. (red.) 1983 *Groot verseboek*, Tafelberg, Kaapstad.
- Oxley, J. 1992 *Places of worship in South Africa*, Southern Book Publishers, Halfway House.
- Pearse, G.E. 1932 Impressions from America (*SAAR*, Maart 1932).
- Pevsner, N. 1976 *A history of building types*, Princeton University Press, Princeton.
- Picton-Seymour, D. 1989 *Historical buildings in South Africa*, Struikhof, Kaapstad.
- Pienaar, P. de V. en C.M. van den Heever 1950 *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad.
- Port Elizabeth Munisipaliteit 1941 *Port Elizabeth city of industrial and commercial opportunity*, PEM, Port Elizabeth.
- Portfolio Book of Pop Art 1995 *Portfolio Book of Pop Art*, Wordsworth Editions Limited, Londen.

- Potgieter, D.J. (hoofred.) 1975 Monument simbool van vryheidstryd (*Standard encyclopaedia of Southern Africa (SESA) vol. II*), Nasou, Kaapstad.
- Potgieter, D.J. (hoofred.) 1975 Broadcasting (*Standard encyclopaedia of Southern Africa (SESA) vol. II*), Nasou, Kaapstad.
- Price-Lewis, O. 1948 South African contemporary architecture (*The Studio*, November 1948).
- Prins, M. 1982 *Aspekte van Art Deco soos dit kom tot uitdrukking in die Colosseum, Johannesburg* (Ongepubliseerde MA-tesis, Randse Afrikaanse Universiteit).
- Rautenbach T., M.J. 1988 *Die Karel Landman Voortrekkermonument 1938 - 1988*, Nasionale Media Beperk, Port Elizabeth.
- Swart en O. Terblanche
- Rennie, J. 1978 *The buildings of central Cape Town vol.II*, Kaapse Provinsiale Instituut van Argitekte, Kaapstad.
- Riley, N. (red.) 1980 *World furniture*, Octopus Books, Londen.
- Robertson, H.M. 1930 Architecture of to-day and to-morrow (*The South African Builder*, Junie 1930).
- Roos, J.H. (samesteller) 1984 *Halfeeufeesblad. NG Kerk Bellville*, NG Kerk, Bellville.

- Rosenthal, E. 1939 American building through South African eyes (*The South African Builder*, Junie 1993).
- Rosenthal, E. 1948 25 Years of Cape Town building (*The South African Builder Anniversary Number*, September 1948).
- Sadie, M.M. 1949 Hulle het die monument gebou (*Die Huisgenoot*, 16/12/1949).
- Scarlett, F. 1930 Building organisation in the United States (*The South African Builder*, Junie 1930).
- Scheepers, J.J. 1949 *Voortrekkermonument soewenier*, Remskoën, Johannesburg.
- Schoeman, K.J. 1980 *Bloemfontein: die ontstaan van 'n stad 1846 – 1946*, Human & Rosseau, Kaapstad.
- Scholtz, W.M.C. 1979 Die geskiedenis van Roodepoort-Maraisburg tot 1952 (*Ongepubliseerde MA-tesis*, Randse Afrikaanse Universiteit).
- Shapshak, R. 1937 Abstract designs in Broadcast House (*The South African Builder*, Julie 1937).
- Sharp, D. 1969 *The picture place, and other buildings for the movies*, Hugh Evelyn, Londen.

- Shead, R. 1998 *Ballets Russes*, Greenwich Editions, Londen.
- Smith, A.H. (red.) 1956 *A pictorial history of Johannesburg*, Juta & Co. Ltd., Johannesburg.
- Stark, F. (red.) 1956 *Sewentig gulde jare 1886-1956*, Johannesburg Stadsraad en Johannesburg Publisiteitsvereniging, Johannesburg.
- Striner, R. 1994 *Art Deco*, Abbeville Press, Londen.
- Swart, M.J. (red.) 1989 *Afrikanerbakens*, FAK, Aucklandpark.
- Terblanche, H.O. 1973 *Die Nederduits Gereformeerde Kerk in Port Elizabeth - 'n Historiese oorsig van die eerste halfeeu, (1907 - 1957)*, (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Port Elizabeth).
- Terblanche, H.O. 1990 *Halfeeu fees van die NG Gemeente PE-Wes 1940 - 1990*, NMB Drukkers, Port Elizabeth.
- Van Bosch, C. 1997 Voortrekkermonument "rassisties" (*Die Burger*, 25/11/1997).
- Van de Lemme, A. 1996 *Art Deco - an illustrated guide to the decorative style 1920 - 1940*, Grange Books, Londen.

- Van der Merwe, J.D.P. 1960      *Ons boukuns oor 50 jaar (Die Volksblad Uniefeesbylae, Mei 1960), Pretoria.*
- Van der Waal, G-M. 1984      *Die boukuns van Johannesburg 1886-1940 (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif Randse Afrikaanse Universiteit).*
- Van der Waal, G-M. 1986      *Van mynkamp tot metropolis: die boukuns van Johannesburg 1886-1940, Chris van Rensburg Publikasies (Edms) Bpk., Mellville.*
- Van der Watt, L. 1996      *Art, gender ideology and Afrikaner nationalism: a history of the Voortrekker Monument tapestries (Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Kaapstad).*
- Van der Watt, L. 1997      *Savagery and civilisation: race as a signifier of difference in Afrikaner nationalist art (De Arte, April 1997).*
- Van der Westhuysen, H.M. 1949      *Beeldhouers van die monument (Die Brandwag, 2/12/1949).*
- Van Niekerk, B. 1941      *Boukuns, Nasionale Pers Beperk, Bloemfontein.*



- Van Niekerk, B. 1950 Die boukuns van die Afrikaner (P. de V. Pienaar en C.M. van den Heever (reds.): *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*) Nasionale Pers Beperk, Bloemfontein en Johannesburg.
- Van Rensburg, M. 1986 *Johannesburg eenhonderd jaar 1886-1986*, C van Rensburg, Melville, Johannesburg.
- Van Selm, R. 1940 *A short history of the South African Mutual Life Assurance Society*, SAMLAS, Kaapstad.
- Van Selm, R. (opsteller) 1945 *Die geskiedenis van Het Zuid Afrikaanse Onderlinge Lewensverzekering-genootskap (Ons Eeufees 1845 - 1945)*, Het Zuid Afrikaanse Onderlinge Lewensverzekering-genootskap, Kaapstad.
- Van Tonder, J.J.(red.) 1961 *Veertien gedenktekens van Suid-Afrika*, Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad.
- Van Zyl, D.J. 1989 Die Hugenate-monument (M. Swart, (red.): *Afrikanerbakens*) FAK, Aucklandpark..
- Walgate, C.P. 1931 The romance of modern building in South Africa (*Cape Times Annual*, Desember 1931, Kaapstad).

- |                       |      |  |
|-----------------------|------|--|
| Warren, G.            | 1996 | <i>All color book of Art Nouveau</i> ,<br>Chancellor Press, Londen.  |
| Watson, J.            | 1989 | <i>Urban trail</i> , Border Institute of<br>Architects, Oos-Londen.  |
| Webster, S.           | 1994 | <i>Die verhaal van Brakpan</i> , Brakpan<br>Stadsraad, Brakpan.  |
| Welsch, J. (red.)     | 1983 | <i>Colonial Mutual's first hundred years in<br/>South Africa</i> , Creda Press, Kaapstad.                  |
| <i>Wêreldspektrum</i> | 1982 | Deel 5 & 16, Ensiklopedie Afrikaans,<br>Johannesburg.  |
| Yarwood, D.           | 1991 | <i>The architecture of Europe - the<br/>nineteenth and twentieth centuries</i> ,<br>B.T. Batsford, Londen. |
| Zukowsky, J.          | 1993 | <i>Chicago architecture and design<br/>1923 - 1993</i> , Prestel, München.                                 |

## KOERANTE

### *Benoni City Times*

*Benoni City Times Town Hall Souvenir Supplement* September 1938

### *Cape Times*

*Cape Times Supplement* 30/01/1940

*Cape Times* 03/11/1933

*Cape Times* 24/09/1988

*Cape Times* 26/09/1988

***City Voice***

*City Voice Supplement - Daily Dispatch* 27/11/1991

***Dagbreek***

*Dagbreek Speciale Monument-uitgawe* 4/12/1949

***Daily Dispatch***

*Daily Dispatch Christmas Number* 1919

*Daily Dispatch* 03/12/1931

*Daily Dispatch* 24/12/1932

*Daily Dispatch* van 13/08/1959

*Daily Dispatch* 09/12/1991

***Die Beeld***

*Die Beeld* 3/4/1985

*Die Beeld* 13/6/1995

***Die Burger***

*Die Burger Woongidsblylae* 12/05/1990

*Die Burger (Ons Erfenis)* 16/7/94

*Die Burger Woongidsblylae* 26/10/1996

*Die Burger* 25/11/1997

*Die Burger* 08/09/1998

*Woonburger* 12/12/1998

***Die Oosterlig***

*Die Oosterlig* 30/4/1948

*Die Oosterlig Uniefeesbylae* Mei 1960

***Die Transvaler***

*Die Transvaler: Die Voortrek* (spesiale byvoegsel) 13/12/1949

***Die Volksblad***

*Die Volksblad: Uniefeesbylae* Mei 1960

***Eastern Province Herald***

*Eastern Province Herald* 09/07/1935

*Eastern Province Herald* 14/5/1935

*Eastern Province Herald* 8/2/1936

*Eastern Province Herald* 7/12/1936

*Eastern Province Herald* 05/6/1937

*Eastern Province Herald* 7/9/1937

*Eastern Province Herald* 13/7/1938

*Eastern Province Herald* 4/3/1949:8

*Eastern Province Herald* 29/5/1964

*Eastern Province Herald* 29/7/1974

*Eastern Province Herald* 30/10/1974

*Eastern Province Herald* 16/6/1976

*Eastern Province Herald* 23/11/1981

*Eastern Province Herald* 3/2/1984

*Eastern Province Herald* 8/3/1984

*Eastern Province Herald* 28/9/1989

*Eastern Province Herald* 17/7/1990

*Eastern Province Herald* 13/12/1991

*Eastern Province Herald* 25/5/1995

*Eastern Province Herald* 13/5/1995

*Eastern Province Herald (La Femme)* 28/08/1996

*Eastern Province Herald* 30/10/1996

*Eastern Province Herald* 09/09/1999

*Eastern Province Herald* 13/09/1999

***Evening Post***

*Evening Post* 27/3/1980

*Evening Post* 12/5/1995

*Evening Post* 23/2/1996

*Evening Post* 10/5/1996

*Family Post* 23/02/1980

*Family Post* 1/3/1980

***Germiston Advocate***

*Germiston Advocate Official Coronation Souvenir* 07/05/1937

***Germiston News***

*Germiston News* 16/02/1990

***Paarl Post***

*Paarl Post* 23/07/1935

*Paarl Post* 03/12/1935

*Paarl Post* 19/10/1937

*Paarl Post* 20/10/1939

***PE Express***

*PE Express* 10/7/1985

*PE Express* 23/10/1996

***Port Elizabeth Advertiser***

*Port Elizabeth Advertiser* 4/1/1935

*Port Elizabeth Advertiser* 6/9/1935

*Port Elizabeth Advertiser* 25/1/1937

*Port Elizabeth Advertiser* 2/2/1937

*Port Elizabeth Advertiser* 16/11/1937

*Port Elizabeth Advertiser* 24/6/1938

*Port Elizabeth Advertiser* 19/7/1938

*Port Elizabeth Advertiser* 23/11/1938

*Port Elizabeth Advertiser* 6/12/1938

*Port Elizabeth Advertiser* 20/12/1938

*Port Elizabeth Advertiser* 30/12/1938

***Pretoria News***

*Pretoria News* 25/10/1989

***Rand Daily Mail***

*Rand Daily Mail* 8/1/1935

*Rand Daily Mail* 10/06/1935

***Sunday Times***

*Sunday Times* 03/04/1932

*Sunday Times Magazine* 10/07/1966

*Sunday Times* 25/09/1988

***Sunday Star***

*Sunday Star* 25/09/1988

*Sunday Star* 9/06/1995

***The Argus***

*The Argus* 25/08/1996

***The Citizen***

*The Citizen* 25/9/1997

***The Daily News***

*The Daily News Property Supplement* 2/5/1986

*The Daily News Property Supplement* 11/7/1986

***The Friend***

*The Friend* 12/11/1935

*The Friend* 28/01/1937

*The Friend Supplement* 05/04/1939

***The Star***

*The Star* 20/2/1931

*The Star* 8/9/1936

*The Star* 14/4/1938

***The Times***

*The Times* (Women's Features) 16/02/1923

*The Times* 02/11/1966

***Tribune Property***

*Tribune Property* 13/12/1992

***Weekend Argus***

*Weekend Argus* 24/09/1988

***Weekend Post***

*Weekend Post Supplement* 2/9/1978

*Weekend Post* 19/3/1988

*Weekend Post* 8/10/1988

*Weekend Post* 28/4/1990

*Weekend Post* 3/7/1993

*Weekend Property Post* 26/10/1996

***Weekly Mail***

*Weekly Mail* 8/7/1994

**TYDSKRIFTE, JAARBLAAIE EN NUUSBRIEWE**

***Architect Builder & Engineer (AB & E)***

*Architect Builder & Engineer* Augustus 1929

*Architect Builder & Engineer* Oktober 1929

*Architect Builder & Engineer* Junie 1930

*Architect Builder & Engineer* Julie 1930

*Architect Builder & Engineer* Oktober 1930

*Architect Builder & Engineer* Februarie 1931

*Architect Builder & Engineer* November 1931

*Architect Builder & Engineer* November 1932

*Architect Builder & Engineer* Julie 1933

*Architect Builder & Engineer* Maart 1934

*Architect Builder & Engineer* Junie 1934

*Architect Builder & Engineer* Februarie 1935

*Architect Builder & Engineer* Januarie 1936

*Architect Builder & Engineer* Julie 1936

*Architect Builder & Engineer* September 1936

*Architect Builder & Engineer* Maart 1938

*Architect Builder & Engineer* April 1939

*Architect Builder & Engineer* Mei 1939

***Architect & Builder***

*Architect & Builder* Februarie 1992

***Architecture South Africa***

*Architecture South Africa* Julie/Augustus 1985



***British South African Annual***

*British South African Annual* Desember 1934

***Building***

*Building* Oktober 1989

***Cape Times Annual***

*Cape Times Annual* 1930

*Cape Times Annual* 1931

*Cape Times Annual* 1933

*Cape Times Annual* 1935

*Cape Times Annual* 1938

*Cape Times Annual* 1939

***Car***

*Car* Mei 1993

***De Arte***

*De Arte* April 1997

***De Goede Hoop***

*De Goede Hoop* 15/8/1927

***De Kat***

*De Kat* April 1992

***Die Brandwag***

*Die Brandwag* 2/12/1949

***Die Huisgenoot***

*Die Huisgenoot* 14/12/1941

*Die Huisgenoot* 25/11/1949

*Die Huisgenoot* 6/12/1949

***Die Kerkbode***

*Die Kerkbode* 8/12/1948

***Die Landbouweekblad***

*Die Landbouweekblad* 19/10/1932

***Eastern Province Annual***

*Eastern Province Annual* 1933

*Eastern Province Annual* 1936

*Eastern Province Annual* 1937

*Eastern Province Annual* 1938

*Eastern Province Annual* 1939

*Eastern Province Annual* 1940

***Elle***

*Elle* 2/11/1967

***Financial Mail***

*Financial Mail* 23/09/1994

***Forum***

*Forum* 1941

***Johannesburg Golden Jubilee***

*Johannesburg Golden Jubilee* 1936

***Lantern***

*Lantern* Junie 1958

***Looking Back***

*Looking Back* vol 35 September 1996

***Modus***

*Modus* 1987 vol 2:deel 1

***National Geographic***

*National Geographic* Oktober 1963

***Northwards Bulletin***

*Northwards Bulletin* Herfsuitgawe 1990

***Port Elizabethse jaarblaai***

*Port Elizabeth Annual* 1930

*Port Elizabeth City of Industry* 1934

*Port Elizabeth City of Industrial and Commercial Opportunity* 1941

*Progressive Port Elizabeth* 1930

***Restorica***

*Restorica* 1996

***Rooi Rose***

*Rooi Rose* 21/08/1986

***South African Garden and Home***

*South African Garden and Home* April 1990

***The Architectural Forum***

*The Architectural Forum* Oktober 1930

***The Architectural Review***

*The Architectural Review* Mei 1940

***The African World***

*The African World - Golden Jubilee Number* 1936

***The Journal of Decorative and Propaganda Arts***

*DAPA* 1994

***The Reader's Digest***

*The Reader's Digest* Maart 1979 King Tut's Tomb - The Untold Story (Thomas Hoving)

***The South African Architect***

*SAA* Januarie 1940

*SAA* Junie 1940

*SAA* Julie 1940

***The South African Architectural Record***

*SAAR* Desember 1925

*SAAR* Desember 1931

*SAAR* Februarie 1932

*SAAR* Maart 1932

*SAAR* Augustus 1932

*SAAR* Desember 1932

*SAAR* April 1933

*SAAR* November 1933

*SAAR* Januarie 1934

*SAAR* September 1935

*SAAR Supplement* September 1935

*SAAR Supplement* Oktober 1935

*SAAR* Junie 1937

*SAAR* Desember 1937

*SAAR* Oktober 1938

*SAAR* Maart 1960

***The South African Builder (SAB)***

*The South African Builder* Januarie 1930

*The South African Builder* Junie 1930

*The South African Builder Supplement* Julie 1930

*The South African Builder* November 1930

*The South African Builder* Januarie 1931

*The South African Builder Supplement* Januarie 1931

*The South African Builder Supplement* Maart 1931

*The South African Builder* April 1931

*The South African Builder Supplement* Maart 1931

*The South African Builder Supplement* Augustus 1931

*The South African Builder Supplement* November 1931

*The South African Builder* Maart 1932

*The South African Builder, Special Johannesburg Supplement* Sept 1932

*The South African Builder* Desember 1932

*The South African Builder* Januarie 1933

*The South African Builder* Mei 1933

*The South African Builder* Oktober 1933

*The South African Builder* April 1935

*The South African Builder Supplement* April 1935

*The South African Builder* Augustus 1935

*The South African Builder* Februarie 1937

*The South African Builder* Mei 1937

*The South African Builder* Julie 1937

*The South African Builder* Augustus 1937

*The South African Builder* September 1937

*The South African Builder* Januarie 1938

*The South African Builder Supplement* Junie 1938

*The South African Builder* Julie 1938

*The South African Builder* November 1938

*The South African Builder* Junie 1939

*The South African Builder* November 1939

*The South African Builder* Desember 1939

*The South African Builder* Februarie 1940

*The South African Builder* September 1940

*The South African Builder* Desember 1940

*The South African Builder 25th Anniversary Number* September 1948

***The South African Life Assurance Society Magazine***

*The South African Life Assurance Society Magazine* Julie 1939

***The Studio***

*The Studio* November 1948

***UPE Fokus***

*UPE Fokus* Augustus 1972

***United South African Annual***

*United South African Annual* 1933

*United South African Annual* 1936

*United South African Annual* 1939

**BROSJURES, FEESBLAAIE, GIDSE, JAARBOEKE, JOERNALE,  
NUUSBRIEWE EN PROGRAMME**

**Brosjures**

*Go-Ahead Port Elizabeth* 1948/1949

Martin, M. 1995: brosjure van 'n uitstalling van die werk van W.M. Timlin 16 Augustus tot 8 September 1995 deur die Johannes Stegman Kunsgalery, Bloemfontein.

*Port Elizabeth-brosjure* 1952

Smit 1995: brosjure van 'n uitstalling van die werk van W.M. Timlin 16 Augustus tot 8 September 1995 deur die Johannes Stegman Kunsgalery, Bloemfontein.

*The Cape Peninsula Brochure* 1926

*Tongaat-Hulett Sugar Limited-brosjure* 1999

**Feesblad**

NG Kerk Wesselsbron, Halfeeufeesblad 1977

**Gidse**

**Opgestel en uitgegee:**

*Die Voortrekkermonument Amptelike Gids*: opgestel en uitgegee deur die Beheerraad van die Voortrekkermonument.

*The City of East London Official Guide* 1950

**Jaarboek**

Gaum, F. (hoofredakteur): Jaarboek van die NG Kerk

**Joernaal**

NIA Journal 13/4/1992

**Nuusbriefe**

*Die Boodskapper* 1989: nuusbrieff van die gemeente Wesselsbron

*Ons Kerkmuus* November 1966: nuusbrieff van die gemeente Wesselsbron

**Program**

*United Hebrew Institutions of Benoni* 3/9/1933: inwydingsprogram

**ARGIVALE BRONNE**

**Brinkman Van Rooyen Browne & Sutton Argitekte:**

1934-argiefmateriaal

**Germiston Biblioteek:**

Germistonia Versameling: R352.0682G

Burgemeestersverslag: Maart 1985/Februarie 1996: 26

**Johannesburg Kunsbiblioteek :**

Pamfletversameling: 725.23 ANG

**Port Elizabeth Munisipale Argief:**

Dokumentversameling van Departement van Stadsargitekte, Port Elizabeth

**Port Elizabeth Hoofbiblioteek:**

Suid-Afrikaanse versameling: Grandteater Openingspamflet 1935

**Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (Rockridgeweg 21, Parktown, Johannesburg):**

Van Graan, A. Maart 1996: Springs Art Deco-opname, NMC 401/A

Verslag 3/1/3 Joh./154

Verslag 601/C

Walker, J.: *Deutscher Vereinklub*-opname

**Roodepoort Museum Argief :**

Stadsaalaantekeninge: 02/08/1999



**Sanlam en Santam Argief (Kaapstad):**

Waalburg-inhuldigingspamflet 1932

**Springs Biblioteek en Galery:**

Fotoversameling: Springs Brandweerstasie 1938

Geneem deur: *Architectural and Engineering Photographic Service*,

Jeppestraat 139, Johannesburg

**ONGEPUBLISEERDE MANUSKRIPTE**

**Briewe**

Du Preez (Bloemfonteinse argitek en dosent aan die Argitektuurskool van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat): 30/10/1997

Hirsch, F. (Kaapstadse argitek): 27/10/1997

Le Roux, S. (Bloemfonteinse navorser): 24/5/1999

McGillivray, K (Kaapstadse argitek): 9/4/1998

Roodt, A. (Bloemfonteinse argitek): 21/10/1997

Swart, H. (Assistent-bibliotekaresse, Springs Stadsbiblioteek, Springs): 7/6/1999

Van Graan, A. (Kaapstadse argitek): 25/11/1997

Watson, B.W. (Oos-Londense argitek): 4/6/1999

**Dokumentasies en werkstukke**

Butler 1994: Voortrekkermonument-werkstuk (OMG 421), Departement Argitektuur, Universiteit Pretoria

Barnard, M. 1984: Dokumentasie van Burlingtonhuis, Departement Argitektuur, Universiteit Pretoria

Clavier, A. 1994: *Burlington Arcade*, Departement Argitektuur, Universiteit Pretoria

Dekker, FJA g.d.: Dokumentasie en werkstuk van Van Riebeeckgebou (OMG 221), Departement Argitektuur, Universiteit Pretoria

Greyvensteyn en Van Schalkwyk 1986: dokumentasie van die Sinagoge, Dorlastraat, Pretoria, Departement Argitektuur, Universiteit Pretoria

Hamilton, C.R. 1981: Dokumentasie en verslag van *Surrey Mansions*, Departement Argitektuur, Universiteit van Natal

Van der Merwe & Van Zyl 1989: Salisbury House-dokumentasie, Departement Argitektuur, Universiteit Pretoria

Viljoen 1990: *Capitolteater*, Pretoria, Departement Argitektuur, Universiteit Pretoria-dokumentasie

### **Referaat**

Van Achterberg, H.

*Springs van Blikkiesdorp tot Blink Juweel – stoflike kultuurprodukte as bron vir die rekonstruering van die kultuurlewe in Springs in die tyd 1904 – 1940*

Konferensie van Suid-Afrikaanse Vereniging van Kultuurgeskiedenis: Transvaal streektak 7/3/1997

### **Opname**

Randse Afrikaanse Universiteit (Departement Kunsgeskiedenis) 1976: opname van geboue in die middestad van Johannesburg

### **Verslae**

Blersch, S. 1993: Waalburggebou-opsommingsverslag

Brandweer Germiston: Jaarverslag 1994-1995

### **Fotoreekse**

Benoni Museum 1938: fotoreeks van stadsaal

Benoni Museum 1999: fotoreeks van sinagoge

Port Elizabeth Stadsbiblioteek 1954: fotoreeks

Van der Linde 1997: fotoreeks van Johannesburg-area

Van der Linde 1999: fotoreeks van Port Elizabeth

Voortrekkermonument-album 1949, Polyfoto, Johannesburg (Naslaanafdeling van Johannesburg Hoofbiblioteek)

Wesselsbron NG Kerk 1999: fotoreeks

### **Kaarte**

Benoni-straatkaarte: *Muni Maps* 1999

### **Planne**

Brinkman & Siemerink (tans Brinkman Van Rooyen Browne & Sutton BK) 1935:

Plannommer 246/1

### **ELEKTRONIESE BRONNE**

**Grolier Electronic Publishings 1995**

### **Internet**

Webnet <http://www.tequilamescal.com/pulque.htm>.

Webnet <http://www.courant.com/five/epicure/archive/1997-98/Dec31-Gregarious.stm>.

Webnet Durban's Art Deco Directory 10.7/1997 <http://users.iafrica.com/a/an/andryn>

### **BESIGTIGINGS EN ONDERSOEKE**

Van der Linde, W. 1997: besigtiging en ondersoek van geboue in Kaapstad

Van der Linde, W. 1998 - 1999: besigtiging en ondersoek van geboue in Johannesburg, Pretoria, Springs en Germiston

Van der Linde, W. 1999: besigtiging en ondersoek van geboue in Port Elizabeth

**ONDERHOUDE:**

Bird, Flo

Beroep: Sekretaresse van die Nasionale Raad vir Gedenkwaardighede

Adres: Rockridgeweg 21, Parktown, Johannesburg

Erasmus, Francois

Beroep: Assistent-areabestuurder Noord (Pretoria en Mpumalanga)

Adres: RNG, Rockridgeweg 21, Parktown, Johannesburg

Fourie, Barend

Beroep: Hoof van Bybelverspreiding, Oos-Kaap

Adres: Cotswoldlaan 31, Cotswold, Port Elizabeth

Greenfield, Mick

Beroep: Besturende Direkteur Tongaat-Hulett, Durban

Adres: Suidkusweg 444, Rossburgh, KwaZulu-Natal

Harradine, Margaret

Beroep: Bibliotekaresse/Kurator van Suid-Afrikaanse Afdeling

Adres: Stadsbiblioteek, Markplein, Port Elizabeth

Jansen, Maxie

Feesbywoner tydens Voortrekkermonument-inwyding op 16 Desember 1949

Adres: Kurumankloof 1, Somerstrand, Port Elizabeth

Le Roux, Sophie

Beroep: Navorser, Bloemfontein

Adres: Kaapse Nooistraat 8, Pellissier, Bloemfontein

Letts, Alba

Beroep: Kurator, Roodepoort Museum

Adres: Roodepoort Museum, Roodepoort

Swart, Blackie

Beroep: Waardeerder, Msunduzi Plaaslike Oorgangsraad

Adres: Msunduzi Plaaslike Oorgangsraad, Pietermaritzburg

Van Achterberg (Swart), Hannelie

Beroep: Assistent-bibliotekaresse, Springs Openbare Biblioteek, Springs

Adres: Springs Openbare Biblioteek, Springs

## BYLAE A

### AFRIKAANS/ENGELSE WOORDELYS

afgeskuinste	bevelled
afgewitte	white-washed
Art Deco-bioskoop teater	picture palace
aslyn	axis
baken	landmark
bandlaag	string course
balanseergewig	balance weight
balustrade	balustrade
bekleding	capping
belegstuk	lining
bestekopnemer	quantity surveyor
betonbalk	concrete beam
betonblad	concrete slab
betonkap/baldakyn	canopy
betonplaveisel	concrete paving
bevenstering/fenestrasie	fenestration
bioskoopsaal	bioscope hall
bitumen	bitumen

bladsilwer	silver leaf
blompotstaander	flower pot stand
bobeuk	overstorey/clerestorey
boog	arche
bo-galery	upper circle
bolig	fanlight
boogdeurgang	archway
boogsteen	vousoir block
borswering	parapet
bougrens/boulyn	building line
brandbestande skuifdeur	fire-proof sliding door
brandrolskerm	fireproof curtain
brandtrap	fire escape staircase
buighout	bentwood
buitehoeke	quoins
buiteportaal	entrance porch
bufgeel	buff
burgermeesterkwartier	mayor's parlour
dagwang/deuropening	reveal
dakkam/dakkroon	cresting
daklig	skylight
dakwoonstel	penthouse

dameskleedkamer	ladies rest room
deelhuisgebou/woonsteleenhede	apartment building
deeltitelwoonstel	sectional title flat
dekblok	boss
deurfronton	overdoor
diepvoeg	recessed joint
draadgesnyde steen	wire-cut brick
drakekopspuier	gargoyle
dramuur	bearing/bearer wall
drinkspruit	drinking fountain
dwarsfmeerlaagpaneelwerk	cross banding work
eierglansafwerking	eggshell finish
eiertempera	egg tempera
eilandperseel	island site
emalje-verf	enamel paint
enjinkamer	engine room
enkelwoonstel	bachelor flat
esdoringhout	sycamore
fasade	facade/elevation
fenestrasie	fenestration
filtreeraanleg	filtration plant



fondament	foundation
galmgat	bell arch
gasverbrandingstasie	gas-fired char station
gedek	capped
gedempte kleur	subdued colour
gedenkplaat	plaque
gedistemperde	distempered
gefineerde	veneered
gegroefde borswering	fluted parapet
gegroefde pilaster	fluted pilaster
gekalk	distempered
gekanneleerde/vertikaal gegroefde	chamfered
gekleur	toned
gelineer	lined
geprofileerde marmer	moulded marble surrounds
geribde gietglas	ribbed cast glass
geronde glas	curved glass
geronde uitspringende daklys	rounded flying cornice
getrokke bronsmetaal	drawn bronze metal
getyswembad	tidal pool
geskulpte	scalloped
geslae goud	beaten gold

geutpypkoppe	leader head/rain-water head
gewapende beton	reinforced concrete
gewelfde	vaulted
gietaluminium	cast aluminium
gietbeton	cast concrete
glaspaneeldeur	glazed glass door
golfasbes	corrugated asbestos
gordynkap	pelmet
groefversiering	fluting
halfsirkelvormig	semi-circular
halfmaanvormige opening/venster	lunette
heksagonaal/seshoekig	hexagonal
hoekige piloon	towering pylon
hoekvlak	spandrel
hoofkantoor	main office
hoofkenmerk	feature
hoofportaal	grand foyer
hoofrib	main rib
houdansvloer	spring dance floor
hysbakportaal	lift hall
ingangsportaal	entrance vestibule/foyer/lobby
inspringende hoek	re-entrant angle

jarra	jarrah
kaartjiesloket	ticket box
kalf	transom(e)
kalfreling	transome rail
kalfstand	dentil
kalfstand-uitsteeksel	dentil projections
kansel	pulpit
kapiteel	capital
kaplig	lighting canopy
kaslokaal	banking hall
kasteelagtig/kanteelwerk	castellated
katagtige motief	feline motif
keelvormige lig	conical
keermuur	retaining wall
keramiek vloerteël	ceramic floor tile
kimlyn	skyline
kistipe	box type
kitskos-onderneming	fast food outlet
klipgruis/macadam	macadam
klokknoppie	bell push
koepel	cupola
koepelmuur	drum

koepeloog	dome's eye/oculus
kofferpaneelplafon	coffered ceiling
kolonnade	colonnade
komtipe lig	basin type light
komvenster	baywindow
konsole	console
korbeel	corbel
kromlynige	curvilinear
kronkelveermatras	coil spring mattress
kruitbad/badplaas	mineral bath/spa
kuil/skag	well
kuifreier	egret
kunsklipblok/voorafgegiete betonsteen	precast stone
kurkafskuinsing	cork grading
kussingpaneel	raised panel
kunskaggel	imitation fire-place
kunsklip	artificial stone
kunsvoorwerp	object d' art
laaghout	plywood
lambrisering	wainscoting
lamparm	scone
las	joint

latei	transom
leiding	duct
ligtoebehore	light fittings
lugkabel	aerial
lugversorgingsinstallasie	airconditioning plant
lugversorgingsluis	gate
lugversorgingstelsel	air-conditioning system
luifel	hood
luik	shutter
lys	skirting
maatpyl	arrow head
makassarebbehout	macassar ebony
makklipbekleding	free stone facing
marmerkaggel	fireplace
matglas	frosted glass
metaalpaneelverhitting	metal panel heating
meterkamer	meter room
middelvak	central bay
minaret	minaret
monteeranleg	assembly plant
mosaïekteël	tessellated tile
motoroprit	motor driveway

muisgrou	dunted
muurspasie	face
Nederduits Gereformeerde Kerk	Dutch Reformed Church
nie-aktiniese glas	non-actinic glass
nie-weerkaatsende	non-reflecting
niertjievormig	kidney shaped
nis/inlating	recess/niche
ontluggat/ventilasie opening	vent hole
opblaasmatras	lilo mattress
openbare kroeg	public bar
orkesput	orchestra well
ouditorium/gehoorsaal	auditorium
pakhuisfasiliteit	storage facility
pakkamer	storage room/ storeroom
paraboolboog	parabolic arch
parkade	parking lot
patryspoortvenster	porthole window
penant	pier
piloon	pylon
plasdams	paddling pool
poublou	peacock blue
porfier	porphyry

promenadekoepel	promenade dome
publiek	box lobby
posbusportaal	box lobby
raadsaal	boardroom
raveelbalk	header
reebruin	fawn
reliëffries	sculptured frieze
restaurant	tea room
rofkasafwerking	rough cast finish
roltrap	escalator
Romeinse klip	Roman stone
ronderandtrap	bullnose step
roosrooi	rose red
ru-bekap	rough-axed/rough hewn
ruitglas	window glass/sheet glass
saagtand	saw tooth
sandstraling	sand blasting
sebrahout/sebrano	zebrano
seinliggie	signal light/lamp
sementverf	concrete painting
sentrale kamer	exchange room
sentrale vak	central bay

seringhout	syringa
sierkrulwerk	cartouches
sieromranding	surround
sierroosterwerk	grilles
sitkamer	lounge
skalierots	shale rock
skemerkroeg	cocktail bar
skopplaat	kicking plate
skortpaneel	apron panel
slaapbank	bunk
slang	serpent
sleutelplaat	key plate
sluitsteen	key stone
smeeyster	wrought iron
smeltery	melt house
sokkel	socle/zocle
sonportaal	sun porch
sonskerm	awning
spatselpatroon	shot pattern
spieëldraadglas	wired plate glass
spieëlglas	plate glass
spikkelesdoring/suikerresdoring	bird's eye maple/curly maple



spitstoring	steeple
spoumuur	cavity wall
spreilig	flood light
sputverf	duco
staalhoudend	chalybeate
staalkap	steel truss
stalaktiet	stalactite
stalles	stalls
straalpatroon	radiant design
stoep	porch
stutmuur	buttress
stuurkajuit	wheelhouse/deckhouse
suilskag	column shaft
swaelstertpatroon	dove-tail pattern
tekenkantoor	drawing office
tikseltjie	touch
toebehore	fittings
toesighoudende argitek	resident architect
toetsbaan	test track
toringspits	spire
tralielêer	lattice/trellis girder
trapbordes	stair landing

trapportaal	stair hall
traptoring	staircase tower
trapvorm	setback
tussenstyl	mullion
tussenverdieping	mezzanine
tussenverdieping-sitkamer	mezzanine lounge
tussenvloer	mezzanine floor
uitkeping	recess
uitkykgalery	observatory gallery
uitgesny glas	wheel-cutting
uitstaande/projekterende	projecting
uitstallingsaal/uitstalsaal	exhibition hall
vakansiewoonstel	holiday flat
vak	bay
veiligheidsgordyn	safety curtain
venesiaanse blinding	venetian blind
vensterbande/lintvenster	ribbon window
verchromde	chromium plate
vergadersaal	assembly hall
vergulde nis	gilded niche
verguldsel	gilt
verkliklig	pilot light

vermiljoen	vermillion
vertoonwoonstel	exhibition/show flat
vertikale nis	bay
vertoonlokaal	show room
veselpleister	fibrous plaster
vierkant	central court
visgraat	herring-bone
vlagpaal	flagpole
vlakpaneeldeur	flush panel door
vlakreliëf	flat carving
vloerlys	skirting
voorafgegiete	pre-cast
voorgalery	dress circle
voorplein	forecourt
voorsitterskantoor	chairman's room
voorvertrek	ante-room
vrydraende betonkap/baldakyn	cantilivered canopy
vrydraerbalkon	cantilivered balcony
vuurvaste/brandvrye	fire-proof
wagkamer	watch room
wapen	coats-of-arm

weekstaal

mild steel

wegvoutafel

let-down table

winkelfront

shop front

winkelvensterstygstuk

stall riser

wolkekrabber

skyscraper

ziggoerat

ziggurat

## **BYLAE B**

### **MUSEUMS MET ART DECO-VERSAMELINGS**

#### **Verenigde State van Amerika**

Drexel Museum, Drexel, Pennsylvania.

University of Washington Costume and Textile Study Center, Seattle, Washington.

Baker Furniture Museum, Holland, Michigan.

R.M.S. Queen Mary, Long Beach, Kalifornië.

Norton Simon Museum of Art, Pasadena, Kalifornië.

Barnsdall House Museum, Los Angeles, Kalifornië.

Art Institute of Chicago, Chicago, Illinois.

Museum of Contemporary Art, Chicago, Illinois.

National Museum of American Art, Washington D.C.

Metropolitan Museum, New York.

Goodyear Rubber Exhibit, Akron, Ohio.

Cooper-Hewitt Museum of Decorative Arts, New York.

Solomon R. Guggenheim Museum, New York.

#### **Verenigde Koninkryke**

Brighton Museum, Brighton.

Victoria and Albert Museum, Londen.

Gerald Wells Radio Collection, Londen.

Jeffrye Museum, Londen.

Southend Museum, Southend, Essex.

York Castle Museum, York, Yorkshire.

Lakeland Motor Museum, Blackpool.

**Denemarke**

Museum of Decorative Art, Kopenhagen.

**Duitsland**

Ursula and Hans Kolsch, Essen.

**Frankryk**

Musée des Arts Décoratifs, Parys.

Musée de l'Ecole de Nancy, Nancy.

Musée de la Publicité, Parys.

**Oostenryk**

Historical Museum of the City of Vienna, Wenen.

**Swede**

Nordiska Museet, Stockholm.

Rohsska Konstslo jdmuseet, Güttenburg.

**Tsjeggiese Republiek**

Arts and Crafts Museum, Praag.